# DIE GESKIEDENIS VAN DIE
# ST. ANDREW-SKOOL,
# BLOEMFONTEIN.

deur

JOHANNES HENDRIK DU TOIT.

Voorgelê ter vervulling van die graad Magister Educationis in die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

T 373.6831 Sai

U.O.V.S.–U.O.F.S.
37772
BLOEMFONTEIN
Biblioteek-Library

## VOORWOORD.

Die geskiedenis van die St. Andrew-skool kan in twee duidelike tydperke afgebaken word. Die skool is in 1863 gestig en alhoewel dit soms maar 'n wankelbare bestaan gevoer het, het dit bly voortbestaan tot in 1899 toe dit kort na die uitbreek van die oorlog gesluit is. Daar is herhaaldelik pogings aangewend om die skool in die daaropvolgende jare te heropen, maar weens 'n gebrek aan fondse kon nie een van hierdie pogings slaag nie. Dit was eers in 1916 dat die Engelse gemeenskap vir hulle volgehoue stryd beloon is. Teen die einde van die jaar is daar weer met die St. Andrew-skool 'n begin gemaak.

In die 19e eeu moes daar dikwels aan die kant van die Anglikaanse Kerk groot opofferings gemaak word om die skool aan die gang te hou. Ten spyte van die feit dat daar skynbaar 'n baie goeie gesindheid tussen lede van die Volksraad en die Raad van Opvoeding, die liggaam wat in beheer van die St. Andrew-kollege was, bestaan het, is die versoekskrifte om staatsondersteuning vir die skool meestal van die hand gewys. Af en toe is klein toelaes die skool aangebied, maar die grootste deel van die onkoste moes deur die Anglikaanse Kerk, wat natuurlik groot steun uit Engeland geniet het, gedra word. Die gevolg was dat die skool, wat gedurig in mededinging met die staatsondersteunde Grey-kollege was en gevolglik die skoolgelde so laag moontlik moes hou, in die maer jare maar noustrop getrek het.

Die goeie werk en dienste wat deur die skool tot die opvoeding van die jeug gelewer is, tesame met die tradisie wat deur die jare opgebou is, behoort daartoe aanleiding te gee dat die skool nog meer vrugte in die toekoms afwerp as wat in die verlede die geval was.

## BEDANKINGS.

By hierdie geleentheid wens ek my hartlike dank te betuig aan Prof. dr. J.P. Botma van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, - sy hulpvaardigheid ten alle tye het die voltooiing van hierdie verhandeling baie vergemaklik. Ook wil ek die St. Andrew-skool bedank vir die dagboek van mnr. F.W. Storey, en die ander inligting wat hulle tot my beskikking gestel het. Ten slotte my dank aan die vriendelike personeel van die Bloemfonteinse Staats- en Anglikaanse Kerkargief.

J.H. du Toit.

Bloemfontein.

2 Nov. 1953.

## VERKLARING.

Ek verklaar dat die verhandeling wat hiermee vir die graad van Magister Educationis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, nie eerder deur my vir 'n graad aan enige ander universiteit ingedien is nie.

J. du Toit

---

## AFKORTINGE.

| | | |
|---|---|---|
| V.R. NOT. | : | Notule van die Volksraad. |
| V.R. BYLAE | : | Bylaes van die Volksraad. |
| U.R. | : | Stukke van die Uitvoerende Raad. |
| D.B. of Educ. | : | Diocesan Board of Education. |
| Q.P. | : | Quarterly Paper of the O.F.S. Mission. |
| Bfn. Gaz. | : | Bloemfontein Gazette. |

---

# INHOUDSOPGAWE.

## HOOFSTUK I.

### ONDERWYSTOESTANDE IN DIE VRYSTAAT VOOR DIE STIGTING VAN DIE „GRAMMAR SCHOOL" IN 1863.

BLS.


A. Eerste onderwys in die Vrystaat.................. 1.

B. Die koms van 'n Republiek........................ 4.

C. Eerste roeringe op onderwysgebied................ 6.

D. Onderwys op die platteland....................... 10.

E. Onderwys in Bloemfontein......................... 13.

F. Die jaar 1863.................................... 16.

G. Samevatting...................................... 19.


## HOOFSTUK II.

### DIE STIGTING EN ONTWIKKELING VAN DIE ST ANDREW-KOLLEGE.


1. Die stigting van die „Grammar School."........... 22.

(a) Dr. Twells en geselskap as eerste pioniers... 22.

(b) Aankoms in Bloemfontein...................... 24.

(c) 'n Begin word gemaak......................... 28.

2. Ontwikkeling van die „Grammar School". (1863-1902)

(a) Goeie vordering.............................. 32.

(b) Eerste struikelblokke........................ 34.

(c) Ds. Charles Clulee word prinsipaal........... 36.

(d) Staatsondersteuning word gevra............... 39.

(e) Verdere uitbreiding aangemoedig.............. 41.

3. Stigting van die „ St. Andrew's College."........ 44.

(a) Veranderinge deur McKenzie................... 48.

(b) Groot belangstelling in ontwikkeling......... 56.

(c) Moeilike jare................................ 61.

(d) Ds. Bell as prinsipaal aangestel............. 70.

(e) Laaste dae van die „ou St. Andrew-kollege.".. 77.


## HOOFSTUK III.

### GRONDSLAG EN DOEL VAN DIE ONDERWYS


1. Grondslag van die onderwys........................ 87.

2. Die doel van die onderwys......................... 89.

(a) Sosiale vorming.............................. 91.

(b) Liggaamlike vorming........................ 91.
(c) Verstandelike vorming........................ 92.
(d) Karakter- of sedelike vorming............... 93.
(e) Estetiese vorming........................... 94.
(f) Godsdienstige- en Staatkundige vorming....... 94.
3. Samevatting................................. 96.

## HOOFSTUK IV.

DIE BEHEER.

1. Die biskop.................................. 97.
2. Skoolkommissies............................. 98.
3. „Council of Education."..................... 99.
4. „College of Education."..................... 102.
(a) Doel........................................ 102.
(b) Statute van die „College of Education." .... 103.
5. Sub-beherende komitee....................... 108.
6. Die skoolhoof............................... 109.
7. Samevatting................................. 112.

## HOOFSTUK V.

DIE GELDSAKE.

1. Wrywing tussen die Anglikaanse Kerk en die Volksraad.................................. 113.
2. Memorandum van die Anglikaanse Kerk aan die Volksraad.................................. 124.
(a) Inleiding................................... 124.
(b) Inhoud van die Memorandum van 1875.......... 124.
(c) Bespreking.................................. 125.
(d) Brief van Brebner........................... 128.
(e) Memorandum van die Anglikaanse Kerk aan die Volksraad- 1879.......................... 130.
(f) Finansiële administrasie.................... 134.
(g) Gelde ontvang en die aard van die finansies. 136.
(h) Opsomming................................... 154.
(i) Die skoolgelde.............................. 155.
(j) Beurse...................................... 160.

## HOOFSTUK VI.

### ONDERWYSERS AAN DIE ST ANDREW-KOLLEGE.

1. Inleiding.............................................. 165.

2. Die Skoolhoofde......................................... 168.

(a) Mnr. George Clegg.......................... 168.

(b) Ds. Charles Clulee.......................... 169.

(c) Mnr. E.W. Stenson........................... 172.

(d) Ds. John Widdicombe......................... 173.

(e) Ds. Douglas McKenzie........................ 174.

(f) Ds. Neville Arthur Blackley Borton.......... 180.

(g) Ds. Albert Victor Lyttleton................. 183.

(h) Ds. Charles Edward Scratchley............... 185.

(i) Ds. Barron Moore............................ 187.

(j) Ds. John Bell............................... 189.

(k) Ds. Horace William Orford................... 192.

3. Die Hulponderwysers..................................... 194.

## HOOFSTUK VII.

### DIE INHOUD EN METODE VAN DIE ONDERWYS, TUG EN DISSIPLINE.

A. Inhoud van die onderwys.................................203.

1. Inleiding........................................... 203.

2. Leerstof............................................ 203.

3. Samevatting......................................... 210.

B. Onderwysmetode.......................................... 211.

C. Tug en Dissipline....................................... 213.

## HOOFSTUK VIII.

### DIE LEERLINGE.

1. Inleiding............................................... 216.

2. Getal leerlinge......................................... 218.

3. Kwekelinge.............................................. 223.

4.. Samevatting............................................ 224.

## HOOFSTUK IX.

### EKSAMENS.

1. Die Sluitingswerksaamhede............................... 226.

2. Matrikulasie-eksamen.................................... 236.

3. Samevatting............................................. 238.

HOOFSTUK X.

DIE KOSHUIS .......................................... 239.

HOOFSTUK XI.

ALGEMEEN.

1. Vakansies........................................ 245.
2. Die biblioteek...................................246.
3. Sport............................................ 249.

HOOFSTUK XII.

DIE BETEKENIS VAN DIE ST ANDREW-SKOOL.................. 254.

HOOFSTUK XIII.

DIE NUWE ST.ANDREW-SKOOL.

A. Stigting.......................................... 261.
B. Ontwikkeling van die skool...................... 263.
   I. Begin van die ontwikkeling................ 263.
   II. Verdere uitbreiding....................... 265.
   III. Enigste van sy soort..................... 266.
   IV. Moeilike jare............................. 267.
   V. Die skool presteer........................ 269.
   VI. 'n Tweede depressie ...................... 270.
   VII. Voorspoediger jare........................271.
C. Die beheer van die St Andrew-skool............. 275.
D. Doel van die onderwys........................... 280.
E. Die leerstof..................................... 281.
F. Getal leerlinge.................................. 283.
G. Vereniging van oudleerlinge..................... 284.
H. Die personeel.................................... 287.
   (i) Mnr. F.W. Storey(1917-1947). ............ 288.
   (ii)Mnr. E.L. Harison......................... 290.

BIBLIOGRAFIE.......................................... 292.

## HOOFSTUK I.

## ONDERWYSTOESTANDE IN DIE VRYSTAAT VOOR DIE STIGTING VAN DIE „GRAMMAR SCHOOL" IN 1863.

### A. EERSTE ONDERWYS IN DIE VRYSTAAT.

Voor 1819 was die streke tussen die 'Nu-Gariep of die Groot- en die 'Gy-Gariep of Vaalrivier 'n wildvreemde land vir die witman. Die oorspronklike inwoner, die Boesman, was die enigste menslike wese wat noord van die Grootrivier geleef het.[1] Die eerste beweging van blankes na die gebied het plaasgevind in die dae voor die Groot Trek, toe trekboere sonder om Britse oorheersing heeltemal vaarwel te sê, in sekere seisoene van die jaar vanaf die noordwestelike dele van die Kaapkolonie oor die Oranjerivier getrek het op soek na beter weiveld.[2] Sommige trekkers het vir goed in die suidelike Vrystaat kom woon, terwyl ander wat met hulle families op jagtogte was, ook in die omstreke van die Koesberg grond in besit geneem het, waar hulle gebly het totdat hulle in die wintermaande na hul eie grond in die Kaapkolonie teruggekeer het.[3]

Kort hierna het die Groot Trek plaasgevind, waardeur dié gebied en ook die Transvaal en Natal deur blankes gekoloniseer is. Collins laat hom as volg uit oor die trekkers: „Suffice it to say that, they were no band of freebooters, as some would have us suppose, but men who had good and sufficient reasons for wishing to make for themselves a new home beyond the limits of the Cape Colony."[4]

---

1) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek. - Bl. 9.
2) E.G. Malherbe: Education in South Africa. Bl. 352.
3) J.H. Malan: Op. cit. Bl. 10-11.
4) J.A. Collins: The Struggles of an Infant State. Bl. 4.

Die trekkers was in hierdie hele tydperk baie gesteld op hulle godsdiens en onderwys. Hierdie twee sake was in die hele trekperiode en daarna baie nou verbonde. Die kerk sou dan ook 'n direkte invloed op die onderwys onder die trekkers hê en die vernaamste doel in die onderwys sou baie jare wees om die leerlinge in staat te stel om lede van die kerk te word.[1)]

Die skool wat die sterkste sosiale instelling van hierdie eeu was, was in hierdie jare amper onbekend. Die plase was ver van mekaar geleë en die ouers het hulle kinders tuis nodig gehad. Dus was dit inderdaad moeilik om skole in die buitedistrikte op te rig. Die paar dorpskooltjies was maar van min betekenis vir die platteland. In die reël was die rondswerwende skoolmeesters verantwoordelik vir die onderwys wat plaaskinders ontvang het. Afgesien van hierdie gebrek was daar ook nog die tekort aan skool- en leesboeke wat die onderwys bemoeilik het.[2)] Gereëlde onderwys is ook in die wiele gery deur die gedurige verskuiwing van die trekkers vorentoe en dieper die land in. Die onderwys moes dus vanselfsprekend verwaarloos word.

Omrede die trekkery kon die ouers en kinders bedags nie veel aan die onderwys doen nie. Die eintlike onderwys het dus saans geskied as die trek van die dag beëindig was. Soos L.S. Steenkamp dit stel, het dit die kinders tot eer gestrek dat hulle dit nogtans so ver kon bring om betreklik goed te skrywe en vlot te kan lees as dit in aanmerking geneem word dat sommige uiters ses maande skoolgegaan het.[3)]

---

1) L.S. Steenkamp: Onderwys vir Blankes in Natal. Bl. 19.
2) P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie. Bls. 245-246.
3) L.S. Steenkamp: Onderwys vir Blankes in Natal. Bl. 13.

Die kind het egter nie slegs geleer uit die gereëlde onderrig wat hy ontvang het en die voorbeeld van die ouers nie, maar hy moes ook uit die omgewing veel kennis opdoen.

Baie min gegewens is beskikbaar oor die toestande van die onderwys ná die Groot Trek tot 'n einde gekom het en die lewe van swerwe beëindig is. Volgens J.C. Coetzee het die bewoonbaarmaking van die nuwe woonplek soveel tyd in beslag geneem dat daar maar min geleentheid en geneentheid vir enige langdurige verstandelike opvoeding was.[1] 'n Periode van stilstand en agteruitgang op geestelike gebied het gevolg. Van onderwys kan byna nie gepraat word nie. Die onderwysers was gewoonlik van die rondloper-tipe en soos „The Friend" dit stel: „He was abroad, inasmuch as he was either a deserter or some other runaway from justice."[2] Slegs vyf vakke - lees, sing, skrywe, syfer en godsdiens - het die grondslag en in die reël ook die inhoud van die opvoeding van die vaswonende Boere gevorm.[3]

Aan die begin van 1849 is die eerste skool in Bloemfontein met 28 leerlinge begin. As onderwyser het opgetree Charles Drury en 'n aparte geboutjie by die residensie het gedien as skoolgebou. Die eerste werklike skoolgebou is 'n paar jaar later in die huidige St. Georgestraat geopen. Hierdie skoolgebou was dan ook bestem om nog baie jare lank die mees geskiedkundige gebou in die Vrystaatse geskiedenis te bly.[4]

In dieselfde jaar het Andrew Murray probeer om die onderwys 'n bietjie te verbeter deur verskeie onderwysers vanuit Holland in te voer.[5] Hy het maar al te duidelik

---

1) J.S. Coetzee: Onderwys in Transvaal. - Bl. 15-16.
2) The Friend: 6 April 1860.
3) J.C. Coetzee: Onderwys in die Transvaal. Bl. 16.
4) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek. Bl. 113-114.
5) E.G. Malherbe: Education in South Africa. Bls. 353.

besef dat die inwoners kragtige stappe sou moes doen en die regering vir bekwamer onderwysers as wegloper-matrose sou moes sorg, anders sou die onderwys en opvoedingsvooruitsigte vir die staat nie baie gunstig wees nie.[1] Vir hom was daar geen ander middel wat kragtiger op die beskawing en algemene ontwikkeling kon werk nie as die onderwys en opvoeding van die kind. Eersgenoemde sou die mens die hulpbronne aan die hand gee om sy wetenskaplike kennis uit te brei en sy verstand te ontwikkel, terwyl laasgenoemde 'n mens in staat sou stel om die ongedane kundighede op die regte manier toe te pas tot eie nut en dié van andere, ter bevordering van die welvaart en seën van die menslike maatskappy as geheel.[2]

Die onluste met die Basoeto's het die ontwikkeling van die onderwys gedurende die soewereiniteitsperiode baie gestrem. Die wanorde en regeringloosheid het mettertyd so toegeneem dat daar baie min aan onderwyssake gedoen is.[3]

## B. DIE KOMS VAN 'N REPUBLIEK:

Op 28 Maart 1854 het die eerste Volksraad, bestaande uit 29 lede, in die skoolgeboutjie in Bloemfontein vergader. Op 30 Maart is die grondwet van die Republiek deur hierdie voorlopige Volksraad finaal opgetrek. Die grondwet het ook voorsiening gemaak vir onderwys: „articles 23 and 24 read: "The furtherance of religion and education shall be a subject for the care of the Volksraad."[4]

---

1) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek. Bl. 215.
2) The Friend: 8 Julie 1850.
3) W.J. Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal. Bl. 88.
4) E.G. Malherbe: Education in South Africa. Bl. 353.

Hierdie voorsorgmaatreël het egter aan die begin nie veel beteken nie weens die ongunstige toestande waaronder die Republiek tot stand gekom het. Afgesien van die feit dat die land niks meer was nie as 'n „huilende wildernis" (soos die Britse Kommissaris dit gestel het) met 'n klein en uitgespreide bevolking, het die Vrystaat, soos reeds genoem, ook nog te kampe gehad met die oorloglustige kafferstamme op die oosgrens. Dit was dus uiters twyfelagtig of die pasgebore staat hierdie moeilikhede te bowe sou kom. 'n Groot en invloedryke deel van die bevolking was dan ook gekant teen die skenking van onafhanklikheid aan die Vrystaat.[1]

Die onderwysfasiliteite was van 'n baie swak gehalte. Die grootste gedeelte van die inwoners het byna geen gereëlde onderwys ontvang nie, behalwe 'n elementêre opleiding in die kategismus en ander godsdiensaangeleenthede. Van hierdie mense is toe verwag om 'n onderwysstelsel vir 'n jong republiek op te stel. Die opvatting van die onderwys word deur J.H. Malan as volg weergegee: „Solank die kinders maar in staat was om die Bybel te lees, 'n baal wol se waarde uit te reken, die skape by die kraalhek korrek te tel en vir hulle sowel as die perd en bees te sorg, was dit voldoende. Waarom moes al die onkoste vir die kinders aangegaan word en die ouers verder sonder hulle dienste sit?"[2]

Soos dit uit bostaande blyk, is daar in die jaar 1854 dus baie min gedoen op die gebied van die onderwys. Die algemene standaard van geleerdheid van die inwoners van die gebied was uiters beroerd. Tereg beweer „The Friend": „There is an awful amount of igno-

---

1) E.G. Malherbe: Education in South Africa. Bl. 353.
2) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek. Bl. 399.

rance in this country. Considering the disadvantages under which the people have labored, it is a matter of surprise that the ignorance is not even greater....."[1)]

C. <u>EERSTE ROERINGE OP ONDERWYSGEBIED:</u>

Vroeg in 1855 het die Volksraad bepaal dat daar in elke distrik 'n skoolkommissie aangestel moes word.[2)] Die instelling van die plaaslik-gekose skoolkommissies was die eerste poging van die Volksraad om die onderwys op die platteland te organiseer en die ouers ook seggenskap te gee in die aanstelling van onderwysers.

Die aantal onderwysers in die Vrystaat het baie stadig toegeneem en alhoewel onderwysers ook soms uit Holland in die gebied aangekom het, was daar teen die middel van 1855 ongeveer twaalf in die groot gebied werksaam. Hierby is die private onderwysers ingesluit.[3)] Hierdie paar onderwysers moes sorg vir die onderwys van 7,364 kinders - 3674 seuns en 3690 dogters.[4)]

Op 27 Augustus 1855 is president Boshof ingesweer as president van die Republiek.[5)] Hy was deeglik bewus van hoe belangrik die voorsiening van goeie onderwys vir die Vrystaat sou wees. In 'n adres aan die inwoners van die veldkornetskap Valsrivier het hy o.m. geskryf: „Bevlytig u, wat het ook kosten moge, om goede onderwyzers voor uwe kinderen te bekommen; van de opvoeding van het opgroeiend geslagt hangt hoofdzakelyk de welvaart van uw land af. De middelen der dispositie van het bestuur zyn als nog te zeer beperkt, dan dat gy van dien kant veel hulp kunt verwachten, maar ik heb goede redenen om ook in dezen op betere dagen te

---

1) The Friend: 25 November 1855.
2) Volksraadnotule: 15 Feb. 1855.
3) The Friend: 16 Junie 1855.
4) The Friend: 23 Feb. 1856.
5) The Friend: 8 Sept. 1855.

vertrouwen."[1]

Sir George Grey, die nuwe goewerneur van die Kaapkolonie het kort hierna die onderwys in Bloemfontein 'n groot stoot vooruit gegee. Die Britse regering het 'n som geld aan hom toegesê om na sy goeddunke ten voordele van die Oranje Vrystaat aan te wend. Hy het spoedig besef dat dit die voordeligste sou wees om die geld aan onderwys te bestee: „He saw that they needed, above all, something positive, - spiritual safeguards, an asset to bank on for the future: they needed education."[2]

In 'n brief aan die Transgariese Ring, wat tydens sy besoek in Okt. 1855 aan Bloemfontein op Winburg sitting gehad het, het Sir George Grey hulle versoek om 'n kommissie te benoem waaraan hy die bestuur en toesig van 'n kweekskool kon toevertrou wat hy van voorneme was om in Bloemfontein op te rig. Die som van £2000 sou tot beskikking van die kommissie gestel word vir die oprigting van die kweekskool. 'n Verdere £3000 is as 'n fonds belowe. Die rente moes gebruik word vir die besoldiging van 'n onderwyser.[3]

Die koste van die skool en gronde was egter meer as £2000, maar sir George Grey het ingewillig om die balans uit sy eie sak te betaal.[4] Die Ring het ingewillig om vir die bestuur van en toesig oor die inrigting verantwoordelik te wees.[5] As lede van die kommissie is president Boshof, Andrew Murray, predikant op Bloemfontein, en ouderling Griesel benoem.[6] Oor die doel van die inrigting het sir George Grey hom

---

1) The Friend: 22 Des. 1855.
2) E.G. Malherbe: Education ih South Africa. Bl. 354.
3) The Friend: 18 Oktober 1856.
4) E.G. Malherbe: Education in South Africa. Bl. 355.
5) The Friend: 3 Nov. 1855.
6) P.S. Malan: Onderwys in die Oranje Vrystaat. (1854 - 1874). Bl. 79.

as volg uitgelaat: „I had formed a dream in my own mind, one part of which included the establishment of such a college at Bloemfontein as now exists there. The second part of it was that from the College there might issue forth good and noble youths who might serve well and God and promote the interests of their fellowmen. I earnestly hope that, hereafter, at Bloemfontein might be educated some men, who would spread still farther in the interior of Africa, a knowledge of God's word, and strive in that interior to use their influence to have other educational establishments founded, as I strove to have a College established at Bloemfontein."[1])

Malherbe beskou die skenking van Sir George Grey as 'n besondere edele daad vry van enige vooroordeel, te meer nog omdat die Vrystaat nie langer onder beheer van die Engelse regering was nie en laasgenoemde baie maklik besware daarteen kon opper. Volgens Malherbe kon slegs manne wat vertroue gehad het in die invloed wat onderwys kon uitoefen, die onderneming aanpak om 'n opvoedkundige inrigting aan een van die uithoeke van die beskawing te kom stig.[2])

Die hoeksteen van die kweekskool is op Maandag, 13 Oktober 1859, deur die president gelê. By die geleentheid het hy die gemeenskap gelukgewens met die vooruitgang wat gemaak is sodat vrye onderwys toe in die staat geniet kon word, waar dit vroeër alleen buite die grense van die staat kon geskied. Hy het erken dat as dit aan die ontoereikende middele van die Oranje Vrystaat oorgelaat was, dit nog baie jare

---

1) The Friend: 2 Sept. 1859.
2) E.G. Malherbe: Education in South Africa. Bl. 354.

sou geneem het om te bereik wat reeds behaal was. Die hoop is uitgespreek dat die kweekskool die voorloper van baie ander opvoedkundige inrigtings sou wees wat mettertyd sou sorg vir geluk en opheffing tot in die verste hoeke van die Republiek.[1)]

Die skoolgebou, wat eers in 1859 voltooi is, het ook voorsiening gemaak vir kosgangers, maar die herberg was van so 'n swak gehalte dat die president gelas het dat 'n verdere gebou teen £300 opgerig moes word.[2)] Omdat dit baie moeilik was om 'n skoolhoof in die hande te kry, het Andrew Murray ingewillig om die betrekking te aanvaar. Hy het ook as huisvader diens gedoen. Een Hollandssprekende, Boschker en een Engelssprekende, Scott, sou die assistent-onderwysers wees.[3)]

Die skool het in die eerste paar jaar van sy bestaan nie minder as vyf skoolhoofde gehad nie. Dit het natuurlik tot gevolg gehad dat die algemene vordering van die skool baie vertraag is. Die skool is dikwels gesluit omdat daar geen geskikte persoon gevind kon word om as hoof op te tree nie. Onder die prinsipaalskap van Brown het dit so agteruitgegaan dat die Volksraad besluit het om dit met die staatskool te verenig. Hierdie besluit het egter die verwesenliking van die ideaal van sir George Grey in die wiele gery. Malherbe gee die rede vir die stadige ontwikkeling van die kweekskool gedurende die eerste paar jaar aan as die swak stelsel van primêre onderwys in die provinsie wat nie in staat was om so 'n inrigting vir hoër onderwys te voed nie. Van die latere ontwikkeling van die skool

---

1) The Friend: 18 Oktober 1856.
2) Volksraadnotule: 7 Feb. 1859.
3) E.G. Malherbe: Education in South Africa. Bl. 355.

sê Malherbe: „Like a frail plant fighting its way upward amid the most uncongenial surroundings, this little school grew like the characteristic tree of that country, the mimosa, to a strength and hardiness which enabled it to weather the wellnigh overwhelming storms which consequently swept the country."[1]

D. ONDERWYS OP DIE PLATTELAND:

In sy toesprake het die president gedurig melding gemaak van die noodsaaklikheid van voorsiening vir die opvoeding van die jeug. Soms het hy hom sterk uitgelaat teen diegene wat te lief was om te kritiseer maar tog nie die moeite sou doen om 'n hand by te sit nie.[2] Deur die normale aanwas van die bevolking en deur die gereëlde instroming van immigrante het die bevolking op die platteland taamlik vinnig vermeerder.[3] Gedurende die eerste twee jaar van die bestaan van die Republiek is op die platteland goeie vooruitgang op onderwysgebied gemaak. In 1856 was daar reeds in elk van die distrikte Bloemfontein, Caledonrivier, Fauresmith en Winburg een staats-onderwyser en vyf rondgaande onderwysers werksaam. In die distrik Harrismith is twee rondgaande onderwysers deur die Volksraad onderhou.[4]

Teen die middel van 1858 het P.H. Boonzaaier 'n kosskool te Boshof geopen. Die skool het egter nie baie lank bestaan nie, omdat Boonsaaier uit sy betrekking bedank het. Die gevolg was dat daar 'n tyd lank geen onderwys op Boshof was nie.[5]

In die jaar 1858 is byna alle onderwystoelae deur die Volksraad gestaak en byna alle staatskole is gesluit.

1) E.G. Malherbe: Education in South Africa. Bl.354-357.
2) P.S. Malan: Onderwys in die Oranje Vrystaat (1854-1874), Bl. 82.
3) The Friend: 7 Jan. 1859.
4) The Friend: 8 Maart 1856.
5) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek. Bl. 269.

Die onsekerheid van die tye het meegebring dat die mense gedurig rondgetrek het. Dit het gereëlde skoolgaan baie moeilik gemaak. Geen gereëlde betaling van salarisse kon gewaarborg word nie, met die gevolg dat die skole feitlik almal by tye gesluit was, sommige langer as ander.[1]

Die Basoeto-oorlog van hierdie jaar was 'n aanleidende oorsaak van die agteruitgang op onderwysgebied. In die oorlog wat op 19 Maart 'n aanvang geneem het, is verskeie distrikte verwoes. Dit was eers op 15 Oktober dat die Konvensie van Aliwal-Noord geteken is en vrede bewerkstellig is, maar ook hierdie vrede sou slegs van tydelike aard wees.[2]

Die volgende jaar toe die inwoners van verskillende distrikte weer begerig was om skole te open, was die Volksraad nie in staat om fondse vir die nuwe geboue beskikbaar te stel nie. 'n Nuwe beginsel het toe in die onderwys tot stand gekom. Sommige distrikte is gevra om vir hulle eie skoolgeboue te sorg. Die Volksraad sou dan 'n sekere huur vir die gebruik daarvan betaal. Hieromtrent sê J.H. Malan dat die staat van die begin af verplig moes gewees het om vir alle skoolgeboue te sorg. In plaas daarvan dat die onderwys toe as 'n bykomende saak behandel sou word, sou daar vir die onderwys van die jeug altyd geld in die staatskas gewees het. Die volk moes met die voortsetting daarvan belas gewees het. Hulle sou dan toegesien het dat hulle waarde vir hul geld kry.[3]

Die distrikskommissies het egter gou tot die besef gekom dat daar nie genoeg vir die onderwys op die

---

1) J.C. Coetzee: Onderwys in Transvaal: Bl. 27.
2) P.S. Malan: Onderwys in die Oranje Vrystaat (1854-1874) Bl. 87.
3) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek. Bl. 294.

platteland gedoen is nie. Daarom het hulle in 1860 'n versoekskrif ingestuur waarin versoek is dat staatsonderwysers afgeskaf moes word. Verder wou hulle hê dat geen geld vir die toenmalige onderwysstelsel gestem moes word nie. Raadslid Groenendal was egter daarvan oortuig dat die distrikte nie afgeskeeep is nie, omdat in Februarie 1856 nog besluit is dat elke distrik vyf rondgaande onderwysers sou ontvang.[1)]

Die swak soort onderwyser was egter ook tot 'n groot mate verantwoordelik vir die swak onderwys op die platteland. Die boer was nie in staat om die seuns van tien- tot sestien jaar na die staatskool op die dorp te stuur nie. Daarvoor was hulle hulp te waardevol op die plaas omrede die gebrek aan voldoende plaasarbeid. Verder wou die boer ook nie juis daarvan hoor dat sy seun op die dorp moes bly om 'n staatsskool by te woon nie, omdat: „every time he visits town he sees with disgust and pain instances of precocious depravity and vice, which makes him shudder to witness, and cause him, as he rides home to thank God that hitherto his offspring have remained untainted from such wickedness, and to resolve that let things turn out as they will, he never will send his sons to be partakers of such juvenile inequity."[2)]

Die soldaat- en matroosonderwyser het dus op die platteland 'n groot rol gespeel. Die kwalifikasies wat van hierdie rondloper-onderwysers vereis is, was 'n kennis van lees, skrywe en elementêre rekenkunde. Baie min van hulle het egter die bekwaamheid besit om kennis aan ander oor te dra. In „The Friend" van 3 Mei 1861 skryf die redakteur o.a. die volgende: „Apart

---

1) Volksraadnotule: 20 Feb. 1860.
2) The Friend: 3 Mei 1861.

from their educational, the moral characters of these ‚meesters' will bear little or no scrutiny. The term ‚schoolmaster' in the country is a reproach, a stigma upon whomsoever bears it. Because every one who adopts this description of teaching has done so because there has been positively nothing between them and starvation. -----And as no one in the Free-State is exactly willing to feed men in idleness, they adopt the laziest vocation they can follow, and engage with some credulous farmer as teachers."

Hierdie veragting en minagting van die beroep het daartoe gelei dat manne met 'n goeie intelligensie en sedelike karakter nie geneig was om die stempel van boereskoolmeester te dra nie, met die gevolg dat hulle nie as onderwysers op die platteland wou dien nie. Voorstelle vir 'n stelsel om eerste-, tweede-, en derdeklas-sertifikate aan onderwysers toe te ken wat 'n vasgestelde eksamen in die Vrystaat afgelê het en ook vir die daarstelling van 'n eksamenraad in alle buitedistrikte wat elke onderwyser wat die provinsie binnekom, eers moes ondersoek, het pas daarna in die pers verskyn. Selfs die kinders sou dan leer om hulle onderwyser met meer respek te bejeën en uiteindelik sou die staat die voordele daarvan pluk.[1]

E. <u>ONDERWYS IN BLOEMFONTEIN</u>:

Die kweekskool het stadig maar seker gevorder. Ten spyte van al die hindernisse het dit die belofte ingehou om tot 'n belangrike brandpunt in die onderwys te ontwikkel.[2] Onderrig is op nagenoeg 'n gelyke standaard in albei tale aan die kollege ~~gegee, terwyl~~ sommige leerlinge onderrig in albei media ontvang het.[3]

---

1) The Friend: 24 Mei 1861.
2) Ibid: 22 April 1859.
3) Ibid: 15 Julie 1859.

Met die vertrek van ds. Andrew Murray na Worcester aan die begin van 1860 en die aanstelling van ds. Brown van Graaff-Reinet as skoolhoof, het toestande spoedig versleg.[1] Ten spyte van die feit dat Brown aan die begin alles in die stryd gewerp het deur die hou van spesiale lesings en klasse, veral oor die natuurwetenskappe,[2] is daar spoedig klagtes teen hom ingedien oor die behandeling van die leerlinge in die koshuis en op skool.[3] In hierdie jaar was daar 24 seuns op skool. Hulle is in twee afdelings verdeel, Engels en Hollands, dog laasgenoemde afdeling is swak ondersteun, selfs deur ouers wat van Hollandse afkoms was en self Hollands as omgangstaal gebesig het.[4]

Teen die einde van die jaar was die kollege so aan kwyn dat die Ouditeur-generaal, G. Heyermans, die jaarlikse toelaag aan die skool beëindig het. Die aantal kwekelinge het so afgeneem dat dit gelyk het asof die ouers daarvan oortuig was dat die kinders nie die opvoeding daar kon verwerf wat hulle verwag het nie.[5]

Die noodsaaklikheid en belangrikheid van onderwys vir die jeug is van tyd tot tyd beklemtoon deur verskillende skrywers in „The Friend" en ook in verskeie toesprake van die president. In sy openingsrede voor die Volksraad in Februarie 1861 het die president weer melding gemaak van die plig wat daar op die regering van 'n land gerus het om aandag te wy aan die daarstelling en instandhouding van goeie skole waar die opkomende geslag 'n goeie opvoeding en deeglike onderwys kon ontvang. Syns insiens sou die kinders wat

1) The Friend: 13 April 1860.
2) Ibid: 4 Mei 1860.
3) Ibid: 8 Feb. 1861.
4) Ibid: 25 Jan. 1861.
5) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek: Bl. 454.

hulle opvoeding aan sulke skole ontvang het, later as bekwame en nuttige burgers van die staat kon optree en aldus kragtig meewerk tot die bloei en vooruitgang van hulle geboorteland en die voorspoed van hul medeburgers.1)

Die meeste ouers was egter nog altyd daarop gesteld dat hulle kinders onderrig moes ontvang. Die rede hiervoor was dat toenemende immigrasie die ouer aangespoor het om sy kind nie vir hierdie vreemdelinge te laat terugstaan nie. In 'n inleidingsartikel van „The Friend" van 3 Mei 1861 lees ons o.a. die volgende: „Apathetic, as they are in most cases where the immediate present is not concerned - devoted as they may be to time ennobled prejudices and habits of their forefathers, there is no sacrifice they would not willingly make, there is no amount of pinching and deprivation that the poorer classes would not undergo were they cheered on and stimulated by the thought that Piet, Paul or Klaas would one day become a 'hooge geleerde man'."

Ook private skole het mettertyd in Bloemfontein vermeerder. In Julie 1859 het daar 'n advertensie van 'n sekere mej. Tennant in die koerant verskyn om bekend te maak dat sy 'n „English Boarding and Day School" in Bloemfontein sou open en dat alle aandag aan die gerief en opleiding van die kosgangers bestee sou word.2)

Die stigting van privaatskole het die vraag laat ontstaan of die beste onderwysvoordele uit private of staatskole verkry kon word. Gedurende hierdie jare van wisselende voorspoed het die staatskole ten spyte van die hewige stryd om te bestaan, oor die algemeen

---

1) Volksraadnotule: 4 Feb. 1861.
2) The Friend: 15 Julie 1859.

meer vordering gemaak as die privaatskole wat ná 'n kort bestaan gewoonlik van die toneel verdwyn het.

Die stryd om te bestaan en die stryd onder die verskillende skole het die voordeel gehad dat die onderwys op 'n hoër peil geplaas is.[1] Hierdie private onderwysinrigtings was meestal Engelse skole waarvan die voortbestaan geheel-en-al van die ouers van die kinders wat die skool besoek het, afhanklik was.[2]

Die netelige toestand waarin die land verkeer het was deels verantwoordelik vir die lae peil van die onderwys. Die jong republiek het stelsel ná stelsel ingevoer, eksperimente na eksperimente gemaak, maar vooruitgang het uiters stadig gekom. Die jaar 1861, het volgens die redakteur van „The Friend" egter duidelik getoon dat sosiale verbetering sneller as gewoonlik ingetree het en dat die bevolking meer ontwikkel het.[3]

In die openbare onderwys was daar nog veel te doen en met ingang 1862 het die president 'n beroep op die Volksraad gedoen om meer aandag as ooit tevore daaraan te skenk.[4] Daar was egter nog steeds die aanvangsmoeilikhede wat oorbrug moes word en ten spyte daarvan dat die Republiek reeds agt jaar oud was, was die onderwys nog steeds in sy aanvangstadium.

F. DIE JAAR 1863:

'n Ontwerp-ordonnansie vir die behoorlike bestuur van staatskole op dorpe is op 2 Februarie 1863 deur die president voor die Volksraad gelê.[5] Volgens J.H. Malan was dit die eerste keer sedert 1854 dat die staat meer belangstellende aandag aan hulle groot verantwoordelikheid in die saak teenoor hulle volk, gewy het.[6]

1) The Friend: 29 Maart 1861.
2) Ibid: 8 Nov. 1861.
3) Ibid: 27 Des. 1861.
4) Volksraadnotule: 3 Feb. 1862.
5) Volksraadbylae: No. 209 Bl. 192.
6) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek: Bl. 397.

Hierdie ontwerp-ordonnansie, bestaande uit 26 artikels, het o.m. die volgende bepaal: 'n Toelae van £90 per jaar vir die instandhouding van alle staatskole; toelaes aan enige dorp in die Vrystaat van wie 'n versoekskrif met 35 naamtekeninge ontvang is; die instelling van 'n skoolkommissie bestaande uit lede waarvan die magte bepaal is en die aanstelling van 'n penningmeester. Die ordonnansie het ook bepalings bevat in verband met die vasstelling van skoolure, die eksamenstelsel, - kleredrag van kinders -, aanstelling en pligte van die onderwysers en die medium van onderwys.[1] Tereg beskou Malherbe hierdie regulasies as die eerste skoolwet van die Oranje Vrystaat.[2]

Malherbe meen verder dat die bepaling dat die onderwyser tweetalig moes wees, nie alleen die studie van Engels as taal bevorder het nie, maar ook gesorg het dat die taal van die jong Republiek nie verwaarloos word nie. Die Oranje Vrystaat was dan ook die ander provinsies voor in die aanmoediging van tweetaligheid en in die onderrig deur middel van die moedertaal.

Die instelling van die plaaslike bestuur vir skole wat betref die keuse van die onderwyser, geldsake, dissipline en die bestuur van die skool in die algemeen is deur die redakteur van „The Friend" aangeprys. Die hele ordonnansie was baie liberaal en die groot vryheid in die manier van onderrig wat aan onderwysers toegeken is, sou ongetwyfeld 'n baie goeie soort onderwyser na die Oranje-Vrystaat lok, en sou selfs die burgers van die Republiek aanspoor om die onderwys as 'n beroep te volg.[3]

1) The Friend: 18 Sept. 1863.
2) E.G. Malherbe: Education in South Africa: Bl. 358.
3) The Friend: 13 Februarie 1863.

Brown het uit sy betrekking as hoof van die Grey-kollege in 1863 bedank. Die beherende liggaam van die skool was nie vir sy bedanking verantwoordelik nie, omdat hulle hulle bes gedoen het en hul baie moeite vir die skool getroos het, maar die inrigting was nie prakties geslaagd nie. Een van die redes waarom die skool so agteruitgegaan het, was dat dit nie die boerbevolking tevrede gestel het nie, omdat dit te veel onder Engelse invloed gestaan het en derhalwe nie die vereiste ondersteuning van die regering en publiek in die algemeen geniet het nie.[1]

Die regulasies wat vir die dorpskole in die Februarie-sitting goedgekeur is, het egter nie lank onveranderd gebly nie. Verskeie dorpe het versoekskrifte ingestuur waarin die herroeping van die regulasies bepleit is. Sommige van die bepalinge sou prakties onuitvoerbaar wees. Dit het nie alleen die onderwys gestrem nie, maar ook in sommige gevalle tot gevolg gehad dat skole gesluit moes word.[2] Die regulasies is dan ook op 27 Julie 1863 deur die Uitvoerende Raad verander.[3]

P.S. Malan skryf hierdie gedurige veranderinge op onderwysgebied toe aan die beperkte kennis van die opstelling van 'n vaste onderwysstelsel van die owerhede in die Volksraad en Uitvoerende Komitee. Die volk het hierin 'n groot seggenskap gehad, want sodra 'n deel van die publiek ontevrede oor sekere bepalinge was, het die Volksraad sonder meer 'n verandering aangebring. Geen stelsel is vir 'n behoorlike tydperk in die praktyk toegepas nie. Veranderings het te skielik gevolg voordat daar behoorlike ondervinding in verband met een

1) P.S. Malan: Onderwys in die Oranje-Vrystaat (1854-1874) Bl. 144.
2) Volksraadsnotule: 24 Junie 1863.
3) Notule van die Uitvoerende Raad: 27 Julie 1863.

stelsel opgedoen kon word.[1]

Die toestande op onderwysgebied het teen die middel van die jaar al swakker geword. Daar is gehoop dat die hersiene onderwysregulasies 'n verbetering in die toestand sou aanbring.

G. SAMEVATTING.

Die bevolking van die Oranje Vrystaat het in die begin meestal bestaan uit mense wat tydens en voor die Groot Trek noordwaarts uit die Kaap-kolonie getrek het, en ook mense wat in later jare (1843) ná die Britse anneksasie uit Natal na die Vrystaat getrek het. Kort daarna (1848) was die provinsie ook onder Britse beheer. Die moeilikhede met die naburige kafferstamme het die Engelse regering egter te veel hoofbrekens besorg en in 1854 het hulle die beheer van die provinsie laat vaar. Die klein Republiek moes dus die gevaar van moontlike oorrompeling deur die barbare die hoof bied. Alhoewel in 1854 voorsiening in die grondwet vir die onderwys gemaak is, was toestande so haglik dat baie min in hierdie verband gedoen is.

Sir George Grey het in hierdie stadium effens verligting gebring deur 'n ruim geldskenking. In 1859 is 'n klein skooltjie in Bloemfontein begin wat bestem was om in later jare tot die Grey-kollege te ontwikkel.

Reeds in 1855 is pogings aangewend om onderwys op die plattelandse distrikte te organiseer deur die aanstelling van plaaslik-benoemde skoolkomitees. Dit was egter 'n mislukking. In 1862 het die president besluit om hierdie liggame self te benoem. Die eerste skoolwet van die Oranje Vrystaat is omvat deur die regulasies wat aan die begin van 1863 ingestel is. Hier-

1) P.S. Malan: Onderwys in die Oranje Vrystaat (1854 - 74) Bl. 147.

die regulasies het plaaslike bestuur, finansies, inspeksie van leerlinge, die inhoud en metode van die onderwys, ens. gedek.

Die hele tydperk voor 1863 is gekenmerk deur proefnemings op onderwysgebied. Met die stigting van „The Grammar School" in die tweede helfte van die jaar was die onderwys op 'n baie lae peil. Klein privaatskole, onder beheer van Hollanders, Engelse of Duitsers, was oral versprei. Die onderwysers het in die reël geen spesiale opleiding gehad nie en was meestal geluksoekers met eienaardige lewensgeskiedenisse wat uit Holland, Engeland, of Duitsland na die veraf land getrek het. Dranklustigheid was die grootste tekortkoming van hierdie onderwysers en baie van hulle was dan ook ongeskik vir hulle werk.

Die taalkwessie het die owerhede ook baie moeilikheid besorg, omdat sommige ouers verkies het dat hulle kinders slegs Hollands moes leer en ander weer net Engels. Baie onderwysers het getrag om die medium van onderwys van dag tot dag te verander, wat natuurlik chaos geskep het. Godsdiensonderrig het verdere moeilikheid veroorsaak veral waar die Engelse element baie sterk verteenwoordig was.

Die bywoning van die meeste skole was dan ook, soos verwag kan word, baie onreëlmatig. Dikwels was daar geen vaste rooster nie, verskillende soorte skoolboeke is gebruik en die werk is op geen permanente manier beheer nie. Enige vertrek moes as skoolkamer dien en slegs in uitsonderlike gevalle is daar 'n gebou opgerig spesiaal met die doel om as skool te dien.

Die noodsaaklikheid van die verbetering van die onderwys is maar al te deeglik deur die Volksraad gevoel. Jaar na jaar is die onderwyskwessie bespreek.

Dikwels het die Volksraadslede op die punt gestaan om 'n radikale verandering teweeg te bring, maar dan sou 'n ou volksvader opstaan en die ander daarop wys dat die finansiële toestand van die land dit nie sou toelaat nie.

Uit voorgaande is dit duidelik dat daar in hierdie jare van georganiseerde onderwys op 'n vaste grondslag baie min sprake was. Teen die einde van 1863 is die Grey-kollege tydelik gesluit. Die geroep om skole het al hoe dringender geword en die stigting in Oktober 1863 van „The Grammar School" deur die Anglikaanse gemeenskap van Bloemfontein, was dus maar nog 'n poging om by te dra tot die vorming en opvoeding van die jeug.

---------------

# HOOFSTUK II.

## DIE STIGTING EN ONTWIKKELING VAN DIE ST. ANDREW-KOLLEGE.

### 1. DIE STIGTING VAN „THE GRAMMAR SCHOOL."

(a) Dr. Twells en geselskap as die eerste pioniers:

Op 2 Februarie 1863 is dr. Edward Twells in Westminster Abbey deur die Aartsbiskop van Kantelberg, C.T. Langley, bygestaan deur ander biskoppe o.m. die biskop van Kaapstad, dr. R. Gray ingesweer as die eerste biskop van die Oranje Vrystaat.[1]

Biskop Twells het op 7 Julie 1863 met „The Cambrian" van Plymouth vertrek. Saam met hom was die eerste sendingwerkers van die nuwe bisdom: eerwaardes C. Clulee, A. Field, en E.G. Shapcote. Twee onderwysers, mnre. J. Bell en G. Clegg het met hulle vrouens die reis meegemaak.[2] Die groepie het die bes moontlike gebruik van hul vrye tyd aan boord gemaak. Hulle was vasberade om so spoedig moontlik meer kennis op te doen van die land waarheen hulle op reis was. Op Saterdagaand, 18 Junie 1864, (naby Kaap de Verde) het die biskop in sy dagboek geskryf. „Another week comes to an end. It is astonishing how quickly the days fly on shipboard! I expected the contrary. This life is indeed a rest to me, and, I am sure, good for me after eight months of such excitement and anxiety. The last two days I have had a feeling of extreme lassitude, which suits well with having nothing to do."

Die tyd aan boord is egter nie ledig deurgebring nie. Elke dag is daar twee dienste gehou. Daarbenewens het hulle daagliks een uur onderrig in Hollands

---

1) Baynes, A.H., South Africa, Handbooks of English Church Expansion. Mowbray, 1908. (Onder biskop Twells).
2) „The Bishop's Journal": 18 Junie 1863.

van 'n Hollandse professor ontvang. Die lesse is voorberei en hulle het self ook oefeninge in die taal gedoen. Gereelde besprekings is ook gehou oor die groot werk wat op hulle gewag het. Verder vervolg biskop Twells: „...I have set to work at the concertina and get on very well with it."

Verder blyk uit die dagboek dat die groepie op 14 Augustus 1863 in Kaapstad aan wal gestap het, waar hulle twee weke deurgebring het as die gaste van dr. Gray by Biskopshof.[1] Op 28 Augustus het hulle weer met „The Dane" na Port Elizabeth vertrek, waar hulle na 'n baie onstuimige reis op 31 Augustus aan wal gestap het. Die landing was volgens biskop Twells baie onwaardig, weens die feit dat naturelle hulle vanaf die landingsboot na droë grond op hulle rûe gedra het. Hy het egter bygevoeg: „I am glad to say that I was conveyed to shore on the back of an Englishman, who kindly offered his services."

Op 3 September het dr. Twells en mnr. Field besluit om die ander lede van die geselskap vooruit te gaan. Op Grahamstad het hulle 'n paar dae as gaste van die biskop vertoef. Cradock is op 10 September bereik en die volgende dag het hulle na Burghersdorp vertrek. Spesiale melding word gemaak van die reis, die Hollandse en Engelse plase waar hulle vir etes en rus aangedoen het, asook van die wonderlike gasvryheid wat van alle kante jeens hulle bewys is. Hy was die mening toegedaan dat die Engelse Kerk baie meer steun van buitestanders ontvang het as van haar eie lede. „I have every reason to expect that some of our most liberal supporters in the Free-State will be German Jews!"

Smithfield is op 17 September bereik.[2] Alhoewel

1) Ook "The Friend", 28 Aug. 1863.
2) Ibid.: 18 Sept. 1863.

biskop Twells reeds twee dae later in Bloemfontein verwag is,[1] het hy daar tot 22 September vertoef. Dienste is die Sondag gehou waarby meer as 200 mense teenwoordig was.[2] Vervolgens het die biskop in geselskap van mnr. J. Orpen na Basoetoland vertrek vir 'n onderhoud met hoofman, Mosjes. Bloemfontein is eindelik op 2 Oktober 1863 bereik.[3] Sy reputasie het hom vooruitgegaan, want in „The Friend" van 11 Sept. 1863 het 'n korrespondent uit Port-Elizabeth reeds geskryf: „If first impressions go for anything, I must congratulate your readers. The Right Rev. the Bishop of the Orange Free State has been here during the past four days, together with his party who accompanied him from England, and as they have not kept indoors, we have seen a good deal of them. ... I can only say that the Bishop and clergy seem to be in real earnest about their work, and from what I can see and hear they are not the men to falter at trifles. They have been learning Dutch all the voyage out with the aid of a Cape Africander who was a fellow passenger. I hope to hear in one month's time that you have all given them a most cordial welcome, and I hope in three month's time to read that they are both useful and popular in their new, wide, and ripe field of labour."

Ook op Smithfield het die biskop 'n baie goeie indruk nagelaat en die algemene gevoel was dat sy verblyf die begin van veel goeds sou wees.[4]

(b) <u>Aankoms in Bloemfontein</u>:

Dit was dan ook geen wonder dat die inwoners van Bloemfontein soos een man opgetrek het om die biskop buitekant die „stad Bloemfontein" op Vrydagaand, 2 Oktober

---

1) „The Friend": 18 Sept. 1863.
2) The Bishop's Journal: 22 Sept. 1863.
3) „The Friend": 2 Oktober 1863.
4) Ibid.: 25 Sept. 1863.

1863, te gaan ontmoet nie.[1] Ten spyte van die swaar reën was die ontvangs baie hartlik wat hulle te beurt geval het.[2] Die Sondag het dr. Twells twee dienste in die Wesliaanse „plek van aanbidding" gehou, wat tot sy beskikking gestel is deur eerwaarde Morrow.[3] Melding word in sy preek gemaak van die haglike toestand waarin die kerk verkeer het, wat toe slegs nog half voltooi was, hoewel sy hoeksteen reeds 13 jaar gelede deur aartsdeken Merriman gelê is. Hierdie poging was toe ook reeds die derde om die Engelse Kerk in die Oranje-Vrystaat te probeer vestig.[4]

Daar was egter 'n ander rede vir die biskop se warm ontvangs in Bloemfontein. Tot op daardie stadium was daar nog sterk twyfel of die biskop hom in Bloemfontein of Smithfield sou vestig. Die mededinging tussen die twee plekke om die hoofsetel van die nuwe bisdom was besonder sterk. Pas na die aankoms van dr. Twells in Port-Elizabeth, het die plaaslike korrespondent, nadat hy 'n besoek van die biskop ontvang het om meer kennis van die Vrystaat in te win, aan „The Friend" geskryf: „His lordship speaks with real pleasure upon the anxiety of the Smithfield people to obtain a clergyman, - but as I do not want to hear any Free State town extolled in comparison with Bloemfonteih, I took the liberty of stating my opinion that the inhabitants of Bloemfontein were equally as anxious and that when clergymen had bonafide arrived, they would doubtless find Bloemfontein would put its hand quite as deep in its pocket as Smithfield or any other place."[5] (Voor sy aankoms in Bloem-

---

1) „The Friend", 9 Oktober 1863 asook „The Bishop's Journal": 2 Oktober 1863.
2) Ibid.: 2 Oktober 1863.
3) Ibid.
4) Ibid.
5) Ibid.: 11 Sept. 1863.

fontein was £150 alreeds gekollekteer.[1]

Alhoewel die hoofredakteur van „The Friend"[2] dit as vanselfsprekend beskou het dat die biskop hom in Bloemfontein „the seat of the Government and the metropolis of the State" sou vestig, het die korrespondent van Smithfield nie heeltemal hiermee saamgestem nie.[3] Alles is ook hier gedoen om die vertroue van die biskop te wen, en die korrespondent was die mening toegedaan dat dit 'n baie onbesonne gevolgtrekking was om sumier aan te neem dat die setel van die bisdom Bloemfontein sou wees: „ - you must for the present be satisfied with a minister. - Although his lordship will not pledge himself to choose his permanent residence before he has completed his circuit, we have every reason to hope that Smithfield will become the seat of the diocese, as we have done more to bring his lordship to the Free-State than any other town, and by our liberality have proved that Smithfield deserves this great boon. Hurrah for the CITY of Smithfield!"

Die aanwesigheid van twee opgeleide gekwalifiseerde eersteklas-onderwysers, mnre. Clegg en Bell, het eweveel blydskap veroorsaak.[4] Ná die saak van godsdiens is dié van die opvoeding van die jeug tog van die meeste waarde. Op hulle skouers het dan ook die groot taak van die daarstelling van 'n eerste stelsel van opvoeding in die Vrystaat gerus.[5] Hulle getuigskrifte was van 'n baie hoë gehalte en hulle sou sonder twyfel die steun van die Hollandse boere geniet het, wat geen opoffering te groot beskou het om enige vorm van opvoeding vir

1) „The Friend": 2 Oktober 1863.
2) Ibid.: 18 Sept. 1863.
3) Ibid.: 2 Oktober 1863.
4) Ibid.: 18 September 1863.
5) Ibid.

hulle kinders te verkry nie.[1] Sommige het jaarliks £50 of £60 en selfs £100 met vry inwoning betaal vir die diens van mense wat, hoe gewillig hulle ook al was, weinig meer sou kon doen as om die kinders slegs die eerste beginsels van opvoeding te leer. Die hulp van manne, wat hulle opvoedingswerk in 'n baie ernstige lig beskou het en wat in staat sou wees om die kinders op te lei, was dus baie welkom.[2] Hulle teenwoordigheid kon dus niks anders beteken nie as egte en permanente opvoedingswerk wat van die allergrootste belang vir almal was.

Dit was dan die algemene gees waarmee dr. Twells en sy geselskap verwelkom is. In die hoofartikel van „The Friend" word van hierdie gebeurtenis selfs gepraat as een wat 'n nuwe en interessante tydperk in die geskiedenis kon inlui. Verder lees ons:-„If it be true, and few, we opine, even in this free-thinking country, will be rash enough to deny the fact - that in proportion as religion and education advance, so increase the happiness and prosperity of the common wealth, then our readers may, indeed, without distinction of class, creed, or colour, be justified in anticipating the happiest results from the mission of the Church of England to this State."[3]

Samewerking tussen die twee groepe moes verkry word en alle indiwiduele gevoelens moes op die agtergrond geskuif word, om plek te maak vir die groot beginsel van opvoeding. Arbeiders in dieselfde veld moes saamspan, omdat die oes groot en ryp was.

Biskop Twells en sy geselskap het op die edelste beweeggronde gereageer toe hulle hul skrede na Suid-Afrika gewend het. Hierdie drange om by te dra tot die

---

1) The Friend: 18 September 1863.
2) Ibid.
3) Ibid.

leiding van die mensheid was gebaseer op ywer en erns, met volle vertroue op God om hulle in hulle groot doel by te staan. Daar was geen dors na enige vorm van wins, geen strewe na rykdom, geen ambisie om daardeur wêreldberoemdheid of onderskeidinge te verwerf nie.[1)]

(c) <u>'n Begin word gemaak:</u>

Dr. Twells en mnre. Clegg en Bell het dan ook geen gras onder hulle voete laat groei nie en onmiddellik 'n begin gemaak met die groot werk. Op Saterdag, 3 Oktober 1863, die dag ná hulle aankoms in Bloemfontein, het die biskop in sy dagboek geskryf dat hy 'n besoek gebring het aan die Kollege wat deur Sir George Grey gestig is. Deur wanbeheer het dit egter op niks uitgeloop nie - die skool is tydelik gesluit en is op daardie tydstip as 'n woning vir die landdros gebruik. Daar was dus op hierdie stadium geen skool nie, alhoewel die bestaande gebou, volgens die biskop, as uitstekend beskou kon word. 'n Slaapsaal vir veertig kosgangers het ook leeg gestaan maar omdat al die kuratore Hollandse predikante was, was daar geen hoop om iets aan die saak te doen nie. Daar was alreeds 'n misverstand in verband met die bestuur tussen hulle (die kuratore) en die Volksraad. Die moontlikheid dat 'n onderwyser binne afsienbare tyd daar aangestel sou word, was maar skraal. Verder het dr. Twells gesê: „Meanwhile the boys of Bloemfontein run wild. If the inhabitants will support me, I shall put Mr. Clegg here at once, and begin a school in the best place I can find. I believe this will be a great engine here for the Church to use."[2)]

Op Maandag, 5 Oktober 1863, het die Biskop 'n baie suksesvolle vergadering toegespreek wat bygewoon is deur meer as sestig vooraanstaande inwoners uit albei taal-

---

1) The Friend: 18 Sept. 1863.
2) „Occasional Paper No. 1. containing the Bishop's Journal." 3 Okt. 1863.

groepe.[1] Die doel van hierdie byeenkoms was om die eise en benodigdhede uiteen te sit in verband met die aanstelling van 'n predikant en 'n onderwyser asook die kwessie van besoldiging. Geen besonderse of oorhaastige beloftes is aan die biskop gedoen nie, tog was hy heeltemal in sy skik met die geesdrif wat deur die mense aan die dag gelê is en die indruk van egtheid wat hulle voorgestelde pogings geskep het. Die inwoners het wel deeglik die noodsaaklikheid van die stigting van 'n skool besef, want, soos reeds vermeld is, was die „Kollege" verhuur as 'n private woonhuis en die Goewermentskool gesluit.

Twee komitees is benoem: een om die middele vir die aanstelling van die predikant en onderwyser te vind, en die ander, die „boukomitee", moes mettertyd sorg vir die oprigting van die nodige geboue.[2] 'n Skoolkommissie, bestaande „uit de heeren William Collins Snr., C. van Dijk van Soelen en A.B. Roberts "is later aangestel.[3]

Benewens milde skenkings wat ontvang is, was die gemeenskap maar te angstig om nog meer te doen om te verseker dat die veelbesproke skool en kerk werklikheid sou word. Die landdros van Bloemfontein het die gebruik van die Goewermentskoolkamer aangebied as 'n tydelike plek waar dienste waargeneem kon word. 'n Skoolkamer is ook aangebied totdat iets beters beskikbaar kon wees.[4] Omrede die ongewone tekort aan herberg, het mnr. Marais, die Goewerment-sekretaris, die gebruik van 'n huisie vir twaalf maande gratis aangebied.[5]

---

1) The Friend: 9 Okt. 1863 asook „The Bishop's Journal. 4 Okt. 1863.
2) „The Bishop's Journal" en „The Friend" 9 Okt. 1863.
3) De Tijd: 7 Okt. 1863.
4) ook 1) en „The Friend" 9 Okt. 1863.
5) Ibid.

Hy wou ook 'n bykomende vertrek laat aanbou om as woonplek vir 'n onderwyser te dien, sonder enige vergoeding, maar die biskop, wat al die ander aanbiedinge maar te graag verwelkom het, wou hiervan nie hoor nie.[1] 'n Verdere aanbod van 50,000 stene is deur die bouers van Bloemfontein vir die oprigting van 'n kerk gemaak.[2]

Herhaaldelike versoeke is ook deur middel van die koerante en deur persone wat goedgesind was teenoor hierdie sending tot die bevolking gerig om tog bydraes te doen sodat fondse beskikbaar gestel kon word sodat 'n begin met die werk gemaak kon word. In „The Friend" van 9 Oktober 1863, word onder andere die volgende gevind: „The funds placed at the disposal of Bishop Twells do not exceed £700 annually. Consequently those in the Colony and in other lands interested in this mission - and there are many such - can materially aid him, by transmitting donations. ..Contributions, however trifling, will prove useful. ... The field is a wide one and is capable of being indefinitely enlarged. It is of the greatest importance for the future welfare of this country that competent, faithful schoolmasters should be placed in every village of the state. But many of those villages, for years to come, cannot afford to contribute the full amount which would be required."

Die res van die geselskap, insluitende mnr. Clegg, het Bloemfontein op 21 Oktober bereik.[3] Teen hierdie tyd het die biskop alreeds besluit om Bloemfontein sy hoofsetel te maak, mnr. Clegg as onderwyser daar aan te stel en dat mnre. Bell en Field onderskeidelik as onderwyser en leraar na Smithfield sou gaan.[4] Ná sy aan-

---

1) Historical Records of the Church of The Province of South Africa en „The Friend" 9 Okt. 1863.
2) Ibid.
3) Reports of Princ. Compiled Archdeacon Vincent. P. 2.
4) „The Friend": 30 Oktober 1863.

koms het mnr. Clegg sonder enige versuim die taak voortgesit waarmee dr. Twells 'n begin gemaak het. Hy moes op eie houtjie werk, want op 8 Oktober 1863 het die biskop alweer die moeisame reis na Kaapstad aanvaar waar sy teenwoordigheid by die verhoor van biskop Colenso vereis is.[1)]

Op 13 November 1863 het die volgende advertensie in „The Friend" verskyn:

„**English Education at Bloemfontein.**

Mr. G. Clegg begs to inform the inhabitants of Bloemfontein and the surrounding district that he intends (D.V.) opening his school, under the superintendence of the Bishop of the Diocese, on Monday 16th inst., in the Government Schoolroom which has been granted by the Government of the Free-State for that purpose. The course of instruction will comprise the usual branches of a sound liberal education.

Terms may be had on application to the Master.
Bloemfontein
November 12th., 1863."

Op 11 Desember 1863 het daar weer 'n advertensie in „The Friend" verskyn om te bevestig dat die skool wel geopen is: „De Heer G. Clegg berigt aan de inwoners vah Bloemfontein en omstreken dat hy zyne School heeft geopend, onder oppertoezicht van de Bisschop, in de Goevernements School Kamer."

Die vrouens van die twee Engelse onderwysers, wat ook goeie opleiding geniet het, sou behulpsaam wees met die opvoeding van dogters. Volgens die biskop se mening was hulle bekwaam genoeg om 'n baie goeie standaard daar te stel.[2)]

---

1) „The Friend": 9 Oktober 1863.
2) Ibid.

## 2. ONTWIKKELING VAN DIE „GRAMMAR SCHOOL" (1863-1902).

### (a) Goeie Vordering:

Die „Grammar School" het in die eerste jaar van sy bestaan goeie vordering gemaak, deels omdat dit destyds die enigste skool in Bloemfontein was, en die ouers maar te dankbaar was om 'n bietjie opvoeding vir hulle kinders te kry. Alhoewel die onderwys „de gewone takken van eene goede liberale opvoeding"[1] ingesluit het, en alle onderrig natuurlik deur medium Engels was, het baie Hollandse kinders ook die skool bygewoon.[2]

Aan die einde van Junie 1864 is die eerste eksamen deur leerlinge van die private Engelse skool afgelê.[3] Die eksamen is in die Goewerment-skoolkamer afgelê in die teenwoordigheid van die president en die biskop, wat ook as eksaminatore opgetree het, en ongeveer dertig lede van die publiek.[4]

Die kinders het in die volgende vakke eksamens afgelê: natuurkunde, sterrekunde, grammatika, geskiedenis, rekenkunde en bybelgeskiedenis. Hulle het knapheid aan die dag gelê wat nie slegs tot eer van hulself gestrek het nie, maar ook tot eer van hulle onderwyser, mnr. Clegg. Ongeveer 'n dosyn van die jongspan het „The Battle of Hohenlinden" voorgedra en alhoewel sommige van hulle gebrek aan voldoende geesdrif en insig getoon het, het ander daarvoor vergoed deur die uittreksel met soveel lus voor te dra dat dit 'n plesier was om daarna te luister. Aan die einde van die eksamen het president Brand die kinders toegespreek. Hy

1) „The Friend": 11 Desember 1863.
2) Reports of princ. compiled by Archdeacon Vincent, P. 3.
3) P.S. Malan: Onderwys in die Oranje Vrystaat. Bl. 369.
4) „The Friend": 24 Junie 1864.

het hulle herinner aan die groot belang van die opvoeding en hulle ook daarop gewys dat hulle toekomstige vooruitsigte om goeie en getroue burgers van die gemeenskap te word, baie nou saamgehang het met die vraag of hulle hul kanse sou benut. Hy was baie in sy skik met wat hy van die eksamen gesien het en was daarvan oortuig dat hulle die volle gebruik gemaak het van die ses maande se skoolgaan onder toesig van mnr. Clegg. Die president het die hoop uitgespreek dat hulle dit altyd in gedagte sou hou dat „life was short, but art was long" en dat hulle gedurende die vakansie wat op hande was, nie sou toelaat dat die kennis wat hulle opgedoen het, verroes nie.[1)]

Pryse is toegeken aan die seuns wat die beste gepresteer het in die verskillende vakke. Die biskop het ook sy tevredenheid uitgespreek oor die vordering wat die skool bewys het. Hy het teen hierdie tyd reeds 'n naam gemaak vir sy onvermoeide ywer en belangstelling vir die opvoeding. Hy het weereens die versekering gegee dat daar van sy kant alles gedoen sou word om uitbreiding te verseker. By hierdie geleentheid is nogmaals 'n beroep gedoen op die Hollandse boere om tog hulle seuns na die „Grammar School" te stuur, want slegs as die skool ondersteun word, sou dit kon voortbestaan. Alhoewel daar vantevore 'n sekere mate van twyfel bestaan het of die bevolking van Bloemfontein die bestaan van twee skole kon regverdig, het dr. Twells te kenne gegee dat hy daarvan oortuig was dat so iets wel kon gebeur.

Hierdie vordering wat die dertig seuns gedurende die beperkte tyd van ses maande getoon het, is nie

---

1) „The Friend": 1 Julie 1864.

slegs deur diegene opgemerk wat gedurig met die skool in aanraking gekom het nie, maar selfs deur buitestanders wat hulle verbasing uitgespreek het oor wat in so 'n kort tyd verrig is.[1] Daar was egter nog 'n paar hindernisse wat snelle ontwikkeling effens gekortwiek het, nl. die probleem van stokkiesdraai en die viering van verjaarsdae! So erg was laasgenoemde dat daar sterk oorweeg is om 'n wet by die Volksraad in te dien „for the abolition of birthdays."[2]

Aan die einde van 1864 het die „Grammar School" nog steeds goeie vordering gemaak. 'n Tweede eksamen het teen die middel van Desember in die teenwoordigheid van die president en verskeie lede van die publiek plaasgevind.[3] Van die begin van 1865 is daar ook verskeie nuwe vakke by die leerplan bygevoeg, soos matesis, fisika, Latyn, musiek en teken.[4]

(b) Eerste Struikelblokke:

In hierdie stadium, kort na die opening van die skool op Maandag, 23 Januarie 1865, het die biskop oor die ernstige afname in die getal leerlinge gekla: „Our Grammar School here was self-supporting last year. Now the Dutch School (which is aided and endowed by the Government) has been re-opened and many of the Dutch pupils have been sent to it".[5] Die mededinging met Grey Kollege wat staatsondersteuning geniet het was dan ook een van die struikelblokke waarmee die skool dwarsdeur die 19e eeu te kampe gehad het. Die gevolg was dat mnr. Clegg en sy „Grammar School" soms maar 'n sukkelbestaan moes voer. Geld was alles behalwe volop en daarom moes die gelde so laag as moontlik gehou word. Met die ingang

1) „The Friend": 1 Julie 1864.
2) Ibid.
3) P.S. Malan: Onderwys in die Oranje Vrystaat. P.368.
4) „The Friend": 13 Jan. 1865.
5) Reports of Princ. Compiled by Archdeacon Vincent:P. 3

van 1865 was die gelde soos volg:

„Laer Klasse .... £6 per jaar.

Hoër Klasse .... £9 per jaar

Kosgangers ..... £45 per jaar

skoolgelde ingeslote."1)

Twee maande later, op 24 Maart 1865, verskyn die volgende advertensie in „The Friend": „Terms

Junior Classes .... 10s per month

Upper do .... 15s per month

Latin and Drawing .. 5s each extra do.

Boarders £45 per annum."

Ten spyte van hierdie moeilikheid het die skool steeds bly voortbestaan. Die klompie seuns was 'n gelukkige groepie bymekaar en met sekere geleenthede het mnr. Clegg spesiale byeenkomste gereël waarheen die publiek hartlik uitgenooi is. So is daar op Pinksterdag 1865 so 'n samekoms gereël. Die skoolkamer was smaaklik met blomme versier en geskikte tekste is so gerangskik „to take off somewhat of the barn-like appearance of the old building."2)

Op Kersdag van dieselfde jaar het die seunskoor van die „Grammar School" by albei die dienste opgetree om Kersliedere te sing.3) Daar is min inligting omtrent die ontwikkeling van die skool gedurende die volgende twee jaar, maar met veiligheid kan gesê word dat die doel van die skool geleidelik bereik is, want met die hoeksteenlegging van die nuwe St. Andrew-skoolgebou op 24 Maart 1899 het niemand anders nie as President Steyn die volgende woorde geuiter: „When I laid this Foundation Stone, my mind went back 25 or 30 years ago, when I first made the acquaintance of St. Andrew's

---

1) „The Friend": 13 Jan. 1865.
2) Ibid.: 21 April 1865.
3) Ibid.: 29 Des. 1865.

College, or, rather as it was then called, the Grammar School. It was then under a good and noble man, Mr. George Clegg, who had Mr. Wickens, who was a great believer in the rod, as his assistant, and I may tell the St. Andrew's boys that I speak of painful experiences, because I was a pupil of the Grammar School."1)

Eksamens is gereeld elke ses maande afgelê. Die president wat die meeste van hierdie eksamens bygewoon het, het dan ook telkemale sy tevredenheid uitgespreek oor die vordering wat gemaak is.2)

In Julie 1868 is die opening van die „Grammar School" vertraag deur die siekte van mnr. Clegg. Van hierdie siekbed sou hy egter nie weer opstaan nie en pas 'n maand later is sy dood aangekondig.3) Sy heengaan was 'n geweldige slag vir die skool, want gedurende die paar jaar wat hy as hoof opgetree het, was daar ten gevolge van sy harde en getroue arbeid steeds gedurige vordering.4) Dit sou egter nie die einde van die skool beteken nie, want op 28 Augustus 1868 is daar in „The Friend" aangekondig dat die skool tydelik voortgesit sou word onder leiding van die twee leraars G. Mitchell en J.H. Wills. Aan die einde van 1868 is J. Harris Wills ook vir die volgende jaar benoem omdat geen geskikte persoon tot op daardie tydstip verkry kon word nie.5)

c) Ds. Charles Clulee word prinsipaal:

Hierdie aanstelling was maar van korte duur, want vroeg in 1869 is ds. Charles Clulee, predikant en onderwyser van Fauresmith, as prinsipaal aangestel.6) Volgens

1) „Quarterly Paper", No. 124, 25 April 1899.
2) „The Friend": 23 Feb. 1866, 22 Junie 1866, 28 Des. 1866, 21 Junie 1867, 20 Des. 1867, 17 Junie 1868.
3) „The Friend": 7 Aug. 1868.
4) Ibid.
5) „The Friend": 31 Des. 1868, 7 Jan. 1869, 21 Jan. 1869.
6) Reports of Principals to the Dioc. B. of Educ. P. 3.

dieselfde verslag het hy maar 'n drukke tyd gehad. Hy was hoof van die „Grammar School". Hy was ook in beheer van die St. Patrick-Sending, wat gehuisves is in die ou woonhuis van die biskop, en was verder ook verantwoordelik vir die bestuur van 'n skool vir basterkinders en 'n aandskool vir naturelle.

Die eerste halfjaarlikse eksamen onder ds. Clulee se beheer, het op 18 Junie 1869 plaasgevind.[1] Weereens word daar met trots verwys na die wondere wat hy in die kort tydjie wat hy as hoof opgetree het, verrig het. Sy karakter, persoonlikheid en eenvoudige metode van onderrig het by almal wat teenwoordig was, groot byval gevind. ..„Mr. Clulee is the right man in the right place."[2] In 'n advertensie wat op 1 Julie 1869 in „The Friend" verskyn het, het hy die hoop uitgespreek om die boeklyste te hersien en sodoende te trag om die omvang van die studies uit te brei en 'n groter mate van doeltreffendheid aan die skool te bewerkstellig. Die klasgelde was ten spyte van al die verbeterde geriewe nog dieselfde as aan die begin, behalwe dat dit toe drie maande vooruitbetaalbaar was.[3] Aan die einde van 1869 het die leergang die volgende vakke ingesluit: Lees, Skrif, Rekenkunde, Geskiedenis, Gevorderde Rekenkunde, Engelse Grammatika, en Opstel, Skei- en Natuurkunde, Natuurkunde, Sang en Aardrykskunde.[4]

Op Saterdag, 2 Oktober 1869, is 'n spesiale vergadering van kinders en vriende van die „Grammar School" onder voorsitterskap van ds.Clulee gehou. Die doel was om die raadsaamheid van die stigting van 'n komitee te be-

1) „The Friend": 24 Junie 1869 en 17 Junie 1869.
2) Ibid.
3) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Ed. P. 3.
4) „The Friend": 30 Des. 1869 - Advertensie.

spreek wat moes waak oor die belange en vordering van die skool.[1] Die volgende besluite is geneem:

1) Dat dit wel van nut sou wees om so 'n komitee in die lewe te roep;

2) Dat die komitee sou bestaan uit 'n president, wat die predikant van die plaaslike gemeente sou wees, drie lede deur die predikant benoem en drie lede wat deur die vergadering aangewys sou word. Die lede wat deur die president aangewys is, was mnre. Home, Goodale, en Thos. White en die ander drie deur die vergadering aangewys, mnre. W. Coleman, J.M. Donaldson en Beckley. Hierdie komitee moes ses maande diens doen.

3) Dat 'n algemene vergadering van die ouers van kinders en belangstellendes wat minstens een kind op eie onkoste op skool gehad het, aan die einde van bogenoemde tydperk byeengeroep sou word;

4) Dat die huidige komitee die eerste Vrydag in elke maand sou vergader.

Die toenmalige president van die komitee was ds. Davis G. Croghan en die sekretarisskap is opgedra aan die energieke mnr. Clulee. Laasgenoemde het met sy ontembare moed en durf oneindig baie vir die skool gedoen. So skryf „The Friend" op 16 Des. 1869: „With Nil desperandum for his motto he has succeeded in putting the Grammar School which had been toddling, fairly upon its feet again, and thus it will be enabled very shortly to compete, with a fair measure of success, in the race for the intellectual development of the rising generation, with any educational establishment in the Orange Free-State."

---

1) „The Friend": 7 Okt. 1869 en „Reports of Princ. to the Dioc. B. of Ed." P4.

(d) Staatsondersteuning word gevra:

In 1870 het Clulee die vraag in verband met 'n staatstoelae aan die skool by die gesaghebbendes aanhangig gemaak. Behalwe die Bloemfontein-kollege was daar in daardie jaar nie een ander skool wat enige finansiële steun van die staat ontvang het nie.[1] Omdat ouers dit so moeilik gevind het om enige vorm van onderwys vir hulle kinders te verkry, het Clulee gevoel dat daar goeie rede was vir 'n verandering in die kille optrede van die Volksraad teenoor die Engelse gemeenskap. 'n Nuwe element het die eenvoudige lewe van die Boer binnegedring en om samewerking met hierdie immigrante te verkry, moes hulp toegestaan word vir die opvoeding van hulle kinders. Die skool was gedurig in sterk mededinging met die staatsondersteunde Grey Kollege wat dus onderrig teen baie lae gelde kon verskaf. Die moontlikheid dat die Engelse skool ooit selfonderhoudend sou word, was dus baie gering.[2]

Om die kinders van Hollandse ouers te lok, is Hollands ook vanaf die tweede helfte (17 Julie) van 1870 as vak onderrig.[3]

Ten spyte van die geweldige stryd wat losgebrand het ná Clulee die verandering van die onderwysaangeleenthede bepleit het [4] is daar tog met lof gepraat, van die vordering wat die skool tot aan die einde van Desember 1872 gemaak het.[5]

Met die ontdekking van diamante naby Kimberley het daar vir ds. Clulee weer 'n nuwe lig opgegaan. In 'n brief aan die „Bloemfontein Mission", gedateer 9 Februarie 1871, skryf hy o.a.: „Hitherto the education required in the country has been of a mixed character, partly Dutch and

---

1) „The Friend": 24 Nov. 1870, 15 Des. 1870.
2) Quarterly Paper 9 Feb. 1871.
3) „The Friend": 23 Junie 1870 (Advertensie).
4) Briewe in „The Friend": 22 Des. 1870; De Tijd: 8 Nov. 1870.
De Tijd: 15 Des.1870; „The Friend": 2 Feb.1871; „The Friend": 22 Junie 1871.
5) „The Friend" : 19 Des. 1872.

partly English. The population at the Diamond fields will be almost exclusively English, and the education required will consequently be English. This will cause a reaction on the whole country, and a Dutch education will be less in demand than before ... There are also many indications that the English language will be generally spoken in the country - " In dieselfde brief kla ds.Clulee oor die tekort aan skoolmateriaal, waarvan hy baie uit sy eie sak moes aanvul. Na byna agt jaar van onafgebroke werk was daar nog geen skoolkamer of onderwyserswoning nie. Die oorspronklike geboutjie wat in 1863 deur die Goewerment aan hulle geleen is, moes nog steeds as klaskamer dien, hoewel dit al bouvallig en byna onbruikbaar geword het. Deur die aartsbiskop se toedoen is £100 deur die „S.P.C.K."[1] geskenk vir die oprigting van nuwe geboue. Hy het self £25 bygedra en die biskop £25. 'n Beroep is op vriende in Engeland gedoen om bydraes te stuur. Die toelae van £100 wat jaarliks deur die „S.P.G."[2] gegee is, is in Desember 1869 verminder tot £50.

Ook oor die toendertydse prinsipaal se salaris het Clulee glad nie so gelukkig gevoel nie.[3] Sy inkomste het bestaan uit die toelae van die„S.P.G.", die skoolgelde (omtrent £110 per jaar) asook herberg. Hy het die herinstelling van die oorspronklike toelae, 'n jaarlikse skenking aan die skool, en 'n toelae vir skoolmateriaal vir toekomstige nuwe skole bepleit. Om sy inkomste aan te vul het ds.Clulee ook sendingwerk verrig. Nogtans het hy met die skrywe van hierdie brief seker

---

1) S.P.C.K.: Society for the Propagation of Christian Knowledge.
2) S.P.G. = Society for Propagation for the Gospel.
3) Bloemfontein Mission. 1871.

reeds planne in die mou gevoer om die skool te verlaat, want hy waarsku dat die owerheid daaraan moet dink dat sy opvolger miskien nie 'n predikant sou wees nie. Dit sou natuurlik meebring dat hy nie enige sendingwerk sou kon verrig nie. Die kerklike aangeleenthede is in twee tale waargeneem: Hollands en Sekoana, met die gevolg dat, as twee mense nodig sou wees om die werk te doen, baie meer as £100 nodig sou wees om die skool en sendingwerk te subsidieer.

Kort hierna het ds.Clulee dan ook as hoof van die skool bedank. Hy is as predikant op Malmesbury in Kaapland aangestel.[1] Mnr. E.W. Stenson, wat vyf jaar diens gedoen het as hoof van die Rockdale-goewermentskool in Brits Kafferland, is aangestel om die plek van ds.Clulee te vul. Hy was, onder andere, in besit van getuigskrifte geteken deur die Komitee van Beheer en dr. Dale, destydse Superintendent-generaal van Onderwys.[2] Hierdie getuigskrifte het met hoë lof van die man gepraat. Sy groot werkvermoë en sukses is beklemtoon en daar is ook gewys op die onwilligheid waarmee sy ou omgewing van hom afskeid geneem het.

(e) Verdere Uitbreiding aangemoedig:

In April 1872 het die „Bloemfontein Gazette" verklaar: „Seeing that the country has taken a most decided turn for the better, and is making gigantic strides, both commercially and socially, there is every reason to foster the hope that the Bloemfontein Grammar School, if energetically and discreetly conducted, will very shortly become a credit to this rapidly advancing metropolis and to the State; a source of gratification to parents, and of profit to master and pupil alike."

---

1) Reports of Principals to the Dioc. Board of Educ. P. 4.
2) Bloemfontein Gazette: 18 Jan. 1872.

By die Bisdomsinode van 1872 was die opvoeding van Engelssprekende kinders weer die hoofonderwerp van bespreking.[1] Volledige verslae van die „Grammar School" is ter tafel gelê en daar is eenparig besluit om te volhard in en uit te brei op die werk wat tot dusver gedoen is. 'n Spesiale komitee is benoem om 'n versoekskrif op te stel waarin staatsteun gevra word. Hierdie versoekskrif sou aan die Volksraad voorgelê word.

Mnr. Stenson se verblyf in Bloemfontein was egter van korte duur. Ná slegs twee maande, in Mei 1872, word hy as geestelike bevestig en na Barkly in die diamantvelde gestuur.[2] Hy het baie jare in die diens gedoen en was dan ook die stigter van die sendingstasie op Mohales-hoek, Basoetoland.

Teen die middel van 1872 is ds. John Widdicombe as hoof van die Grammar School benoem.[3] Tydens sy verblyf in die bisdom was hy saam met kanunnik Beckett op Modderpoort werksaam. Gedurende hierdie jare was daar tekens van groot vooruitgang en planne is gemaak vir die oprigting van 'n nuwe gebou.[4] In sy rapport het biskop Webb geskryf dat daar toe so pas 'n begin gemaak is met die bou van 'n gedeelte van die nuwe „Cathedral Grammar School". Die vervoer en koste van boumateriaal was uitermate hoog en daar was maar omtrent £200 tot hulle beskikking vir die werk. Die gebou wat as klaskamer gedien het, was egter in so 'n toestand dat daar nie meer uitgestel kon word nie. Daarom is besluit om een nuwe kamer aan te bou. Hierdie gebou is op 26 September 1872 in gebruik geneem. Die plegtigheid is deur biskop Webb waargeneem.[5]

---

1) Quarterly Paper - April 1872, B. 23.
2) Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ. P. 4.
3) The Friend: 28 Maart 1872, 25 April 1872.
4) Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ. P. 4.
5) „The Friend": 26 Sept. 1872 asook „Reports of Princ. to the Dioc. Bo. of Educ." P. 4.

Die vooruitgang was van so 'n aard dat 'n brief op 27 Junie 1872 in „The Friend" verskyn het wat gesê het: „The Bishop of Bloemfontein has only to obtain a first class man for his Grammar School, a man of good scholarship, good judgment and good tact, and the Grey College may exist, but only exist....."

Die eksamen wat op 20 Desember 1872 deur die aartsbiskop afgeneem is, het hierdie vordering beklemtoon. Die antwoorde was akkuraat en intelligent en die algemene dissipline van die skool het niks te wense oorgelaat nie.[1]

Ds. Widdicombe het ook nie lank as hoof vertoef nie, want in Julie 1873 het hy met 'n jaar se verlof na Engeland vertrek.[2] Die gedurige veranderinge wat in die aanstelling van hoofde vir die skool gemaak moes word, het die biskop baie hoofbrekens besorg. Die werk en opvoeding van die skool was van 'n baie hoë standaard sodat daar by die aanstelling van 'n nuwe hoof met groot versigtigheid te werk gegaan moes word.[3] Die noodsaaklikheid van 'n huis vir die onderwysers en kosgangers was ook nog steeds daar.

In Junie 1873 is 'n openbare vergadering belê in verband met die skool en daar is besluit om die som van £600 in te samel vir die oprigting van nuwe geboue.[4] Op 26 Junie 1873 was daar 36 seuns wat die halfjaarlikse eksamen met welslae afgelê het.[5] Die belangstelling aan die kant van die ouers en ander buitestanders was groter as ooit tevore. Dit was steeds 'n aanmoediging om voort te gaan met die goeie werk.[6]

1) „The Friend": 26 Des. 1872.
2) „Quarterly Paper of the O.F.S. Mission", July 1873.
3) Ibid.
4) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ. P. 5.
5) „The Friend: 3 Julie 1873.
6) Ibid.

Ds. Douglas Mackenzie is benoem as opvolger van ds. J. Widdicombe,[1] wat besluit het om, ná sy vakansie in Engeland, hom op sendingwerk toe te lê. Hy was dan ook baie jare direkteur van die Thlotse-sending in Basoetoland. Hy is in 1927 oorlede in die hoë ouderdom van 88 jaar.[2]

Ds. McKenzie, M.A., het baie skolastiese ondervinding gehad. Hy het sy opleiding aan die St. Peter-kollege, Cambridge, ontvang, waar hy in 1864 gegradueer het.[3] Afgesien van sy suksesvolle loopbaan in Engeland, was hy ook voor sy aanstelling in Bloemfontein onder-prinsipaal van die St. Andrew-kollege, Grahamstad.[4]

3. STIGTING VAN DIE „ST. ANDREW'S COLLEGE".

Op 23 Oktober 1873 het daar 'n brief van biskop Webb in die koerant verskyn wat daarop gedui het dat met die voltooiing van die aanbouing van die skool (wat toe onder bespreking was) die naam „Grammar School" verander sou word tot die „St. Andrew's Diocesan College". Daar is verder bekend gemaak dat die som van £2000 onmiddellik gespandeer sou word vir uitbreiding, maar om die hele skema te voltooi, sou daar omtrent £4000 nodig wees. 'n Vrystater het gewilliglik £100 in tien halfjaarlikse paaiemente gegee met die belofte om nog £100 by sy vriende gedurende 1874 te kollekteer.[5] Dit alles was bewys van hoe naby aan die hart hierdie saak by baie mense gelê het. Die biskop het 'n beroep op negentien ander ondersteuners gedoen om hierdie voorbeeld te volg om sodoende die £4000 te oorskry.[6]

1) „The Friend": 14 Aug. 1873.
2) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ. P. 4.
3) „The Friend": 14 Aug. 1873.
4) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ. P. 5.
5) „The Friend": 23 Okt. 1873.
6) Ibid.

In 'n verdere brief van Allan B. wat op 23 Oktober 1873 in „The Friend" verskyn het, word daarop gewys dat die nuwe gebou wat beplan was, ook akkommodasie aan twaalf kosgangers sou bied. Daar kon maklik verder aan hierdie gebou aangebou word. Verder is gesê: „It is evident that, while the Grey Institute, under its able Rector, has a mission of its own to fulfil, there is room enough for the work of an educational establishment for boys on the English system, in which, however, grammatical instruction in the Dutch language need not be omitted." Die skrywer praat met hoë lof van die pogings wat die Anglikaanse Kerk aangewend het om goeie en genoegsame onderwys in die land tot stand te bring. Aan die anderkant was hy maar te bewus van die feit hoe min daar in werklikheid gedoen word, alhoewel die bietjie wat reeds gedoen is, baie gunstig vergelyk het met die standaard wat verwag kon word met sulke skamele fondse. Onthou moet word dat daar nog geen sprake was van enige skenkings of toelae nie.[1] Daar was egter die goeie fondamente van die vorige hoofde om op voort te bou en ds. Douglas Mackenzie wat binnekort sou oorneem, het die kwalifikasies besit om die werk op 'n baie groter skaal voort te sit.

In sy brief van vaarwel aan die bisdom het aartsbiskop D.E. Croghan ook die geweldige uitbreiding bespreek wat die oorgang van 'n „Grammar School" na 'n „Diocesan College" genoodsaak het.[2]

Die jaar 1874 is gekenmerk deur 'n duidelike vordering wat betref die voorspoed van die skool. Daar is afskeid geneem van die ou Goewermentskoolgeboutjie en die bedrywighede is langsamerhand oorgeplaas na die

---

1) „The Friend": 23 Oktober 1873.
2) Brief gedateer 16/1/74 in die „Quarterly Paper of the O.F.S. Mission". Okt. 1873.

nuwe gebou op die hoek van St. Georgestraat en Monumentweg (die teenswoordige Leon Motors) langs die biskop se ou verblyfplek.[1)]

Die langverwagte aankoms van Douglas McKenzie waarna almal so naarstiglik uitgesien het,[2)] is slegs op 11 Februarie 1874 verwesenlik.[3)] Volgens advertensies wat op 12 Februarie 1874 en 19 Februarie 1874 in „The Friend" verskyn het, blyk dit dat met die aanvang van die eerste kwartaal op 16 Februarie 1874[4)] vir die eerste keer in die skool se bestaan van 10 jaar die hulp van 'n tweede onderwyser ingeroep is.[5)] Hy was mnr. Richard Keble Champernowne,B.A. („Christ Church", Oxford). Ten gevolge van die feit dat die skool ongeveer 'n maand later as gewoonlik heropen is, is slegs die helfte van die gebruiklike kwartaalse gelde gevra.[6)]

Die hoeksteen van die „St. Andrew's Diocesan College" is deur die president op Maandag, 13 Februarie 1874, om vyfuur die middag gelê in teenwoordigheid van 'n groot groep lede en ondersteuners van die Engelse Kerk, lede van ander kerke en vriende van godsdienstige opvoeding.[7)] Mevrou Brand en die groot aantal vroue het ook deur hulle teenwoordigheid hulle vriendelike belangstelling bewys. Die biskop, dr. Webb, bygestaan deur ds. McKenzie, die nuwe skoolhoof, het die godsdienstige kant van die seremonie waargeneem.

Die hoeksteenlegging is voorafgegaan deur 'n prosessie van die biskop, ander predikante en die lede van die koor, wat van die voordeur van die katedraal tot by

---

1) „Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ." P. 5.
2) Brief van Biskop gedateer 21 Aug. 1873 in die „Q.P. of the O.F.S. Mission".Okt. 1873.
3) „Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ. P. 5.
4) „The Friend". 12 Februarie 1874.
5) Ibid.
6) Ibid.
7) Ibid., 19 Februarie 1874 asook „Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ." P. 5.

die plek waar die hoeksteen gelê is, beweeg het. Die hoeksteen, wat 'n endjie bo die grond gehang het, was voor die tyd in gereedheid gebring en daar is slegs op die teken gewag om dit in die regte plek te laat sak. Psalm CXXVII en Liedere 320 en 238 (ou en nuwe wysies) is deur die koor gesing. Die president, wat reeds baie ondervinding in die lê van hoekstene opgedoen het, het sy aandeel weer met die grootste bekwaamheid voltooi. Nadat die steen behoorlik in posisie geplaas is, het hy dit „goed gelê" verklaar in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die president se beste wense vir 'n spoedige voltooiing van die gebou het hierop gevolg, asook die vurige hoop dat enige toekomstige onderwys wat daar gegee sou word tot 'n seën sou wees vir die opgroeiende geslag van die dorp en die Staat in die geheel.

Die biskop het die vriendelikheid en die tegemoetkomendheid van die president in sý toespraak baie hoog geprys en hom bedank vir sy teenwoordigheid, goeie wense en hulp, op daardie bepaalde dag asook by al die vorige geleenthede. Hy het die aard van die opvoeding kortliks uiteengesit en ten slotte die hoop uitgespreek dat die president nog 'n lang en geseënde bewind oor sy staat sou voer. Ná die verrigtinge het die meeste van die teenwoordiges na die biskop se huis gegaan waar die geleentheid aangebied is om mnr. en mev. McKenzie te ontmoet. Verversings is bedien en pas voor die geselskap uitmekaar is, is 'n heildronk op die gesondheid van die president deur die biskop ingestel. Dit is met groot geesdrif begroet. Hierop het die president geantwoord en voordat hy weer gaan sit het, het hy 'n heildronk ingestel op die biskop en mev. Webb. Dié is ook hartlik begroet.

Verdere heildronke is deur die biskop ingestel op ds. McKenzie, deur mnr. Geo Home (senior kerkopsiener) op mev. Brand, mev. McKenzie en die ander vroue.

'n Verklaring wat by dieselfde geleentheid deur die biskop uitgereik is, het gelui dat die „St. Andrew's Diocesan College" slegs die voortsetting en uitbreiding was van 'n taak wat 'n aanvang geneem het kort ná of op dieselfde tydstip as die stigting van die Engelse Kerk in die land; dat, alhoewel die begin klein was, dit langsamerhand die destydse peil van voorspoed bereik het; dat dit meer in besonder bedoel was vir die seuns en dogters van die Kerk, dog sover moontlik sou niemand toelating geweier word nie. Nogtans wou hy dit baie duidelik maak dat daar nooit getrag sou word om die „St. Andrew's Diocesan College" in die weg te plaas van enige ander kolleges, skole of opvoedkundige inrigtings nie. Die kerk het dit erken as 'n plegtige en noodsaaklike plig om voorsiening te maak vir die opvoeding en godsdienstige opleiding van haar kinders. Met hierdie gees en doel sou daar dus in die werk volhard word.1)

Hierdie nuwe geboue het bestaan uit 'n woning vir die prinsipaal, 'n saal, en slaapsale vir die kosgangers.2)

(a) Veranderinge deur McKenzie:

Mnr. McKenzie het ywerig aan die werk gespring en in sy eerste jaar het daar heelwat veranderings plaasgevind.3) In 'n brief aan „The Friend" van 2 April 1874 bespreek hy baie van die veranderings wat hy oorweeg het en sommige wat alreeds ten uitvoer gebring is. Hy was verantwoordelik vir die daarstelling van die eerste skoolkleure wat bestaan het uit 'n kenmerkende wapen, swart en wit velthoed met die St. Andrew-kruis voorop.

1) „The Friend": 19 Feb. 1874.
2) „Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ. P. 5.
3) Brief van Biskop gedateer 26 Maart 1874 in „Q.P. of O.F.S. Mission".Julie 1874.

Ook is daar melding gemaak van 'n krieketveld en gimnasium, maar weens die tekort aan fondse is dit voorlopig op die lange baan geskuif. Kwartaallikse rapporte het vir die eerste maal die kwartaallikse rekening vergesel. Die skoolgelde was nog steeds besonder laag en daar is in hierdie jaar daaraan gedink om die gelde te verhoog. Dit sou gevolglik die doeltreffendheid en waarde van die skool op 'n hoër peil plaas.[1] McKenzie het as 'n voorbeeld op die tekort aan skoolbanke gewys, maar terselfdertyd gevra wie daarvoor sou betaal indien hulle aangekoop sou word.

Met die biskoplike sinode van 1874, is die opvoedkundige vraagstuk weer druk bespreek.[2] Die komitee wat by die vorige sitting aangestel is, het toe ook hulle verslag oor die onderwystoestande voorgelê. Hulle vernaamste klagte gebaseer op die feit dat die Engelse skole vir alle groepe van die gemeenskap onderwys aangebied het, was die volgende: „Your committee regret that in the Educational Ordinance passed by the Volksraad at its late session, no recognition is made for schools established under the English Church, and provisions are made, which, if enforced, in the opinion of your committee, render it impossible for such schools to be comprehended under the working of the Ordinance..."

Die eerste eksamen van die skool onder Douglas McKenzie het op 23 Junie 1874 plaasgevind.[3] Die eksamen is in teenwoordigheid van die president, die Superintendent-generaal van Onderwys, die assistent-onderwyser, mnr. R.K. Champernowne en mnr. F.K. Höhne, die goewerment-sekretaris afgelê. In sy verslag het mnr. McKenzie verklaar dat die jaar met 23 seuns begin

1) „The Friend": 2 April 1874.
2) Bloemfontein Gazette: 16 Julie 1874.
3) „The Friend": 25 Junie 1874.

is, uitgesonderd 'n verdere vyf wat later sou aankom. Hulle het uitsluitlik uit dagskoliere bestaan. In die tussentyd is twee aan die skool onttrek en nog twee het die stad verlaat. Op daardie tydstip was daar 35 seuns in die skool, van wie sewe by hom aan huis geloseer het.[1] 'n Groot verbetering is teweeggebring deur die aanstelling van 'n assistent-onderwyser. Mnr. Champernowne het sy dienste en tyd vrywilliglik en slegs in ruil vir losies vir vier maande aan die opvoeding van die seuns geskenk. Hy het egter toe besluit om die skool te verlaat, dog daar was alreeds iemand anders in sy plek aangestel. Mnr. W. Gaul was behulpsaam met die musiek en mnr. De Smidt het die onderrig in Hollands waargeneem. Twee nuwe vakke, Frans en Teken, is tot die leerplan toegevoeg. Die senior seuns het nou volgens die wens van hulle ouers, 'n keuse tussen Frans en Hollands gehad. Die hele skool was verplig om teken te neem, want ondervinding het getoon dat die opleiding van die oog en die hand van groot waarde kon wees. 'n Skoolmuseum is in die lewe geroep. 'n Prys is aan die beste bydraer toegeken.

Verder het mnr. McKenzie in sy verslag duidelik gemaak dat hy natuurlik nie die destydse toestand van die skool maklik met enige vorige ondervinding van hom kon vergelyk nie, daar dit sy eerste skool was. Die pas afgelegde eksamens het egter bewys dat, hoewel die uitslae nie veel beter was as dié van die eksamen wat met Paastyd afgelê is nie, daar bevredigende vordering gemaak is in verband met die houding teenoor die werk en die gees waarmee dit aangepak is.

Die gedurige veranderings in onderwysers het natuurlik 'n sekere mate van agteruitgang bewerkstellig.

---

1) „Princ. Reports to the Dioc. Board of Educ. P. 5.

Mnr. McKenzie het self verklaar dat daar teen daardie tyd eers die regte samewerking tussen hom en die seuns verkry is. Sy grootste moeilikhede tot dusver was die afdwing van gereelde skoolbesoek, onderworpenheid aan die reël in verband met die dra van dieselfde hoede en die korrekte dissipline in die skool. Wat eersgenoemde betref, het hy geensins die heelhartige samewerking van die ouers gehad nie. Die laatkom van seuns het dikwels 'n gruwelike onderbreking in die werk veroorsaak en hoewel die dra van 'n hoedband op sigself maar 'n klein sakie was, was versuim om dit te dra nietemin 'n verbreking van 'n skoolreël wat deur die owerhede ingestel is. Daarom sou hy dit altyd in hierdie ernstige lig beskou. Ten slotte het hy gepleit vir 'n beter samewerking tussen ouers, seuns en onderwysers.

Die laaste ses maande van die jaar 1874 was minder suksesvol. 'n Maselepidemie het die getal skoolgaande kinders verminder tot 13[1] met die gevolg dat die organisasie van die klasse steeds veel te wense oorgelaat het. Selfs met die eksamen aan die einde van die jaar was daar nog vyf seuns op die siekelys. In sy verslag[2] het mnr. McKenzie dan ook daarvan melding gemaak dat enige vordering in sulke omstandighede eerder gesoek moet word in die aard en manier van denke as in die verkryging van belangrike inligting. Wat die erns en belangstelling van die seuns in die eindeksamen betref het, was McKenzie meer tevrede as by enige vorige geleentheid. Te midde van al die teleurstellings het die hoof tog nog groot dinge in die toekoms vir die skool verwag. Op 26 November 1874 het daar 'n advertensie in „The Friend" verskyn wat die stigting van 'n Bisdomraad vir Opvoeding

1) „The Friend": 17 Des. 1874.
2) Ibid.

U.O.V.S.-U.O.F.S. BLOEMFONTEIN 377772 Biblioteek-Library

aangekondig het. Hierdie raad sou sorg vir die vooruitgang van die onderwys.

Die formele opening van die nuwe gebou het op 25 Januarie 1875 plaasgevind.[1] 'n Geweldige skuld is met die oprigting van hierdie gebou aangegaan, maar daar is 'n effense verligting gebring deur 'n skenking van £500 deur die Volksraad - seker as gevolg van die versoekskrif van die Sinode aan die Volksraad.[2] Reeds in Junie 1875 het die getalle weer aangegroei tot 41, van wie 17 kosgangers was. Daar was reeds 'n hele paar onderwysers in diens en in die halfjaarlikse verslag het McKenzie melding gemaak van die moontlikheid om nog 'n hulp uit Engeland te kry.[3]

Op 22 Junie 1875 is die St. Andrew-kollege besoek deur die Bisdomraad van Opvoeding.[4] Eksamenskrifte, die puntetoekenning en die register is noukeurig deur hulle nagegaan. Na die aanhoor van 'n mondelinge eksamen in Geskiedenis en Latyn op versoek van die Raad en voordragte in Engels, Hollands, Latyn en Frans, kon die lede van die Raad nie anders nie as om die kennis en dissipline van die seuns hoog op prys te stel.

Alhoewel die getalle weer effens gedurende die laaste helfte van 1875 gedaal het, word groot vooruitgang bespeur in die laer klasse wat onder die onverdeelde aandag van mnr. Brown gestaan het. Twee bykomende vakke, Duits en Boekhou, is vir die eerste keer ingestel. Hierdeur is die keuse van vakke nog verder uitgebrei.[5]

In Mei 1876 het mnr. McKenzie oor die vorige paar jaar se werk verslag gedoen. Hierdie verslag word byna in sy geheel weergegee, omdat dit die toestande weer-

---

1) „Princ. Reports to the Dioc. Board of Educ. P. 5.
2) Ibid. asook „The Friend": 24 Junie 1875.
3) „The Friend": 24 Junie 1875.
4) „Report of the Council of Educ."
5) „The Friend": 23 Des. 1875.

spieël waaronder daar vordering gemaak moes word:[1] „The readers may like to hear more than they have yet heard, of the work of this school, important as it is to the future churchmanship of the dioscese. For although we work strictly to the Conscience Clause system, teaching nothing that parents object to, allowing boys to attend Dissenting worship and Sunday school when the parents wish it, yet the Church atmosphere, of course, surrounds the place, and we often have cause to notice, very thankfully, what a material and necessary effect it has upon those who are brought into it. A few years ago this was the school of the town. The well-endowed "Grey-College" was doing nothing; and even the President's sons came to school here." Daarna volg 'n verslag van die verbeterde toestande van die Grey Kollege - hulle groot eiendomme en jaarlikse skenkings van die regering wat dit moontlik gemaak het om soveel assistente aan te stel as wat nodig was. „No wonder that the number of their boys has increased very much, and that as regards day-boys, our number has fallen off. I still have about twenty, though, including two Romanists and a Jew. The Wesleyans and Presbyterians who had boys with us, have removed them.....I have every reason to expect that our number will be greater next year; and I have to lodge a pupil-teacher whom the Bishop brought out, and an assistant master, Mr. Brown. So you see we are utterly cramped for room. Another house could not be hired, except at an exorbitant rate. I am driven therefore to a venture of faith, and am about to add another dormitory, at a cost of about £250."

Vanaf die begin van 1877 het mnr. McKenzie meer tyd aan die Tegniese Kollege gewy, en het slegs twee

---

1) „Q.P. of the Bloemfontein Mission". No. 34, Okt. 1876.

tot drie uur per dag by die St. Andrew-kollege deurgebring.[1] Die sogenoemde „Examination Day" wat tot nog toe twee maal per jaar, in Julie en Desember, gehou is, is nou vervang deur „Prize Day".[2] Daar word alreeds in „The Express" van 6 Julie 1876 teen die mondelinge eksamens beswaar gemaak, en na heelwat kritiek uit verskeie oorde, is hierdie verandering na geskrewe eksamens as vanselfsprekend deur die redakteur van „The Express"aangeneem.[3]

'n Verdere verandering, gemik op die verstewiging van die Engelse onderwys, het in Januarie 1877 gevolg. In hierdie maand is 'n „Raad van Opvoeding" in die lewe geroep, waaraan alle skole in die Bisdom, insluitende die St. Andrew-kollege, sou behoort. Die raad sou ook tegelykertyd beheer oor die kollege uitoefen.[4] Met die ingang van die nuwe jaar is vir drie maande ook die dienste van 'n sekere mnr. Geo Wilson verkry. Hy was voorheen tien jaar verbonde aan die Volkskool te Simonstad. Oorspronklik was hy uit Engeland afkomstig en daar is gehoop dat hy 'n permanente betrekking aan die kollege sou aanvaar.[5] Alhoewel hy slegs vir drie maande aangestel is, is hy nog daar as sangonderwyser aangetref op „Prize Day" van 27 Junie 1877.[6] Van sy werk en dié van mnr. McKenzie en die ander assistente is daar met hoë lof gepraat. In „The Express" van 5 Julie 1877 word onder andere die volgende gelees: „One thing was very clear, viz., that if scrupulous attention to the details of each boy's work, and unsparing pains bestowed upon every branch of study, can help the student on his

1) „The Friend:" 28 Des. 1876.
2) Ibid.
3) „The Express": 6 Julie 1876.
4) „The Friend": 18 Jan. 1877.
5) „Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ." asook „The Friend": 18 Jan. 1877.
6) „The Friend": 5 Julie 1877.

road to knowledge, then the pupils of St. Andrew's may be esteemed fortunate."

Baie lede van die publiek was verbluf toe ds. Mc-Kenzie sy bedanking as hoof van die St. Andrew-kollege aan die begin van 1879 indien.[1] Hy sou hom op Harrismith as aartsdeken gaan vestig, met verdere beheer oor Noord- en Oos-Vrystaat. Terwyl hy egter in Engeland met vakansie was, is hy aangestel as Biskop van Zoeloeland, waar hy tot sy dood, in 1890, werksaam was. Die Biskop van Bloemfontein het egter spoedig daarin geslaag om die dienste van ds. Geo. Perry te bekom. Dit was die eerste aanstelling waarvoor die Raad van Opvoeding (wat in 1878 aangestel is om onderwyssake te behartig) verantwoordelik was. Dit was geensins geslaagd. In 'n memorandum wat op 'n vergadering van die kollege op 11 Junie 1879[2] gelees is, is bevestig dat ds. G. Perry, oud-leerling van Trinity Kollege Cambridge, met uitstekende getuigskrifte van sy rektor, ds. Rodwell, aangestel is as hoof van die St. Andrew-kollege. Op 3 April is daar egter 'n brief ontvang van die Kommissaris uit Engeland met sekere aantygings teen mnr. Perry se karakter, ten gevolge waarvan toestemming vir sy vertrek na Suid-Afrika geweier is, sonder enige verdere toestemming van die biskop. Laasgenoemde het onmiddellik aan mnr. Perry geskryf en sy spyt met hierdie verwikkelinge uitgespreek. Omdat daar geen bepaalde klagte teen hom ingedien was nie, het mnr. Perry sake in eie hande geneem en op 29 April uit Engeland vertrek, nog voordat hy hierdie brief ontvang het. Hy het hom in Bloemfontein op 9 Junie aangemeld. Slegs voorlopige beheer oor die skool is aan hom toevertrou totdat mnr. McKenzie, wat op die punt ge-

---

1) Reports of Princ. to the D. Board of Educ. P. 8 asook „The Friend": 13 Feb. 1879.
2) Notule van die skool - 1879 - 11 Junie 1879.

staan het om te vertrek, verdere inligting oor hom kon inwih. Die verstandhouding was dat sodra volledige besonderhede uit Engeland aangestuur sou word, hy sy aanstelling sou ontvang. So nie, sou die Kommissaris genader word om iemand anders te vind. Die Memorandum sluit: „Meanwhile the care of souls in this College is committed to the Archdeacon. Mr. Perry receives permission to officiate."

Op dieselfde dag (11 Junie) het die voorsitter van die kollege nog briewe ontvang wat die vorige inligting bevestig het wat die biskop van die Kommissaris ontvang het. Ná 'n deeglike beraadslaging tussen die biskop en kanunnike is besluit om mnr. Perry se dienstermyn te beëindig.

(b) <u>Groot belangstelling in Ontwikkeling:</u>

Namate die tyd van mnr. McKenzie se vertrek nader gekom het, het ouers en kinders se belangstelling in die ontwikkeling van die onderwys steeds gegroei. Dit was duidelik weerspieël in die groot groep mense (insluitende die president) wat die halfjaarlikse sluitingsfunksie op Woensdag, 25 Junie 1879, bygewoon het.[1] Dit sou dan ook die laaste „prysuitdelingsdag" wees wat deur mnr. McKenzie waargeneem sou word. Die biskop het in sy toespraak daarvan melding gemaak dat die hoof alreeds langer aangebly het as wat voorheen beplan was, ten gevolge van die moeilikhede in verband met die aanstelling van mnr. Perry (waarna alreeds verwys is). Die president, asook Die Superintendent-generaal van Onderwys, mnr. Brebner, het verwys na die duidelike getuienis van deeglike werk wat aan die skool gedoen is. McKenzie het in sy vaarweltoespraak daarvan melding gemaak dat dit

1) „The Friend": 3 Julie 1879.

nog altyd sy strewe was om veertig seuns onder sy beheer aan die kollege te hê, en dat hierdie strewe toe uiteindelik verwesenlik was.

Die prinsipaalskap is daarna aan ds. E. Sargeant van Winchester-kollege, aangebied, maar ten gevolge van familiesake was dit vir hom onmoontlik om dit te aanvaar.[1] Hy het egter 'n donasie van £1000 aan die St. Andrew-kollege gestuur op voorwaarde dat dit in belang van die Kerk aangewend sou word. Op 'n vergadering van die Kollege, gehou op 2 Oktober 1879, is besluit om dadelik tenders te vra vir die oprigting van 'n huis en ander geboue vir die skool in ooreenstemming met planne wat deur ds. A.S. Allum voorberei is.

Op dieselfde vergadering is aangekondig dat 'n sekere mnr. Van der Post aangestel is as Hollandse onderwyser. Die jaarlikse donasie van £75 wat van die Volksraad ontvang is, is gebruik om vir sy dienste te betaal.[2]

Na veel gesukkel is dr. N.A. Borton, rektor van Barkly, benoem tot prinsipaal.[3] Hy het sy M.A. aan die universiteit van Cambridge behaal en het heelwat roem as onderwyser verwerf.[4] Mev. Borton sou hom vergesel om die huishoudelike pligte waar te neem en sou dus veel kon doen om die bekommernisse van ouers te verlig. Met sy aankoms in Bloemfontein het ds. Borton verklaar: „At last, in despair of getting a suitable man from England, the Bishop invited me in Dec. 1879 to go to St. Andrew's, the only reason he had for choosing me being that I had been employed in school work at Barkly for two years, and that I was a university man."[5]

1) Reports of Princ. to the D. B. of Educ. P.8.
2) Notuleboek : 2 Okt. 1879.
3) Reports of Princ. to the D.B. of Educ. P.9.
4) "The Friend" : 18 Des. 1879.
5) Reports of Princ. to the D.B. of Educ. P.9.

In teenstelling met vorige aanstellings het ds. Borton egter sy eie eise gestel.[1] Behalwe losies en inwoning sou hy £150 per jaar ontvang. Daarbenewens sou hy geregtig wees op al die wins nadat hy die verbande, assuransies ens. betaal het en £100 in 'n beleggingsfonds gestort het. Hierdie waarborg was geldig vir twee jaar. Uit laasgenoemde sou hy egter baie min wen, want volgens die notule wat op 24 Julie 1880 gelees is, was daar reeds 'n verlies van £289.

Omdat mnr. Borton vroeër in die omgewing van die diamantvelde werksaam was, was hy in staat om 'n hele paar seuns van daardie streek na die St. Andrew-kollege te lok.[2] Hy het met 83 seuns begin en weens die gunstige tye het die getalle geleidelik gegroei. Van hulle was veertig kosgangers. Dit het meegebring dat die ou skoolkamer tot twee maal sy oorspronklike grootte vergroot moes word en twee nuwe slaapsale en 'n kamer vir 'n bykomende onderwyser aangebou moes word. Mnr. Borton het £200 aan die skool geleen. Die Raad van Opvoeding het besluit om met hierdie geld 'n kerk te bou. Die ou Kerk is herskep tot 'n badkamer vir die seuns - waarby mnr. Borton opmerk, „On the principle that cleanliness is next to godliness."[3]

Met sy eerste halfjaarlikse verslag by die prysuitdeling op 23 Junie 1880[4] het mnr. Borton sy tevredenheid te kenne gegee oor die vordering wat aan die skool gemaak is, tydens die ses maande wat hy daar was. Alhoewel die standaard van opvoeding geensins so hoog was soos dié in Engeland vir 'n gelyke ouderdom nie, was die eerlike harde werk nog altyd 'n bron van aanmoediging.

---

1) Notuleboek: 20 Des. 1879.
2) Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ. P.9.
3) Notuleboek: 9 Junie 1880.
4) The Friend: 1 Julie 1880.

As ouers hulself maar net die opoffering wou getroos om hulle kinders 4 of 5 jaar op skool te hou, sou die kinders van St. Andrew-kollege met enige ander kinders van enige ander skool kon meeding. In sy verslag maak mnr. Borton verder melding daarvan dat nog drie lede op die personeel aangestel is, nl. mnre. Agissar, Milward en Lloyd. Hy het ook besluit om die skool in drie afdelings te verdeel, nl. Hoër, Middel- en Laer afdelings. Die hoër afdeling sou dien as 'n voorbereidingsplek vir die universiteit. Die middel-afdeling sou nie slegs dien as 'n tussentrap vir die hoër afdeling nie, maar sou ook 'n skool wees vir diegene wat voornemens was om ná skool tot die sakewêreld toe te tree. In die laer afdeling sou die klein seuns „die drie erre" leer.

Die jaar 1880 is op 'n baie hoë noot afgesluit. Belangstelling in die skool het nog steeds toegeneem en meer pryse as ooit tevore is met die prysuitdeling op Woensdag, 15 Desember 1880, aan die seuns toegeken.[1] Die sangonderwyser, Mnr. Willson, het met ingang van die nuwe jaar vertrek en sy plek is gevul deur Mnr. Winning, 'n groot krieket-entoesias.[2] Die hoër afdeling is in drie klasse en die middel-afdeling in twee klasse verdeel. Hierdie verdeling het as gevolg gehad dat die St. Andrew-kollege toe vir die eerste keer in staat was om seuns voor te berei vir die matrikulasie-eksamen.[3] Die skenking van 'n paar beurse aan die skool sou meer kinders in staat gestel het om hulle plaaslik gereed te maak vir die universiteitsloopbaan, aldus ds. Miles.

In „The Friend" van 30 Junie 1881 word die geweldige vooruitgang van die skool nog steeds besing: „The Principal of the above College must be congratulated upon

---

1) „The Express" en „The Friend": 6 Jan. 1881.
2) Ibid.
3) Toespraak van ds. Miles: „The Friend"; 6 Jan. 1881.

the thorough success achieved by his pupils on Speech Day. It has become so much the custom of late to award indiscriminate praise to the scholastic institutions of Bloemfontein, that this fashion has become the "arbiter and rule of right" - We pointed out in December last how thorough and complete the education of the lads had been. This year the boys have made marked progress. -" Die toename in getalle was ook van so 'n aard dat die pas vergrote slaapvertrekke en eetkamer alweer te klein was. Om die moeilikheid deels op te los, is die huis van 'n sekere mnr. Collins op die hoek van St. Georgestraat by gehuur, maar ook dié was spoedig tot oorlopens toe vol.[1] Ten spyte van die beperkte ruimte waarin so 'n groot getal seuns (85 in Junie 1882) gehuisves moes word, is dit interessant om te let op die baie aandag wat die prinsipaal, mnr. Borton en sy kollegas aan die gedrag van die seuns gewy het. Met reg spog mnr. Borton dan ook in sy halfjaarlikse verslag oor die goeie gedrag van die seuns oor die algemeen.[2] Afgesien van die paar tekortkomings was hy dankbaar om te kon sê dat hy van geen gemeenheid of enige onsedelikheid kennis gedra het nie. Die skool het oral in die stad hoog aangeskrewe gestaan vir die fatsoenlike en manlike gedrag van die seuns. Die geroep om fondse vir die bou van 'n groter eetkamer, slaapvertrekke, twee klaskamers en twee kamers vir assistent-onderwysers het weer in hierdie verslag weerklank gevind.

Die jaar 1881 is, wat die skoolwerk betref, op 'n effens minder bevredigende manier afgesluit.[3] Die noodwendige veranderinge wat in die personeel teweeggebring is, het sekere veranderings op akademiese gebied genoodsaak

1) Notuleboek: Vergadering gehou op 3 Aug. 1881.
2) „The Friend": 30 Junie 1881.
3) „The Friend": 15 Des. 1881.

wat die algemene vordering dus effens vertraag het.

(c) Moeilike Jare:

In 1882 is die land deur 'n swaar finansiële depressie getref. Hierdie depressie het maar alte duidelik ook sy spore op die vooruitgang van die skool gelaat.[1] Die getal skoliere het vanaf die middel van 1882 aansienlik afgeneem. Ouers het hulle kinders onttrek omdat hulle dit weens die moeilike tye onmoontlik gevind het om die onkoste in verband met skoolgelde en losies te dek. Binne enkele maande het die getal skoliere gedaal van 74 tot 45. Daar was 'n sterk aanduiding dat die onderste sport nog gladnie bereik was nie. Hierdie terugslag het die skool baie onverwags getref, want in Junie 1882[2] het mnr. Borton berig dat die getal skoliere omtrent dieselfde was en dat daar 84 name op die register was. In sy verslag aan die Biskoplike Raad het hy geskryf:[3] „We did fairly well in the University examinations, and very well at cricket and football, and the boys had a great love for their school and were proud of showing their College ribbon both in Bloemfontein and in their own homes. I have had the pleasure of receiving letters from many of them, all expressing gratitude for the time they spent at St. Andrew's and have had the further pleasure of seeing two of them pass satisfactorily through their course at Cambridge." Skaars ses maande later het mnr. Borton geskryf:[4] „You must not be surprised if our boarders next half is even less than our present number, which is 45."

Ten spyte van hierdie terugslae het mnr. Borton steeds moed gehou en was hy altyd gereed om nuwe planne op die proef te stel. Gedurende die laaste ses maande

---

1) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ. P.9.
2) „The Friend" : 22 Junie 1882 en „The Express" : 29 Junie 1882.
3) Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ. P.9.
4) „The Friend" : 14 Des. 1882.

van die jaar.[1] het hy 'n „kursus vir gematrikuleerdes" ingestel wat twee van die drie kandidate wat die matrikulasie-eksamen geslaag het, in staat sou stel om te begin met die graad B.A. Hy het gehoop dat hulle die graad na twee jaar sou kon behaal. Die feit dat ongegradueerdes toegelaat is om 'n universitêre kursus aan die St. Andrew-kollege te volg, het natuurlik 'n bykomende las op die skouers van die personeel gelê en tot op daardie tyd was mnr. Borton nog onseker of hulle die tyd en opoffering wat so 'n kursus sou verg, kon bekostig het sonder om nog 'n lid op die personeel aan te stel. Sy plan was om met die Universiteit van Kaapstad onderhandelings in verband met hulle eksamens aan te knoop. Die enigste vereiste wat die Universiteit gestel het, was dat enige eksamen wat buite die Kaap-kolonie afgelê sou word, deur die regering van die kolonie of staat afgeneem moes word. Hy was dus nie seker of die eksamen daar afgelê sou kon word nie, aangesien die Vrystaatse Regering elke jaar hulle eie eksamen gehou het en dus nie die hulp van die Kaapse Universiteit in daardie opsig nodig gehad het nie.

Hierdie plan is egter nie baie ver gevoer nie, want op 28 Junie 1883 het hy in sy verslag in „The Friend" gesê dat die plan laat vaar is, daar dit op daardie tydstip vir hulle onmoontlik was om so iets aan te pak. Eerstens het die tyd ontbreek, en ten tweede was daar nie genoeg geld om 'n bykomende onderwyser vir die werk aan te stel nie.

Die finansiële terugslag wat die land ondervind het, het die skool ook op geldelike gebied 'n gevoelige slag toegedien. Soos dit seker reeds in hierdie stadium duidelik geword het, het die skool maar kort-kort

---

1) „The Friend": 14 Des. 1882.

groot lenings aangegaan vir die oprigting van geboue. Met die baie leerlinge wat skielik onttrek is, het die inkomste natuurlik baie vinnig gedaal. Dus het die skool hom op 23 November 1882 in die volgende benarde posisie bevind: altesame £399 moes voor 31 Desember 1882 betaal word en die lopende uitgawes van die kollege (waarvoor die Bisdomlike Raad van Opvoeding verantwoordelik was), sou 'n verlies van £494 aan die einde van daardie jaar toon.[1] Die skuld het spoedig toegeneem en soos ons met 'n later geleentheid sal toon, het die skool op 30 Junie 1883, £2481 - 11 - 6 aan verskillende liggame geskuld.[2]

Hierdie skuld het mnr. Borton geensins afgeskrik nie, want aan die einde van 1882[3] het hy melding gemaak daarvan dat hy uiteindelik daarin geslaag het om 'n gerieflike verblyfplek vir die personeellede te verkry. 'n Huis in Monumentweg, wat aan 'n mnr. Cubitt behoort het, is deur die kollege teen £20 per maand gehuur. Die plek is „St. Andrew's Hostel" genoem en sou verblyfplek vir die ongegradueerdes (van wie daar toe nie een was nie) en dertien seuns bied. Die een kamer kon ook as siekekamer gebruik word.

Baie min is van die „St. Andrew-kollege gedurende hierdie tydperk gehoor. Een feit staan egter soos 'n paal bo water. Dit is dat die Kollege 'n paar moeilike jare moes deurmaak.[4] Onderwysers het gekom en gegaan;[5] desnieteenstaande het die President in sy toespraak by geleentheid van die halfjaarlikse sluitingsfunksie melding gemaak van die harmonieuse samewerking wat onder die oor-

---

1) Notuleboek: Vergadering gehou op 23 Nov. 1882.
2) Ibid.: 21 Aug. 1882.
3) „The Friend": 14 Desember 1882.
4) Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ. p. 10.
5) „The Friend": 28 Junie 1883.

blywende 45 seuns bestaan het.[1] „They (Hon'ble members of the Volksraad) could see in that place boys from different parts of South Africa working together in union and harmony, and in course of training to bear their part well as future citizens of the State." Ook die biskop het geskryf dat die inrigting sy ou standaard van vlytigheid en hardwerkendheid gehandhaaf het ten spyte van die moeilike tye wat deurgemaak is.[2] Die Sinode het by geleentheid van sy sitting van 1883 baie aandag gegee aan die St. Andrew-kollege. 'n Skema is goedgekeur om geldelike steun te verkry om die jaarlikse verlies in die lopende onkoste te dek deur 'n onderlinge poging van die kant van die hele Bisdom.

Die jaar 1883 het ten einde geloop met die skool nog steeds in 'n gees van optimisme. Daar is steeds gepoog om op die bes moontlike maniere die terugslae die hoof te bied in 'n gees van moedige vertroue dat 'n verbetering in algemene toestande moes kom. Hoewel die getal skoliere afgeneem het, het die skool niks aan prestige verloor nie.[3]

Om sake te vererger, het die hoof van die skool, mnr. Borton, in Oktober 1883 met siekteverlof vertrek.[4] Op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding op 20 Okt. 1883 is besluit om tot 30 Junie 1884 verlof aan hom toe te staan. Die voorstel is deur die aartsbiskop ingedien en deur mnr. Beck gesekondeer. Mnr. Lyttelton is as waarnemende hoof vir hierdie tydperk aangestel. Vroeg in 1884 is die bedanking van mnr. Borton as prinsipaal van St. Andrew-kollege ontvang.[5] Ten gevolge van swak gesondheid en ander onbekende redes sou sy verblyf in Engeland onbepaald wees. Daarom het hy dit goed geag

---

1) „The Friend": 28 Junie 1883.
2) Quarterly Paper No. 63, Jan. 1884.
3) „The Friend": 20 Des. 1883.
4) Notuleboek: Vergadering gehou op 20 Okt. 1883.
5) Notuleboek: Vergadering gehou op 20 Mei 1884.

om te bedank. Mnr. Lyttelton, wat van plan was om slegs tot die einde van 1883 te bly, het egter, met veel opoffering aan sy kant, ingestem om aan te bly tot Paastyd.[1] Hy het ingestem om die prinsipaalskap te behou slegs nadat dit baie duidelik aan hom gestel is dat die skool gesluit sou moes word indien hy die betrekking nie sou aanvaar nie.[2] Intussen is 'n soektog na 'n geskikte plaasvervanger op tou gesit. Dit was die wens van die biskop om 'n predikant vir die belangrike werk aan te stel en syns insiens was die aanstelling van iemand van „home" die enigste oplossing daar daar niemand in Suid-Afrika geskik was om so iets te aanvaar nie.[3] Mnr. Borton se finale bedanking is in Oktober 1881 ontvang, en daar is toe besluit om aan mnre. Bodington, Borton en Miles te skryf in verband met 'n opvolger. 'n Waarborg van 'n salaris is bevestig.[4] Die werk is na Paastyd deur mnr. Lyttelton met groot sukses voortgesit. Hy sou dan ook tot Junie 1885 daarmee volhou.[5]

Die getal skoliere het teen die middel van 1884, nog verder afgeneem, maar, soos mnr. Lyttelton in sy verslag verklaar het, was St. Andrew-kollege geen uitsondering op die reël nie. Oor die hele land was ouers maar verplig om die goedkoopste onderwys vir hulle kinders te kry. In baie gevalle moes dit geheel-en-al opgeoffer word.[6] Die getrouheid aan die skool is inderdaad op die proef gestel deur die afwesigheid van mnr. Borton. Sy naam was op elke leerling se lippe. Geen seun het egter die skool verlaat nie. Niemand was ook

---

1) Quarterly Paper No. 67, Jan. 1885.
2) Notuleboek: Vergadering gehou op 20 Mei 1884.
3) Q.P. No.67, Jan. 1885.
4) Notuleboek: Vergadering gehou op 21 Okt. 1884.
5) Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ. P. 11.
6) „The Friend": 26 Junie 1884.

van plan om weg te gaan nie, al moes hulle vir goed afskeid neem van hulle geliefde prinsipaal.

Op 'n vergadering van die Bisdomlike Raad van Opvoeding op 28 Julie 1884 is besluit om 'n skema uit te werk om die opvoeding van die seuns in die Bisdom saam te snoer met die opleiding van studente vir die priesterlike amp. Die Raad het dit as die enigste uitvoerbare plan beskou om albei soorte onderrig aan die gang te hou. Die tesourier (mnr. E. Bourdillon), vikaris en hoof van St. Andrew-kollege, is aangesê om so 'n skema uit te werk.

Nieteenstaande die hoop op beter toestande wat mnr. Lyttelton in Junie 1884[1] gekoester het, het die toekoms aan die einde van die jaar donkerder geblyk te wees.[2] In die doel om hierdie troebel waters te deurwaad sou hulle egter ook uiteindelik slaag. Daar is gevoel dat as dit enigsins moontlik sou wees, die werk moes voortgaan sodat die skool uiteindelik weer aan die biskop by sy terugkeer oorhandig kon word.[3] Die toestand het in 1885 so kritiek geword dat daar besluit is om die koshuis met Paastyd te sluit.[4] In Februarie 1885 was daar nog slegs 4 kosgangers oor en hulle ouers sou dadelik van die nuwe besluit van die Raad van Opvoeding verwittig word. Op dieselfde vergadering van die Raad is ook besluit om ten gevolge van die slegte finansiële toestand van die skool die salaris van die Hollandse onderwyser, mnr. de Villiers, te verminder.[5]

Die bedanking van mnr. Lyttelton as prinsipaal is in Junie 1885 aanvaar en met die raadsvergadering op Vrydag, 8 Mei 1885, is besluit om mnr. C.E. Scratch-

---

1) „The Friend": 26 Junie 1884.
2) Ibid.: 18 Des. 1884.
3) Ibid.
4) Notuleboek: Vergadering gehou op 16 Feb. 1885.
5) Ibid.

ley, hulppredikant van Bloemfontein, uit te nooi om die pos tydelik of permanent te aanvaar.[1] Sy salaris sou £200 per jaar wees. Met die ingang van die nuwe jaar 1885 is ook besluit dat die meeste van die geboue van die St. Andrew-kollege en skoolhuise verhuur sou word om sodoende die geweldige skuld te help betaal.[2]

Blykbaar was mnr. Scratchley nie tevrede met die voorwaardes van aanstelling nie, want pas drie dae later het die Raad van Opvoeding weer vergader en besluit om hom £340 per jaar te betaal. Daaruit moes hy egter die Hollandse en Engelse onderwysers se salarisse asook alle onkoste verbonde aan die skool dek.[3] Hy sou egter vry inwoning aan die biskop se huis ontvang. Daar is ook besluit om, indien mnr. Scratchley nie die pos sou aanneem nie, mnre Lloyd en Spry (twee van die assistente) 'n subsidie van £120 en die skoolgelde aan te bied om die skool ses maande aan die gang te hou. Van laasgenoemde besluit het egter niks gekom nie, want op 21 Mei 1885 is die aanstelling van mnr. C.E. Scratchley as hoof van die St. Andrew-kollege aangekondig.[4] Hy was 'n gegradueerde van die Universiteit van Cambridge en was voor sy aanstelling welbekend vir sy organisasie en belangstelling op onderwysgebied.

Op 25 Junie 1885 het mnr. Lyttelton dan ook sy laaste halfjaarlikse verslag gelewer.[5] Die aantal seuns was nog steeds aan die afneem. Hy was egter in sy skik daarmee dat hy sy ou hartsbegeerte sou kon vervul, nl. om die kollege in 'n goeie werkende toestand aan die biskop te oorhandig sodat daar steeds voortgebou kon word.

---

1) Notuleboek: Vergadering gehou op 8 Mei 1885.
2) Ibid.
3) Notuleboek: Vergadering gehou op 11 Mei 1885.
4) „The Friend": 21 Mei 1885.
5) Ibid.: 25 Junie 1885.

Die soektog na iemand van oorsee om die prinsipaalskap oor te neem, het naarstiglik voortgeduur. Op 9 Maart 1886 is 'n brief van biskop Webb uit Engeland ontvang waarin hy berig dat hy uiteindelik 'n geskikte persoon gevind het.[1] Toe mnr. Scratchley egter in Junie 1886 sy bedanking indien,[2] is byna terselfdertyd 'n telegram van die aartsbiskop ontvang om te sê dat die biskop nie daarin geslaag het om iemand uit te stuur nie.[3] Die aartsbiskop was egter besonder gretig dat die Raad van Opvoeding onmiddellik met mnr. Barron Moore, assistent-onderwyser op St. Andrew-kollege, Grahamstad, in verbinding moes tree en hom 'n tydelike betrekking moes aanbied. Die salaris sou £200 per jaar wees. Mnr. Moore het die pos aangeneem en het van die begin van die tweede helfte van 1886 begin werk.[4]

Toestande het nog steeds versleg en dit was geen wonder dat daar gedurende dié paar jaar so dikwels 'n verandering van skoolhoof gemaak is nie. Elke verslag van die bepaalde hoof of eksaminator het getuig van goeie vordering op akademiese gebied. Geen vak is verwaarloos nie. Op 23 Desember 1886 het Barron Moore getuig[5] „of the industry which has been shown, and progress which has been made." Van die godsdiensonderrig sê mnr. Jackson „very satisfactory". Die Hollandse skrifte was volgens mnr. Biers „excellent and above expectation". Van die geskiedenis het dieselfde eksaminator gesê: „very satisfactory answers showing a thorough knowledge". Die Engelse grammatika was „exceptionally good."[6]

---

1) Notuleboek: Vergadering gehou op 9 Maart '86.
2) Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ. P. 11.
3) Notuleboek: Vergadering gehou op 7 Junie '86.
4) „The Friend": 1 Julie 1886.
5) Ibid.: 23 Des. 1886.
6) Ibid.

Op 'n vergadering van die Bisdomlike Raad van Opvoeding op Sondag, 29 Maart 1887, is die vraagstuk van 'n studiebeurs bespreek.[1] Hieromtrent word meer in „The Friend" van 27 April van dieselfde jaar gevind.[2] Volgens die berig sou dit amper vry onderrig meebring. Die studiebeurs sou oopgestel word aan alle seuns onder die ouderdom van 14 jaar, of die seun op daardie tydstip daar op skool was al dan nie. 'n Eksamen vir kandidate vir die beurs sou in Mei van daardie jaar gehou word. Na die tweede helfte van 1887 sou daar ook weer reëlings getref word vir die ontvangs van 'n beperkte aantal kosgangers.

Mnr. Moore se dienstydperk het in Junie 1887 ten einde geloop en om die een of ander rede het die Raad van Opvoeding dit nie moontlik gevind om hom weer aan te stel nie.[3] Die aartsbiskop het die saak in sy halfjaarlikse verslag egter anders gestel.[4] Hierin het hy bekend gemaak dat mnr. Moore graag sy persoonlike belange in belang van die kollege op die agtergrond sou skuif maar dat hy nie kans gesien het om vir enige lang tydperk diens te aanvaar nie. Dit kan dus aangeneem word dat die Raad van Opvoeding graag iemand wou kry wat die betrekking vir 'n paar jaar kon aanvaar. Die gedurige wisseling in so 'n belangrike pos as hoof van 'n bekende inrigting wat nou weer so te sê van voor af moes veg, moes ongetwyfeld 'n invloed op die gehalte van die werk uitgeoefen het. Met die bedanking van mnr. Barron Moore is 'n sekere mnr. J. Cameron Todd genader[5] om teen 'n salaris van £100 per jaar sy plek te vul. Laasgenoemde was heeltemal bereid om dit vir 'n tydperk van drie

---

1) Notuleboek: Vergadering gehou op 29 Maart '87.
2) „The Friend": 27 April 1887.
3) Notuleboek: Vergadering gehou op 24 April 1887.
4) „The Friend": 6 Julie 1887.
5) Notuleboek: Vergadering gehou op 24 April 1887.

jaar aan te neem, maar sy bedanking as predikant op Vryburg in Brits-Betsjoeanaland sou 'n ander moeilikheid skep, want die biskop (vanaf 1886 ds. G.W.H. Knight-Bruce) het geen onmiddellike plaasvervanger vir mnr. Todd gehad nie. In hierdie dilemma het mnr. Moore goedgunstiglik ingewillig om tot die einde van die jaar aan te bly.[1)]

Vir die eerste maal in die geskiedenis van die skool het daar geen openbare prysuitdeling aan die einde van 1887 plaasgevind nie.[2)] Geen duideliker vingerwysing na die benarde toestand waarin die skool verkeer het kan bedink word nie want van hierdie plegtighede is altyd 'n groot ophef gemaak. Hulle is gewoonlik bygewoon deur die president, biskop, volksraadlede, lede van die Raad van Opvoeding en ander vooraanstaande persoonlikhede.

(d) <u>Ds.Bell as prinsipaal aangestel</u>:

Die getalle was kleiner as ooit tevore, selfs toe die „Grammar School" in 1853 begin is, maar met die ergste moeilikhede verby, was daar alle hoop dat toestande in die skool sou verbeter. Dis dan ook geen wonder dat 'n bekwame man soos kanunnik Bell van Smithfield genader is om die prinsipaalskap aan te neem nie.[3)] Hierdie aanstelling het algemene byval gevind. Dit sal onthou word dat hy een van die oorspronklike geselskap was wat saam met biskop Twells in 1863 van Engeland na die Vrystaat uitgekom het. By geleentheid van sy aanstelling het kanunnik Bell geskryf:[4)] „After nearby 25 years at Smithfield I felt it a positive duty to keep St. Andrew's open if it can possibly be done. There

---

1) „The Friend": 6 Julie 1887.
2) Ibid.: 14 Desember 1887.
3) Notuleboek: Vergadering gehou op 9 Okt. 1887.
4) „Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ." P. 11.

are now 21 pupils and three boarders are coming after the holidays. By practising great economy we hope to hold our own until the coming of better times, and then perhaps St. Andrew's may regain its former position as a centre of Church Education for the Diocese." Die biskop, ds. Knight-Bruce het geskryf: „Canon Bell has taken charge of St. Andrew's College. It is felt by the Board of Education that if any master be capable of guiding the School into prosperity, Canon Bell is capable of doing so; it will be a peculiar tribute to his power and his hold on the confidence of the country if this be done."[1)]

Aan al hierdie verwagtings is spoedig voldoen. Getalle het spoedig aangegroei namate die land teruggekeer het tot voorspoed. Die bekwame leiding van hierdie hardwerkende en getroue ou staatmaker het veel tot die rehabilitasie bygedra.[2)] In Julie 1888 was daar al te duidelike tekens dat die inrigting sou terugkeer na die vername posisie wat dit vroeër beklee het.[3)] Ook die biskop het melding gemaak van die spoedige ommeswaai in sy brief aan die kerklike blad.[4)] Mnr. Bell was vas van plan om alles in die stryd te werp ten bate van die vooruitgang van die skool. In 'n brief aan die biskop se vrou skemer dit helder deur met hoe min hy tevrede was.[5)] Vir hom was dit 'n kwessie van die Engelse Kerk en Onderwys eerste en persoonlike finansies en geriewe daarna. Aan hom is die reg verleen om weer soveel kosgangers in te neem as waarvoor hy kans gesien het. Hy was egter ook verantwoordelik vir enige uitgawes in verband met die kosgangers.[6)] 'n Prospektus wat

1) Quarterly Paper No. 80., 16 April 1888.
2) Reports of Princ. to the Dioc. Board of Educ. P.11.
3) „The Friend": 4 Julie 1888.
4) Quarterly Paper No. 81, 16 Julie 1888.
5) Ibid.
6) Notuleboek: Vergadering gehou op 30 Junie 1888.

deur die skool in 1888 uitgegee is, het die publiek in kennis gestel dat kanunnik Bell die reg gehad het om kosgangers te ontvang: seuns onder 10 jaar teen £42, onder 14 jaar teen £50 en oor 15 jaar teen £55 per jaar, vooruitbetaalbaar.[1] Dit het onderrig en wasgoed ingesluit. Die algemene onderwys het bestaan uit klassieke tale, Matesis, Engelse-grammatika, Geskiedenis, Aardrykskunde, die beginsels van Skei- en Natuurkunde, Tekene, Sang en een Moderne Taal soos voorgeskryf deur die Universiteit van Kaapstad.

Volgens die notule van 'n vergadering van die Raad wat op 26 Januarie 1889 gehou is, was daar sterk sprake dat die skool weens finansiële druk gesluit sou word.[2] Die tekens van vooruitgang was egter oral teenwoordig. Die getal skoliere het na 'n jaar gegroei van 13 tot 23. Daar was 'n beter gees onder die seuns, terwyl daar ook baie meer bedrywigheid in die skoolwerk en spele was: Die hoof van die bisdom was die mening toegedaan dat daar geen sprake van algehele sluiting kon bestaan solank as wat dit enigsins moontlik was om voort te gaan nie. Syns insiens kon slegs die moontlikheid van sluiting 'n ernstige en nadelige uitwerking op die toendertydse welslae van die skool gehad het.

Die feit dat daar ook twee predikante (Bell en 'n assistent Reading) in beheer van die seuns was, het 'n uiters goeie morele invloed op hulle gehad.[3] In dieselfde jaar het biskop Knight-Bruce gerapporteer: „St. Andrew's College in Bloemfontein is succeeding far better than might have been expected. Not only has the total numbers of scholars increased, but since the system of taking boarders has been recommended there have come already eleven boys to live with Canon

1) „Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ." P. 12.
2) "Notuleboek; Vergadering gehou op 1 Jan. 1889.
3) Q.P. No. 85, 15 Julie 1889.

Bell."[1] Soos kanunnik Bell in 'n later brief aandui, was hierdie kosgangers afkomstig van verskillende dele van die Staat en Kimberley.[2] Twee seuns het ook in hierdie jaar in die Kaapse Elementêre Eksamen geslaag en soos sake toe gestaan het, was daar goeie rede om te glo dat nog ses seuns die volgende jaar in die eksamen sou slaag.[3]

Dit is interessant om daarop te let dat al hierdie veranderings en verbeterings aangebring is sonder dat enige nuwe skulde aangegaan is.[4] Die skool was geheel-en-al selfonderhoudend, uitgesonderd 'n klein jaarlikse skenking van die raad vir finansies wat die geldelike sake van die bisdom beheer het. Die geweldige skuld wat op die geboue gerus het, is ook aansienlik verminder en sou binne 'n kort tydjie iets van die verlede wees.[5]

Aan die einde van 1889 het die onderhoof, ds. M.A. Reading na Basoetoland vertrek[6] en is mnr. G.E. Jelf met baie goeie gevolge in sy plek aangestel.[7] Met die halfjaarlikse funksie van die skool, gehou op 17 Junie 1891, het 'n eienaardige verskynsel hom voorgedoen, naamlik dat die verslag oor die skoolwerksaamhede van die ses maande deur die Hollandse onderwyser, mnr. Herfst voorgelees is. Hy het besluit om dit in Engels te doen, aangesien Hollands nie die enigste amptelike taal was nie en aangesien dit ook onregverdig sou wees om van 'n gehoor te verwag om na argumente te luister in 'n taal wat nie hulle eie was nie.[8] Dit is moeilik om te begryp wat kanunnik Bell besiel het om

---

1) Q.P. No. 86, July 15, 1889.
2) Brief van kanunnik Bell aan die "Q.P. No. 86" gedateer 17/8/89.
3) "Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ."P. 12.
4) "Q.P. No. 86, 15 Julie 1889.
5) Ibid.
6) "The Friend": 25 Des. 1889.
7) Ibid.: 19 Junie 1891.
8) Ibid.

die rapport in die hande van mnr. Herfst oor te laat, veral aangesien laasgenoemde self in die verslag erken het dat 15 seuns gedurende daardie jaar onttrek is, omdat hulle ouers nie wou toelaat dat hulle Hollands as vak neem nie. Hy was die mening toegedaan dat 'n kennis van die taal in die volgende vyftig jaar absoluut noodsaaklik sou wees om makliker met die boerebevolking oor die weg te kom. Elkeen moes, volgens hom 'n kennis van die „taal" van die land dra, of dit nou Hollands of Afrikaans genoem word. Die rede wat hy aanvoer, is dat dit die taal van die land was waarin hulle gewoon het en wat deur die meeste van die „Uitlanders" as hulle tuiste aangeneem is.

In 1892 het 'n besoeker aan Bloemfontein, mnr. Gilbert O. Speedy, in 'n baie interessante brief 'n goeie insig in die destydse toedrag van sake gegee.[1] Onder andere het hy geskryf: „During the last twelve months a great many improvements have been affected in the school, which can now fairly claim to be the first in the Diocese. The dormitories have been thoroughly renovated, and furnished with new ceilings; the bathroom and lavatory thoroughly restored and the classroom and ante chapel panelled and ceiled. The big schoolroom, which is a very fine airy room - seventy feet by twenty - has been panelled and painted.[2] ...Last April Mr. G.E. Jelf (Son of Dr. Jelf, Dean of Rochester) assistant master at the College, started a fund for the restoration of the chapel,[3] which was responded to most generously by a number of friends and Old boys. With the money raised the Chapel has been

1) Q.P. No. 95, I5 Jan. I892.
2) Ook Notuleboek: 17 Julie 1891.
3) Ook: „Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ."P. 13.

panelled and materially improved by a new wooden ceiling arched in shape which gives greater height to the building. ..... It is quite a privilege to worship in this little building and I could not help remarking the interest which the boys themselves took in their chapel." Hy het ook melding gemaak van die goeie gees onder die seuns en die feit dat die seuns blykbaar op elke gebied vordering gemaak het. „This is the only Church of England School in the Diocese - in fact practically the only English School." Die kollege self, was syns insiens geleë in een van die gesondste dele van die stad, naby die katedraal, met 'n gerieflike speelterrein vir die kinders. Daar was altesaam vyftig name op die registerboek. Die tekort aan goeie skoolbanke en ander benodigdhede, waarin die skool weens die lae skoolgelde en tekort aan fondse self nie kon voorsien nie, was 'n groot struikelblok. Daar is gevolglik 'n beroep gedoen op vriende in Engeland om tog die nodige geld te voorsien: „Since Canon Bell's acceptance of the Head-mastership - which office he bravely undertook at a very critical moment in the history of the College, owing to the general depression which then prevailed throughout S. Africa the school has steadily improved and it is owing to his courage and energy that St. Andrew's College now holds so high a position among the schools of South Africa....." [1)]

Aan die begin van 1892 het die skool weer 'n tydelike terugslag in die uitbreek van maagkoors ondervind wat die dood van twee seuns veroorsaak het. Die epidemie het ook die uitstel van die eksamen van die studiebeurs van oudleerlinge genoodsaak.[2)] Alhoewel geen

1) Q.P. No. 95: 15 Jan. 1892.
2) Notuleboek: 17 Maart 1892.

bepaalde oorsaak vir die epidemie vasgestel kon word nie, is alle moontlike oorsake op mediese advies uitgeskakel, sodat daar goeie rede bestaan het om aan te neem dat die kollege met ingang van die tweede kwartaal in 'n higiëniese toestand was.[1] Dit wil egter voorkom of die gesondheid van die hoof en onderhoof in hierdie stadium veel te wense oorgelaat het. Vroeg in 1893 het mnr. G.E. Jelf sy betrekking weens swak gesondheid neergelê en kort daarna na Engeland vertrek.[2] Mnr. O. Pilling is in sy plek benoem, maar ook sy dienstydperk was van baie korte duur, want op 29 April 1893 het hy in die St. George-Hospitaal gesterf.[3] Sy plek is tydelik gevul deur mnr. A.H. Grey wat in Oktober 1893 opgevolg is deur mnr. G. Hull. Ook sy aanstelling het maar tot Desember van dieselfde jaar geduur.[4] Daar was dus vier onderhoofde binne 'n tydperk van tien maande.

Nog 'n gevoelige verlies het die skool pas voor Kersfees 1893 in die heengaan van mev. Bell, gade van die hoof van St. Andrew-kollege getref.[5] Saam met haar man was sy een van die pioniers van die stigting van die Engelse Kerk in die Oranje Vrystaat. Om sy getroue bystander te verloor, was natuurlik 'n harde slag vir kanunnik Bell. Sy ouderdom het geleidelik op hom begin tel en sy gesondheid was so bedenklik dat daar op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding op 6 Januarie 1894 besluit is om na iemand anders te begin soek. Die biskop het ook in 'n brief aan die kerklike blad[6] melding daarvan gemaak dat dit nie van die teenswoordige hoof

---

1) Notuleboek: 17 Maart 1892.
2) Q.P. No. 100, April 15, 1893 <u>ook</u> „The Friend": 2 Mei 1893.
3) Q.P. No. 101, I5 Julie I893.
4) Q.P. No. 102, I5 Okt. I893..
5) Q.P. No. 104, .25 April I894.
6) Ibid.

verwag kon word om met sulke vermoeiende werk voort te gaan nie, en dat 'n makliker pos na die wintervakansie hom aangebied sou word. Dit het dan ook gebeur, want in Julie 1894 is hy aangestel as rektor op Barkly waar hy in 1906 oorlede is.

'n Spesiale vergadering is deur die Bisdomlike Raad gehou om die opening van die skool te bespreek na die vertrek van kanunnik Bell.[1] Na 'n paar rustige jare was die biskop (Biskop Hicks wat Biskop Knight-Bruce in 1892 opgevolg het) weereens besig om in Engeland na 'n nuwe hoof vir die St. Andrew-kollege te soek. Intussen is besluit om mnr. John Robinson te vra om die prinsipaalskap tydelik te aanvaar teen 'n vergoeding van £100 per jaar met vry inwoning en losies of £200 per jaar indien hy vir sy eie inwoning en losies sou sorg. Daar is ook besluit om 'n sekere mev. Collins te vra om aan drie of vier seuns in haar huis herberg te verskaf totdat die nodige reëlings vir kosgangers by die skool getref sou word. Sy sou ook verantwoordelik wees vir die huishoudelike sake. Met die oog hierop sou 'n bediende aan haar gegee word.

(e) Laaste jare van die „ou St. Andrew-kollege."

Op 5 September 1894[2] het biskop Hicks bekend gemaak dat hy daarin geslaag het om iemand te kry om die prinsipaalskap oor te neem. Hy was ds. H.W. Orford, M.A., van Sidney, Sussex College, Cambridge. Hy het aan die einde van Desember 1894 in Bloemfontein aangekom.[3] Hierdie aanstelling het egter nuwe komplikasies meegebring.[4] „The retirement of Canon Bell leaves St. Andrew's College on the hands of the Bishop, with the

---

1) Notuleboek: Vergadering gehou op „St. Peter's Eve", 1894.
2) Q.P. No. 106, 25 Okt. 1894. Ook Notuleboek 11 Okt. 1894.
3) Notuleboek : Januarie 1895.
4) Ibid.

task of finding £200 at short notice for repairs of furniture to set it going in readiness for the Rev. H.W. Orford, the new principal." Verligting is egter gebring in die vorm van 'n brief van mnr. Orford waarin hy gesê het dat hy van plan was om sy eie huisraad saam te bring. Derhalwe moes die bisdomlike raad slegs die koshuis meubileer.[1] Saam met mnr. Orford, het nog 'n assistent-onderwyser, mnr. Bernard Wright aangekom. Hy sou die plek van die waarnemende hoof inneem wat in Desember sou vertrek.[2]

Met ingang van 1895 het die Kollege dus beskik oor so te sê vyf personeellede: die hoof, mnre. Powell, Wright, Skeel en die Hollandse onderwyser, mnr. Reginald Gregorowski (aangestel in die plek van mnr. Herbst wat bedank het.[3]

Met sy aankoms in Bloemfontein het mnr. Orford gesê: --„at first one has something of the sensation of "Alice in Wonderland", to find one actually in the midst of the life and work which one has read of and followed from a distance for so many years. -- The prominent place given to education and the ample provision made for supplying both higher and elementary teaching, is at once noticeable, no less than the faith and foresight with which this had been done; other work may seem more directly spiritual, and may show some more immediate results, but it cannot be doubted that the influence and effects of the work done through the various educational agencies of the Church are wider and more far-fetching....."[4]

Onder die nuwe en ywerige prinsipaal het die skool

---

1) Notuleboek: 11 Oktober 1894.
2) Ibid.
3) Ibid.: 5 Jan. 1895.
4) Q.P. No. 107, Jan. 1895.

weer geweldig ontwikkel. Na ses maande het die getalle byna verdubbel en in Junie 1895 is 20 seuns vir die Skool-eksamen van die Kaapse Universiteit ingeskryf.[1] Daar was egter 'n geweldige tekort aan geskikte skoolmateriaal en dit het die vordering effens gestrem.[2] Vir die eerste keer is houtwerk as 'n vak ingestel.[3] Dit het natuurlik die nodigheid van 'n houtwerkkamer meegebring.[4]

In 1896 het die Biskop geskryf:[5] dat die kollege vinnig vooruitgang gemaak het en dat dit oor 'n groter getal (29)[6] kosgangers beskik het as wat ooit die geval was. Die skool het nog 'n epidemie van maagkoors wat die hele Bloemfontein in 1897 geteister het, deurgemaak.[7] Die lewens van twee onderwysers is hierdeur geëis, van wie die een, Leonard Humberstone, 'n teologiese student met 'n baie belowende toekoms was en die ander, Wilfred Richardson, 'n bekwame en ervare onderwyser wat na die St. Andrew-kollege van St. John-kollege, Manitoba gekom het. Ook kanunnik Orford moes sy vrou na 'n lang siekbed aan die dood afstaan. Hierdie terugslag was egter maar van tydelike duur, want in Oktober 1897[8] het die Biskop weer melding gemaak van die feit dat die skool vinnig besig was om te herstel na die moeilikhede vroeër in die jaar. Daar was ook duidelike tekens dat 'n geweldige som weer nodig sou wees om die geboue te herstel. Toe die nood egter op sy hoogste was, was die uitkoms ook naby, want teen die einde van die jaar het die skool 'n naamlose skenking van £5000

---

1) Q.P. No. 110 Oktober 1895.
2) Notuleboek: 3 April 1895.
3) Ibid.
4) Brief van mnr. Orford aan die „Q.P.": Okt. 1895.
5) Q.P. No. 113, 25 Julie 1896.
6) „Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ. P.13.
7) Q.P. No. 117, 25 Julie 1897.
8) „Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ." P. 14.

ontvang.[1] Die moontlikheid om die skool na 'n beter geleë plek te verskuif, het dadelik aandag geniet. Die stad was vinnig aan die uitbrei na die noorde. Na 'n deeglike raadpleging met Mr. Twist, die argitek, is besluit dat by die stadsraad om 'n geskikte erf op die heuwels noord van die stad, agter die nuwe fort, aansoek gedoen moes word omdat daar geen geskikte persele naby die katedraal beskikbaar was nie.[2] Die munisipaliteit het 10 akkers in 'n bes moontlike posisie afgestaan. Intussen het ds. A.S.W. Moore nog 'n naamlose skenking van £500 aan kanunnik Orford gestuur.[3] In verband met die skenking van die grond het die Biskop geskryf:[4] „The executive of the Orange Free State have now approved of the grant of the new site recently made by the Municipality to St. Andrew's College, and plans are being prepared for the new buildings, a first section of which will be commenced as soon as possible ..... the grant is especially gratifying not only as an evidence of the active interest of the Government and of the Town Authorities in higher education, but also of their recognition of the fact that there is no rivalry between St. Andrew's and the Grey College, but rather than working on parallel lines they are seeking to meet the educational requirements of the two sections of the community." Die Biskop het ook die mening uitgespreek dat die skema vir die herbouing die waardevolle steun van vriende in Engeland geniet het. Daar is ook gehoop dat al die oud-leerlinge, wat die fondament van hulle loopbaan aan die St. Andrew-kollege ontvang het, ook mildelik sou bydra. Van-

1) „Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ." P. 14.
2) Ibid.
3) Q.P. 122, 25 Okt. 1898.
4) Ibid.

dag staan die Meisieskool Oranje op die erf wat destyds die skool aangebied is.

Op 'n vergadering[1] van die Raad van Opvoeding, gehou op Woensdag 11 Januarie 1899, het die Biskop verklaar dat die £5,000 nie dadelik betaal kon word nie. Nogtans het hy die reg gegee dat planne opgetrek kon word vir die oprigting van die eerste deel van die Kollege teen 'n koste van nie meer as £3,000 nie. Intussen sou mnr. H.T. Elliott die koshuis oorneem en ook 'n hand bysit met die onderwys. Mnr. Elliot was vroeër aan die Grey Kollege verbonde.[2]

Die hoeksteen van die nuwe gebou is in Maart 1899 deur President Steyn gelê.[3] Die seremonie moes vir 'n week weens reën uitgestel word, maar ten spyte van die dreigende weer op dié bepaalde dag was daar 'n groot getal mense byeen. Baie vooraanstaande mense het die plegtigheid bygewoon en die meeste van die verskillende openbare liggame in Bloemfontein was verteenwoordig. Onder andere was kanunnik Orford, ds. A.V. Lyttelton, ds. J. Cottrell, ds. J.E. Ennals (van die Baptiste-kerk), ds. C. Stuart Franklin (van die Wesliaanse Kerk), ds. Louw (Ned. Ger. Kerk), mnr. Blignault (Goew. Sekr.), mnr. Barnes, mnr. H.T. Elliot (huisvader), Dr. Savage, mnr. Twist (argitek), en mnr. Godley (bouer) daar teenwoordig.

Baie van die seuns van die koor was ook teenwoordig en nadat hulle 'n loflied gesing het, is 'n kort diens gehou.

'n Silwer troffel is daarna aan die president oorhandig. Hy het die hoeksteen met dié woorde gelê: „In

---

1) Notuleboek: 11 Jan. 1899.
2) Ibid.
3) Q.P. 124, 25 April 1899. Ook „Reports of Princ. to the Dioc. Bo. of Educ. P. 15.

the Faith of Christ Jesus we lay this Stone, in the Name of the Father, and of the Son and of the Holy Ghost. Amen. Here let true faith, the fear of God and brotherly love ever abide, and let this place be set apart for the nurture of the young in the knowledge and obedience of the Lord, to the praise and honour of the same our Lord and Saviour Jesus Christ. Amen."

Onder die steen is kopieë van „The Daily Friend", „Daily Express", die konstitusie van die bisdom, 'n foto van die biskop en 'n opsomming van die geskiedenis van die kollege, onderteken deur onderwysers en leerlinge, geplaas. As daar nog 'n afskrif van hierdie opsomming van die geskiedenis bestaan het, sou dit voorwaar 'n kosbare en bruikbare dokument gewees het.

Die klip het die volgende Latynse inskripsie gedra:

„A.M.D.G.
Hunc lapidem
Coll: sancti Andreae instauriti
Marthinus Theunis Steun
Praesus posuit
Johanne Episcopo
Prid: id: Mart: A.S. MDCCCXCIX"

wat as dit vertaal word beteken:

„Tot die groter glorie van God
President Marthinus Theunis Steyn
het hierdie hoeksteen van die heropende
skool van St. Andrew gelê op 14 Maart 1899
terwyl Johannes Biskop was."

Die boukontrak het vir die eerste deel van die gebou voorsiening gemaak. Dit het bestaan uit 'n L-vormige gebou waarvan die vooraansig 153' lank was. Die gebou het een verdieping beslaan en had 'n afdak. Aan

die een kant was die huisvader se kamers. Die kombuis was agter die gebou. Die eetkamer, 36' X 20', is baie gerieflik gebou met twee ingange van buite. Verder aan was die slaapvertrekke, elk 30' lank met die onderwysers se kamers en badkamers tussen in. Twee groot klaskamers het akkommodasie aan 60 seuns gebied.

Die voorneme was om, sodra fondse beskikbaar was, die geboue verder uit te brei om sodoende ook ruimte te bied vir 'n vergadersaal, klaskamers, slaapvertrekke, en 'n kamer vir kindertuinleerlinge.

'n Laboratorium vir Skeikunde en werkswinkel sou moontlik in 'n aparte deel ingerig word. 'n Kerk en 'n huis vir die prinsipaal het ook deel van die hele skema gevorm. Onbeperkte ruimte rondom die gebou sou 'n gesonde omgewing en 'n uitstekende speelterrein verseker.

By hierdie geleentheid het die biskop 'n spesiale woord van verwelkoming aan die staatspresident gerig Vir eersgenoemde was dit 'n riem onder die hart om te verneem het dat die president sy heelhartige simpatie met en goedkeuring van die werk aan die kollege te kenne gegee het toe hy genader is om die hoeksteen te lê. Sy voorganger, president Reitz, het kort tevore ook dieselfde vertroue in die skool te verstaan gegee en oorlede president Brand het 25 jaar tevore sy belangstelling getoon deur die lê van die hoeksteen van die ou gebou. Goeie werk is in die ou gebou gedoen, maar volgens die biskop was die algemene mening dat daar meer ruimte nodig was. Hulle was baie dank verskuldig aan die munisipale owerhede vir die gulhartige skenking van so 'n goedgeleë erf.

In sy toespraak het President Steyn onder andere gesê dat sy gedagtes met die hoeksteenlegging onwillekeurig 25 of 30 jaar teruggegaan het na die tyd toe hy vir die eerste keer kennis gemaak het met die St. An-

drew-Skool, of soos dit destyds bekend was, „The Grammar School". Dit was vir hom baie aangenaam om die vordering waar te neem wat gedurende dié tyd plaasgevind het en wat so snel was dat dit groter geboue genoodsaak het. Vyf-en-twintig jaar tevore was die peil van die onderwys baie laag, dog dit het met rasse skrede vooruitgegaan ná die benoeming van dr. Brebner as superintendent-generaal van onderwys in die Vrystaat. In 1874 was daar slegs 350 kinders in Vrystaatse skole teenoor 8,000 in 1899. Hierdie vordering was geheel-en-al te danke aan die geesdrif van mnr. Brebner. Maar die vreugde wat hy gesmaak het terwyl hy hierdie vordering weer voor die gees roep, is effens bederf deur die feit dat mnr. Brebner ná 25 jaar getroue diens die leisels sou gaan neerlê. Hy vervolg: „For myself I should like to see all institutions of this kind under Government control, but I have no doubt that the St. Andrew's College will carry on the work sufficiently, and it is needed, for we see at present that the Grey College has to refuse to take children in. Thus it is certain that many a young Free-Stater will get his education here, and will get his knowledge increased:

His Knowledge -
The wish to know, that endless thirst which even by quenching is awakened,
And which becomes or blessed or cursed,
As is the front whence it is slaked"

Ten slotte het die biskop gesê dat dit sy hartewens was dat die gebou so voltooi moes word dat dit almal sou tevrede stel. Hy het gehoop dat dit sou dien tot die vorming van ware en getroue burgers van die Vrystaat

wat nie skaam sou wees om te sê dat dit hulle huis en geboorteland was nie.

Op 27 Julie 1899 het die skool sy intrek in die nuwe gebou geneem.[1] Kort hierna het die biskop geskryf dat hulle slegs ná hulle intrek besef het oor watter goed geleë plek hulle beskik het. Die gebou self het aan die verwagtings voldoen en daar is 'n beroep op oudleerlinge gedoen om mildelik by te dra tot 'n fonds vir verdere uitbreiding. Hierdie fonds is geopen deur 'n bydrae van £500 van D.J. en E. Pullinger.[2] Die amptelike opening van die skool is belê vir „Michaelmas Day". Daar is gehoop dat die aartsbiskop van Kaapstad by daardie geleentheid teenwoordig sou wees.

Ongelukkig het hiervan niks tereg gekom nie, want in Oktober 1899 het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek.[3] In Julie 1900 is daar berig dat sowel die ou gebou as die pas voltooide as militêre hospitale gebruik sou word. Dit het meegebring dat die skool noodwendig tydelik gesluit moes word.[4]

So loop die eerste deel van die geskiedenis van St. Andrew-skool ten einde. Dit is 'n verhaal van swaarkry, van voorspoed en teenspoed, van finansiële worsteling en neerdrukkende depressies wat die land van tyd tot tyd geteister het. Die ou leuse van die skool was: „Per labores ad honores".[5] (Om eer te verwerf deur harde werk) wat in werklikheid 'n getroue opskrif vir die skool se geskiedenis van die vroegste tyd af sou wees.

In die daaropvolgende jare is wel pogings aangewend om die skool te heropen.[6] maar aan die einde van

1) Q.P. 126, 25 Okt. 1899.
2) Ibid.
3) Reports of Princ. to the D. B. of Educ. P. 16.
4) Q.P. 129, 25 Julie 1900.
5) Q.P. 126, 25 Okt. 1899.
6) Q.P. No.131, 25 Jan. 1901. en Q.P. No.133, 25 Julie 1901, en Q.P. No.134, 25 Okt.1901.

1901 is die volgende voorstel deur die Raad van Opvoeding bespreek: Die St. Andrew-kollege moes 'n kerk-koshuis of -losieshuis vir die staatskool word op voorwaarde dat die departement van onderwys toestemming sou verleen dat die aanstelling van die koshuisvader by die Raad van Opvoeding berus. Verder moes dit dieselfde staatsondersteuning as die Grey-koshuis geniet.[1] Hierdie besluit is aangeneem en met ingang 1902 word „St. Andrew's College a Boarding House for Church lads who will receive their secular education at the Grey College.....As master the services of Mr. J. Croslegh who graduated at Trinity College, Cambridge have been secured.[2]

In die hoofstukke wat hier volg, word al die aangeleenthede van die skool in besonderhede behandel.

---

1) Notuleboek : 6 Oktober 1901.
2) Q.P. 135, I8 Jan., 1902. Brief van biskop Chandler.

# HOOFSTUK III.

## GRONDSLAG EN DOEL VAN DIE ONDERWYS.

### 1. GRONDSLAG VAN DIE ONDERWYS.

Die St. Andrew-kollege het soos reeds aangetoon in Hoofstuk II, sy ontstaan te danke gehad aan die ywerige werk van biskop Twells wat saam met drie Engelse predikante en twee onderwysers van Engeland na die Oranje-Vrystaat gekom het om pionierswerk vir die Engelse Kerk te doen. Dit kan dus afgelei word dat die skool opvoeding op grondslag van „the approved public school system" sou bied veral aan kinders wat aan die Engelse Kerk behoort het.[1] Dit was onder beheer van die Anglikaanse Kerk „a centre of high class education and of influence in the formation of a manly character as well as of „good manners" in the Winchester sense of the term.[2]

Reeds in 'n brief aan die kerkblad in Julie 1874 het dit maar alte duidelik geblyk op watter grondslag die onderwys sou berus:„..... I quite appreciate the necessity of the schools to the success of the Mission. As for the foolish shallow talk about the business of Christian Ministers being "preaching" not "teaching", that is only one agency in the mischievous direction in which all things have been tending in this country for a long time, the entire separation of Education from Re-

---

1) Skool Prospektus: 1888.
2) „The Friend": 13 Okt. 1873. Ter verduideliking van „Winchester sense" kan net aangehaal word dat die Winchester College in 1382 gestig is deur William of Wykeham. Sy beskrywing van die onderrig van grammatika, nl. „the foundation, gate and source of all the liberal arts, without which such arts cannot be known, nor can anyone arrive at practising them", het die patroon geword waarop baie ander „Grammar Schools" gegrondves is. So is Eton Kollege in 1440 op die Winchester-model deur Koning Henry VI gestig. Nog 'n voorbeeld was dus die „Grammar School" in Bloemfontein, wat in 1863 gestig is en in 1874 „The Diocesan St. Andrew's School" geword het: (Report of The Consultative Committee on Secondary Educ.)

ligion."[1]) Hierteen het die Engelse Kerk met alle geweld gestry. Hulle wou opvoeding en godsdienstige opleiding saamsnoer. Nadat die hoeksteen van die St. Andrew-kollege op 16 Februarie 1874 „in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" gelê is, het die biskop verklaar: dat die kerk dit as 'n plegtige en dringende noodsaaklikheid beskou het om te voorsien in die opvoedkundige en godsdienstige opleiding van haar kinders. Die werk is dan ook in hierdie gees aangepak."

Met christelike grondslag word daar egter geensins bedoel dat die skool net voorsiening sou maak vir kinders van die Anglikaanse Kerk nie. In 'n hoofartikel van die „Friend", geskrywe kort ná die aankoms van die geselskap uit Engeland, is dit baie duidelik gestel dat dr. Twells en sy volgelinge nie na die Vrystaat gekom het om Christene met ander geloofsbelydenisse te verwar nie, maar om saam te werk in die een groot doel.[2])

In 'n memorandum wat in Julie 1874 deur 'n komitee van opvoeding (aangestel deur die Sinode van die Kerk) aan die Volksraad gestuur is om te vra vir ondersteuning, is dit verduidelik dat daar in al hierdie skole noukeurig voorsiening gemaak is vir die godsdienstige opvoeding van die kinders volgens die wense van hulle ouers. In die geval van kinders wat nie aan die Kerk behoort het nie, is elke moontlike geleentheid vir onderrig deur hul eie predikante aangebied. Die leerlinge is nie verplig om enige godsdienstige onderrig teen die wense van hulle ouers te ontvang nie.[3])

Met die sitting van die Sinode in 1874 het die geloofsklousule weer ter sprake gekom. Die Kerk het hom bereid verklaar om op te offer en te verdra en daarom sou die geloofsoortuigings van ander gerespekteer word.[4])

---

1) Q.P. Brief van die Biskop - Julie 1874.
2) „The Friend": 9 Okt. 1863.
3) Ibid.: 16 Julie 1874.
4) Bfn. Gazette: 30 Julie 1874.

Dat hierdie besluit nie slegs by woorde gebly het nie, blyk uit 'n brief van ds. Douglas McKenzie, waarin hy getuig dat die werk streng ooreenkomstig die geloofsklousule gedoen word en dat die seuns niks geleer word waarteen die ouers beswaar kon maak nie. Die seuns is ook toegelaat om volgens hul eie geloof te aanbid. wanneer die ouers dit verlang het. Nietemin het die kerklike atmosfeer die skool omring. Dit het 'n uiters noodsaaklike en belangrike invloed uitgeoefen op diegene wat in die atmosfeer van die skool gebring is.[1]

Ter opsomming kan net verwys word na President Steyn se woorde by die hoeksteenlegging van die nuwe gebou van die St. Andrew-kollege in Maart 1899: „Here let true faith, the fear of God and brotherly love ever abide, and let this place be set apart for the nurture of the young in the knowledge and obedience of the Lord and Saviour Jesus Christ."[2]

## 2. DIE DOEL VAN DIE ONDERWYS:[3]

Die opvoeding en onderwys aan die St. Andrew-kollege het hom 'n veelsydige ontwikkeling ten doel gestel. Op 24 November 1863 het daar 'n advertensie in „The Friend" verskyn wat gelui het: „The object of this institution is to supply a sound English Education for boys, such as may fit them for:

1. The University and Professions requiring a High Education.[4]

---

1) Q.P. No. 34, Oktober 1876.
2) Q.P. No. 124, 25 April 1899.
3) Die Indelingshoofde is geneem uit J. Chris Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoeding; Bls. 267.
4) In hierdie verband lees ons in „The Report of the Consultative Committee on Secondary Education" Bls. 4: „The endowed Grammar School in England and Wales was generally regarded as the lower stage or feeder for "grammar scholars", who in due course were to proceed to be "artist scholars" at Oxford and Cambridge. One of the basic ideas of the Grammar School was that it was designed to send at any rate its more gifted

2. For a Mercantile or Industrial Profession, special training being given when desired.
3. Elementary Training is available for little boys at St. Michael's School, and also, if requisite, in the College."[1)]

In sy toespraak, gelewer met die halfjaarlikse sluitingsfunksie van die Kollege in 1881, het president Brand gesê dat die doel van die opvoedkundige pogings van 'n kerklike inrigting die eweredige ontwikkeling van die werk moes wees. Die fisiese, sosiale, intellektuele, en godsdienstige elemente moes almal gelei word. Die groot doel moes wees om almal te ontwikkel en om in elkeen sodoende 'n ware en kragtige gees te handhaaf. Verder het hy gesê dat sport byvoorbeeld nie onnodig inbreuk moes maak op verstandelike opleiding nie. Aan die anderkant moes 'n onnodige beklemtoning van die intellek nie 'n gesonde liggaamlike ontwikkeling dwarsboom nie. Hy kon dit nie aanvaar dat 'n sedelike kulturele verfyning bereik kon word sonder godsdienstige onderrig nie, waardeur die geestelike sy van die mensenatuur ontwikkel word.......[2)]

Tereg het die biskop dan ook beweer dat die Anglikaanse opvoeding die opvoeding van die hele mens beoog het - sy aardse sowel as die hiernamaalse lewe wat hemels en nie aards is nie.[3)]

---

pupils to the University. It was implicitly regarded as a "schola particularis" of the University which was the "stadium commune vel generale", and in theory at any rate in the "trivium" (grammar, rhetoric and logic - Page 3). In practice, however, the principal aim of the Grammar School was to give som form of instruction in Latin which was, down to the first half of the eighteenth century, still to a great extent the language of theology, law, science, and even diplomacy in Western Europe."

1) Die St. Michael-Skool is in 1874 gestig deur Biskop Webb en was onder beheer van die Engelse Kerk. Dit was bedoel vir seuns onder 7 jr. en meisies onder 9. (Malan: Onderwys in die Oranje Vrystaat p. 288).

2) „The Friend": 30 Junie 1881.

3) Bfn. Gazette: 30 Julie 1874.

Laat ons nou kortliks aandag wy aan enkele van hierdie doelstellings.

(a) Sosiale Vorming:

Die leerling moes gevorm word tot 'n selfstandige persoonlikheid, tot iemand wat bekwaam sou wees om die belangrike pligte in die stryd van die lewe te vervul wanneer hy daartoe geroep word.[1] Maar hy moes ook geleer word om sy naaste te help en sodoende 'n harmonieuse samelewing in die hand te werk. „....in that place (St. Andrew's College) boys from different parts of South Africa were working together in union and harmony and in course of training (they were taught) to bear their part well as future citizens of the State."[2]

Om hierdie doelstelling te bereik, is daar tenminste twee maal per jaar gebruik gemaak van toneelopvoerings, wat baie genot aan die publiek verskaf het, en wat ook verantwoordelik was vir die ontplooiing van talent wat in die seuns opgeslote was. Hierdeur is elke indiwidu aangespoor tot selfstandige optrede. Hulle is egter ook geleer dat om sukses te behaal, algemene samewerking miskien 'n belangriker vereiste was.

Die seuns is ook gedurig aangemoedig om hulle voor te berei vir die priesterlike amp waardeur daar enersyds weer 'n ontwikkeling van die selfstandige persoonlikheid sou wees en, aan die anderkant, 'n diens aan die medemens bewys sou word.

(b) Liggaamlike Vorming:

„.....They had shown, too, their prowess in athletics - a valuable element, since the tendency in this part of the world was said to be for men to attain bodily growth rather than mascular grip....."[3]

1) „The Friend": 3 Julie 1873.
2) Ibid.: 28 Junie 1883. Q.P. 124, 25 April 1899.
3) „The Friend": 30 Junie 1881.

Die liggame van die leerlinge moes ontwikkel en gevorm word. Die seuns is geleer om hulle liggame gesond, skoon en rein te hou.[1] Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam gevind word. Daarom het ds. N.A.B. Borton in sy halfjaarlikse verslag in 1880 gesê dat dit 'n welbekende feit was dat seuns wat op verstandelike gebied wou presteer ook liggaamlik sterk moes wees. Die beginsel van alle goeie onderrig is ongetwyfeld die versterking van die liggaam sodat vermoeienis wat hewige oefening van die verstand meebring, teengewerk kon word.[2]

Na 'n liggaamsoefening-uitvoering deur die seuns, het „The Express" geskryf dat die sweefstok, rekstokke ens. onweerlegbare getuienis gelewer het van die groot waarde wat geheg is aan die bewaring van die gesonde liggame van die seuns. Dit is 'n voldonge feit - en ook een wat nie genoeg herhaal kan word nie - dat oefening van die spiere die gesondheid verbeter en ook die denkvermoë aanhelp. Die welslae van die opleiding word maar alte duidelik weerspieël in die vordering wat in die gehalte van die skoolwerk gemaak is en die sukses wat behaal is op die sportveld.

(c) <u>Verstandelike Vorming</u>:

Deur deeglike en grondige onderrig moes die geheue, die verstand, die denk- en redeneer vermoë, die gevoels- en wilslewe gevorm en ontwikkel word. Reeds in sy verslag van Junie 1874 het die toenmalige prinsipaal, mnr. McKenzie geskryf: „.....not only a store of knowledge is necessary but also a training, a discipline of the mind. An acquaintance of a number of facts in certain branches of study is useful, but a power to think and

---

1) „The Friend": 22 Junie 1882. <u>Ook</u> „The Express": 29 Junie '82.
2) „The Friend": 1 Julie 1880.

reason correctly improves the whole man and fits him for anything..."[1] Die verstand moes dus voorsien word van kennis, maar moes ook die krag gegee word om meer kennis in te win en sodoende die gees te voorsien van 'n uitgetoetste skild vir die stryd van die lewe.[2] Dit was die doel van die Kerk om die geestelike saam met die verstandelike vermoëns te laat ontwikkel.[3]

(d) Karakter- of Sedelike Vorming:

In 1874 het biskop Webb geskryf dat getrouheid, eerbied en standvastigheid veral eienskappe is waarin die kinders aan die St. Andrew-kollege opgelei moes word en moes leer.[4] In 1881 het aartsdeken Croghan gesê: „I think we have observed during the last half a visible development in the school of qualities without which no school life is valuable, especially of manliness, geniality, and virtue. It is a pleasure to have to do with lads who have gained that self-respect which teaches them the duty of respecting others, who understand and observe the courtesies customary between gentlemen and so know the secret of manliness.[5] Spreker gaan voort deur te sê dat hy met „deug" nie slegs bedoel dat verkeerde handeling uitgeskakel word nie, maar wel die kragtige uitvoering van plig, en die deurvoering met alle mag van alle ondernemings.

Daar is dus daarna gestrewe om eerlikheid en opregtheid, vriendelikheid, diensvaardigheid en hulpvaardigheid, pligsgetrouheid, standvastigheid en hardwerkendheid aan te kweek en vas te lê.

In 'n toespraak van biskop Knight-Bruce in 1889 word hierdie doelstelling goed omvat: „...moral training

---

1) „The Friend": 25 Junie 1874.
2) Bfn. Gazette: 30 Julie 1874.
3) Q.P. No. 107, Jan. 1885.
4) Bfn. Gazette: 30 Julie 1874.
5) „The Friend": 30 Junie 1881.

makes boys honest, truthful and manly; instancing the case of boys at his own school (Eton) who, though undistinguished in the prize lists, have in after life been eminent for the purity and integrity of their lives achieving thus a higher standard of usefulness than other who apparently distanced them at school."[1])

Hierdie sedelike vorming moes bereik word deur onderwys sowel as daadwerklike voorbeeld. Daarom is by voorkeur altyd 'n predikant as prinsipaal van die Kollege aangestel. Daar is ook toegesien dat enige applikante om bogenoemde pos getuigskrifte van 'n baie goeie aard moes lewer. So kan net weer gewys word na die geval van mnr. Geo Perry (van wie ons in die vorige hoofstuk geskryf het), wie se aanstelling op grond van 'n onvoorbeeldige lewe teruggetrek is, ten spyte van die dringende behoefte aan 'n skoolhoof. Alle aanstellings moes dan ook deur die Bisdomlike Raad van Opvoeding goedgekeur word.

(e) Estetiese Vorming:

Die kind moes geleer word om die skone en die mooie lief te kry en te waardeer. McKenzie het die goeie invloed op die mens van 'n waardering van die estetiese maar alte goed besef, en in 1874, kort na sy aanstelling, stel hy Teken in as 'n vak in die hele skool.[2]) Dit was maar die begin van wat in later jare ontwikkel het tot die „Vereniging van die Skone Kunste".

(f) Godsdienstige en Staatkundige Vorming:

Hier het ons te doen met die hoër doel van die opvoeding. Enersyds moes die seuns opgevoed word tot gelowige Christene en andersyds tot getroue burgers; 'n doelstelling wat, soos ons in 'n later hoofstuk sal aantoon, in die bestaan van die skool in die neëntiende

1) „The Friend": 25 Des. 1889.
2) Ibid.: 25 Junie 1874.

eeu heelwat verskil van mening uitgelok het.

In 'n brief van Clulee, gedateer 9 Februarie 1871, en wat aan die biskop gerig is, skryf hy dat dit 'n absolute noodsaaklikheid was om 'n goeie Engelse en godsdienstige opvoeding aan kinders van die Kerk te verskaf.[1] In die „Express" van 9 Mei 1878 lees ons:„In all these schools the religious teaching is according to the doctrines and principles of the Church of England, but at the desire of parents, children are exempted therefrom and permitted to attend that of any other religious community."

By verskillende geleenthede is die seuns ook aangemoedig om reeds gedurende hul skoolopleiding soos toekomstige burgers van die staat hulle deel by te dra. Dit was dan juis teen 'n verklaring in „The Friend"[2] dat die metodes wat in die Engelse skool toegepas word, die leerlinge voorberei om goeie manne, vroue en burgers van die staat te wees, dat „The Express" heftig beswaar gemaak het. Hoe kon daar van „goeie burgers" gepraat word as met die begrip „goeie burger" iemand bedoel word wat sy plek in die regering van die land kan volstaan en wat alle staatsregtelike pligte kan uitvoer, het die blad gevra. 'n Seun wat volgens die metodes van die „Engelse skool" opgelei is, kon nie 'n enkele woord verstaan van wat in die Volksraad gesê word nie, het die blad verklaar. (Die onderwys van Hollands is as 'n klug beskou)[3]: „ - he cannot follow the course of a suit, if he had one, in a court of law. It is an abuse of terms to call such people "good citizens"[4].

Ten spyte van hierdie uitbarsting van „The Express",

---

1) Bloemfontein Mission: 1871.
2)„The Friend": 28 Junie 1883.
3)„The Express": 12 Aug. 1880.
4) Ibid.: 12 Aug. 1880.

het selfs president Brand van hulle as toekomstige getroue burgers van die Staat gepraat.[1] Hierdie doelstelling spreek maar te duidelik uit die volgende twee uittreksels waaruit dit blyk dat die kinders nie alleen 'n liefde vir hulle Kerk moes aankweek nie, maar ook vir hulle land, taal, gewoontes en tradisies: „.....so that they may be devoted to the service of God and of their country....."[2] en „Our ground principles are religious education and training in principles to the Union and Empire...."[3]

Die vervulling van hierdie doelstelling moes nie slegs deur onderrig bereik word nie, maar ook deur 'n goeie voorbeeld.[4] Die hoofde en assistente het deurgaans aan die Anglikaanse Kerk behoort (behalwe natuurlik die paar onderwysers wat onderrig in Hollands gegee het) en van hulle is verwag om die Christelike beginsels te handhaaf. Die skool het beskik oor sy eie kerk waarin die Anglikaanse kinders elke dag aanbid het. Soos reeds aangetoon, is daar vir die ander seuns ook volgens die geloofsklousule voorsiening gemaak. Die skoolhoof, wat op een of twee uitsonderings na 'n predikant was, het altyd as koshuisvader opgetree. Selfs nadat die skool in 1899 gesluit is, word gevind dat die skool weens die gebrek aan fondse nie heropen is nie, maar dat dit 'n koshuis vir „Church lads" geword het wat hulle opleiding aan die Grey Kollege geniet het.[5]

3. SAMEVATTING:

Ons kan dus sê: Die doel van die opvoeding en onderwys aan die St. Andrew-kollege was 'n liberale,[6] godsdienstige en nasionale vorming, wat op godsdienstige beginsels gebaseer was.

1) Q.P. 124, 25 April 1899.
2) Ibid.
3) Q.P. 192, 25 April 1916.
4) Q.P. No. 106, Okt. 1894.
5) Q.P., No 135, 18 Jan.1902.
6) „The Friend": 13 Nov.1863.

# H O O F S T U K IV.

## DIE BEHEER.

Die St. Andrew-kollege is as volg beheer:

1. Die Biskop:

Op 11 Desember 1863 het daar 'n advertensie in „The Friend" verskyn om aan te dui dat „De Heer G. Clegg zyne School heeft geopend, onder oppertoezicht van de Bisschop". Die inisiatief vir die oprigting van die kollege en die pionierswerk wat in die Vrystaat op die gebied van die Engelse onderwys gedoen is, het van biskop Twells uitgegaan en dit is dus vanselfsprekend dat hy altyd 'n wakende oog oor die skool se belange en vordering sou hou.

Gedurende die eerste paar jaar van die inrigting se bestaan en voordat daar enige sprake was van die vorming van 'n beherende liggaam, word gevind dat die beheer van al die eksterne en interne sake van die inrigting geheel-en-al in die hande van die biskop en skoolhoof berus het. Soos later aangetoon sal word, is daar weliswaar af en toe verskillende komitees in die lewe geroep om te help met die eksterne bestuur, maar wat betref die organisasie van die skool, skoolgelde en ander finansiële sake en die opstel van die leerplan, is alles in die hande van die skoolhoof gelaat, wat in oorleg met die biskop opgetree het.[1)]

Selfs ná die stigting van die Bisdomlike Raad van Opvoeding in 1878, het die Biskop nog altyd 'n belangrike rol gespeel. Van al die vooraanstaande persone wat die meeste van die byeenkomste van die skool bygewoon het, het die biskop altyd die voorsitterstoel ingeneem. So is bogenoemde raad ook na die nodige wetsformalitei-

---

1) „The Friend": 2 April 1874.

te onder die gesag van die biskop ingelyf. [1]

2. Skoolkommissies:

Reeds met die eerste vergadering wat met die doel om die stigting van 'n Engelse skool in Bloemfontein te bespreek, deur dr. Twells gehou is, is twee komitees benoem:- „one to organize the ways and means for clergyman and schoolmaster; the other a "Building Committee" to look after the material edifices which must in time be constructed."[2] As lede van eersgenoemde komitee sou dien „William Collins, C. van Dyk, Van Zoelen en A.B. Roberts."[3]

Van hierdie twee komitees is egter nooit weer gehoor nie. Dit kan dus aangeneem word dat hulle 'n spoedige dood gesterf het, want in 1871 het die skoolhoof geskryf dat die skool nog steeds in 'n ou gebou voortgesit is wat deur die Goewerment aan hulle geleen is en dat hy verder gehoop het om genoeg fondse in te samel vir die oprigting van 'n skool en tenminste 'n deel van 'n huis vir sy eie gebruik.[4]

Ná 8 jaar was daar dus nog geen nuwe gebou nie. Die boukomitee het gevolglik net in naam bestaan of, indien daadwerklik, vir 'n baie kort tydperk. Die „School Building Committee" waarna verwys word in 'n brief van die biskop aan die aartsdeken,[5] is blykbaar in 1872 deur die Sinode van die Engelse Kerk gestig.[6] Wat die ander komitee wat moes sorg vir die besoldiging van die skoolhoof betref, kan net gesê word dat in die meeste van die destydse kerkskole die skoolgelde die salaris van die hoof gedek het.[7] Die komitee het

---

1) Notuleboek: 14 Jan. 1878.
2) „The Friend": 9 Oktober 1863.
3) „De Tijd": 7 Oktober 1863.
4) Bloemfontein Mission: 9 Feb. 1871.
5) Q.P. 30 Okt. 1873.
6) Bfn. Gazette, April 1872.
7) Bloemfontein Mission: 9 Feb. 1871.

dus blykbaar geen ernstige bestaansrede gehad nie, aangesien die prinsipaal self aan die begin boek gehou het van die dertigtal seuns.

'n Derde komitee is op 2 Oktober 1869 gevorm: „A special meeting of friends of the Grammar School and of the children was called by the master (the Rev. C. Clulee) to consider the advisability of forming a committee for the purpose of watching over and advancing the interests and progress of the school, when the following solutions were passed;

1) That it is advisable to have such committee and that the meeting proceed to constitute the same,

2) That the committee to be appointed consist of the President (the Curate in charge of the Parish), three members nominated by the President, and three elected by the meeting."

Die eerste lede van die komitee was mnre Home, Goodale, Thos. White, Coleman, J.M. Donaldson, en Beckley. Hulle sou tot April 1870 diens doen.[1] Verder is ook besluit dat 'n algemene vergadering van ouers, kinders en belangstellendes, asook persone wat een kind op skool (op eie onkoste) gehad het, die volgende Pase byeengeroep sou word.

Ook van hierdie komitee is niks meer verneem nie, en dis baie twyfelagtig of die vergadering waarna hierbo verwys word, ooit gehou is.

Die Sinode van die Engelse Kerk het gaandeweg meer belang begin stel in die onderwys aan die St. Andrew-kollege. In 1872 het hulle 'n gekose komitee aangestel „for respectfully memorializing the Hon'ble Volksraad upon the subject[2] and requesting pecuniary assistance."[3] Hierdie komitee is later „The Council of Education" ge-

---

1) „The Friend": 7 Oktober 1869.
2) Die Sinode was angstig om die Engelse opvoeding uit te brei en meer skole te stig.
3) Q.P. April 1872, bls. 23.

noem.

3. „Council of Education".

(a) Samestelling:

Die „Council of Education" was dus die eerste beherende liggaam wat aangestel is. Die lede is deur die Sinode van die Anglikaanse Kerk benoem en was dan ook direk aan hulle verantwoordelik. Verslag oor die uitvoering van die verskillende pligte wat aan hulle opgedra is, moes jaarliks tydens die sitting van die bisdomlike Sinode gelewer word. In 1874 het die Raad bestaan uit die volgende lede: „The Bishop of the Diocese, The Chapter of the Cathedral, The Rev. J. Bell, The Rev. D. McKenzie, F.K. Höhne, Esq., G. Page, Esq., E. Pavey, Esq., Dr. Robertson, T. White. Esq.[1]

(b) Magte en Pligte:

In „The Friend" van 13 Julie 1876 lees ons dat die Engelse skole (St. Michael-skool was die tweede Engelse skool en is in 1874 gestig) in Bloemfontein onder die algemene beheer van die „Council of Education" was. Hierdie algemene beheer waarvan melding gemaak word, het die volgende pligte omvat:

(a) Hulle was verantwoordelik vir die opstel van die memorandum wat jaarliks aan die Volksraad vir geldelike ondersteuning gestuur is.[2] In hierdie verband het die raad gerapporteer: „Your committee regret that in the Educational Ordinance passed by the Volksraad at its late session, no recognition is made of schools established under the English Church, and provisions are made which, if enforced, in the opinion of your committee render it impossible for such schools to be comprehended under the working of the Ordinance."[3]

---

1) „The Friend": 26 Nov. 1874.
2) Bfn. Gazette: April 1872 bls. 23;
Ook: „The Friend": 1 Junie 1876.
3) Bfn. Gazette: 16 Julie 1874.

(b) Hulle moes ondersoek instel na die moontlikhede van enige uitbreiding van die Engelse onderwys. In 1874 het die raad aan die Bisdomlike Sinode gerapporteer dat doeltreffende skole baie jare in vooraanstaande dorpe deur die Anglikaanse gemeenskap onderhou is. Alle stande van die bevolking het voordeel uit hierdie skole getrek en gelyke voorregte met die Engelse kinders geniet. Dit was 'n duidelike bewys dat die skole die vertroue en ondersteuning van die hele gemeenskap geniet het.[1)]

(c) Die metode van onderwys wat in die St. Andrew-kollege gevolg sou word, moes aan die raad vir goedkeuring voorgelê word.[2)]

(d) Die Raad sou enige voorstelle in verband met die verbetering van die metode van onderrig of bestuur van die skool van harte verwelkom. Dit sou ook sterk oorweging daaraan gee[3)] om die algemene vertroue van die publiek te wen.

(e) Die Raad moes die Kollege van tyd tot tyd besoek en aandag wy aan die aflê van eksamens, die puntetoekenning in die verskillende vakke, die register, dissipline en die algemene gees van die skool. Ná 'n dergelike inspeksie van die inrigting op Dinsdagoggend, 22 Junie 1875, het „The Friend" geskryf dat die Raad van mening is dat daar tekens van groot vordering was en dat daar aansienlike vordering gemaak is wat betref dissipline en geleerdheid. Bedagsaamheid en konsentrasie is gedurende die eksamen aan die dag gelê en dat alles in die skool van 'n ordelike en beleefde inslag was.

---

1) Bfn. Gazette: 16 Julie 1874.
2) Ibid.
3) Ibid.

4. „College of Education":

(a) Doel:

Die „Board of Education" het in 1877 plek gemaak vir die „College of Education". By die Bisdomlike Sinode-sitting van daardie jaar is die volgende besluit: „On the great subject of Education the Synod at that period could do little but recommend the incorporation of a College, which should have charge of the Educational work of the Church throughout the Diocese, to which its leading schools can be affiliated and which may exercise power of general supervision and inspection over other schools placed by the managers in connection with it."[1]

Die doel en werk van hierdie raad was dus soortgelyk aan die „Board of Education". Ook die samestelling daarvan was dieselfde: Die lede is gekies en aangestel deur die Bisdomlike Sinode aan wie die Raad dan ook verantwoordelik was. Vir belangrike sake in verband met die opvoeding het die sinode dus oor die Raad van Opvoeding beskik met die kanselier as hoof, bygestaan deur ander kanunnike en diegene wat aan die hoof gestaan het van die bisdomlike kolleges en skole, en wie se plig dit sou wees om statistieke te versamel, die eiendomme van die skool te beheer en 'n oog te hou oor die algemene beheer van die opvoeding wat met die goedkeuring van die kerk sou plaasvind.[2]

Die eerste vergadering van hierdie raad is op Donderdag, 17 Januarie 1878 aan die woning van die biskop gehou. Op hierdie vergadering was die biskop, aartsdeken Croghan, kanunnik McKenzie, kanunnik Doxat, ds. W. Gaul en C.O. Miles teenwoordig. Op voorstel van die

---

1) „The Friend": 18 Jan. 1877.
2) "Q.P. No. 48 April 1880.

aartsdeken is ds. Miles as registrateur en bibliotekaris aangestel. Ds. Gaul is as tesourier benoem.[1)]

(b) Statute van die „College of Education".

Vervolgens gee ons nou die statute van die „College of Education" soos voorgestel en aangeneem op die kerklike vergadering, gehou op 14 Jan. 1878 en opgeteken in die notuleboek van „The Diocesan College of Education".

I. Of the College:

(1) The College shall consist of a Provost and Fellows and the Bishop shall be the Visitor. It shall be incorporated under authority of the Bishop with the necessary legal form. It shall have power to sue and be sued in the name of the Provost and shall use a common seal.

(2) The College shall have charge of education in the Diocese, whether Theological or General, and shall administer properties and funds devoted to Educational uses.

(3) The College shall assemble once a year at such time as shall be appointed by the Visitor, and shall be summoned by citations through the Provost. Other meetings may be called if there be grave cause. One month's notice in all cases must be given. No formal meeting shall be held unless three priests be present. All questions shall be decided by a majority of votes, the Provost or, in his absence, his deputy having in case of equality a casting vote, and all Acts of the College require the confirmation of the Bishop in Chapter.

(4) Theological and Grammar Schools duly recog-

---

1) Notuleboek: 17 Jan. 1878.

nized as such by the College shall be Schools of the College

(5) The College shall appoint the Headmasters and Principals of its Schools. It shall have the power to remove the same for sufficient cause and after formal enquiry. It shall appoint the curriculum of Education and shall have general powers of inspection and supervision. It shall hold examination for and shall issue certificates of proficiency and, especially, it shall give certificates to Schoolmasters who apply for the Bishop's licence.

II. Of the Provost:

The Chancellor shall be Provost. He shall convene the College and preside at its deliberations. He shall be the chief executive officer and shall take measures that the Statutes are observed and the decisions of the College are carried into effect. He shall sign certificates and documents on behalf of the College.

III. Of the Fellows:

The members of the Chapter shall be fellows ex officio. Other fellows may be elected by the College at its annual meeting. All Fellows must be graduates of some University and be in full communion with the Church of the Province.

IV. Of Schools:

The curriculum of each School shall be arranged by the College, according to its circumstances, and after consultation with its Headmaster. From each School of the College, or each School placed under its supervision, a report shall be sent before the end of each year, on forms provided for the purpose, of the number and proficiency of the pupils and of the general condition of the school. Schools not within the corporation

but placed by their managers under the inspection and supervision of the College shall be open at all times to examination and inspection and shall receive suggestions for their improvement from the College.

V. Of Headmaster:

The Headmasters and Principals of its schools shall be appointed by the College Meeting duly convened, and shall be liable to removal for just cause after due enquiry and the formal decision of a College meeting, but an appeal to the Visitor shall be allowed. Headmasters shall appoint and remove their own assistants without control and shall be entrusted with the ehtire charge and discipline of their Schools.

VI. Of Property:

All property shall be held for and on behalf of the College by the Provost for the time being. No disposition of property by sale or otherwise shall be made without direction of the College formally through the Bursar.

VII. Of the Bursar:

The Bursar shall be the officer of the College for the administration of real property and funds belonging to or administered by the College. He shall have charge of all moneys and shall keep an account at some bank in his name officially. He shall render an account annually at the College meeting of all receipts, expenditures and monetary transactions.

VIII. Of the Librarian:

The Librarian shall be the officer of the College in charge of the Library. It shall be imcumbant upon him to maintain complete and in good order the books of the College and to obtain fresh books as the College at its meetings shall direct.

IX. Of the Registrar:

The Registrar shall be the officer of the College in charge of the books containing a record of the public transactions. He shall be present either personally or by deputy at all College meetings and keep duly attested minutes of the same, as also a record of all properties, endowments, bequests etc. belonging to or administered by the College together with an annual list of the Fellow-students and Scholars on the foundation of the College, and the names of the Schools, Headmasters and other certificated masters in connection therewith.

X. Of the Library:

The Library shall contain all books belonging to the College. No books shall be admitted into the Library without the sanction of the College, and no books shall be removed except in accordance with regulations made for that purpose by the College.

XI. Of the Printing Press:

At the College Printing Press shall be printed, if authorized at a College Meeting, such books, records and notices as shall seem good, the College bearing the expense of the same."

Dit was dan die regulasies van die „College of Education", die vernaamste beherende liggaam van die St. Andrew-kollege totdat dit in 1899 gesluit is. Selfs daarna het die Raad bly voortbestaan om te sorg vir die belange van die kerkkoshuis wat in 1901 in plaas van die skool geopen is.[1] Soos neergelê in die statute, het die Raad elke jaar vergader en soms selfs vier maal per jaar as daar dringende sake op afhandeling ge-

1) Q.P.,135, 18 Jan. 1902.

wag het.

Die statute van die „College of Education" het tot in 1895 onveranderd gebly toe daar op 'n vergadering, gehou op 7 Januarie van daardie jaar, die volgende klein veranderings aangebring is:

„ To omit sections 4 and 5 of Statute I and instead of Statute IV - Of Schools - beginning "The curriculum of each school" to read as Statute IV of schools".

Section (1) "St. Andrew's College, Bloemfontein, and other higher grade schools, of which the Diocesan College is the supreme governing body, shall be deemed Schools of the College, due regard being had in each case to the rights of local government and administration."

Section (3) "In the case of schools of the College the appointment and dismissal of Principals shall be subject to confirmation by the College at a meeting duly convened for the purpose."

Section (5) "The College shall arrange for the annual examinations of Schools of the College, and report of such examinations shall be sent in each case to the Provost."

Section (7) "Affiliated schools shall be open to inspection and, if the managers desire, to examination by Inspectors duly appointed by the College, and shall receive suggestions for their improvement from the College after their (the Inspectors') reports have been laid before it."

Die vernaamste ampte in die „College of Education" is van tyd tot tyd deur die volgende persone beklee.[1]

<u>Voorsitter van die Raad:</u>

(1878 - 1880) Ds. Douglas McKenzie

---

1) Notuleboek: 21 April 1899.

(1880 - 1882) Ds. C.O. Miles

(1882 - 1887) Ds. Davis G. Croghan

(1888 - 1895) Ds. W.A. Holbech

(1895 - 1899) Ds. Horace W. Orford.

Sekretaris van die Raad.

(1878 - 1880) Ds. C.O. Miles

(1880 - 1882) Ds. Neville Borton.

(1883 - 1895) Ds. Lyttelton

(1895 - 1899) Ds. H.W. Orford.

Tesourier van die Raad.

(1878 - 1883) Ds. W. Gaul.

(1883 - 1895) Ds. E. Bourdillon

In 1895 is mnr. John Dean Simmons natuurlik benoem as tesourier van die sub-beherende komitee.

5. Sub-beherende Komitee:

In dieselfde jaar is 'n onderkomitee deur die „Diocesan College of Education" benoem om op te tree as die beherende liggaam van St. Andrew-kollege. Dit sou beskou word as 'n komitee van die Raad van Opvoeding en sou bestaan uit drie lede van wie een as tesourier sou optree. Die komitee se vernaamste pligte sou die volgende wees:

(a) Die aanstelling en afdanking van die skoolhoof van die inrigting in oorleg met die voorsitter van die Raad van Opvoeding en onderworpe aan die goedkeuring van die raad volgens Statuut IV.

2. Skoolgelde soos deur kosgangers en dagskoliere betaal sou word, moes deur die komitee goedgekeur word.

Die eerste sub-beherende komitee het bestaan uit ds. Edmund Bourdillon, mnr. John Deane Simmons en die deken van Bloemfontein. Mnr. Simmons sou as tesourier optree. Verder is besluit dat hulle elke drie maande sou vergader en aan die Raad van Opvoeding tydens die jaarlikse vergadering verslag doen of wanneer dit ook

al wenslik geag mag word.[1)]

Op 'n vergadering, gehou op Vrydag, 21 April 1899, is die volgende wysiging in die samestelling van hierdie beherende komitee aangebring: „the Governing Committee of St. Andrew's College consisting of seven members, to be chosen from within or without the College of Education to be appointed annually - provided that not less than five are members of the Church of the Province."

„The following gentlemen were nominated to form the Governing Committee of St. Andrew's College for this year:

The Dean, the Rev. the Hon. A.V. Lyttelton, Mr. E. Bourdillon, Mr. Elkington, Mr. C.P. Brete, Mr. Musson, Mr. Gill - and failing the acceptance of the nomination by anyone of these Mr. Jas Collins and after him Mr. G.B. Ruscoe were nominated."[2)]

6. Die Skoolhoof:

Soos uit die voorgaande beskrywing afgelei kan word, het die skoolhoof geensins 'n baie aangename taak gehad nie. Die eerste twee skoolhoofde, Clegg en Cluleę, moes die hele bestuur van die skool op hulle skouers neem en moes na eie goeddunke, hoewel altyd met die Streeksbiskop se wete, optree.

Ná die instelling van die „Board of Education" deur die Sinode van die Anglikaanse Kerk in 1872, is sy pligte effens verlig. Die raad het die meeste van die eksterne werk oorgeneem. Die skoolhoof was nog steeds verantwoordelik vir alle interne pligte en nuwe besluite moes altyd aan die raad voorgelê word.

1) Notuleboek: Vergadering gehou op „St. Mark's Day,1895."
2) Ibid.: 21 April 1899.

Met die vorming van die „Council of Education" is die pligte van die skoolhoof vasgelê. Die pligte kan kortliks as volg aangegee word:

(a) Halfjaarliks moes daar 'n rapport oor die werksaamhede aan die St. Andrew-kollege opgestel word. Hierdie verslae is voor 1872 by geleentheid van die halfjaarlikse sluitingsfunksie wat deur die skoolhoof gereël is, in oorleg met die biskop aan die publiek voorgelees. Hierdie sluitingsfunksie het gewoonlik pas ná die halfjaarlikse eksamens geval. (Dié eksamens is volgens statuut I, deel (5) deur die skoolhoof in medewerking met die Raad van Opvoeding gereël.) Hierna is die verslae vir publikasie aan „The Friend", „The Express", en „De Tijd" gegee. Die skoolhoof se verslag het gewoonlik melding gemaak van die volgende.

(i) Enige veranderings in die onderwyspersoneel;

(ii) Getal seuns op skool;

(iii) Eksamens (skool- en openbare eksamens) wat deur hulle afgelê is;

(iv) Metodes van onderrig;

(v) Vakke wat onderrig is asook met die vordering wat in elke vak gemaak is;

(vi) 'n Volledige lys van die seuns wat presteer het, waarin hulle presteer het, en aan wie pryse toegeken is;

(vii) Vordering wat gemaak is en prestasies wat behaal is op sportgebied.

(viii) Algemeen.

(b) Na 1878 moes die skoolhoof elke jaar 'n verslag aan die Raad van Opvoeding op vorms wat spesiaal vir die doel voorsien is, instuur. Hierop moes verslag gedoen word van die getal leerlinge, van die onderwyspersoneel, van vakke wat aan elke klas onderrig is, van

die getal leerlinge wat vir die eksamens ingeskryf is en die getal wat suksesvol was, die aard en toestand van die skoolgeboue, huisraad en apparaat asook die skaal van die skoolgelde.[1]

(c) Die verantwoordelikheid vir die dissipline van die skool is in die geheel aan hom opgedra.[2]

(d) Assistente aan die inrigting is deur die skoolhoof in oorleg met die biskop aangestel en afgedank.[3] Hy moes ook sorg vir die bepaling van hulle salaris en reëlings in verband met hulle losies.[4]

(e) Hy moes die finansiële sake van die skool behartig en halfjaarliks verslag aan die „College of Education" doen. (Ná die instelling van die spesiale beherende komitee in 1895 was daar natuurlik 'n tesourier om die geldelike sake waar te neem). Verder was die skoolhoof ook verantwoordelik vir die invordering van die skoolgelde.[5]

(f) Hy moes sorg vir meubels en ander skoolbenodigdhede en die koop en verkoop daarvan in oorleg met die Raad van Opvoeding behartig.[6]

(g) Hy moes toesien dat die skool in 'n higiëniese toestand gehou word.[7]

(h) Hy moes sorg vir die oprigting van nuwe geboue wat deur die raad goedgekeur is.[8]

(i) Die organisasie van spele by die skool is aan hom oorgelaat. Die regte gees moes gedurig gehandhaaf word.[9]

(j) Die sorg van die kosgangers is geheel-en-al aan die skoolhoof en sy vrou oorgelaat.[10] Die eerste huis-

---

1) Notuleboek: 7 Jan. 1895.
2) Ibid.: 14 Jan. 1878.
3) Ibid.: „St. Marks Day" 1895.
4) Ibid.: 5 Jan. 1895.
5) Ibid.: 21 April 1893.
6) Ibid.: 8 Mei 1895.
7) Ibid.: 17 Maart 1892.
8) Ibid.: 24 Julie 1880.
9) Ibid.: 26 Jan. 1889.
10) Ibid.: 17 Julie 1891

vader, mnr. M.T. Elliot, is eers in 1899 aangestel.[1]

(k) Die inskakeling van enige nuwe vakke of veranderings in die leerplan en die opstel van die leerplan is deur die skoolhoof in oorleg met die raad waargeneem.[2]

Dit was dus voorwaar nie 'n baie maklike taak nie. Wat sake egter nog moeiliker gemaak het, was die skynbare laksheid waarmee sommige van die gekose komitees hul onderskeie pligte behartig het. As voorbeeld kan ons net die volgende uittreksels aanhaal: „The Provost stated that the Governing Commitee of St. Andrew's College had not had an opportunity of meeting since the close of the year....."[3] en „.....There having been no meeting of the St. Andrew's College Governing Comittee, The Provost read his own report as Principal...."[4] Aan die ander kant was die skoolhoof self nie te getrou met die inlewering van die verslag nie: „ - The College expressed its regret that at this important meeting no report of St. Andrew's College was before them".[5]

7. <u>Samevatting</u>:

Opsommend kan ons dus met betrekking tot die Beheer van die St. Andrew-kollege sê: Van tyd tot tyd was daar verskillende liggame wat beheer oor die inrigting uitge-oefen het. Tog was hulle almal verantwoordelik aan óf die biskop óf die Bisdomlike Sinode van die Anglikaanse Kerk. Die belangrikste beherende liggaam in hierdie tydperk was ongetwyfeld die „College of Education", wie se mag versterk is deur hul verantwoordelikheid vir die aanstelling van en besoldiging van skoolhoofde. Verder is beheer ook uitgeoefen deur die „Board of Education", verskillende komitees en die skoolhoof. Laasgenoemde was verantwoordelik vir alle interne organisasie en finansiële sake rakende die skool.

---

1) Notuleboek : 21 April 1899.
2) Ibid. : 14 Jan. 1878.
3) Ibid. : 13 Jan. 1898.
4) Ibid. : 21 April 1899. 5) Notuleboek : 9 Jan. 1890.

# HOOFSTUK V.

## DIE GELDSAKE.

### 1. WRYWING TUSSEN DIE ANGLIKAANSE KERK EN DIE VOLKSRAAD.

Hoe reg was die redakteur van „The Friend" nie toe hy 'n paar dae voor die aankoms van dr. Twells en geselskap geskryf het: „The advent of the prelate, the ministers and teachers, may date a new and intensely interesting epoch!"[1] Dat dit nou wel nie die begin van 'n nuwe tydperk was nie, is maar al te waar. Dat die aankoms van die biskop met sy twee Engelse onderwysers (wat voornemens was om pionierswerk op die gebied van die Engelse opvoeding in die Vrystaat te doen) egter 'n ongehoorde wrywing veroorsaak het, tussen die onderwys van 'n nuwe gemeenskap en die owerheid, kan nie in twyfel getrek word nie. Hoewel die algemene mening vòòr die aankoms van die biskop was dat die geluk en voorspoed van die gemeenskap sou toeneem namate die onderwys en godsdiensonderrig uitgebrei het, het die stigting van 'n andersoortige onderwys gou tot heelwat onaangenaamheid aanleiding gegee.

Miskien was daar tog ook diegene vir wie dit duidelik was dat vreemde onderwys onder dergelike omstandighede nie gladweg sou verloop nie. Dit was 'n uiters wyd verspreide gemeenskap;[3] daar was geen ouer en vaste onderwysstelsel[4] waarop voortgebou kon word nie en die inkomste van die skool sou weens die swak ondersteuning van die platteland[5] maar skraal wees. Daarom is dr. Twells as volg gewaarsku: „We trust that Bishop Twells, whatever be the system of the Church Government he may

---

1) „The Friend": 18 Sept. 1863.
2) Ibid.
3) Malherbe: „Education in South Africa." Bls. 352-353.
4) Van Schoor: Dr. Johannes Brill as onderwysfiguur in die O.V.S. Bls. 7-9.
5) Ibid.

institute, will never experience the untoward fate of having to appeal to the laws, as at present administered, in the Orange Free State. Should so deplorable a calamity ever occur, no one can foresee the consequences. .....Should it ever happen that points of ecclesiastical discipline, or investigations into the conduct of recalcitrant priests, are brought before our Volksraad or Executive we fear that it will be necessary to convert the Bloemfontein College into a lunatic asylum. .....Their united brains could never stand it - never!"[1]

In die eerste paar jaar het die Engelse „Grammar School" baie goed gevorder, maar toe die ywerige ds. Clulee as skoolhoof aangestel is en die Volksraad geweier het om die goeie werk wat hulle gedoen het, enigsins te erken, het hy hom baie sterk in 'n brief aan „The Friend" van 24 November 1870 in dier voege uitgelaat. Onder andere het hy geskryf dat daar nie 'n enkele staatsondersteunde inrigting in die Vrystaat was wat as 'n betroubare en permanente inrigting geëerbiedig kon word nie. Daar was oorgenoeg ruimte vir 'n verbetering van die stelsel. Hy het na die moeite verwys wat die ouers gedoen het om selfs net 'n redelik goeie opvoeding vir hulle kinders te kry.[2] Hy het vervolg dat die fout geheel-en-al by die verouderde maatreëls van die Volksraad gelê het. Hy het nuwe meer buigsame maatreëls geëis wat beter sou tred hou met die veranderende tye en die gemeenskap beter sou dien. Verder het die brief gelui dat die destydse maatreëls gebaseer was op omstandighede wat nie meer bestaan het nie. Hy het die Volksraadslede verwys na opvoedkundige aangeleenthede in Europa. 'n Studie daarvan sou hulle miskien meer op hoogte van onderwystoestande bring, het hy gemeen.

---

1) „The Friend": 11 Sept. 1863.
2) Sien ook: „Memoir of the late John Brebner". Bls.56.

Kort hierna het 'n tweede brief van Clulee gevolg.[1] Hierin het hy die verandering in die bevolking van die staat geskets. Die ontdekking van diamante in Kimberley in 1870 sou volgens hom meebring dat die bevolking, totnogtoe eenvoudig in behoeftes en strewe en nie baie gretig om opgevoed te word nie, hulle lewensmetodes geheel-en-al wysig: „ - a new element is springing up, a population entirely new in every respect, new in nationalities, new in modes of thought of vigorous fatigue and active habits, enterprising speculative and industrious."

Hy het vir die opvoeding van hierdie mense gepleit, vir hulp van staatsweë aan die Engelse skole wat ook graag tot hierdie groot saak van die opvoeding wou bydra.

Die feit dat die Volksraad nie baie gretig was om die Engelse skole aan te moedig nie, kan duidelik verstaan word as daar op hulle eie vraagstukke gelet word. Hoewel Ordonnansie no. 3 van 1854 bepaal dat Hollands of Nederduits die amptelike landstaal sou wees, het Engels in die daaropvolgende jare as omgangs- en handelstaal baie vordering gemaak.[2] In 1875 skryf Champion: „The English language has been for some time the principal branch of education amongst the better and more enlightened class of Boers." [3]

Ook Brebner, wat in 1874 deur die Volksraad as inspekteur benoem is,[4] het die taalkwessie as een van die grootste vraagstukke beskou, daar sommige ouers slegs Hollandse en ander net Engelse onderrig wou hê.[5] In die inleidingsartikel van „The Express" van 16 Augustus 1877 het die redakteur die mening uitgespreek dat Hollands

---

1) „The Friend": 15 Des. 1870.
2) Venter: Die Geskiedenis van die Dames Instituut „Eunice" bls. 136.
3) „The Friend": 1 April 1875.
4) U.R. Notule: 4 Mei 1874.
5) „Memoir of the late Rev. John Brebner". Bls. 56.

gaandeweg deur Engels vervang sou word, omdat daar te min aandag aan die landstaal gewy is. Die destydse hoof van die St. Andrew-kollege, Douglas McKenzie, kon met hierdie bewering nie saamstem nie. Hollands het net so min reg daartoe gehad as Engels om as die landstaal beskou te word. Selfs baie van die Volksraadslede kon nie Hollands verstaan nie. McKenzie het daarop gewys dat dit die wens van die mense van die land was dat hulle kinders in Engels en nie Hollands nie opgevoed moes word. Die dialek wat die kinders gebesig het was heeltemal voldoende om gewone gesprekke mee te voer, maar hulle was bewus van die feit dat hulle met 'n bietjie meer inspanning en moeite beheer kon kry „of a very much useful accomplishment."[1]

In die jaar 1878 het die stryd tussen die Volksraad en die Anglikaanse Kerk gedreig om 'n klimaks te bereik. Volgens „Ordonnantie Onderwijs, no. 1 - 1874[2] is £15,000 gestem vir ondersteuning aan skole en onderwysers, die Engelse skole uitgeslote. In 'n hewige aanval wat in „The Friend" geloods is, het die redakteur geskryf dat die ordonnansie reeds 'n proeftydperk van vier jaar deurgemaak het en dat dit 'n voldonge feit was dat almal wat iets van opvoedkundige toestande geweet het, glad nie daarmee tevrede was nie en ook nie gewillig was om die stelsel te ondersteun nie. Die skrywer was daarvan oortuig dat 'n jong en nuwe staat alles in sy vermoë moes doen om private ondernemings te steun. Volgens hom sou indiwidue en maatskappye baie goedkoper werk, met meer geesdrif en met meer kennis van die behoeftes van die distrik as 'n goed georganiseerde liggaam soos die staat. Hulle sou ook 'n groter vermoë besit om hulle aan te pas by daardie behoeftes. Verder het hy ge-

1) „The Friend": 23 Aug. 1877.
2) Malherbe: Education in S. Afr. Bls. 366.

sê: „Where would we be if the Government were to take over all the stores in the State, fill them with its own officials, and sell only what is thought the people ought to want? The case would be nearly as bad and even more unjust if, in the case of the taxes which all must pay, the Government were to subsidize one store in each town in order to enable that store to undersell the others and draw customers to itself." In Engeland was enige skool wat aan sekere vereistes van beheer voldoen het, geregtig op 'n skenking van die regering, wat in verhouding was met die vordering wat die leerlinge gemaak het in die sekulêre vakke wat deur die staat vereis is. Wanneer die staat gevind het dat daar goeie werk ten voordeel van hom gelewer is, is die helpende hand altyd met bevredigende gevolge uitgesteek.

Die skrywer wou weet of die openbare stelsel van onderwys wat die staatskole gehandhaaf het, nie beteken het dat dit slegs onder die beheer van die regering was nie, maar dat hulle ook in die behoeftes van al die klasse van die gemeenskap afgesien van kleur, ras of geloof in gelyke verhouding moes voorsien nie? Hy kom tot die gevolgtrekking dat, in hierdie lig gesien, dit tog baie raadsamer sou wees om die Engelse stelsel te volg wat enige skool onder 'n permanente beherende liggaam toegelaat het wat gewillig was om hom te onderwerp aan die besoeke van die inspekteur en sodoende 'n toelaag te ontvang volgens die vordering wat gemaak is in die onderrig van sekulêre vakke. „What is it to the State if one religious body or another, if one nationality or another, chooses to set up a school of its own, provided it teaches the subjects required by the State, and provided it does not insist upon instilling its own

religious principles into the children of parents who object to them?" Die Engelssprekendes moes ook swaar belastings betaal en was dus heeltemal geregtig om te protesteer teen die feit dat hulle nie enige hulp van die staat kon geniet nie, „just to satisfy certain doctrinaire or visionary politicians."

Ten slotte het „The Friend" gesê dat 'n skoolopvoeding wat voorgee om openbaar te wees, nie voorkeur mag gee aan een of 'n groep van 'n bepaalde geloofsliggaam nie. Hoewel dit mildelik deur die Volksraad gesteun word, het die Nederduits-Gereformeerde Kerk geen reg gehad om aanspraak te maak op die naam „gevestigde kerk" nie. Die toelae is toegeken uit die belastings wat deur die hele bevolking betaal is.[1]

'n Week later het „The Friend" weer syfers aangehaal om te toon dat in 1877 die Volksraad byna £10 per leerling aan die skole wat hy ondersteun het, uitbetaal het. Nogtans was daar 'n hele paar skole in die Vrystaat wat nie erkenning ontvang het nie en dus nie geregtig was op enige toelae nie, hoewel dié skole net so bekwaam was of net so bekwaam gemaak kon word om die werk teen die helfte van die koste te doen.[2] Wat die ondersteuners van die Anglikaanse Kerk dwars in die krop gesteek het, was die feit dat die ordonnansie Grey Kollege as die enigste skool vir seuns beskou het ten spyte daarvan dat die beherende liggaam (die kuratore)[3] deur die N.G. Kerk benoem is. Ook Eunice-skool het staatstoelae ontvang, hoewel die aard van die konstitusie van die skool dit geheel-en-al buite die bestek ordonnansie geplaas het. Volgens die koerant moes die toekenning van staatsteun nie slegs op geregtigheid berus nie, maar die hele saak moes in 'n meer liberale, ingeligte en ekonomiese rigting gestuur word sodat skole wat nie deur die be-

1) „The Friend": 11 April 1878.
2) Ibid.: 18 April 1878.
3) Malan: Onderwys in die Oranje Vrystaat Bls. 294

palings van die ordonnansie gedek is nie, dieselfde voorregte kon geniet.[1])

Op 9 Mei 1878 het „The Friend" die volgende aanbevelings gemaak: (a) Voorsiening moes deur die Volksraad gemaak word vir die erkenning en hulp aan enige skool wat suksesvolle onderrig gegee het in sekulêre vakke wat deur die regering aanbeveel is en wat onder 'n sterk en betroubare beherende liggaam gestaan het.

(b) Die ordonnansie moes vry wees van enige godsdienstige bepalings van enige soort.

(c) Die heersende brandende vraagstuk of Hollands of Engels of albei onderrig moes word, moes aan die beslissing van die skool oorgelaat word.[2])

Ook uit Port Elizabeth het 'n stem hom in verband met hierdie „bickering in Bloemfontein between the English Church authorities and the Volksraad in the matter of the schools managed by the former", laat hoor. Hy was die mening toegedaan dat die Engelse inwoners van die staat maar al te bewus was van die invloed wat hulle uitgeoefen het en van hulle regte wat hulle dientengevolge kon opeis. Hulle het ruim bygedra tot die staat se rykdom, geestelike ontwikkeling en voorspoed. Slegs op blote geregtigheid af kon staatsteun nie so hopeloos in die guns van die Nederduits-Gereformeerde Kerk toegeken word nie. Vanaf 1872 is memorandums jaar ná jaar na die Volksraad gestuur. Elke keer is dieselfde teleurstellende antwoord ontvang. Indien die Anglikaanse kerkskole onder die beheer van die Volksraad geplaas sou word, sou hulle ook in al die toeslae kon deel. Hierdie voorwaarde kon natuurlik nie aanvaar word nie.

1) „The Friend": 18 April 1877.
2) Ibid.: 9 Mei 1878.

Die skrywer het verwys na die twee hoofinrigtings van onderwys in die staat - Grey Kollege en Eunice -,. wie se belange hoofsaaklik by lede van die N.G. Kerk gerus het. Hulle moes óf oopgestel word vir openbare onderwys in die ware sin van die woord, óf die regering moes ander eenrigtingskole ook help. Daar moes 'n regverdige verdeling van die toelaag geskied. Hierdie verdeling moes op 'n halfjaarlikse eksamen gebaseer word waaraan kinders wat tot 'n sekere standaard gevorder het, onderwerp kon word.

Vir die skrywer het dit duidelik geblyk dat daar diegene was wat beweer het dat die Anglikaanse Kerk vyandig gesind teenoor die Volksraad was. Syns insiens was dit egter die toppunt van ongeregtigheid om so 'n bewering te maak, omdat die Anglikaanse Kerk in die Vrystaat nog nooit enige politieke standpunt ingeneem het nie. Nog minder is so 'n standpunt ooit deur enige van die lede ingeneem nie. Die Engelse predikante en onderwysers is beskou as: „perverters of the reformers' creed". Verder het die brief gelui: „.... it ('die Anglikaanse Kerk) has contributed more to the peace of the land and the prosperity of the people than many people would feel disposed to give credit for ... a fair share in the educational grants, unfettered by the conditions of bigotry and intolerance, is what, on very many self-evident grounds, it possesses a fair and just claim to."1)

Hierdie toedrag van sake het die Hollandssprekende gedeelte van die bevolking egter nie laat stil sit nie. Al hierdie bewerings wat deur lede van die Anglikaanse Kerk gemaak is, het ook kommentaar van hulle kant uitgelok. Die kern van hul reaksie kan miskien gevind word in twee artikels wat in 1878 en 1880 in „The Express"

---

1) „The Friend": 29 Mei 1879.

verskyn het.

In die eerste artikel wat op 9 Mei 1878 verskyn het, was die skrywer van mening dat die stelsel wat deur die Anglikaanse Kerk voorgeskryf word, nl. dat alle skole, afgesien van wie die stigters was, staatstoelae moes ontvang, daartoe sou lei dat die skole van verskillende liggame wat alreeds gestig was of nog gestig sou word, nie die kinders sou saamvoeg nie, maar wel sou verdeel. Van kleins af aan sou hulle dus geleer word om hulle van mekaar verskillend te voel, omdat hulle toevallig tot die een of ander geloof of nasionaliteit behoort het. As teenwig teen die gevaar van verdeling het die Volksraad dus hulle onsektariese skool tot voordeel van almal, ongeag geloof of nasionaliteit, gevestig en onderhou. Daar sou die kinders daaraan gewoond gemaak word om mekaar as toekomstige burgers van dieselfde staat te beskou.

Die skrywer het ook gewys op die onvermoë van die voorgestelde Engelse metode om by die toendertydse omstandighede aan te pas. Die groot probleem van opvoeding, soos hy dit ingesien het, was om die onderwys aan alle lede van die wydverspreide gemeenskap beskikbaar te stel. Hierdie vraagstuk kon alleenlik deur die regering opgelos word en nie deur die Anglikaanse Kerk nie: „If we are anxious to educate the entire population, then we can avail ourselves of nothing else than the, as much as is possible, undenominational Government School."

Ten slotte het die skrywer ook finansiële sake behandel. Die Ned. Ger. Kerk kon nie soos die tak van die Engelse Kerk wat daar gestig is, op die rykdomme van die moederland rugsteun nie. Dit was maar te duidelik dat die duisende ponde wat die Anglikaanse Kerk in die paar jaar in Bloemfontein gespandeer het, nie uit die sakke

van die klein Anglikaanse gemeente gekom het nie.

'n Tweede artikel in hierdie verband neem die vorm aan van 'n inleidingsartikel in „The Express" van 12 Augustus 1880. Hierin het die skrywer te kenne gegee dat syns insiens, dit die reg van die mense van 'n land was om te bepaal wat die landstaal sou wees. Dit het hulle dan ook gedoen en besluit dat dit Hollands moes wees. Dit was dus vanselfsprekend dat die Volksraad daarop moes aandring dat toekomstige burgers van die staat Hollands moes aanleer. Hy vervolg: „We submit with all deference that the tone of the English Schools in the Free State is the reverse of patriotic..." Daar moes altyd in gedagte gehou word, sê hy, dat 'n baie groot aantal kinders in die Anglikaanse Kerkskool in Bloemfontein nie Vrystaters was nie, maar vreemdelinge van die diamantvelde en elders. Die Volksraad was dus onder geen verpligting om hulle stelsel van onderwys so te verander om in die behoeftes van vreemdelinge te voorsien nie, nog minder in dié van afvallige Afrikaners wat vir hulle eie taal skaam geword het nie. Die skrywer kon nie insien hoe die Engelse stelsel van opvoeding deur die Vrystaat oorgeneem kon word nie, of hoe dit selfs die steun en aanmoediging van die Volksraad kon geniet nie ..... „those who prefer a system of education eminently unnational and unpatriotic, must indulge their whims at their own expense."

Teenstanders van die beleid van die Volksraad het gesê dat die onderrig van Hollands 'n ernstig struikelblok in die weg van vooruitgang in die ander vakke was. Hy het egter gewys op die feit dat Grey Kollege gereeld kinders opgelei en weggestuur het om die staatsdiens-, matrikulasie of onderwyserseksamen af te lê, en dat hy heelwat onderskeiding daarmee behaal het. Aan die ander kant het St. Andrew-skool nie een seun met die nodige

sertifikate in die staatsdiens gehad nie. Daar was nog nie een vir die onderwyserseksamen opgelei nie en daar was slegs een wat in die matrikulasie-eksamen geslaag het. En hy het die grootste deel van sy opleiding in die Kaapkolonie ontvang.

Dit was dan die stryd wat daar van 1870 tot 1880 tussen lede van die Anglikaanse Kerk en ondersteuners van die Volksraad aan die gang was. Die oorsake van hierdie wrywing is duidelik. Aan die een kant was daar diegene wat gevoel het dat alle skole wat bygedra het tot die finansier van onderwysaangeleenthede in die staat, mildelik gehelp moes word. Hulle het toegegee dat die Engelssprekendes en ander Europese rasse verreweg in die minderheid was, maar dat hulle tog 'n reg gehad het om ook skole te verskaf. Hulle het voorgegee dat hulle nie daarna sou strewe om skole te stig wat deur die meerderheid ondersteun sou word nie. Hulle het egter daarby vas gestaan dat in 'n republiek die Volksraad nie een skool so geweldig sou subsidieer dat dit 'n skadelike uitwerking op die skole van kleiner groepe sou hê nie, veral nie nadat hierdie minderhede hulself bereid verklaar het om hulle eie skole so in te rig dat hulle aan die vereistes van die onderwyswette van die Vrystaat sou voldoen nie: „The English Church Schools are ready to submit to the Government Inspector, to adopt the Government standards he has drawn up, to teach Dutch to all the children, whose parents wish them to learn it, to allow the free operation of the conscience clause: all they claim is payment by results."1)

Teenoor hierdie groep was daar diegene wat van mening was dat indien St. Andrew-skool nie deur die staat ondersteun is nie, dit uit 'n ander bron onderhou moes

---

1) „The Friend": 19 Aug. 1880.

word. Hulle was van mening dat die inrigting net so veel uit Engeland sou kry as wat die Grey-Kollege van die staat sou ontvang. So nie is hulle onderwysers se salarisse uit ander bronne geput. Dit sou gevolglik beteken dat hulle 'n ander doel be-oog het. Hulle standpunt was: „We object to see them supported at the expense of our State schools. We will, and shall have our own schools independent of English influences. We will give them the necessary support, and will not allow them to be decried for the purpose of giving English schools a lift."1)

2. MEMORANDUM VAN DIE ANGLIKAANSE KERK AAN DIE VOLKSRAAD.

(a) Inleiding:

Tydens die Bisdomlike Sinode van 1872 is besluit om 'n gekose komitee aan te stel om 'n memorandum op te trek wat aan die Volksraad gestuur sou word waarin geldelike steun gevra sou word.2) Luidens die Volksraadsnotule is in die begin min aandag aan hierdie versoekskrifte geskenk. In die meeste gevalle is die memorandum óf sonder meer van die hand gewys óf na die Uitvoerende Raad verwys. Laasgenoemde prosedure het gewoonlik ook die einde daarvan beteken. So moes die gekose komitee in 1874 berig dat hulle pogings om staatsteun te bekom nog met geen welslae bekroon is nie. Selfs die Onderwys-ordonnansie van 1874 het absoluut geen voorsiening gemaak vir skole wat deur die Anglikaanse Kerk gestig is nie.3)

(b) Inhoud van Memorandum van 1875.

In 1875 is die stryd egter weer aangeknoop en het die gekose komitee onder aanvoering van J.W. Barrow die volgende memorandum aan die Volksraad voorgelê.4)

---

1) „The Express": 12 Aug. 1880.
2) "Bfn. Gazette: April 1872 Bls. 23.
3) Ibid.: 16 Julie 1874.
4) V.R. Bylae. 239, 1875.

1) In Bloemfontein alleen is £9850 vrywilliglik deur die Anglikaanse Kerk vir die oprigting van geboue belê wat vir opvoedingsdoeleindes gebruik is. Groot somme geld is bestee om onderwysers aan te stel wat dienste tot voordeel van die hele land gelewer het.

2) Die werksaamhede was in krag en omvang nog steeds aan die uitbrei. Die inspekteur van onderwys het die volste geleentheid gehad om hom te oortuig van die gesonde aard van die werk in hierdie skole.

3) 'n Groot gedeelte van die inwoners van die staat het die behoefte aan 'n Engelse onderwys gevoel. (Altesame 130 kinders het in 1875 van 13 onderwysers in Engelse skole onderrig ontvang - 36 aan die St. Andrew-kollege).

4) Daar is gevoel dat almal wat bygedra het tot die staat se inkomste die reg gehad het om te deel in die staatstoelaag vir opvoeding en ander doeleindes.

(c) Bespreking:

Met die sitting van die Volksraad op 21 Julie 1875 is die memorandum van eerwaarde J.W. Barrow gelees. 'n Memorandum „van den Raad van Opvoeding van de Synode der Engelsche Episcopaalsche Kerk en 84 anderen vragende de som van £1000 tot ondersteuning der scholen van die gezindheid" is ook bespreek. Ons gee die bespreking wat hierop gevolg het kortliks weer.1)

„De heer Klijnveldt licht deze memories nu toe, en vindt het verzoek niet onbillijk." Hy het egter gesê dat indien die raad 'n subsidie toestaan, die skole ook onder die gesag van die inspekteur sou moes ressorteer. Hiertoe het die Anglikaanse skole hulle egter bereid verklaar. Hy was die mening toegedaan dat die inspekteur 'n bevredigende verslag oor die skole sou kon

1) V.R. Notule: 21 Julie 1875.

uitbring, indien hy daarom gevra sou word.

Die heer Roux kon egter nie met hierdie sienswyse saamstem nie, omdat die fonds syns insiens slegs gestig is vir die gebruik van regeringskole. Die Raad kon nie nou oorgaan om die skole van 'n besondere geloofsrigting te subsidieer nie, daar dit in 'n groot mate inbreuk sou maak op die bestaande ordonnansie. Dit sou meebring dat die raad sy eie wet op die onderwys (Ord. No. 1, 1874) verbreek.

Raadslid Cilliers het toe op die nasionale bepalinge van Ord. No. 1, 1874, waarby 'n gewetensklousule ingevoeg is, gewys.

Raadslid Peeters het daarop gewys dat die skole reeds lank bestaan het en dat onderrig aan baie kinders verskaf is. Die bedrag van £15,000 wat toegestaan is, is gedeeltelik ook uit die bydraes van hierdie mense saamgestel en omdat hulle dus dank aan die Engelse skole verskuldig was vir die werk wat hulle gedoen het, moes 'n sekere bedrag aan die petisionarisse gegee word. Hy het dus voorgestel dat 'n bedrag van £1000 in die begroting ten behoewe van die Engelse onderwys gestem moes word op voorwaarde dat die inspekteur die reg sou hê om hierdie skole te besoek.

Raadslid Venter het aangetoon dat die Raad jare reeds getrag het om 'n behoorlik omvattende opvoedingstelsel daar te stel wat sou lei tot die vorming van een nasie en die aankweking van vaderlandsliefde. Die doel wat nagestreef moes word, moes die uitskakeling van indoktrinasie van een besondere godsdiensrigting wees. Daar moes beoog word om die verskillende elemente in die volk in een te laat smelt. Hy het dit dus nie gerade geag om die skole van groepe te subsidieer nie.

Raadslid Vergottini het daarop gewys dat die Grey-Kollege nie meer kinders kon inneem nie en dat dit ook

nie paslik was om onderskeid tussen die skole te maak nie. Syns insiens het die petisionarisse ʼn reg gehad om aanspraak te maak op ʼn gedeelte van die £15,000.

Raadslid Collins het ook die versoek van die petisionarisse gesteun op grond daarvan dat hulle reeds ʼn lang tyd met ywer en liefde in belang van die onderwys besig was. Deur toekenning van staatstoelae sou die Volksraad syns insiens ook meer direkte beheer oor hierdie skole kon uitvoer.

Raadslid Krüger het nie saamgestem nie. Die raad kon syns insiens nie een van sy eie maatreëls gaan ondermyn deur ondersteuning te verleen aan skole wat in alle opsigte privaat was en onder ʼn afsonderlike Raad van Opvoeding geressorteer het nie.

Raadslid T. de Villiers het sy beswaar teen die toeken van staatsteun op die bepalinge van die ordonnansie gegrond. Die geld wat vir onderwys beskikbaar gestel is, kon slegs volgens die bepalinge van die ordonnansie bestee word. Volgens hom kon die petisionarisse in die staatstoekenning deel deur Protestantse godsdiensbeginsels in hul skole toe te pas, maar of hulle hiertoe sou oorgaan, was weens geloofsbeginsels twyfelagtig.

President Brand was ook die mening toegedaan dat die Engelse skole eers in alle opsigte onder die Ordonnansie moes ressorteer ten einde ʼn jaarlikse toelaag te ontvang. Die raad kon egter die werk wat hulle in die verlede gedoen het, erken.

Die voorstel van Raadslid Klijnveld is daarna aanvaar. „De Raad in aanmerking nemende wat door de Episcopaalsche Kerk voor Onderwijs gedaan is in dit land, besluit om aan de scholen van die Kerk eene gratificatie te geven van £500, en geeft tevens aan de memorialisten te kennen dat wanneer zij zich bereid verklaren om te komen onder de bepalingen van Ordonnantie No. 1, 1874,

hare scholen tot een nader te bepalen bedrag ondersteuning uit het Schoolfonds zullen kunnen genieten."[1]

Diegene wat ten gunste van die voorstel gestem het, was: mnre. Peeters, Klijnveld, Vergottini, Collins, Radloff, Steijn, Bester, Cilliers en McKechnie.[2]

Die Anglikaanse Kerk het dus eindelik daarin geslaag om na twaalf jaar iets van die Volksraad as 'n erkenning vir die goeie werk wat hulle gedoen het te kry. Min het hulle egter geweet dat hierdie skenking die laaste in 'n baie lang tydperk sou wees. In die daaropvolgende jare het die Anglikaanse Kerk gereeld 'n memorandum aan die Volksraad gestuur, dog sonder veel sukses. Volgens die memorandum van 1876, opgestel deur Edward Pavey, „pro-Honoraire Secretaris van de Raad van Opvoeding aangesteld door de Synode der Engelsche Epischopaalsche Kerk, verzoekende eene toelage van £1000."[3] blyk dit dat die Anglikaanse Kerk maar al te graag hulle skole binne die veld van die ordonnansie wou plaas om ook 'n jaarlikse toelaag van die Volksraad te ontvang. Die moeilikheid was egter dat die bestaande ordonnansie hoegenaamd geen voorsiening gemaak het vir die inskakeling van die betrokke skole nie. Daar is dus deurgaans gepleit vir sodanige veranderinge in die ordonnansie dat die wens van die Anglikaanse Kerk om saam met die regering te werk, vervul kon word.

(d) <u>Brief van Brebner:</u>

Volgens 'n brief van Brebner, inspekteur van onderwys in die Vrystaat, in 1876 gerig aan raadslid Peeters (Smithfield), is dit duidelik dat die Volksraad nie baie gretig was om enige veranderings aan die toenmalige stelsel aan te bring nie.[4]

---

1) V.R. Notule: 25 Julie 1875.
2) „The Friend": 25 Julie 1875.
3) V.R. Bylae: No. 243, 1876.
4) Ibid.

Nadat hy met lede van die Anglikaanse Kerk beraadslaag het, het inspekteur Brebner tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

(a) Die bedoeling van die ordonnansie is om slegs een skool van dieselfde soort in elke dorp te ondersteun. Solank as daardie skool genoeg ruimte en onderwysers vir al die kinders van die dorp bied, kon daar geen rede wees waarom 'n tweede skool ondersteun moes word nie.

(b) Die opvoeding en onderrig in die skole wat deur die Volksraad ondersteun is, was aan geen bepaalde kerkgenootskap verbonde nie sodat al die beginsels van die verskillende denominasies gehandhaaf kon word. Om hierdie algehele onafhanklik te verseker, is kommissies deur die publiek gekies wat dan bestuur is deur onderwysers wat ook deur die publiek benoem en deur die hoof van die staat aangestel is. Daarom was dit nie verpligtend om godsdienslesse by te woon nie.

In die Engelse skole was dit egter geheel-en-al anders gesteld. Die Raad van Opvoeding is deur die Anglikaanse Kerk aangestel en die skole is deur die raad of die biskop bestuur - in elk geval deur 'n kerklike liggaam. Volgens inspekteur Brebner was daar dus 'n geweldige verskil in beginsels tussen die twee stelsels en daarom kon hulle nie tegelykertyd in werking gestel word nie. Indien die versoek toegestaan sou word, moes alle kerkgenootskappe ondersteuning geniet. Die erkenning ter waarde van £500 van die vorige jaar is nie uit die onderwysfonds nie, maar uit die landskas betaal.

(c) Van die 200 leerlinge aan wie die Anglikaanse Kerk voorgee om onderrig in Bloemfontein te gee, het sommige gekom uit 'n „Meisjesschool" onder leiding van die susters, 'n „Infant School" onder leiding van Mej. Blackwell en ook 'n skool vir Kleurlinge. Volgens die ordonnansie kon die skool vir Kleurlinge geen ondersteuning kry nie,

en geen afsonderlike meisieskool het tot daardie tyd toe enige toelaag van die regering ontvang nie. Daar is egter tevore slegs 'n geskenk aan die boufonds van die Dames-Instituut gemaak. Dit was dus veral weens hierdie bevindinge van Brebner dat enige toelaes of skenkings aan die Anglikaanse Kerkskole in 1876 geweier is. In 1877 is 'n memorandum van McKenzie afgekeur[1] en in 1778 een van J.B. Brown en A.W. Beck met 568 naamtekeninge.[2]

(e) <u>Memorandum van die Anglikaanse Kerk aan Die Volksraad - 1879</u>:

Met die instelling van die „College of Education" in 1873 is die stryd van nuuts af aangeknoop. Met behulp van genoegsame publisiteit in die verskillende koerante en deur middel van verskeie afvaardigings van raadslede, is die weg gebaan vir die memorandum wat in 1879 deur die voorsitter van die Raad van Opvoeding, Douglas McKenzie, ingedien is.

Op 2 Junie 1879 is die volgende memorandum dan ook in die Volksraad bespreek. Dit word weergegee soos gevind in „The Friend" van 12 Mei 1879.

1. „That at the last sitting of your hon. House it was intimated that, if the schools under the supervision of your memorialists could be brought under the provisions of the Education Ordinance, they would then be able to receive grants from the State.

2. That some of the members of the hon. the Volksraad expressed a wish to know in what respect your memorialists felt themselves aggrieved by the Ordinance.

3. That your memorialists heartily desire to work together in better arrangement with the Government system of Education; that they have heard with satisfaction that some changes will probably be made in the Ordinance,

---

1) V.R. Notule - 5 Julie 1877. Ook V.R. Bylae No. 247-1877.
2) V.R. Bylae, No. 250, 1778.

and they hope that under the Ordinance so altered, they will be able to co-operate with the Government.

4) That they heartily support the proposals which will be laid by the Inspector of Education before your hon. House, namely:- (a) That the Landdrost alone will be ex-officio member of the School Committee (b) That no dogmatic teaching shall be given during the ordinary school hours (c) That parents shall have full liberty to determine whether their child shall be instructed in the Dutch language, or in the English, or both.

5) That, if these proposals be adopted, the objections of your Memorialists to the Ordinance will practically cease to assist, so far as the Ordinance makes provision for the country places and the other towns of the State.

6) That, in Bloemfontein, however, the present working of the Ordinance favours in the highest degree one religious community alone, for it altogether excludes all schools except those belonging to the Dutch Reformed Church, whereby real grounds of complaint are given to the taxpayers who do not belong to the said Church, and that this grievance concerns not Bloemfontein alone but also the whole State; because the higher education is given in the Bloemfontein Schools, which institutions possess thereby a more than merely local character.

7. That there is reason to fear that this unfair and denominational character of the Ordinance may possibly become more marked.

8. That, the Grey College is an institution of which the Curators are appointed by one religious community, and that the Eunice Institute is likewise managed by a committee in the election of which the public has no voice; and that, although some of the Curators of these schools must be officials of the State, they also are

elected by the Ring of the Dutch Reformed Church, whereby the Schools, though so called, do not become really public in the true sense of the word.

9. That, notwithstanding the foregoing, the Education Ordinance of 1874 adopted the Grey College, and it is now proposed to adopt the Eunice Institute, so that these may be the chief schools of the Government system, without causing the management of them to be put on a public footing, to the injury of other schools which have an equal right to claim support from the State, inasmuch as expensive buildings have been erected for them at no expense to the State. They are well managed by the religious community to which they belong (the members of which pay taxes to the State), they enjoy the confidence of the public, and are working for the welfare of the land.

10. That it has been found that the first principles of the Ordinance are not applicable to Bloemfontein, and it has been necessary to transgress them in order to include the Grey College, and it will again be necessary if it be resolved to include the Eunice Institute, that the committee elected under the Ordinance has had only a nominal existence, which may be taken to show the anomalous and unsatisfactory character of the Ordinance, so far as it relates to Bloemfontein.

11. That your memorialists are aware that the buildings of the Eunice Institute have been transferred to the Government, but they wish to remind your Hon. House that (as was not the case with the school of your memorialists) by far the greater part of the building fund consisted of grants made by the State, and given upon that condition, and that, with this exception, the responsible management of both the Grey College and the Eunice Institute is as private and denominational as that of the schools managed by your memorialists.

12. That in the interests of justice and the general welfare, your memorialists beg to make the following further proposals:
(a) That inasmuch as the School Committee chosen under the Ordinance is not applicable to Bloemfontein, on account of the older foundation and the more than local character of the Bloemfontein Schools, a special and larger committee shall be appointed, partly nominated by the Executive Council and partly elected by the inhabitants. (b) That this Committee shall exercise general oversight over all the various schools at Bloemfontein which shall place themselves in connection with it, thereby assuring the agreement of the curriculum with the provisions of the Ordinance, and shall hold half-yearly examinations, without however interfering with the internal discipline and management, just as the Bloemfontein Committee may not now interfere with the Grey College. (c) That all schools thus working under the oversight of this Committee shall be considered equal in the eye of the law, and receive grants in proportion to the number of their pupils and their efficiency.
13. That, if the Hon. the Volksraad, does not feel itself able to alter the Ordinance in accordance with this memorial, such other relief and help may be given to your memorialists as under the circumstances may appear just and fair."

Hierdie memorandum is baie breedvoerig bespreek, waarna besluit is om op voorstel van raadslid Cilliers, gesekondeer deur raadslid de Wet, die Anglikaanse skole 'n jaarlikse toelaag van £100 te gee.[1] Hierdie toelaag is jaarliks vanaf 1879 tot 1899 aan die kollege gegee. Op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding op 4 Junie 1879 is egter besluit dat die toelaag slegs aangeneem kon word as die raad die toelaag na eie goeddunke kon ge-

---

1) V.R. Notule: 2 Junie 1879.

bruik. Hierdie voorwaarde is toegestaan.[1] Die £100 wat in 1879 aan hulle gegee is, is as volg gebruik: £75 is as salaris betaal aan 'n Hollandse onderwyser aan die St. Andrew-skool en „St. Michaels Home." Die ander £25 is as indiwiduele toelaes uitbetaal.[2]

Die Anglikaanse Kerk het daarna steeds getrag om verdere toelaes van owerheidsweë vir hulle skole te verkry, maar die memorandums om verdere hulp is altyd verwerp.[3]

(f) Finansiële Administrasie:

Met die stigting van die „Grammar School" moes die skoolhoof die gelde van die skool insluitende klasgelde administreer en hy was ook verantwoordelik vir die vereffening van rekeninge. Mettertyd het daar egter 'n verandering gekom en is daar 'n „Board of Finance" in die lewe geroep.[4] Hierdie liggaam het die eksterne beheer van die geldsake van die skool waargeneem. Die taak van die skoolhoof is dus aansienlik verlig. Die „Board of Finance" het beskik oor sy eie tesourier,[5] soms ook „Commissionary"[6] genoem. Laasgenoemde was verantwoordelik vir die publikasie in die „Quarterly Paper of the O.F.S. Mission" van enige bydraes wat aan die skool gegee is. Hierdie blad het elke drie maande verskyn en het, uitgesonderd die finansiële toestande van die Anglikaanse Kerk en skole, ook 'n oorsig gegee van die werk wat in die verskillende wyke van die Anglikaanse Kerk gedoen is.

Met die instelling van die „College of Education" in 1878, het toestande min of meer dieselfde gebly. Die „Board of Finance" het bly voortbestaan, maar toe moes

---

1) Notuleboek: 4 Junie 1879.
2) Ibid.
3) V.R. Notule: 3 Julie 1883.
4) Q.P., Oktober 1873.
5) Q.P., No. 34, Oktober 1876.
6) Q.P. No. 26, Okt. 1874.

hulle ook elke halfjaar 'n volledige verslag aan bogenoemde raad indien. Hierdie verslag is dan,tesame met die verslag van die huishoudelike finansies van die skool bespreek. Die verslag is dan aan die Bisdomlike Sinode van die Anglikaanse Kerk wat eenmaal per jaar vergader het, voorgelê.

Die „Board of Finances" moes ooreenkomstig Statuut I, seksie II, van die „College of Education" sy bevele van die raad neem en moes altyd in oorleg met die raad optree. Hierdie bepaling het gelui: „The College shall have charge of Education and shall administer properties and funds devoted to Educational uses."[1] Verder moes die tesourier (wat dus tesourier was van die Raad van Opvoeding sowel as van die „Board of Finances") volgens statuut VII 'n rekening by enige bank op sy naam open en daar moes van alle kwitansies, uitgawes en finansiële transaksies boek gehou word.[2]

Met die instelling van 'n aparte beheerliggaam vir die St. Andrew-kollege in 1895, moes een van die drie lede van bogenoemde liggaam dien as tesourier, m.a.w. hierdie persoon sou die pligte insake skoolgelde behartig wat tot dusver deur die skoolhoof behartig is.[3] Omdat hierdie komitee egter baie selde vergaderings gehou het, vind ons dat daar in die daaropvolgende jare óf geen verslag uitgebring is nie, óf dat die verslag deur mnr. Borton, die skoolhoof, aan die „College of Education" ingedien is.[4]

(g) Gelde ontvang en die aard van die finansies:

Reeds voor die stigting van die St. Andrew-kollege het „The Friend" 'n beroep op die gemeenskap gedoen om

1) Notuleboek: 14 Jan. 1878.
2) Ibid.
3) Ibid.: St. Mark's Day: 1895.
4) Ibid.: 21 April 1899.

geld aan dr. Twells beskikbaar te stel om die stigting van die skool moontlik te maak. Onder andere het „The Friend" van 18 September 1863 gesê: „....... our communities are invariably willing to dip their hands deeply into their purses in any object tending the diffusal of sound education"......„If funds are forthcoming the Bishop will provide clergymen" (die onderwysers wat in die geselskap was, was almal predikante) en op 2 Oktober 1863: ...„about £150 has already been subscribed in Bloemfontein in aid of the Church of England Mission here", en op 9 Oktober 1863: „....The funds placed at the disposal of Bishop Twells, for his own support and the aid of his clergy does not exceed £700 annually. Consequently those in the Colony and in other lands interested in his mission - and there are many such - can materially aid him, by transmitting donations....."

Tot in 1870 toe die Anglikaanse Kerk nog tevrede was om die „Grammar School" in die ou geboutjie aan die gang te hou wat in die begin deur die Volksraad aan hulle gegee is, was hulle in staat om hul finansiële sake so te reël dat hulle kon verby kom. In hierdie sewe jaar was daar geen huur op enige geboue te betaal nie. Daar is geen onkoste in die vorm van verbeterings aangegaan nie. en die enigste uitgawe was dus die salaris van die onderwyser. Sy salaris is gedek deur die skoolgelde tesame met 'n enkele toelae van of die „Society for the Propagation for the Gospel" of regstreeks van die Anglikaanse Kerk.[1)]

In 1870 is egter besluit dat die oprigting van nuwe geboue nie langer uitgestel kon word nie en van hierdie jaar af is daar verskillende beroepe om fondse gedoen. Aan vriende in Engeland is gereeld geskryf om

---

1) Bloemfontein Mission: 1870.

tog mildelik by te dra vir hierdie groot en belangrike werk[1] en, soos ons mettertyd sal aantoon, het 'n groot deel van die skool se inkomste uit verskillende bronne in Engeland gekom.

Die fonds vir die oprigting van nuwe geboue is in 1870 as volg van stapel gestuur.[2]

| | |
|---|---|
| „Society for Promoting Christian Knowledge" ... | £100 |
| Die biskop van Kaapstad. ........... | £ 20 |
| Ds. C. Clulee, hoof van die „Grammar School" . | £ 25 |
| | £145 |

Met die oorgang in 1874 van die „Grammar School" tot die „St. Andrew's Diocesan College" is daar weer 'n 'n landswye beroep om fondse gedoen. Biskop Webb het ook aan sy ou vriende van Oxford-universiteit om hulp geskryf: „I am anxious for you to put us right in one way with our friends at home. I find some of them are rather backward in their support and zeal on the ground that this country is not under the British Crown, and that therefore they are not responsible for the spiritual works here."[3]

In Oktober het die „Board of Finances" die volgende mildelike skenkings aan die St. Andrew-kollege aangekondig.[4]

| | |
|---|---|
| „'n Ou Vriend" ................ | £100 |
| ds. R. Champernowne van Darlington | £ 50 |

Hierdie bedrag is teen die einde van die jaar aansienlik vermeerder.[5]

| | |
|---|---|
| Reeds ontvang | £150 |
| Die weledele Heer Henry Wagner | £ 50 |
| Twee broers, ter gedagtenis aan St. Andrew-dag | £ 10 |

1) Bloemfontein Mission: 9 Feb. 1871.
2) Ibid.: 1868-1875. Bls. 6.
3) Q.P., Okt. 1873.
4) Q.P., No. 26, Oktober 1874.
5) Q.P., No. 27, Januarie 1875.

| | |
|---|---|
| Ds. Alfred Gurney | £25 |
| Totaal | £ 235. |

Teen Julie 1875 is die volgende skenkings ontvang:[1]

| | |
|---|---|
| 1874 | £235 |
| Volksraadslid J.G. Hubbard | £ 50 |
| Heer Penrhyn | £ 25 |
| Kollekte, St. Barnabas, Pimlico | £ 5 |
| Ds. G.C. White | £150 |
| Totaal | £465. |

Die oorspronklike doelwit was £1500. Die „Society for Promoting Christian Knowledge" en die deken van Norfolk het belowe om onderskeidelik £100 en £50 te gee, indien £1350 bymekaar gemaak kon word. Die enigste bydraes in 1876 was 'n skenking van £200 van die Vrystaatse regering. In April 1876 het die Anglikaanse Kerk dus ongeveer £680 byeen gehad en het hulle nog £670 kort gekom om die bogenoemde £150 te kon eis.[2] In Oktober 1875 is aangekondig dat 'n verdere £50 van Volksraadslid J.G. Hubbard ontvang is wat die tekort dus op ongeveer £600 te staan gebring het.[3]

Die £1500-merk is eindelik in Januarie 1877 oorskry, toe die lys wat in 1874 deur die deken van Norfolk begin is, die nodige £600 bymekaar gemaak het. Dit is veral moontlik gemaak deur die inspanning van 'n sekere ds. R.F. Wilson.[4] Die volledige lys bydraes vir die St. Andrew-kollege se boufonds was dus:[5]

| | |
|---|---|
| Henry Wagner | £50 |
| Ds. R. Champernowne | £50 |
| „'n Ou Vriend" | £100 |
| Twee broers | £10 |

1) Q.P. No. 29, Julie 1875.
2) Q.P. No. 32, April 1876.
3) Q.P. No. 34, Oktober 1876.
4) Q.P. No. 35, Jan. 1877.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ds. A. Gurney | | | £25 |
| Per S. Barnabas, Pimlico | | | £5 |
| Hoogedele Heer W.R. Glennie | | | £10 |
| Volksraadslid J.G. Hubbard | | | £100 |
| / Ds. G. White | | | £150 |
| Heer Penrhyn | | | £25 |
| / Weledele Heer F.H. Beale | | | £25 |
| / Die biskop | | | £100 |
| / Ds. R. F. Wilson | | | £50 |
| Weledele Heer Ashley Stables | £20 | | £50 |
| / Ds. J.F. Wickenden | £10 | .. 10/- | |
| H.W. | £19 | .. 10/- | |
| Ds. R.F. Wilson | | | £600 |
| „Society for Promoting Christian knowledge" | | | £100 |
| Die deken van Norfolk | | | £50 |
| | | Totaal | £1,500 |

Intussen het die getal leerlinge van die skool so toegeneem dat daar nie genoeg slaapplek vir al die seuns was nie. In Oktober 1875 het die skoolhoof, McKenzie, nog 'n verdere £250 skuld aangegaan om 'n bykomende slaapsaal te laat aanbou.[1] Die nuwe gebou van die St. Andrew-kollege het altesaam £4000 gekos, maar die ander £2500 waarvan hierbo nie melding gemaak is nie, is deur die Anglikaanse Kerk op £400 na bygedra; waarna daar in 1879 nog gesoek moes word.[2]

Die uitgawes en inkomste van die skool in 1879 was volgens die skoolhoof McKenzie se verslag aan die „College of Education" die volgende:[3]

---

1) Q.P., No.34, Okt. 1876.
2) Q.P., No.44, April 1879.
3) Notuleboek: 20 Desember 1879.

UITGAWES:

Huishoudelike uitgawes vir 34 kosgangers per maand:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Salarisse | ..... | £8 | 15 | 0 |
| Kruideniersware | ..... | £20 | 0 | 0 |
| Slaghuis | ..... | £40 | 0 | 0 |
| Brood | ..... | £9 | 0 | 0 |
| Wasgoed | ..... | £2 | 0 | 0 |
| Botter | ..... | | 10 | 0 |
| Hout | ...... | £3 | 10 | 0 |
| Groente | ..... | £4 | 0 | 0 |

| | | |
|---|---|---|
| Totaal vir een maand | ..... | £87 15 0 |
| Totaal vir een jaar | ..... | £1053 |
| Assistente se salarisse | ..... | £220 |
| Waarborg vir ds. N. Borton | .. | £150 |
| Assuransie | ..... | £10 |
| Rente op meubels | ..... | £36 |
| Rente op verband | ..... | £20 |
| Totale uitgawe | .... | £1500 |

INKOMSTE:

| | | |
|---|---|---|
| Gelde van 34 kosgangers | ..... | £1500 |
| Gelde van dagskoliere | ..... | £100 |
| Ontvang van „Board of Finance" | .... | £100 |
| " " Volksraad | ..... | £75 |
| TOTALE INKOMSTE | ..... | £1775 |

Aan die einde van 1879 het die herstelwerk aan die geboue en die aankoop van huisraad weer ter sprake gekom. Op 'n vergadering van die raad op 20 Desember 1879 is besluit om die geld deur middel van 'n verband op die kollege te in. Die raad van Eksekuteure het die kollege £600 teen 8½ persent rente per jaar op 'n verband van die skool aangebied. Hiervan is £300 deur die raad vir verbeterings aan die St. Andrew-kollege gestem. Die tender van 'n sekere Clarke vir die

aanbring van die verbeterings is aangeneem en hy sou een derde van die totale bedrag ontvang na voltooiing van die fondamente, een derde na voltooiing van die mure en een derde na voltooiing van die dak en vloer.[1)]

Tenders is weer vroeg in 1880 gevra vir die oprigting van nuwe geboue vir die St. Andrew-kollege. Vier tenders is ingestuur:Clarke : £700, Hellyer : £683, Champion : £675, Webb : £875. Die tender van Hellyer is aanvaar op voorwaarde dat hy sekere veranderings in sy planne sou maak.[2)] Intussen het dit egter bekend geword dat Clarke 'n nuwe tender van £660 vir die gebou ingestuur het. Om hierdie rede is Hellyer en Clarke gevra om weer nuwe tenders in te stuur. Hellyer het toe vir £660 getender en Clarke vir £670. Eersgenoemde se tender is op 'n vergadering, gehou op Woensdag, 18 Februarie 1880, aanvaar. Hy moes egter die werk voltooi tot tevredenheid van die Raad van Opvoeding, wat die reg voorbehou het om 'n bekwame persoon aan te stel om van tyd tot tyd die werk te inspekteer en 'n verslag daar omtrent in te stuur.

In dieselfde jaar het die raad £200 rentevry van die skoolhoof ds. McKenzie, vir die oprigting van 'n kerk vir die seuns geleen.[3)]

Om 'n duideliker oorsig te kry van die finansiële toestand van die Anglikaanse Kerk en skool, volg hier die finansiële staat van die Raad van Opvoeding van 1 Junie 1879 tot 1 Junie 1880.[4)]

| DATUM | ONTVANGSTE | £ | DATUM | UITGAWES | £ | S. | D. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1879 | Volksraads -toelae. | 100 | 3 Okt. | McKenzie | 18 | 15 | 0 |
| 17 Jan. | Verband op S. Andrew. | 600 | 3 " | Ds. W. Stevens | 10 | 0 | 0 |

1) Notuleboek: 27 Desember 1879.
2) Ibid: 13 Feb. 1880.
3) Notuleboek: 9 Junie 1880 4) Ibid.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 13 Feb. | 1e Deel van toelae van die „Board of Finances". £25 | 3 Okt. | Ds.C.Reynolds | £10. | 0. | 0. |
| 10 Apr. | Geleen van kan. Crisp teen 8% rente. £200. | 23 Des. | McKenzie | 18. | 15. | 0. |
| 10 Mei. | 2e Deel van toelae van „Board of Finances" £25 | 29 Des. | Sister Maria | 5. | 0. | 0. |
| | | 10 Jan. | Aartsdeken Croghan. | 10. | 0. | 0. |
| | | 31 " | McKenzie vir huisraad | 200. | 0. | 0. |
| | | 17 " | Uitgawe op verband | 59. | 8. | 6. |
| | | 27 Feb. | Hellyer | 50. | 0. | 0. |
| | | 6 Mrt. | Hellyer | 40. | 0. | 0. |
| | | 13 " | " | 40. | 0. | 0. |
| | | 20 " | Clarke | 50. | 0. | 0. |
| | | 20 " | Hellyer | 30. | 0. | 0. |
| | | 24 " | " | 45. | 0. | 0. |
| | | 27 " | " | 35. | 0. | 0. |
| | | 2 Apr. | Borton | 25. | 0. | 0. |
| | | 2 Apr. | Derde deel toelae van Volksraad | 16. | 8. | 6. |
| | | 2 " | Losiesonkoste | 2. | 6. | 6. |
| | | 3 " | Hellyer | 45. | 0. | 0. |
| | | 9 " | " | 40. | 0. | 0. |
| | | 17 " | " | 40. | 0. | 0. |
| | | 24 " | " | 40. | 0. | 0. |
| | | 24 " | Clarke | 50. | 0. | 0. |

| | | | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 Mei | Hellyer | 30 | 0 | 0 |
| | 15 " | " | 25 | 0 | 0 |
| | 21 Jan | Tjekboek | | 4 | 2 |
| | 11 Mei | Losies van onderwysers | 4 | 10 | 0 |
| | | Balans Nat. Bank | 6 | 15 | 10 |
| | | Balans ter hand | 2 | 16 | 6 |
| £950.0.0. | | | £950 | 0 | 0 |

Die halfjaarlikse verslag van die skoolhoof het in 1880 'n verlies van £286.13.9. getoon. Hiervan was ongeveer £111.15.0. verskuldig aan skoolbenodigdhede, hoewel £58 nog aan die skool vir skoolgeld verskuldig was. Op 'n vergadering van die raad, gehou op 24 Julie 1880, is besluit dat die geld wat nog aan mnr. Brebner vir skoolbenodigdhede verskuldig was van die Volksraadstoelae geneem moes word. Bogenoemde skuld is egter gou verminder, want in Augustus 1881 het die skoolhoof gerapporteer dat met Kersfees 1880 £178.5.2. verskuldig was en op 30 Junie 1881 ongeveer £139. Die ruimte vir kosgangers het alweer so beperk geword dat 'n huis teen £7 'n maand bygehuur moes word. Daar is dus weer tenders vir die bou van 'n nuwe skoolkamer gevra, maar omdat die laagste inskrywing £975 was, is besluit om liewers 'n nuwe kombuis te bou en die toenmalige kombuis in 'n skoolkamer te omskep.[1] Die voorgestelde koste hieraan verbonde sou £410 bedra.[2]

OORSIG VAN DIE FINANSIELE VERSLAG INGEDIEN DEUR DS. BORTON VIR DIE TYDPERK 1 JUNIE 1880 TOT 31 DES. 1881.

| | UITGAWES. | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|---|
| 24 Junie 1880 | Losies vir onderwysers van St. Andrew-skool | 2 | 2 | 0 |

1) Notuleboek: 3 Aug. 1881.
2) Ibid: 9 Aug. 1881.

| | | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|---|
| 10 Junie 1880 | Assuransiepremie op skoolbenodigdhede | 2 | 0 | 0 |
| | Assuransiepremie vir 1 maand vir skrynwerker | 3 | 0 | 0 |
| 5 " " | Ds. Borton - 3e deel „B. of F." se toelae - £5 | 20 | 0 | 0 |
| 5 " " | Ds. Borton - 4e deel Volksraadstoelae - £4½ losies | 14 | 5 | 0 |
| 28 " " | Aan Clarke betaal | 338 | 3 | 0 |
| 2 Julie " | Monnig | 14 | 13 | 6 |
| 9 " " | Losies vir mnr. Lloyd (onderwyser) | | 13 | 6 |
| 30 " " | Kanunnik Miles betaal plus 1 mnd rente | 169 | 5 | 5 |
| 5 Aug. | Mnr. Brebner vir skoolbenodigdhede | 31 | 0 | 11 |
| 10 Aug. | Hellyer -- Kontrak £200 - ekstra £130 | 330 | 0 | 0 |
| 11 Aug. | Premie - Guardianpolis - S. Andrew £1000 | 4 | 2 | 6 |
| | Premie Union - polis - S.Andrew £1500 | 6 | 2 | 6 |
| | Premie Algis - polis No.1972 S. Andrew £1000 | 4 | 0 | 0 |
| 11 Aug. " | Rente op lening van „Bd. of Executors" | 34 | 0 | 0 |
| 11 Aug. " | Balans aan McKenzie plus rente | 261 | 2 | 0 |
| 8 Sept. | Kanunnik Crisp betaal | 230 | 0 | 0 |
| 1 Okt. | Ds. Borton | 25 | 0 | 0 |
| 24 Sept. | Leclus - Aan huisraad betaal | 13 | 17 | 0 |
| 13 Okt. | Fichardt & Co. - " " | 14 | 6 | 9 |
| 18 " " | Baumann - Opmeting van kollege-erwe | 3 | 3 | 0 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2 Nov. 1880 | De Villiers - Hollandse onderwyser | 15 | 0 | 0 |
| 23 " " | Wynning betaal | 5 | 0 | 0 |
| 18 Des. " | Ds. Borton betaal | 21 | 15 | 6 |
| 3 Jan. 1881 | Wynning betaal | 25 | 0 | 0 |
| 3 Feb. " | De Villiers betaal (2 kwartale) | 15 | 0 | 0 |
| 15 Maart | Premie Algis - polis no. 1972 op £1000 | 4 | 0 | 6 |
| 29 " | Rente lening „B. of Ex." & Father Douglas | 85 | 0 | 0 |
| 1 April | Ds. Borton betaal | 25 | 0 | 0 |
| 14 Mei | De Villiers betaal | 15 | 0 | 0 |
| 31 Julie | De Villiers betaal | 15 | 0 | 0 |
| 31 Okt | Lening „B. of Finance" terugbetaal | 35 | 0 | 0 |
| 30 Junie | Toelae „B. of F." | 25 | 0 | 0 |
| 30 Sept. | " " " " | 25 | 0 | 0 |
| 3 Nov. | De Villiers betaal | 15 | 0 | 0 |
| 2 Des. | " " | 5 | 0 | 0 |
| 11 Mei 1880 | Losies vir onderwyser | 2 | 10 | 6 |
| | Balans in besit van kanunnik Miles | 28 | 14 | 10 |
| | | 1382 | 19 | 2 |
| 25 Nov. | Betaal Willson & Clarke vir bou van kombuis en spens | 410 | 0 | 0 |
| | Optrek en lê van vloer in saal | 20 | 0 | 0 |
| | Onkoste aan tenk ens. | 8 | 15 | 0 |
| | Verf van vloerlys | 5 | 13 | 0 |
| | Sement vir pleisterwerk | 6 | 0 | 0 |
| | Verf | 4 | 10 | 0 |
| | Verandering aan deure | 1 | 0 | 0 |
| | Bou van rakke in kombuis | 2 | 0 | 0 |
| | Balans in besit van ds. Borton | 28 | 4 | 11 |
| | | 486 | 4 | 11 |

ONTVANGSTE.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31 Mei 1880 | Balans Nat. Bank (sien bls. 143.) | 6 | 15 | 10 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 31 Mei 1880 | Kontant in kanunnik Miles se besit | 2 | 16 | 6 |
| 5 Junie | Geleen van kanunnik Crisp | 100 | 0 | 0 |
| 24 " | " " " " | 100 | 0 | 0 |
| 28 " | " " " Miles teen 8% rente | 168 | 3 | 0 |
| 1 Julie | Toelae van die „Board of Finance" | 14 | 5 | 0 |
| 3 " | Oortollige premie herwin | | 9 | 0 |
| 31 " | Ontvang van mnr. Barlow - deel van donasie van mnr. Sargent | 200 | 0 | 0 |
| 9 Aug. | Ontvang van mnr. Barlow - res van donasie van mnr. Sargent | 852 | 10 | 0 |
| 15 Sept. | Volksraadstoelae | 100 | 0 | 0 |
| 30 Sept. | Balans van toelae van „Bd. of Finance" | 25 | 0 | 0 |
| 13 Nov. | Spesiale toelae van Engeland | 21 | 15 | 6 |
| 3 Jan 1881 | Toelae van „Bd. of Finance" | 25 | 0 | 0 |
| 4 Maart " | Spesiale toelae van Engeland | 5 | 0 | 0 |
| 22 " | Toelae van „Bd. of Finance" tot rente | 50 | 0 | 0 |
| 22 " | Lening van „Bd. of Finance" tot rente | 35 | 0 | 0 |
| 31 " | Toelae van „Bd. of Finance" | 25 | 0 | 0 |
| Julie | Volksraadstoelae | 100 | 0 | 0 |
| 30 Junie | Toelae van „Bd. of Finance" | 25 | 0 | 0 |
| 30 Sept. | " " " " " | 25 | 0 | 0 |
| | | 1881 | 14 | 10 |
| | Balans in Nat. Bank | 1 | 4 | 4 |
| | (Sien Uitgawes vorige bls.) | 1882 | 19 | 2 |
| | 2e Verband deur „Bd. of Ex." vir £900 - verband van £340 wat gekanselleer is, onkoste i.v.m. bogenoemde, plus rente op die £900 tot 31 Des. 1881 = | 900 | 0 | 0 |
| | | 413 | 15 | 1 |
| | | 486 | 4 | 11 |
| | (Sien Uitgawes vorige bls.) | | | |

UITGAWES.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10 Des. '81 | Kanunnik Crisp betaal vir advertensies | 10 | 0 | 0 |
| 21 " " | Ds. Steven | 10 | 0 | 0 |
| | Balans | 8 | 14 | 10 |
| | | 28 | 14 | 10 |
| 7 Junie '81 | Premie, polis no. 1,776, 991, „North British - Phoenix" op S. Andrew-skool | 2 | 0 | 6 |
| 8 Junie | Premie, polis no. 2564 op huisraad, £500 | 2 | 0 | 6 |
| | | 4 | 1 | 0 |
| Balans | | 4 | 13 | 0 |

ONTVANGSTE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Balans in besit van kanunnik Miles - 10 Des. | 28 | 14 | 10 |
| Balans " " " " " - 31 Des. | 8 | 14 | 10 |
| " " " " " " - 6 Feb. | 4 | 13 | 0 |

Op 9 Maart 1882 is die som van £4.0/6d. aan C.O. Miles oorhandig om polis no. 1972 op St. Andrew-kollege te betaal. Die biskop het £50 as 'n tydelike lening voorgeskiet om die „Board of Executors" se rente te betaal, wat alreeds drie maande agterstallig was. 'n Balans van £3.13/- is dus op 8 April 1882 aan ds. Borton betaal.[1)]

OORSIG VAN BOGENOEMDE VERKLARING.

UITGAWES.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10 Mrt. 1882 | Premie op polis no. 1972 | 4 | 0 | 6 |
| " " " | „B. of Ex" betaal, rente teen 8½% rente op verband van £600 | 51 | 0 | 0 |
| 8 April | Mnr. Borton, as tesourier, ontvang. | 3 | 13 | 0 |
| | | £58 | 13 | 6 |

1) Notuleboek: 8 April 1882.

ONTVANGSTE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6 Feb. | Balans | 4 | 13 | 0 |
| 9 Mrt. | Ontvang van ds. Borton vir polis op assuransiepolis no. 1972 | 4 | 0 | 6 |
| | Geleen deur kanunnik Miles van die biskop | 50 | 0 | 0 |
| | | £58 | 13 | 6 |

Hier word nou wel van 'n balans gepraat, maar daar moet onthou word dat die Kollege in 1881 en 1882 groot somme geld geleen het. Om sake te vererger het die depressie reeds vanaf 1882 sy spore so stadigaan begin laat. Dit het gevolglik vir die „Board of Finances" al hoe moeiliker gemaak om geld in die hande te kry om die rente op die vasgestelde tye te betaal. Op 23 November het mnr. Borton, die tesourier, gerapporteer dat £399 voor die einde van die jaar (1882) betaal moes word. Hierdie bedrag is as volg bymekaar gemaak:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Rente op verband van £600 teen 8½% rente | = | £51 | 0 | 0 |
| " " " " £900 " 9% " | = | £81 | 0 | 0 |
| Aan biskop verskuldig | = | £25 | 0 | 0 |
| Aan Hollandse onderwyser verskuldig | = | £30 | 0 | 0 |
| Aan kerkraad van katedraal verskuldig | = | £170 | 0 | 0 |
| Rente op bogenoemde bedrag | = | £42 | 0 | 0 |
| | | £399 | 0 | 0 |

Om bogenoemde bedrag te betaal was daar 'n balans van £48. 2.1. in die Nationale Bank! Die raad het dus voor die probleem te staan gekom om £399 in 'n bietjie meer as 'n maand byeen te bring. Daar is dadelik aan ds. Gaul in Engeland geskryf om 'n spesiale poging aan te wend om fondse in te samel. Uitgesonderd bogenoemde skuld het die lopende onkoste van die St. Andrew-kollege aan die einde van 1882 'n verlies van £494 getoon.[1]

Op 19 Desember, toe daar nog geen geld gevind is nie, is besluit om die saak aan die Anglikaanse Kerk te stel om

1) Notuleboek: 23 Nov. 1882.

uit te vind of hulle nie op een of ander manier sou kon help nie. Die sekretaris van die Raad van Eksekuteure sou ook genader word om die datum waarop die rente betaal moes word, 'n bietjie uit te stel.1)

Volgens 'n brief van Father Douglas i.v.m. met die uitstel wat gevra is vir die £132 wat as rente op die verband van £1500 verskuldig was, blyk dit dat die Raad van Opvoeding daarin geslaag het om uitstel te verkry op voorwaarde dat hulle alles in hul vermoë sou doen om die bedrag so spoedig moontlik te vereffen.2)

Mnr. Beck, een van die lede van die raad, het intussen daarin geslaag om £2000 op eerste verband op die St. Andrew-kollege teen 8½%, van die Nationale Bank te leen. Op 'n spesiale vergadering van die Raad van Opvoeding, gehou op Saterdag, 14 April 1883, is besluit om die aanbod te aanvaar om al die skulde af te betaal en die res indien enige, in die bank te deponeer. Kort daarna het die bank egter daarvan te hore gekom dat die grond waarop die kollege gestaan het, 'n geskenk van die munisipaliteit aan biskop Webb was. Daarom kon hulle nie met die lening voortgaan nie, tensy die lede van die raad hulself verantwoordelik sou hou vir die terugbetaling van die skuld as dit teruggeëis sou word.3) Hiervoor het die lede egter nie kans gesien nie en daarom is die lening maar laat vaar.4)

Die finansiële toestand was dus geensins rooskleuring nie. In Julie 1883 het die Biskop geskryf: „The maintenance of St. Andrew's College will need the most strenuous and patient efforts. We believe that the worst will soon be tided over; but at the best of times it is no less difficult than essential to keep up our educational institutions, without endowment or government aid, although they

---

1) Notuleboek: 19 Des. 1883.
2) Ibid: 13 Jan. 1883.
3) Notuleboek: 21 Aug. 1883.
4) Notuleboek: 21 Aug. 1883.

are the fountain and heart of our Church life, if we cherish the hope of being a Church of the future in the land". 1)

Met behulp van die twee toelaes van £100 elk wat van die Volksraad ontvang is en 'n paar skenkings uit verskillende bronne, kon ds. Borton teen die helfte van 1883 berig dat die rente op alle verbande tot aan die einde van 1882 betaal was. Die balans in die Nationale Bank ten bate van die Raad van Opvoeding het op £7.0.1. gestaan. Terselfdertyd was die skulde op lopende uitgawes aan die St. Andrew-kollege aan die einde van Junie 1883, £1067.16.10. Op daardie datum was £381.14.1. aan die skool betaalbaar wat die verlies dus op £686.2.9. gebring het. Die skuld wat op 30 Junie 1883 op die Kollege gerus het, was as volg:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| (a) Verband op Gebou, "B. of Ex". | £600 | teen | 8½% | rente | £600 |
| (b) " " " " " " | £900 | " | 9% | " | £900 |
| | | | | | £1500 |

| | £ | s | d |
|---|---|---|---|
| Verlies op lopende rekening | £686 | 2 | 9 |
| Balans verskuldig aan Ds. Borton vir kapelgebou | 112 | 14 | 0 |
| Balans verskuldig aan Clarke | 36 | 13 | 8 |
| | £835 | 10 | 5 |
| **Jaarlikse skulde:** | | | |
| Rente op (a) ........ | 51 | 0 | 0 |
| " " (b) ........ | 81 | 0 | 0 |
| Assuransies ........ | 14 | 1 | 6 |
| | £146 | 1 | 6 |
| Totale skuld op St. Andrew-kollege = | £2481 | 11 | 6 |

Geen wonder dat die hoof van die skool gedurende hierdie tyd opgemerk het dat die St. Andrew-kollege gesluit sou moet word as daar geen permanente verhoogde toelae gevind kon word nie. 2)

1) Q.P., No. 61, Julie 1883.
2) Notuleboek: 21 Aug. 1883.

Die finansiële toestand van die hele land was in hierdie depressiejare besonder haglik en die getal seuns wat die skool bygewoon het, het so te sê by die week verminder. Agterstallige skulde was maar steeds aan die ophoop, en so vind ons dat van die £200 wat in 1880 deur die hoof van die Kollege voorgeskiet is, daar nog teen die einde van 1883 £112 was wat terugbetaal moes word. Lenings moes dus gedurig van tyd tot tyd aangegaan word om hierdie gelde terug te betaal. Om bogenoemde bedrag te betaal, moes £100 teen 6% rente geleen word.[1)]

In Mei 1884 het die Raad van Opvoeding 'n brief van Father Douglas ontvang wat daarop gewys het dat die „St. Augustine" gemeenskap wat op eerste verband die som van £1500 aan die skool geleen het, nog nie die rente vir die jaar 1883 ontvang het nie. Daar is ook geen verduideliking gegee waarom dit nie betaal is nie. Father Douglas het vervolg: „ - this seems so completely contrary to ordinary business habits, not to speak of courtesy, which one Diocesan Institution might be supposed to show another --". Daar is besluit om 'n brief van verskoning aan Father Douglas te skryf met 'n versekering dat alles in hulle vermoë gedoen sou word, ten spyte daarvan dat byna al die inkomste van die kollege vir ander doeleindes gebruik is.[2)]

OORSIG VAN DIE LASTE EN BATE VAN DIE KOLLEGE OP 1 JUNIE 1885

LASTE

| | | £ | s | d |
|---|---|---|---|---|
| Aan Pavey & Co. | ....... | £316 | 2 | 9 |
| Hill & Paddon | ....... | 220 | 3 | 9 |
| Fichardt & Co. | ....... | 510 | 3 | 2 |
| Barlow Br. | ....... | 56 | 11 | 9 |
| | | £1103 | 1 | 5 |
| Korting 25% | ....... | 275 | 15 | 5 |

1) Notuleboek: 20 Okt. 1883
2) Ibid " : 20 Mei. 1884

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | £827 | 6 | 0 |
| Daniel | ....... | 16 | 2 | 10 |
| Darter | ....... | 4 | 15 | 8 |
| Ohlsen | ....... | | 10 | 0 |
| Rente op voorskotte | ....... | 30 | 0 | 0 |
| „Fives" spel deposits | ....... | 50 | 0 | 0 |
| Lening | ....... | 100 | 0 | 0 |
| | | £1027 | 14 | 6 |

BATE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kontant ter hande | ....... | 125 | 0 | 0 |
| Lening vir saal vir „Fives"spel | | 50 | 0 | 0 |
| Toelae van „F. Board" | ....... | 150 | 0 | 0 |
| Kanunnik Balfour | ....... | 75 | 0 | 0 |
| " " lening | ....... | 100 | 0 | 0 |
| Oortrokke bankrek. | ....... | 300 | 0 | 0 |
| Uitstaande skulde | ....... | 125 | 0 | 0 |
| | | £1025 | 0 | 0 |

Toestande het geleidelik verbeter. In Julie 1887 het die biskop soos volg verslag gedoen. „In the working of St. Andrew's College by a new arrangement it has been found possible to save about £98 yearly,[1] en 'n jaar later het kanunnik Bell geskryf „ - the liabilities of the St. Andrew's College are beginning to be a manageable matter" and „I am feeling hopeful for the future".[2]

Vanaf 1889 het die kollege aansienlik meer hulp van die Anglikaanse Kerk deur middel van die „Diocesan Board of Finance" gekry.[3] Die getal skoliere het vinnig toegeneem en op 15 Julie 1889 het kanunnik Balfour geskryf dat die lening aan die St. Andrew-kollege betaal is.[4] Ook die ander skulde was volgens 'n brief van ds. Bell

1) Q.P., No 77, Julie 1887.
2) Q.P., No.81, Julie 1888.
3) Notuleboek: 26 Jan. 1889.
4) Q.P., No.86 , 15 Julie 1889.

amper iets van die verlede.[1] Laasgenoemde het verder gemeld dat die vordering wat gemaak is, geskied het sonder om enige nuwe skulde aan te gaan. Die finansiële posisie van die skool het teen 1892 in so'n mate verbeter dat £400 in hierdie jaar gespandeer is om die geboue van die inrigting te herstel.[2]

In 1893 het die aartsdeken bekend gemaak dat die skool aansienlike somme geld in die vorige paar jaar verloor het, omdat geld wat vir opvoedkundige doeleindes geskenk is, in geboue belê is wat daarna geblyk het geensins goeie sekuriteit te verleen nie. „But notwithstanding these losses of valuable endowments the buildings of St. Andrew's College remained the property of the Church and free of debt."[3] Hierdie vooruitgang van die skool het daarna bly voortduur en die skool was eindelik in staat om die uitgawes met die inkomste te laat klop. Ten spyte van herstelwerk en die aankoop van nuwe skoolbenodigdhede was die skoolhoof mnr. Borton, in 1894 nog in staat om te verklaar dat daar 'n klein oorskot op die jaar se lopende onkoste was.[4] Fondse is ook nog van tyd tot tyd in Engeland ingesamel en in 1895 is nuwe huisraad vir die seuns se kamers uit £100 aangekoop wat die biskop in Engeland bymekaar gemaak het.[5] Op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding, gehou op 5 Januarie 1895, is dit baie duidelik deur die aartsdeken gestel dat enige skuld wat deur die kollege bo die toelaes aangegaan sou word wat tot sy beskikking gestel is, deur die lede self gedek sou moes word. Dit was egter twyfelagtig of die skool enige skuld kon aangaan wat nie deur skenkinge van vriende van die bisdom gedek kon word nie.[6]

Met die uitbreek van maagkoors in 1897 is 'n spesiale

---

1) Q.P. 86 15.Julie 1889.
2) Q.P. No.94, 15 Okt. 1891.
3) Notuleboek: „Driekoningedag 1893"
4) Notuleboek: 11 Okt. 1894.
5) Ibid: 5 Jan 1895. 6) Ibid.

fonds in die lewe geroep om die geweldige onkoste te help dek waaraan die skoolhoof onderwerp is. " - a special appeal is made to friends who are interested in our educational work, and who may be able to help without diverting subscriptions from the General Fund. Canon Orford writes: I hardly dare to think how all the extra expenses are to be met. I have paid nearly £60 for sanitary alterations over and above what the Board of Finance are to pay for our new buildings." Verder moes hy £34 betaal om die seuns in hierdie tyd by "The Glen" te laat loseer. Altesame £11 moes ook per week betaal word om losies te verskaf aan die seuns wat nie siek was nie. Daarbenewens was daar die daelikse koste in verband met medisyne en wasgoed vir al die siekes. Tot op daardie dag is die volgende ontvang:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die biskop ...... | £10 | 0 | 0 |
| Mev. Sykes ...... | 5 | 0 | 0 |
| Ds. T. Haworth ...... | 5 | 0 | 0 |
| / Die biskop ...... | 1 | 0 | 0 |
| | £21 | 0 | 0 |

1)

Maar toe die nood op sy hoogste was, het die uitkomste ook gekom, want in Julie 1898 is bekend gemaak dat 'n naamlose geskenk van £5000 ontvang is. Hiervan is £1500 gebruik vir die oprigting van nuwe geboue in Aliwalstraat.[2)]

(h) OPSOMMING:

By wyse van opsomming van die finansiële toestande van die St. Andrew-kollege kan ons sê dat dit selfs in die voorspoedigste dae nooit 'n groot sukses was nie. Reeds vanaf 1872, toe planne begin beraam is vir die oprigting van nuwe geboue, het die stryd om bestaan 'n aanvang geneem. Daar moes gedurig met die Grey-kollege

---

1) Q.P., No. 116, 15 April 1897.
2) Q.P., No.121, 25 Julie 1898.

gewedywer word, maar die groot struikelblok vir die St. Andrew-kollege in hierdie mededinging was die feit dat die Grey-Kollege as die staatskool van jaar tot jaar aansienlik meer hulp van die Volksraad ontvang het. Die Anglikaanse Kerk moes vir sy eie skool sorg. Van die Volksraad het St. Andrew-kollege, ten spyte van herhaaldelike versoekskrifte, in 1875 slegs £500 ontvang, en van 1879 tot 1899 slegs £100 per jaar. Verder was die skool afhanklik van toelaes van £100 per jaar van die „Board of Finance", 'n bykomende toelae af en toe, as sake baie donker begin lyk het, enkele toelaes van die „Society for Promoting Christian Knowledge", en dan spesiale fondse wat in Engeland gestig is.

Die gevolg was dat die skool in die depressiejare, om en by 1882 - 1886, nie teen die finansiële terugslae wat die land getref het, bestand was nie. Groot lenings moes dus kort-kort aangegaan word, en verbande moes op die kollege geneem word. Die vereffening van die rente op hierdie verbande en lenings op die bepaalde tye, het die Raad van Opvoeding baie hoofbrekens besorg. Die stryd is egter voortgesit en in 1894 het die skool die laaste skuldlas afgeskud.

Vanaf 1894 het die skool ten spyte van al die uitbreidings geen skulde aangegaan nie. Dit is moontlik gemaak deur milde bydraes van vriende van die Bisdom. In 1897 moes daar egter weer skuld aangegaan word weens die epidemie van maagkoors.

(i) DIE SKOOLGELDE (KLAS- EN KOSGELDE)

Soos ons in die vorige paragraaf aangetoon het, was die St. Andrew-kollege nooit selfonderhoudend nie. Selfs so vroeg as 1871 het die destydse skoolhoof aan die biskop geskryf dat die skool nooit in die toekoms selfonderhoudend sou wees nie.[1)] As daar gelet word op die finansiële omstandighede van die skool, kan 'n mens besef

---

1) Bfn. Mission: 8 Feb. 1871.

hoe waar hierdie woorde van Clulee sou wees. Die oorsaak hiervan moet gesoek word in die wedywering wat die kollege met Grey-Kollege moes voer. Laasgenoemde het groot somme geld van die Volksraad ontvang en kon dus kinders teen baie lae klasgelde inneem, met die gevolg dat die St. Andrew-kollege verplig was om ook sy gelde op 'n baie laer peil vas te stel as waarop die skool met gemak kon voortbestaan. Dit het daartoe gelei dat nie alleen die ontwikkeling van die skool in 'n sekere mate gestrem is nie, maar ook dat die salaris van die skoolhoof maar karig was aangesien dit in die geheel van die skoolgelde van die seuns afhanklik was.[1)]

In 'n advertensie in „The Friend" van 13 Januarie 1865, het Clulee aangekondig dat die klasgelde vir laer klasse £6 en vir hoër klasse £9 per jaar sou wees. Kosgangers sou £45 per jaar betaal, skoolgelde ingesluit. Pas twee maande later het 'n tweede advertensie verskyn:

„TERMS

Junior Classes 10/- per month

Upper do. 15/- per month

Latin and Drawing 5/- each extra per month.

Boarders £45 per annum, including school fees." [2)]

In die volgende twee jaar het die skoolgelde onveranderd gebly, maar van die begin van 1867 moes die gelde kwartaalliks betaal word. Vir die hoër klasse is dit op £2.5.0. en vir die laer klasse op £1.10.0. vasgestel. Vir Latyn en Tekene sou 15/- per kwartaal ekstra betaal moes word, maar toe moes daar ook 'n kwartaal vooruit kennis gegee word dat 'n leerling onttrek word.[3)] Hierdie reëling is weer vroeg in die volgende jaar verander en alle gelde moes toe weer maandeliks betaal

1) Bfn. Mission: 9 Feb. 1871.
2) „The Friend." 24 Maart 1865.
3) Ibid.: 11 Jan 1867.

word.[1] Vanaf die tweede helfte van 1868 is die ekstra gelde vir Tekene en Latyn verminder en kosgangers wat nog steeds £45 per jaar betaal het, moes toe een kwart daarvan vooruitbetaal. Hierdie gedurige proefnemings in die betaling van die skoolgelde moet ongetwyfeld daaraan toegeskryf word dat die skoolhoofde moeilikheid ondervind het met die insameling van die skoolgelde en dat hulle graag wou uitvind watter manier van invordering die beste resultate sou lewer.

In 1869 is 'n verlaging van die skoolgelde aangekondig.

„TERMS PER QUARTER

| | |
|---|---|
| Upper Class | £1.15.0. |
| Lower " | £1. 5.0. |

Drawing 10/- per quarter."[2]

Tot nog toe is die skoolgelde volgens 'n „hoër klas" en 'n „laer klas" vasgestel, maar Clegg het gevind dat betreklik ou kinders nog in die „laer klas" gevind is. In die geval van kosgangers het hierdie reëling natuurlik op 'n verlies vir die skool uitgeloop. Hy het dus besluit om skoolgelde volgens ouderdom te bepaal: Seuns bo 10 jaar sou £1.15.0. en seuns onder 10 jaar £1.5.0. per kwartaal betaal. Vir skryfbehoeftes moes natuurlik ekstra betaal word.[3]

Hierdie reëling het blykbaar beter geslaag want die volgende verandering is eers twee jaar later aangebring. In „The Friend" van 15 Junie 1871 is ouers en voogde in kennis gestel dat die skoolgelde van die St. Andrew-kollege en die Grey Kollege presies dieselfde sou wees. Dit sou nie meer volgens 'n „hoër of laer klas" of volgens ouderdomme vasgestel word nie, maar ooreenkomstig 'n eerste

1) „The Friend" : 10 Jan. 1868.
2) Ibid 7 Jan. 1869 & 21 Jan. 1869...
3) Ibid: 24 Junie 1869 & 30 Des. 1869.

tweede, en derde klas. Die skoolgeld sou onderskeidelik £9, £7 en £5 per jaar wees. Ook die gelde van kosgangers is tot £15 per kwartaal verhoog. 1)

In 'n brief van die skoolhoof, Douglas McKenzie, aan „The Friend" op 2 April 1874, het hy gekla oor die lae skoolgelde wat hulle byna noodgedwonge moes vra. Syns insiens was dit geheel-en-al te laag vir 'n skool met so'n hoë standaard van opvoeding. In vergelyking met Grahamstad, waar daar 'n soortgelyke skool bestaan het, was die skoolgelde besonder karig, hoewel die prys van alle ander lewensnoodsaaklikhede baie hoër was. Die verhoging van die skoolgelde sou ook die waarde en doeltreffendheid van die skool verhoog. 2) In 1876 was die klasgelde nog steeds dieselfde en hoewel McKenzie duidelik te kenne gegee het dat hy nie juis daarmee tevrede was nie, het hy toe geglo dat dit op daardie tydstip onmoontlik sou wees om dit op te skuif. 3) Geld was baie skaars en hy skryf dat hy altyd verbaas was om te vind dat hy geld in die bank gehad het: „for we teach, lodge and board the boys in this expensive place for £60 a year." 4) Die invordering van die geld het die skoolhoof ook al hoe meer moeilikheid besorg. In 1880 moes ds. Borton rapporteer dat daar omtrent £58 aan skoolgelde agterstallig was. 5)

Die gelde vir kosgangers is in 1888 effens verlaag. Seuns onder tien jaar sou £42 per jaar betaal, seuns onder 14 jaar £50 en seuns bo 14 jaar £55. Hierdie gelde was vooruitbetaalbaar en het skoolgeld en wasgoed ingesluit. Vir geval van die onttrekking van 'n seun moes 'n kwartaal kennis gegee word. So nie moes die kwartaal se

---

1) "The Friend" : 19 Maart 1874.
2) Ibid : 2 April 1874.
3) Q.P. No.34 Oktober 1876.
4) Ibid.
5) Notuleboek : 24 Julie 1880.

skoolgelde ten volle betaal word. Daar is ook bepaal dat 'n kosganger wat voornemens was om 'n hele aantal jare aan te bly, deurgaans dieselfde gelde sou betaal, afgesien van enige veranderings wat later aangebring sou word.[1] Daar is ook in hierdie jaar besluit om alle seuns 2/6 per kwartaal vir skryfbehoeftes te laat betaal. Hoewel daar oorweging gegee is aan die aanstelling van 'n tesourier om die skoolgelde in te vorder, is dit gevoel dat dit op daardie tydstip nie nodig was nie.[2]

Op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding, gehou op 17 Maart 1892, is die kwessie van die verhoging van skoolgelde weer deeglik bespreek. Die skoolgelde van St. Andrew-kollege was nog steeds laer as die van die ander skole van dieselfde aard in die land. Na 'n volledige beraadslaging is besluit om die skoolgelde met £1 te verhoog. Jonger seuns sou toe £6 per jaar betaal, ouer seuns £8 en seuns wat in die hoër klasse spesiale vakke neem £10. Die kosgangers wat egter reeds in die skool was, is ingevolge die versekering van vroeër in daardie jaar van hierdie verhoging vrygestel.

Ds. Orford het in 1894 by sy aankoms sy verbasing uitgespreek oor die lae gelde wat vir onderwys en losies gevra is. Dit het egter vir hom in die kort tydjie wat hy daar was, duidelik geword dat dit heeltemal in ooreenstemming met heersende toestande was.[3] Die skaal van die skoolgelde is vanaf 1895 deur die spesiale beherende liggaam goedgekeur.[4] 'n Skielike verandering is aankondig en in 1899 het ds. Orford geskryf „The fees have hitherto been charged accordingly to the age of the boys; this is inconvenient in working and presses heavily in the case of the dull

1) Skoolprospektus: 1888.
2) Notuleboek: 19 Julie 1888.
3) Ibid: 5 Jan. 1895.
4) Ibid: „St. Mark's Day" 1895.

boy - a better arrangement would be for the fees to depend upon the standard in which a boy is working, and I beg to recommend that the scale of fees be revised as follows:-

Form 1. (Standard 111) £1.10.0.

Form 11 (Standard 1V.) £2. 0.0.

Elementary Class (Standard V and V1 ) £2.10.0.

School Higher & Matriculation - £3. 0.0."

Verder het Vrystaatse seuns 'n afslag van 5 persent gekry. Die skoolgelde wat in die eerste twee kwartale van 1899 ingevorder is, was die volgende:

| | |
|---|---|
| Eerste kwartaal | £66.5.6. |
| Tweede " | 67.5.0. 1) |
| | £133.10.6. |

Die inkomste uit skoolgelde was toe van so'n aard dat dit die lopende uitgawes kon dek. In dieselfde jaar was daar selfs 'n voordelige balans van £3. 2)

(j) BEURSE:

Reeds in Oktober 1876 het McKenzie op die wenslikheid van die instelling van een of meer beurse aan die St. Andrew-kollege gewys. Hierdie beurse van £15 en £20 sou veral ouer seuns bevoordeel wat andersins verplig sou wees om die skool te verlaat. Daar was op daardie tydstip reeds seuns wat graag predikant wou word, maar weens gebrek aan geld was dit onmoontlik. 3)

Weens die gebrek aan geld wat in hierdie jare 'n landwye verskynsel was, is die kwessie van studiebeurse nie weer voor 1881 bespreek nie. (In hierdie jaar is daar ook aan die St. Andrew-kollege 'n begin gemaak met die opleiding van seuns vir die matrikulasie-eksamen).

---

1) Notuleboek: 21 April 1899.
2) Ibid
3) Bfn. Mission: Okt. 1876.

Ds. Miles het 'n beroep op **welgestelde ouers wat** graag die saak van die kerk wou aanhelp, gedoen om geld te skenk vir beurse waarmee seuns hulle studies aan die kollege kon voortsit of waarmee hulle later selfs na 'n universiteit kon gaan.[1] Die skoolhoof, ds. Borton, het dadelik aan die werk gespring om fondse in te samel. In Junie het hy as volg berig : „During the past half-year, Mr. Knight of Kimberley (who had a son at school here) wrote to me before leaving for England, and offered me £50 towards founding a scholarship for St. Andrew's College if I could raise £450 more." Hy het gemeen dat dit lank sou neem om so'n bedrag in te samel, maar 'n begin is toe reeds gemaak. 'n Sekere mnr. Bourdillon het £10 aangebied indien nog £90 in Bloemfontein bymekaar gemaak kan word. Tot op daardie tydstip het hy reeds £65 ingesamel. Die volgende bydrae is ontvang:

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. H. Barlow | ..... | £10 |
| Mnr. A. Barlow | ..... | £10 |
| Mnr. Pavey | ..... | £10 |
| Mnr. A. Beck | ..... | £10 |
| Mnr. Abrahamson | ..... | £10 |
| Mnr. Fichardt | ..... | £5 |
| Mnr. Bourdillon | ..... | £10 |
| TOTAAL | ..... | £65 |

Nog 'n beroep om meer bydraes is op die publiek gedoen. Tot dat die besogde bedrag ingesamel is, sou die geld wat reeds ingesamel was, apart belê word en enige inkomste wat daaruit verkry word sou of in die vorm van 'n prys geskenk word of gebruik word om die fondse vir die studiebeurs aan te vul.[2] Die probleem waarmee die kollege te kampe gehad het, was die onvermoë van

1) „The Friend" : 6 Jan. 1881.
2) „The Friend" : 30 Junie 1881.

ouers om hulle kinders genoegsame skoolopleiding te verskaf om gevorderde eksamens vir die professies af te lê. Die biskop was die mening toegedaan dat die instelling van 'n studiebeurs die seuns in staat sou stel om so'n opvoeding te ontvang: „similar to that which the pieties of our forefathers had in older countries provided for ourselves." 1)

Dit was egter 'n groot gesukkel om verdere bydraes in die hande te kry. In sy halfjaarlikse verslag aan die einde van 1881 moes die skoolhoof tot sy spyt berig dat daar nog geen verdere bydraes ontvang is nie. Die fonds het toe nog steeds op £55 gestaan. 2)

Aan die begin van 1882 is 'n memorandum versprei in 'n poging om die studiebeursfonds aan te styf. In die memorandum is daarop gewys dat die skool met die moeilikheid te kampe gehad het dat die Vrystaatse regering beurse aan die Grey-Kollege beskikbaar gestel het. Daarom is besluit om 'n studiebeurs van oud-skoliere te stig. Alle oudleerlinge sou jaarliks tien sjielings tot hierdie beurs bydra. Dit is gevoel dat al die seuns wat vroëer op St. Andrew-kollege was en wat nog belang gestel het in die werk wat aan die skool gedoen is, die geleentheid sou verwelkom om by te dra tot daardie groot werk. Daar was alreeds bydraes van baie oud leerlinge ontvang. Die memorandum is versprei om diegene wat nog nie bygedra het nie, 'n kans daartoe te gee. 3)

Hierdie memorandum het goeie vrugte afgewerp, want 'n paar maande later het ds. Borton gerapporteer dat ses oudskoliere beloof het om tien sjielings per jaar tot die studiebeurs by te dra. Borton het weereens

---

1) „The Friend" : 30 Junie 1881.
2) "The Friend" : 15 Des. 1881.
3) Memorandum 1882.

daarop gewys dat St. Andrew-kollege aan die kortste ent getrek het in die wedywering met ander skole omdat St. Andrew-kollege nie gedeel het in die staatstoelaes aan die ander inrigtings in die stad nie. Syns insiens moes oudleerlinge dit as 'n voorreg beskou om die skool te kan help.[1)]

'n Jaar later moes Borton egter sy teleurstelling uitspreek oor die feit dat die studiebeurs van oud-skoliere nie so vinnig gegroei het soos met die bemoedigende begin gehoop is nie. Daar was wel oud-leerlinge wat gereeld en gewillig bygedra het. Daar was egter ook diegene wat nog nie die daad by die woord gevoeg het nie, hoewel hulle belowe het om ook hulle deel by te dra.[2)] Die totale bydraes vir die jaar het slegs £7.10.0. bedra. Aan die einde van 1882 het die fonds dus £65.1.4. beloop.

In die maer jare wat die land vanaf 1882 deurgemaak het, het die planne vir die daarstelling van 'n studiebeurs so te sê doodgeloop. Eers in 1887 is dit weer bekend gemaak dat 'n studiebeurs in die lewe geroep is waardeur seuns bykoms vry opvoeding sou kon geniet. „The scholarship will be open to any lad under fourteen years of age whether at present a St. Andrew's boy or not, to be held for one year." 'n Eksamen sou afgelê word om te besluit wie die beurs sou kry. Daar is ook voorstelle ingedien vir die instelling van twee ander studiebeurse, maar tot op daardie tydstip kon daar nog nie finaal daaroor besluit word nie.[3)]

Twee studiebeurse is egter in die volgende drie maande aangebied. Die houer van een van hierdie beurse sou geregtig wees op vry onderwys aan die St. Andrew-

---

1) „The Friend": 22 Junie 1882.
2) Ibid : 14 Des. 1882.
3) „The Friend" : 27 April 1887.

kollege. In „The Friend" van 6 Julie 1887 lees ons: „the first tenable for three years has been awarded to John Titley who more than doubled the marks of the other competitors and the second to George Titley after a very close competition with Alfred Barlow, who was only beaten by two marks." 'n Derde beurs, aangebied deur lede van die katedraal aan 'n deugsame seun van die koor, is aan Herbert Wiley toegeken.

Die eksamen vir die studiebeurs van ourleerlinge is jaarliks deur die Raad van Opvoeding gereël. In 1888 is die eksamen op 19 en 20 Julie afgelê.[1] In dieselfde jaar is egter besluit om die katedraal-studiebeurs tydelik af te skaf omdat daar nog baie skuld op die geboue gerus het. (Hierdie beurs was veral bedoel om die seuns van predikante 'n vry opvoeding te gee.)[2] Die studiebeurs van oudleerlinge het egter bly voortbestaan. Die „Board of Finance" het elke jaar £7 aan rente op die oorspronklike £100 betaal wat deur oudleerlinge aan die skool gegee is.[3] Sodra een beurshouer sy studies voltooi het, is 'n eksamen afgelê om te bepaal wie die volgende houer sou wees.[4] Die Raad van opvoeding het later die reëlings van hierdie eksamens dikwels in die hande van die skoolhoof gelaat,[5] maar in die jare van ds. Bell se prinsipaalskap het dit af en toe gebeur dat hierdie eksamen nie afgelê is nie.[6]

---

1) Notuleboek: 30 Junie 1888.
2) Ibid: 19 Julie 1888.
3) Ibid: 9 Jan. 1890.
4) Ibid: 17 Julie 1891.
5) Ibid: 17 Julie 1891.
6) Ibid: 17 Maart 1892.

# HOOFSTUK VI.

## ONDERWYSERS AAN DIE ST. ANDREW-KOLLEGE.

### 1. INLEIDING:

Reeds voor die aankoms van Dr. Twells en sy geselskap in Bloemfontein het daar 'n inleidingsartikel in "The Friend" verskyn waarin gemeld is dat die Engelse onderwysers baie voorregte sou moes verbeur en ook aansienlike opofferings op finansiële gebied sou moes maak. Hulle kon op geen geldelike gewin hoop nie; " - no thirst of gain, no coveting of gold, silver or apparel, no ambition of worldly honours and distinctions have brought them hither, - in all these points the scale is against them. To what, then, can the most carping assign their arrival, but to the best and noblest aspirations? "[1] In hierdie jare het onderwys in die Vrystaat veel te wense oorgelaat. Die Anglikaanse Kerk was deeglik bewus van hierdie tekortkoming en wou dus so spoedig moontlik goeie en getroue onderwysers in daardie groot braakveld instuur om die toekomstige voorspoed en ontwikkeling van die land te verseker.[2]

"The Express" het egter spoedig tot die gevolgtrekking gekom dat die onderwysers aan die St. Andrew-kollege nie meegevoel met die aspirasies van die volk kon hê nie. Hulle was, volgens "The Express" in 'n sekere mate geïsoleerd en het tot 'n aparte groep met spesiale doelstellinge en metodes behoort. Om hierdie rede kon hulle nie die jeug van die Vrystaat tot 'n vurige en ware liefde vir hulle land aanspoor nie: " - This may be

---

1) "The Friend", 18 Sept. 1863.
2) Ibid: 9 Okt. 1863.

their misfortune more than their fault, but the fact remains nevertheless". [1]

„The Friend" kon met hierdie verklarings nie saamstem nie. In 'n inleidingsartikel van 19 Augustus 1880 is die mening uitgespreek dat dit die staatskole was wat met daardie vraagstukke te kampe gehad het. Ten eerste was daar geen man of vrou wat die staat teen minder besoldiging as waarop hy of sy geregtig gevoel het sou dien nie. Die tweede moeilikheid het uit die eerste gevloei, naamlik dat daar geen espirit de corps tussen die staatsbetaalde amptenare was nie. Verder het „The Friend" gesê. „ - no one voluntarily leaves Europe after receiving a good education to come and teach children in this country without some very strong inducement of some kind or other." Die Anglikaanse Kerk kon die vinger lê op baie mense wat goeie inkomstes en betrekkings in Engeland prys gegee het om in Suid Afrika ander te kom opvoed slegs omdat hulle 'n sterk drang daartoe gehad het en omdat hulle daarvan bewus was dat hulle sodoende die regte weg sou volg. Nog 'n rede wat vir hierdie groot opofferings aangevoer is, was die sogenaamde breër uitkyk wat die Anglikaanse Kerk oor sake gehad het. Hulle sou geglo het dat hulle groter kennis van God versprei het as baie ander wat die spore van Calvyn gevolg het en, sou dus gretiger wees om aan ander onderrig te gee in sake waarin hulle self geglo het. [2] Wat ook al die geval was, „The Friend" het tot die gevolgtrekking gekom dat die Anglikaanse Kerk beter en goedkoper onderwysers as die Staat kon voorsien. Daarom was dit die plig van die bevolking en regering om die Anglikaanse Kerk in hierdie werk te ondersteun.

---

1) „The Express": 12 Aug. 1880.
2) Bfn. Mission: 9 Feb. 1871.

Soos hierbo vermeld, was die Anglikaanse Kerk altyd in staat om onderwysers vir die werk te voorsien. Reeds in 1871 het Clulee verklaar dat hy die indruk gekry het dat dit nooit moeilik sou wees om geskikte mense te kry om met die onderwys behulpsaam te wees nie.[1] Daar is weliswaar soms gesukkel om 'n geskikte skoolhoof vir die St. Andrew-kollege in die hande te kry. Die rede hiervoor moet daarin gesoek word dat die Raad van Oovoeding baie kieskeurig was met hulle aanstellings in hierdie betrekking. Hulle het geglo dat die voorbeeld van die onderwyser 'n baie belangrike rol in die opvoeding van die kind speel. So is daar altyd getrag om 'n predikant as hoof van die inrigting aan te stel. Omdat hulle gewoonlik uit Engeland moes kom, het daar noodwendig kort gapings tussen die dienstermyne van die verskillende hoofde ontstaan.[2]

Een van die groot moeilikhede waarmee die Anglikaanse Kerk te kampe gehad het, was die gedurige verwisseling van leerkragte. Dit het vanselfsprekend 'n nadelige invloed op die onderwys van die kinders gehad.[3] Die oorsaak van hierdie gedurige veranderings is ongetwyfeld die feit dat die dienste van hierdie mense, wat gewoonlik predikante was, op ander plekke in die bisdom meer benodig is. As tweede oorsaak kan die onaangename taak van die skoolhoof genoem word. Die finansiële omstandighede en die skuld waarin die skool gedurig gedompel was, het die verskillende hoofde van die skool genoeg hoofbrekens besorg. As derde oorsaak kan swak gesondheid aangehaal word. In enkele gevalle was die skoolhoof deur swak gesondheid verplig om of sonder meer te bedank of

---

1) "The Friend" : 19 Aug. 1880.
2) Q.P., No.67, Jan. 1885.
3) Gegewens wat hier volg is verkry uit die Notule van die Raad van Oovoeding,1878-1890.

om vir lang tydperke in Engeland te gaan rus.

Later het die Raad van Opvoeding egter so ver moontlik geprobeer om slegs manne aan te stel wat 'n hele paar jaar sou aanbly.

2. DIE SKOOLHOOFDE: [1)]

(a) MNR. GEORGE CLEGG. (16 NOV. 1863 - JUNIE 1868.)

Mnr. George Clegg is in 1835 in Stanley, Wakefield, Yorkshire gebore. Hy het sy opleiding as onderwyser aan die St. Peter College, Yorkshire ontvang. Na voltooiing van sy opleiding in 1855, is hy deur ds. R. Burrell, die hoof van die streeksbisdom, by dr. Twells aanbeveel. Laasgenoemde was toe juis besig om 'n tak van die Anglikaanse Kerk by St. Michael , Wakefield, te stig. Clegg is as onderwyser aan die „Public School" van Westgate aangestel. [2)]

Hy was dan ook die eerste hoof van „The Grammar School" wat hy op 16 November 1863 gestig het. Op sy skouers het voorwaar nie 'n maklike taak gerus nie, want hy moes die fondament van 'n vreemde onderwys in 'n vreemde land lê, 'n land wat tot op daardie tydstip baie min aandag aan die onderrig van die jeug geskenk het. 'n Verkeerde begin kon baie maklik die spoedige einde van die onderneming meebring. Min het Clegg egter besef dat sy poging die begin beteken het van 'n soort onderwys wat baie, baie jare sou voortleef.

Clegg het sy werk onder moeilike omstandighede in 'n geleende geboutjie voortgesit. [3)] Op 1 Julie 1864 het die eerste eksamens van sy leerlinge plaasgevind en, hoewel hulle maar ongeveer ses maande onder die leiding van Clegg was, was daar duidelik tekens van vordering. [4)]

---

1) Die aanstelling, magte en pligte van die prinsipale is onder „Beheer" behandel
2) Diocesan Register of Clergy.
3) „The Friend" : 11 Desember 1863.
4) „The Friend" : 1 Julie 1864.

In Junie 1868 het mnr. Clegg egter maagkoors opgedoen. Gevolglik is die opening van die skool vertraag. [1] Uit hierdie siekbed sou hy egter nie opstaan nie en op 31 Julie 1868 is sy dood aangekondig. [2]

Sy faam as pionier van Engelse onderwys in Bloemfontein sou egter altyd bly voortleef. In 'n berig in "The Friend" van 7 Augustus 1868 wat 'n paar dae na sy begrafnis geskryf is, lees ons o.a.: " - Mr. Clegg was a native of Wakefield, Yorkshire - The deceased gentleman was respected and esteemed by all who knew him for his quiet, unobtrusive Christian character and painstaking and persevering discharge of his onerous duties as teacher and leader of the Cathedral choir. - His funeral was attended by upwards of 80 of our townmen -." Hy het 'n vrou en drie kinders nagelaat.

(b) <u>DS. CHARLES CLULEE.</u> (<u>JAN. 1869 - DES. 1871</u>).

Na die afsterwe van Clegg is die skool voortgesit onder die tydelike bestuur van ds. J. Harris Wills (van Magdalen Hall, Oxford). In Januarie 1869 is ds. Charles Clulee as hoof van die St. Andrew-kollege aangestel.

Ds. Charles Clulee is in 1837 in Birmingham gebore. Hy het sy opvoeding aan die King Edward Skool in Birmingham ontvang. In 1860 is hy deur die biskop van Rochester as deken en in 1861 as predikant bevestig. Daarna het hy diens gedoen as kurator van Stoke, Coventry.

Clulee was ook een van die oorspronklike lede van dr. Twells se geselskap. Hy het hom aanvanklik in Fauresmith gevestig waar hy 'n kerk en skool gebou het. [3]

Onder sy beheer het die inrigting ook geweldig

---

1) "The Friend" : 3 Julie 1868.
2) Ibid : 7 Aug. 1868.
3) "Diocesan Register of Clergy."

vooruitgang gemaak. Clulee het baie gou 'n naam gemaak as 'n bekwame opvoeder van die jeug. Na die eerste eksamen wat, in sy tyd plaasgevind het, het „The Friend" berig dat dit vir almal duidelik was dat hy wondere met sy jong leerlinge verrig het en dat hy in alle opsigte die agting van almal, maar veral die agting van diegene wat hulle seuns aan hom toevertrou het, waardig was. Die uitslag van die eksamen moes volgens „The Friend" ongetwyfeld baie tevredenheid aan die ouers besorg het en moes ook getoon het dat Clulee die regte man op die regte plek was. Sy eenvoudige en duidelike metodes van onderrig wat in later jare goeie vrugte onder die leerlinge moes afwerp, het gou byval gevind. Ten slotte het „The Friend" gesê, „ - but I cannot conclude before expressing my admiration at the many good qualities as a tutor in the character of the Rev. Mr. Clulee. "[1)]

Clulee het egter spoedig tot die besef gekom dat die skool met slegs een man in beheer nie behoorlik kon ontwikkel nie. Hy was dus verantwoordelik vir die samestelling van die eerste komitee wat die skoolhoof moes bystaan in die behartiging van die belange van die skool. Hy het self opgetree as sekretaris van hierdie komitee.[2)]

Ten spyte van die baie terugslae wat die skool beleef het, het Clulee, „the present master, by his indomitable courage and untiring energy, added to his well known ability and tact as an instructor of youth", en met Nil desperandum as sy leuse daarin geslaag om die inrigting wat reeds lank aan die kwyn was, reg te ruk en dit weer sy vroeëre status te besorg.[3)]

---

1) „The Friend" : 24 Junie 1869.
2) Ibid : 7 Okt. 1869.
3) „The Friend" : 16 Des. 1869.

Clulee was ook 'n skrywer. Hy was iemand wat nie tevrede was om net vir die hede voorsiening te maak nie. Hy het altyd ver in die toekoms gekyk, miskien omdat hy die Engelse onderwys in die Vrystaat gevestig wou sien. Wat hy daar in die toekoms gesien het, wou hy graag aan ander meedeel en in hierdie jare het daar dan ook heelwat briewe van Clulee in „The Friend" en „Bloemfontein Mission" verskyn. Met die ontdekking van diamante in Kimberley het hy veral gepleit dat die Volksraad hulle onderwysstelsel moes verander om aan te pas by die veranderde omstandighede wat noodwendig moes volg op hierdie ontdekking. 1)

Clulee was ook die eerste man wat die kwessie van staatsondersteuning aangedurf het. Vir hom was die toekennings van staatshulp aan slegs een of twee van die skole in Bloemfontein „gebaseer op omstandighede wat nie meer bestaan het nie". 2)

3) Clulee het ook nie geskroom om die tekort aan skoolbenodigdhede in en die tekortkomings van die skool aan die biskop en ander lede van die Anglikaanse Kerk voor te lê nie. Hy was daarvan oortuig dat die toekomstige landstaal van die Vrystaat Engels sou wees. Daar sou dus Engelse skole nodig wees. Die Anglikaanse Kerk moes syns insiens dus dadelik uitspring om voorsiening te maak vir die toekoms deur toe te sien dat die reeds bestaande St. Andrew-kollege geskikte onderwysers kry en voorsien word van die nodige skoolbenodigdhede en geskikte geboue vir die onderrig van die kinders.

Clulee was verder verantwoordelik vir die stigting

1) „The Friend" : 15 Des. 1870.
2) Ibid : 24 Nov. 1870.
3) Gegewens wat hier volg is verkry uit die „Bloemfontein Mission" : 9 Feb. 1871.

van die eerste boufonds, wat 'n paar jaar later aanleiding gegee het tot die oprigting van die geboue van die St. Andrew-kollege. Hy het ook geveg om die verhoging van die salaris van die skoolhoof. Tot op hierdie tydstip het sy besoldiging bestaan uit die skoolgelde (omtrent £110 per jaar), 'n vry huis, en 'n toelae van £50 van die „Society for propagation of the Gospel". Hy was van mening dat die toelae van laasgenoemde liggaam na £100 opgeskuif moes word. Afgesien van al die belange wat Clulee op onderwysgebied gehad het, was hy ook verantwoordelik vir die dienste vir naturelle wat deur die St. Patrick's Mission gereël is. 'n Basterskool (dagskool) was ook onder sy beheer.

In Desember 1871 het ds. Charles Clulee uit sy betrekking bedank en is hy aangestel as rektor van Malmesbury in die Kaap-kolonie.

(c) <u>MNR. E.W. STENSON</u>. (<u>JAN. 1872 - MAART 1872</u>).

Van mnr. E.W. Stenson is daar maar baie min bekend - miskien omdat hy slegs van 21 Januarie tot die einde van Maart as hoof van die inrigting opgetree het. In 'n brief waarin hy die geskiedenis van St. Andrew-kollege kortliks skets, het die biskop dit betwyfel of mnr. Stenson ooit as prinsipaal van die kollege Bloemfontein toe gegaan het, want op 11 April 1872 het hy sy verskyning op Klipdrift ( nou bekend as Barkly Wes ) gemaak.[1] Volgens berigte insake sy aanstelling in die „Bloemfontein Gazette" en „The Friend" van daardie tyd blyk dit egter duidelik dat hy wel omtrent twee maande in Bloemfontein was en dat hy op ongeveer 31 Maart vertrek het.[2]

Voordat mnr. Stenson Bloemfontein toe gekom het,

---

1) Q.P. No.106, 25 Oktober 1894.
2) „The Friend" : 28 Maart 1872; 25 April '72.

was hy omtrent vyf jaar verbonde aan die „Rockdale Government School" in Brits-Kaffraria. Sy getuigskrifte was van 'n hoë gehalte wat getuig het van vermoë en sukses. Hy is spesiaal aanbeveel deur die Beherende Komitee en dr. Dale, Superintendent van Onderwys. In al hierdie getuigskrifte is spyt uitgespreek dat hy sy ou arbeidsveld moes verlaat.[1]

Die oorsaak van mnr. Stenson se kort verblyf in Bloemfontein is onbekend. Daar is in later jare egter weer baie van hom verneem toe hy as pligsgetroue sendeling tussen die naturelle werksaam was.[2]

(d) DS. JOHN WIDDICOMBE ( APRIL 1872 - JUNIE 1873.)

Ds. John Widdicombe is in 1839 in Brixham, Devonshire, gebore. Hy is in 1867 as deken en in 1869 as predikant deur biskop Gray van Kaapstad bevestig. Vanaf 1868 tot 1870 was hy kurator van George en vanaf 1870 totdat hy na Bloemfontein gekom het, rektor van Malmesbury.[3]

In April 1872 is hy aangestel as hoof van die St. Andrew-kollege.[4] Die halfjaarlikse eksamens wat in Widdicombe se tyd afgelê is, het ook getuig van goeie vordering wat die skool gemaak het. Hy is gedurig hoë lof toegeswaai vir sy opvoedingswerk.[5] Die swerwerslus het hom egter gou weer beetgepak en in Junie 1873 het hy die skool verlaat om 'n jaar met vakansie na Engeland te gaan met die voorneme om hom by sy terugkoms vir sendingwerk in die bisdom aan te meld.[6] Na sy terugkeer in 1875 is hy Basoetoland toe waar hy dan ook die pionier van die sendingwerk van die Anglikaanse Kerk was. Hy het baie jare daar vertoef en is in 1877 benoem as direkteur van „St. Saviour's Thlotse Heights".

---

1) Bloemfontein Gazette ; 18 Jan. 1872.
2) Q.P., No. 106, 25 Oktober 1872.
3) Diocesan Register of Clergy.
4) „The Friend" : 25 April 1872.
5) Ibid : 26 Des. 1872.
6) „The Friend" : 14 Aug. 1873.

In 1885 is hy as kanunnik in Bloemfontein aangestel. [1]

Ds. Widdicombe was ook die skrywer van baie boeke, o.a. „In the Lesuto" en „Memories and Musings". Hy is in 1927 in Faure, in Kaapland, oorlede. [2]

(e) DS. DOUGLAS MC KENZIE (OKTOBER 1873 - DES. 1879). [3]

Ds. Douglas McKenzie is in November 1841 in St. Albans, Hertfordshire, gebore. Sy opleiding het hy aan die St. Peter's College, Cambridge ontvang. Hy het die graad B.A. in 1864 met lof verwerf en die graad M.A. in 1867. Hy het aan die „Crewkerne Grammar School", Somerset, vanaf 1864 tot 1866 as onderhoof diens gedoen. In 1864 is hy as deken en in 1865 as predikant deur die biskop van Bath en Wells bevestig. Vanaf 1864 tot 1866 het hy as kurator van Chaffcombe, Somerset, diens gedoen, en van 1867 tot 1869 as kurator van Raunds, Northampshire. Daarna is hy aangestel as onderhoof van die opleidings-kollege in Peterborough waar hy tot in 1870 werksaam was. Vanaf 1870 tot 1872 was hy predikant van St. Mary, Wolverton. Daarna is hy aangestel as onderhoof van St. Andrew-kollege, Grahamstad, en in Oktober 1873 [4] as hoof van die St. Andrew-

1) Q.P. No. 106, 25 Oktober 1894.
2) Diocesan Register of Clergy.
3) Gegewens wat volg verkry uit „Dioc. Register of Clergy.

4) Die presiese datum waarop McKenzie diens aanvaar het, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. In „The Friend" van 3 Julie 1873 lees ons: „ - there also on the platform, the Princ. Rev. D. McKenzie, M.A. -" dog in die uitgawe van 14 Augustus 1873; lees ons „ - Mr. and Mrs. McKenzie may be expected to arrive in Bloemfontein about Christmas -" ! In die „Quarterly Paper" van Oktober 1873 is sy aanstelling bevestig en op 23 Oktober 1873 het „The Friend" geskryf „The Rev. D. McKenzie, who will carry on the work -". Ons neem

kollege, Bloemfontein.

Die belangrikste rede vir sy vertrek uit Engeland was sy begeerte om hom op sendingwerk toe te lê. Hy het sy dienste aan sy oom, biskop Merriman, aangebied in die hoop dat hy werk onder die naturelle in die omgewing van Grahamstad toegesê sou word. Weens sy ervaring en bekwaamheid is hy egter as onderhoof van St. Andrew-kollege, Grahamstad aangestel voordat hy na Bloemfontein gekom het. In 1876 het hy kanunnik en in 1877 kanselier van die katedraal geword. 1)

In die ses jaar wat Douglas McKenzie as hoof van die St. Andrew-kollege opgetree het, het die inrigting groot vooruitgang gemaak. Daar kan met veiligheid gesê word dat meer veranderings in hierdie ses jaar in die skool aangebring is as in die dienstydperk van enige ander hoof van die skool.

Toe McKenzie in 1873 oorgeneem het, was die inrigting nog bekend as 'n „Grammar School". Kort na sy aankoms is 'n fonds in die lewe geroep vir die oprigting van beter geboue. McKenzie het self £250 aan die skool geleen. 2) Die hoeksteen van hierdie gebou is op 16 Februarie 1874 gelê en van toe af was die skool bekend as die „St. Andrew's Diocesan College". Ander veranderinge wat in sy tyd aangebring is, is kortliks die volgende. 3)

(a) In elke klas is klasposisies aan die seuns toegeken volgens die gehalte van hulle werk.

---

daarom aan dat hy die skool in Julie 1873 slegs 'n besoek gebring het, maar eers in Oktober 1874 die prinsipaalskap oorgeneem het.

1) Q.P., No. 83, 15 April 1890.
2) Q.P., Julie 1873.
3) „The Friend" : 2 April 1874.

(b) Aan die seuns van die meer gevorderde klasse is 'n sekere mate van verantwoordelikheid toegesê. Hulle moes byvoorbeeld help met die handhawing van orde in die skool en as leiers in skool en sportsake optree.

(c) Hy het skoolkleure ingestel;

(d) Vir die eerste keer is die toelating van kosgangers ernstig oorweeg;

(e) Hy het gestrewe na die bou van 'n goeie krieketveld ('n sport waarin die skool in later jare baie roem verwerf het) en 'n gimnasium. Hierdie wens is later vervul.

(f) Kwartaallikse rapporte van elke seun se vooruitgang en gedrag sou die kwartaallikse rekening vergesel.

In McKenzie se tyd is daar 'n huis vir die skoolhoof, 'n eetsaal, twee slaapvertrekke en 'n klein kerkie gebou.[1] In 'n brief van die biskop van 5 September 1894, het hy geskryf " - McKenzie was practically the founder of the College. He raised the numbers from a few boys to 57, of whom 26 were boarders. He raised the tone of the school to a high pitch, so that the boys had a sense of honour and were beginning to be proud of being known as St. Andrew's boys. This was a work of time, as such a feeling was quite unknown in the Free State before. He told me he had at last succeeded, after very hard work, to teach the boys to play as well as to work, and that when he took up the reins, a boy's way of spending a half-holiday, was to sit on a stone doing nothing - "! Die biskop het verder geskryf dat godsdiensonderwys 'n belangrike rol in sy stelsel gespeel het. Die kinders is deur daad en voorbeeld geleer om Christene en deugsame mense te wees. Hy

1) Reports of principals to the Dioc. Board of Education. P5.

het die braakveld begin bewerk en 'n gesonde tradisie in die skool begin opbou, sodat dit vir sy opvolger redelik maklik sou wees om die werk op 'n bevredigende wyse voort te sit.

By verskillende geleenthede het hy ook aan die hoof gestaan van afvaardigings wat om finansiële hulp by die Volksraad gaan pleit het. Sy pleidooi het twee keer geslaag. In 1875 het die Volksraad 'n bedrag van £500 toegestaan en in 1879 is besluit om die Engelse skole 'n jaarlikse toelae van £100 te gee.

Ds. Douglas McKenzie het reeds in Februarie 1879 [1] besluit om uit sy betrekking te bedank, maar weens die moeilikhede wat met die aanstelling van Geo Perry ontstaan het (waarna ons in Hoofstuk 11 verwys het), het hy goedgunstiglik ingewillig om sy voorgenome vakansie in Engeland tydelik uit te stel). [2] Oor hierdie stap van McKenzie het biskop Twells gesê. „I feel very grateful to him for his total disregard of self, and, as a parent of one of the pupils, wishes to express how contented I am at a knowledge that my son was deriving so much benefit from his early training under such a conscientious and thorough master as himself." [3] By geleentheid van die laaste prysuitdelingsfunksie wat in McKenzie se tyd plaasgevind het, is laasgenoemde hoë lof deur die biskop toegeswaai vir die wyse waarop hy daarin geslaag het om so'n goeie en manmoedige gees onder die seuns van die inrigting te bewerkstellig. Syns insiens was die sukses wat die skool behaal het, toe te skryf aan McKenzie se; „untiring zeal, to his hard and faithful work, both inside and

---

1) „The Friend" : 13 Feb. 1879.
2) „The Friend" : 3 Julie 1879.
3) Ibid

out of school, to his teaching in the School room and to his play on the cricket field". Hy was vriendelik en streng, hardwerkend en geduldig. Met hierdie eienskappe het hy daarin geslaag om byna bomenslike moeilikhede te oorbrug om die skool sy toenmalige status te besorg. 1)

Mnr. Brebner, Superintendent-Generaal van Onderwys het die volgende oor McKenzie te sê gehad: " - I have much pleasure in bearing testimony to the thoroughness of the work done. I have had a great deal of educational work with him in many ways and we have always worked together with a great deal of pleasure". 2)

Ook President Brand het melding daarvan gemaak dat McKenzie 'n baie bruikbare vriend was. Syns insiens sou sy vertrek deur almal gevoel word. 3) By sy vertrek het die kaptein van die kollege, Hugh Exton die volgende adres aan hom oorhandig:- 4)

„Sir, - The boys of St. Andrew's College, before you leave the work for which your name will be forever associated, desire to express, first, their deep affection, and secondly, their high respect and reverence, with which you have inspired all who have been at any time under your guidance and care in your capacity as Head Master of St. Andrew's. Your earnestness in the school, your parential care in the house, and your genial heartiness on the playground, make us feel deeply how entirely your heart and life were in your work, and in losing you we cannot but feel we lose our best friend.

In wishing you goodbye, we beg to express our gratitude both to you and Mrs. McKenzie for all the training and care we have received at your hands and

1) „The Friend" : 25 Des. 1879.
2) Ibid : 3 Julie 1879.
3) Ibid : 25 Des. 1879.
4) Ibid

we earnestly trust that you will return to this country with renewed health and strength for the new work to which you have been called."

Met sy vertrek het die president 'n som geld aan hom oorhandig. Dit was 'n geskenk van ouers en vriende ter waardering van sy waardevolle dienste. Hy is gevra om vir hom iets in Engeland te koop wat hom altyd kon herinner aan die baie vriende wat hy gemaak het. [1] Sy vriendekring in Bloemfontein het geensins tot die lede van die Anglikaanse Kerk beperk gebly nie. Sy blymoedige en vriendelike geaardheid, het hom die vriend van baie buite die groep gemaak. [2]

In 1880 het biskop Webb besluit om 'n aartsdeken op Harrismith te vestig en kanunnik McKenzie is hiervoor benoem. Hy sou egter eers 'n jaar Engeland toe gaan. Hy het eers 'n besoek aan sy oom op Grahamstad en daarna aan die streeksbiskop van Kaapstad gebring. Teen hierdie tyd was die biskoppe van Suid-Afrika op soek na 'n predikant wat die vakante betrekking van biskop van Zululand kon vul. Sy hardwerkenheid en die ywer waarmee hy sy doel nagestreef het, het McKenzie die pos besorg. Daar is egter in daardie stadium niks aan hom gesê nie en eers na sy aankoms in Engeland is hy deur biskop Harvey Goodwin en ander belangstellendes gevra om die werk te aanvaar.

Op „St. Andrew's Day" 1880, is hy in die Kaapse Katedraal deur die biskoppe van Kaapstad, Maritzburg, Grahamstad, Bloemfontein en Pretoria bevestig. Daar is selde 'n moeiliker taak aan 'n predikant opgedra. Die land waarheen hy moes gaan, was in wanorde en

---

1) „The Friend" : 25 Des. 1879.
2) Q.P., 83, 15 April 1890.

onrus gedompel. Hy het egter vasberade te werk gegaan en groot sukses behaal.

Douglas McKenzie is op 9 April 1890 in die ouderdom van 48 jaar oorlede, „prematurely worn and wearied by the anxieties and toil of his laborious life; but great as the loss of such a man is both to the Christian Church and to the world in which he works, regret as to this is tempered by the sense of how greatly such examples of unwavering devotedness urge and encourage others to do their duty." Dit was die woorde van die biskop van Bloemfontein toe die nuus die stad bereik het dat Douglas McKenzie oorlede is.

Reeds in Januarie 1890 het 'n brief die biskop bereik waarin hy meegedeel is dat McKenzie se liggaamlike kragte vinnig aan die afneem was. Daar is ook van maagkoors in die omgewing melding gemaak. Dit was juis 'n aanval van maagkoors wat sy einde op Isandhlwana, waar hy sy tuiste gehad het, verhaas het. 1)

(f) DS. NEVILLE ARTHUR BLACKLEY BORTON:
(JAN. 1880 - OKTOBER 1883).

Ds. Neville Borton is in 1847 in Winchenbrook, Suffolk, gebore. Hy het sy opleiding aan King's College, Cambridge, ontvang. Hy het die graad B.A. in 1870 behaal en in 1873 die graad M.A. In 1872 is hy as deken en in 1873 as predikant deur die biskop van Winchester bevestig. Vanaf 1872 tot 1876 was hy kurator van Andover, Hampshire, en vanaf 1876 tot 1877 predikant op Kimberley. In die jare 1878 en 1879 na die vertrek van mnr. Doxat , was hy predikant op Barkly. 2) Sy naam het in die onderwyswêreld

---

1) Gegewens verkry uit Q.P., No.88, 15 April 1890.
2) Gegewens verkry uit „Dioc. Register of Clergy".

hoog aangeskrewe gestaan. Boonop het mev. Borton se voorneme om die huishoudelike aangeleenthede op haar te neem, die bekommernis van menige verlig. 1)

Op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding, gehou op 20 Desember 1879, is bekend gemaak dat ds. Neville Borton die prinsipaalskap van die St. Andrew-kollege aanvaar het. Sy salaris sou £150 per jaar wees. Hy sou ook vry losies en inwoning ontvang. Hy was ook geregtig op alle wins bo die waarborg van £150, nadat hy die rente op die verband en assuransie betaal het en £100 in 'n fonds gestort het wat later sou dien om die verband te betaal. 2)

Borton het met ingang 1880 diens aanvaar. Borton het in hierdie verband self gesê "- accordingly Mrs. Borton and I, moved ourselves, our goods and chattles in an ox-wagon, taking a week for a journey from Barkly to Bloemfontein and arriving there just before the opening of the Diocesan Synod in January, 1880". 3)

Die skool het in die eerste jaar van Borton se prinsipaalskap met rasse skrede vordering gemaak. Soos reeds genoem, was Borton voor sy aankoms in Bloemfontein vier jaar in die diamantvelde werksaam. Hy was dus baie goed bekend met die ouers van die kinders van daardie dele. Met sy koms is daar dus 'n nuwe bron vir leerlinge vir die skool geopen. Die getal skoliere van die St. Andrew-kollege het binne ses maande van nagenoeg 40 leerlinge na 83 leerlinge vermeerder van wie veertig kosgangers was. Hierdie groot getal seuns het die vraagstukke egter ook laat toeneem. Die Raad van Opvoeding was verplig om 'n paar huise by te huur om die seuns te

---

1) "The Friend" : 18 Des. 1879.
2) Notuleboek : 20 Des. 1879.
3) Q.P., No. 106, 25 Okt. 1894.

huisves. Assistente moes ook aangestel word en aan hulle moes losies verskaf word. Die uiteinde van hierdie uitbreiding was dat die Raad van Opvoeding weens die hoë huur vir hierdie kamers verplig was om self te bou. Baie van die geld het uit Engeland gekom, maar volgens Borton moes die res op verband geleen word. Hierdie plan het baie teenkanting van sommige lede van die Raad ondervind. Tog was die rente op die verband minder as die huur van die geboue.

Hierdie nuwe geboue is in Borton se tyd in gebruik geneem. Die ou skoolkamer is vergroot, twee nuwe slaapsale en 'n kamer vir 'n onderwyser is aangebou. Die eetsaal is vergroot en nuwe kombuise en kantore is gebou. Deur die welwillendheid van een van ds. Borton se vriende is 'n nuwe kerk ook opgerig. Verder het Borton gesê; „During the third year of my incumbency we had to hire another house at, I think, £12 a month, but after that time began one of those periods of financial depression to which South Africa seems specially subject, and our members began to diminish." 1)

Met die halfjaarlikse sluitingsfunksie, gehou op 1 Julie 1880, het die biskop met hoë lof van Borton gepraat. Hy was maar te dankbaar dat hulle so gelukkig was om iemand met soveel ervaring in diens te kon neem, iemand wat sy hele siel in sy werk geplaas het. Die biskop was soms geneig om nie saam te stem met sommige van Borton se deeglike maniere van optrede nie. Dit was egter baie duidelik dat hy die belange van die seuns op die hart gedra het. Dit was een van die min kere dat 'n verandering van skoolhoof

---

1) Gegewens verkry uit Q.P., No.106, 25 Okt. 1894.

geen invloed op die vordering van die seuns gehad het nie. 1)

Borton het ook 'n begin gemaak met die gebruik om die name van die kaptein van elke klas aan die mure te verf. Hy het geglo „that it will lend a genuine impetus to the lads amour propre, and the highest honour to be achieved during the half will be the knowledge that they are working to ensure a place among the best boys of the school." Die seuns wie se name op hierdie erelys geplaas is, sou voel dat hulle hulle in die toekoms so moes gedra dat hulle deur hul toedoen die naam van hul Alma Mater geen skade berokken nie. 2)

Op 20 Oktober 1883 het die Raad van Opvoeding besluit om aan ds. Borton tot Junie 1884 verlof toe te ken. 3) Borton se gesondheid het veel te wense oorgelaat en 'n rus was baie noodsaaklik. In dieselfde maand het Borton met vakansie na Engeland vertrek. Op 20 Mei 1884 het die aartsdeken die Raad in kennis gestel dat Borton weens swak gesondheid nie van voorneme was om terug te kom nie. 4) Die finale bedanking van Borton is op 21 Oktober 1884 ontvang. 5)

In later jare was ds. Borton predikant in Burwell, Cambridgeshire. 6)

(g) DS. ALBERT VICTOR LYTTLETON

(NOVEMBER 1883 - JUNIE 1885)

Ds. Albert Lyttleton is in 1844 gebore. Hy was die seun van burggraaf Cobham. Sy opvoeding het hy aan Eton Kollege ontvang en later is hy na Trinity Kollege, Cambridge, waar hy die graad B.A. in 1866 en die graad M.A. in 1869 verwerf het. In 1869 is hy

1) „The Friend" : 1 Julie 1880.
2) „The Friend" : 30 Junie 1880.
3) Notuleboek : 20 Oktober 1883.
4) Ibid : 20 Mei 1884.
5) Ibid : 21 Oktober 1884.
6) Diocesan Records of Clergy.

as deken deur die biskop van Exeter bevestig en in 1870 as predikant deur die Biskop van Londen. In 1869 was hy kurator van Honiton, Devonshire. Van 1870 tot 1872 was hy kurator van Hillingdon, Middlesex en van 1872 tot 1880 kurator van Howarden. Van 1881 tot 1885 was hy kurator van die katedraal in Bloemfontein.[1)]

Toe daar in Oktober 1883 so skielik aan ds. Borton verlof toegestaan is, het ds. A. Lyttleton goedgunstiglik ingewillig om gedurende die paar maande wat Borton afwesig sou wees, waar te neem. Hoewel laasgenoemde se vertrek 'n gevoelige verlies vir die skool in hierdie moeilike tye was, is gedeeltelik daarvoor vergoed deur die aanstelling van ds. Lyttleton, wat geen vreemdeling vir die kinders was nie.[2)]

Die getal leerlinge aan die skool was nog steeds aan die verminder en die moeilikste jare was nog geensins verby nie. Tog het die seuns, wie se ouers dit in hierdie depressiejare nog kon bekostig om hulle op skool te hou, volgens Borton, nog steeds volgehou in die gedrag en gees waarvoor die seuns van St. Andrewkollege in die openbaar so bekend was. Lyttleton se werk en vermoë is na slegs twee maande deur aartsdeken Croghan baie hoog geprys.[3)]

Soos reeds aangetoon, sou Lyttleton aanvanklik slegs die paar maande wat Borton met vakansie sou wees as skoolhoof optree, maar toe Borton sy bedanking indien, het Lyttleton ingewillig om die betrekking permanent te aanvaar. Die skool sou buitendien gesluit moes word omdat daar niemand anders op daardie tydstip beskikbaar was nie.[4)]

1) Diocesan Register of Clergy.
2) "The Friend" : 20 Des. 1883.
3) Ibid : 20 Des. 1883.
4) "The Friend" : 20 Mei 1884 ook Notuleboek 20 Mei 1884.

Lyttleton was vasberade om die St. Andrew-kollege in stand te hou. Sy grootste ambisie was om die inrigting deur die moeilike jare te lei sodat hy by die terugkeer van die biskop die St. Andrew-kollege, wat as een van die kerk se „agente" beskou was, in weerwil van al die moeilikhede in 'n werkende toestand aan hom kon oorhandig. 1)

In Junie 1884 het president Brand van ds. Lyttleton gesê „His report testified to the excellent work done during the past half. Great credit was due to the Principal for the manner in which he had conducted the school. He noticed with great pleasure the great improvement - " en aartsdeken Croghan het gesê " - thanks to the untiring efforts of Mr. Lyttleton, when the Canon does come back he would find the school in no worse position than when he left it - in fact, in some respects he would find it better. There was an increase of brightness, and an increase of good steady work." 2)

Op 8 Mei 1885 het ds. Lyttleton sy bedanking as hoof van die kollege ingedien. Hierdie bedanking is van die begin van Julie deur die Raad van Opvoeding aanvaar. 3)

Vanaf 1886 tot 1892 was ds. Lyttleton kurator van St. Cyprian , Kimberley, en vanaf 1892 tot 1896 was hy predikant van St. Augustine, Kimberley. Vanaf 1897 het hy opgetree as kapelaan van die biskop in Bloemfontein. 4)

(h) DS. CHARLES EDWARD SCRATCHLEY

(JULIE 1885 - JULIE 1886)

Met die vertrek van ds. Lyttleton is daar naarstiglik na 'n geskikte persoon gesoek om die prinsipaalskap van die skool te aanvaar. In die

1) „The Friend" : 18 Des. 1884.
2) „The Friend" : 26 Junie 1884.
3) Notuleboek : 8 Mei 1885.
4) Diocesan Records of Clergy.

"Quarterly Paper", No.67, Januarie 1885, het die biskop geskryf: " - There are many circumstances which would commend it to an earnest man; great opportunities for usefulness, and the fellowship of likeminded brethren -".

Op 'n vergadering van die raad gehou op 8 Mei 1885, is besluit om mnr. Scratchley, kurator van Bloemfontein, te vra om die beheer van die skool tydelik of permanent oor te neem. Sy salaris sou £200 per jaar wees.[1] Vry inwoning in 'n paar kamers in die biskop se woning is hom ook aangebied.[2]

Op 21 Mei 1885 is ds. C.E. Scratchley se aanstelling as skoolhoof vanaf die tweede helfte van die jaar bevestig.[3]

Ds. Scratchley is in 1853 gebore. Hy het sy opleiding aan Clare Kollege in Cambridge ontvang. Die graad B.A. het hy aan laasgenoemde universiteit behaal. In 1880 is hy as deken en in 1881 as predikant deur die biskop van Exeter bevestig. Hy was vanaf 1880 tot 1882 kurator van Braunton, Devonshire; vanaf 1882 tot 1883 was hy kurator van Benhilton, Surrey en van die Bloemfonteinse katedraal was hy kurator vanaf 1883 tot 1885.[4]

Ds. Scratchley het in Julie 1885 hoof van die St. Andrew-kollege geword. Hy was geen nuweling op die gebied van die onderwys nie en sy getuigskrifte het getuienis gelewer van groot welslae in die voorbereiding van leerlinge vir die universiteits - en leëreksamens. Vir die kinders was hy ook geen vreemdeling nie, omdat hy voor sy aanstelling reeds baie jare in Bloemfontein organisasiewerk op die

---

1) Notuleboek : 8 Mei 1885.
2) Notuleboek : 1 Junie 1885.
3) "The Friend" : 21 Mei 1885.
4) Diocesan Records of Clergy.

gebied van die onderwys gedoen het. By geleentheid van sy aanstelling het daar geen twyfel bestaan nie dat die kollege onder sy beheer snelle vooruitgang sou maak.[1]

In die laaste verslag wat deur ds. A.V. Lyttleton gelewer is, het hy gesê, " - we owe him (Scratchley) our grateful thanks for undertaking to guide this College just at this time. I hereby beg to offer my quota of recommendation and testimony in his favour to all those interested in this school, knowing that they may rely on him as a competent and experienced teacher."[2]

Die eksamen aan die einde van 1885 het dan ook bewys gelewer van hardwerkendheid en ware vooruitgang.[3] Scratchley het egter nie baie lank aangebly nie. Op 1 Julie 1886 het hy bekend gemaak dat hy as hoof van die inrigting bedank het,[4] en dat hy aangestel is as rektor in Barkly-Wes.[5]

(i) DS. BARRON MOORE (WAARNEMEND - JULIE 1886 - DESEMBER 1887).

Ds. Barron Moore is deur die Raad van Opvoeding op 7 Junie 1886 versoek om as hoof van die St. Andrew-kollege waar te neem, nadat 'n telegram van die biskop ontvang is, waarin hy gesê het dat hy nie daarin geslaag het om 'n geskikte plaasvervanger in Engeland te kry nie. Laasgenoemde het ook vir ds. Moore aanbeveel.[6]

Ds. Moore is in 1857 gebore. Sy skoolloopbaan het hy aan "St. Catharine's College" voltooi waarna hy na die Universiteit van Cambridge is. Die graad B.A. het hy in 1880 behaal. In 1881 is hy as deken deur die biskop van Londen en in 1884 as predikant

---

1) "The Friend" : 21 Mei 1885.
2) "The Friend" : 25 Junie 1885.
3) Ibid : 1 Julie 1886.
4) Ibid : 1 Julie 1886.
5) Diocesan Register of Clergy.
6) Notuleboek : 7 Junie 1886.

deur die biskop van Grahamstad bevestig. Hy was vanaf 1881 tot 1883 kurator van Stratford. Vanaf 1883 tot 1885 was hy assistent-onderwyser aan die St. Andrew-kollege, Grahamstad, waar hy ook by die katedraal werksaam was. 1) In Julie 1885 is hy vir 'n jaar as waarnemende hoof van die St. Andrew-kollege, Bloemfontein aangestel. Hy sou £200 vir die jaar ontvang. 2)

Met sy vertrek het Scratchley gesê dat hy bly was dat hy die werk aan iemand kon oorhandig wat so goed gekwalifiseerd was. Syns insiens was mnr. Moore net die regte man wat die skool weer op die voete sou bring. Hy het vervolg „He is an experienced and able teacher, and his experience has been gained not only in England but in the Colony, for he has for three years taught in the College at Grahamstown." 3)

Ook kanunnik Balfour het in „The Friend" van 1 Julie 1886 met hoë lof van sy getuigskrifte gepraat en aangevoer dat die biskop van Grahamstad sowel as kanunnik Espin so gunstig van ds. Moore gepraat het dat die Raad van Opvoeding nie 'n enkele oomblik geaarsel het om hom aan te stel nie.

Die inrigting het onder die bekwame leiding van ds. Moore langsamerhand weer een van die vooraanstaande skole in die land geword en die prestige wat dit voor die depressiejare geken het, herwin. In Julie 1887 kon die skoolhoof vir die eerste maal in vyf jaar berig dat daar geen afname in die aantal leerlinge aan die skool was nie. Inteendeel, daar was oral tekens van vooruitgang en in hierdie jaar is, soos reeds gemeld, drie beurse ingestel om ouers aan te moedig om hulle kinders na die skool te stuur. 4)

1) Diocesan Register of Clergy.
2) Notuleboek : 7 Junie 1886.
3) „The Friend" : 1 Julie 1886.
4) „The Friend" : 6 Julie 1887.

[1] Ds. Moore se dienstermyn het in Julie 1887 ten einde geloop en alhoewel hy graag sy eie belange ten behoewe van St. Andrew-kollege op die agtergrond wou skuif, het hy tog besluit om sy dienste nie vir 'n vasgestelde tyd aan te bied nie. Daar was egter niemand anders beskikbaar nie en die bedanking van ds. Moore sou dus die sluiting van die skool beteken het. Hy het dus goedgunstiglik ingewillig om aan te bly tot iemand anders gevind kon word.

In Desember 1887 het die biskop daarin geslaag om 'n plaasvervanger vir ds. Moore te kry. Laasgenoemde het onmiddellik na George vertrek, waar hy deur die biskop van Grahamstad as hoof van die kerkskool aldaar benoem is. [2]

(j) DS. JOHN BELL. (JAN. 1888 - JULIE 1894).

Op 7 Oktober 1887 is bekend gemaak dat 'n sekere mnr. Todd wat gevra was om die prinsipaalskap van die inrigting oor te neem, nie in staat was om dit te doen nie. [3] Op 'n spesiale vergadering van die Raad van Opvoeding, gehou op 9 Oktober 1887, is daar na 'n uitvoerige bespreking die volgende besluit: „That the Bishop be respectfully asked to see Canon Bell, with reference to his accepting the Head Mastership of St. Andrew's, and that the Provost be instructed to supply the Bishop with all particulars." [4]

Insake hierdie aanbod het ds. Bell aan die „Quarterly Paper" van 16 Julie 1888 geskryf dat die biskop hom in Desember 1887 namens die Raad van Opvoeding genader het. Die aanbod is sonder enige verdere inligting aan hom gemaak en hy moes na 'n

---

1) Gegewens verkry uit „The Friend" 6 Julie 1877.
2) Sien ook : „Diocesan Register of Clergy."
3) Notuleboek : 7 Oktober 1887.
4) Ibid : 9 Oktober 1887.

maand die raad van sy finale besluit verwittig. Dit was vir hom moeilik om homself sonder meer los te ruk uit die vriendekring waar hy 25 jaar werksaam was. Daar was egter ook die oorweging dat dit 'n dure plig was dat St. Andrew-kollege in stand gehou moes word. Laasgenoemde oorweging het hom eindelik oorgehaal om die betrekking te aanvaar. Sy salaris sou £300 per jaar wees. Hy het ook die reg gehad om kosgangers in te neem,dog hy was verantwoordelik vir enige onkoste in verband met hierdie kosgangers.[1)]

Ds. Bell is in 1833 in Donnington, Yorkshire, gebore. Hy was die laaste oorlewende van die geselskap wat saam met dr. Twells na Suid Afrika gekom het. In 1863 is hy aangestel as onderwyser van die kerkskool op Smithfield. In 1868 is hy deur biskop Twells as deken en in 1870 deur die biskop van Grahamstad as predikant bevestig. Hy was vanaf 1868 tot 1887 rektor van Smithfield waar hy 'n kerk gebou het wat vandag nog staan.[2)]

Die skool het vanaf Jan. 1888 onder sy beheer vinnig vordering gemaak. In „The Friend" van 4 Julie 1888 lees ons; „ - already the school shows signs of returning to its former prosperity as it may be expected to do under a master who has taught so long and successfully in this country - " en in die „Quarterly Paper", no.81, van 16 Julie 1888: „ St. Andrew's College under Canon Bell is steadily regaining its position - " en in die „Quarterly Paper,"no.80, van 16 April 1888: „ - if any master be capable of guiding the school into prosperity, Canon Bell is capable of doing so; it will be a

---

1) Notuleboek : 30 Junie 1888.
2) Diocesan Register of Clergy.

peculiar tribute to his power and his hold on the confidence of the country if this be done".

Hierdie vooruitgang het voortgeduur. Die aantal leerlinge het vinnig toegeneem totdat ds. Bell wat maar met 13 seuns begin het, in Julie 1889 kon rapporteer dat daar ongeveer 40 leerlinge op skool was. Ook die koshuis is weer ge-open,[1] en die skool het teen 'n sneller pas vordering gemaak as wat enigeen verwag het.[2]

In 'n brief van ds. Bell, gedateer 17/8/1889, aan vriende in Engeland, het hy geskryf dat die St. Andrew-kollege na slegs agtien maande onder sy beheer by geen ander skool afgesteek het nie en dat dit besig was om goeie vordering te maak. Sy doel was om die seuns, 'n goeie opvoeding te gee en die werkgees van die inrigting op 'n hoër peil te stel sodat die seuns hul waarlik in die toekoms kon voorberei.[3]

Ds. Bell se gesondheid het egter mettertyd veel te wense oorgelaat. Ontevredenheid is telkemale deur lede van die Raad van Opvoeding uitgespreek omdat daar nie gereeld 'n verslag van die inrigting se werk aan die raad gestuur is nie. Die raad het op 6 Januarie 1894 besluit om die biskop te vra om stappe te doen om die skoolhoof se las te verlig, aangesien hy dit weens sy swak gesondheid moeilik gevind het om al sy pligte uit te voer. Dit was egter die wens van die raad dat enige verandering van skoolhoof nie voor Junie van daardie jaar moes geskied nie.[4]

Om sake vir ds. Bell nog moeiliker te maak, het hy sy vrou teen die einde van 1894 verloor. Kort daarna het die biskop geskryf: "Canon Bell, whose

---

1) Q.P., 85, 15 Julie 1889.
2) Q.P., 86, 15 Okt. 1889.
3) "The Friend" : 20 Des. 1892.
4) Notuleboek : 6 Jan. 1894.

health had before suffered from the strain of schoolwork, seemed for a time utterly prostrated, but after a time of change and rest, he recovered sufficiently to take up again his arduous duties at St. Andrew's where he is still working on bravely and patiently. But we cannot expect him to continue long at such trying work and a new Head Master must be found."[1]

In Julie 1894 het kanunnik Bell dan ook as hoof van die St. Andrew-kollege bedank.[2] Hy was egter geensins van plan om die tuig neer te lê nie en vanaf 1894 tot 1904 was hy predikant op Barkly-Wes. Hy is in 1906 oorlede.

(k) <u>DS. HORACE WILLIAM ORFORD</u>. (<u>JAN. 1895 - SEPT. 1899.</u>)

Na die bedanking van kanunnik Bell was niemand beskikbaar om die leiding oor te neem nie. Totdat iemand gevind kon word, is die werk tydelik aan mnr. J. Robinson opgedra.[3] Hy is deur mnr. W.W. Powell bygestaan.

Op 11 Oktober 1894 is egter bekend gemaak dat die biskop daarin geslaag het om die dienste van ds. Horace Orford te verkry. Hy was reeds 'n ervare onderwyser en het ook goeie werk as predikant gedoen. Sy besoldiging sou bestaan uit 'n salaris van £300 per jaar, vry inwoning aan die St. Andrew-kollege, en die reg om kosgangers op eie risiko teen 'n vasgestelde bedrag in te neem.[4]

Ds. Orford is in 1850 gebore. Hy het sy opleiding aan die King Edward-skool, Birmingham, ontvang. Hy het die graad B.A. in 1872 en die graad M.A. in 1880 aan die Sidney Sussex-Kollege, Cambridge, behaal.

---

1) Q.P., No.104, 25 April 1894.
2) Q.P., No.105, 25 Julie 1894.
3) Q.P., No. 105, 25 Julie 1894.
4) Notuleboek : 11 Okt. 1894.

In 1874 is hy as deken en in 1876 as predikant deur die biskop van Peterborough bevestig. Hy was kurator van Appleby vanaf 1874 tot 1876, van St. Mark, Peterborough vanaf 1876 tot 1880, van Paston, Northampshire, vanaf 1880 tot 1883. Vanaf 1884 - 1892 was hy predikant in Braddon, Peterborough, en vanaf 1892 tot 1894 vikaris van St. Mary, Leicester. 1)

Ds. Orford het in Oktober 1894 uit Engeland vertrek. 2) Op 5 Januarie 1895, is hy op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding aan die lede voorgestel. 3)

Ds. Orford het uit die staanspoor baie goeie werk vir die skool gedoen. In April 1895 het die biskop geskryf "Those who have helped St. Andrew's College will be thankful to learn that it is prospering under the new Principal beyond our hopes". 4) en in Julie 1896: "St. Andrew's College is flourishing under Canon Orford, and has a larger number of boarders than it has had for a very long time". 5) Ook buite die skool was hy baie bedrywig. In 1895 is hy tot sekretaris van die Raad van Opvoeding benoem en bibliotekaris. 6) In 1896 is hy deur die biskop van Bloemfontein tot kanunnik benoem. 7)

Ongelukkig het die notule van die Raad van Opvoeding se vergaderings in ds. Orford se dienstydperk steeds korter en sketsmatiger geword. Daar is meer aandag gewy aan die verskuiwing van die skool na die nuwe terrein in Aliwalstraat, en baie min lig is gewerp op ds. Orford en sy werk aan die skool. Uit die notule kan egter afgelei word dat Ds. Orford met die inwyding van die nuwe gebou nog hoof van die

---

1) Diocesan Register of Clergy.
2) Q.P., No 106, 25 Oktober 1894.
3) Notuleboek : 5 Jan. 1895.
4) Q.P., No. 108, 25 April 1895.
5) Q.P., No. 113, 25 Julie 1896.
6) Notuleboek : "St. Mark's Day" 1895.
7) Diocesan Register of Clergy.

inrigting was. In 1904 was hy nog steeds in Bloemfontein en het toe op die komitee van die St. Andrew-hostel gedien.[1]

3. DIE HULPONDERWYSERS:

Van die begin af is gepoog om bekwame onderwysers uit Engeland te verkry, maar dikwels moes gebruik gemaak word van plaaslike onderwysers of oudleerlinge van die inrigting.

Vanaf die opening van die inrigting tot in 1874 is geen assistente aangestel nie. Die aanstelling van hierdie hulponderwysers het by die skoolhoof berus en dit was eers in 1874 dat Douglas McKenzie dit nodig geag het om twee aan te stel. Die eerste assistent was 'n sekere mnr. Champernowne wat sy dienste teen 'n vergoeding van slegs vry losies en inwoning aangebied het. Hy het egter net vier maande gebly.[2] In daardie jaar was ds. W. Gaul ook met die sang behulpsaam.[3]

In die volgende paar maande was verskillende assistente aan die inrigting behulpsaam. Met ingang van die tweede helfte van 1875 het McKenzie egter berig dat hoewel die hulp van daardie deeltydse assistente op daardie tydstip onontbeerlik was, daar toe alle hoop bestaan het dat die biskop hom binnekort 'n permanente, opgeleide assistent uit Engeland sou stuur. Hy sou dan nie meer op die vriendelikheid van hierdie mense moes staatmaak nie.[4]

'n Groot verbetering het teen die einde van 1875 in die laer afdeling ingetree. Hierdie afdeling was onder die permanente toesig van mnr. Brown. Die hoop is uitgespreek dat die skool nooit die dienste

---

1) Notuleboek : 16 Jan. 1904.
2) "The Friend" : 25 Junie 1874.
3) Ibid
4) "The Friend" : 24 Junie 1875.

van mnr Brown sou moes ontbeer nie wat sy onverdeelde aandag en al sy tyd aan die skool gewy het.[1)]

In ds. W.T. Gaul se afwesigheid is die sang in 1876 deur mnr. Jas. Barrett behartig.[2)] Dit was nog steeds moeilik om 'n permanente aanstelling te maak en toe die dienste van mnr. Geo. Wilson in Januarie 1877 verkry is, is daar gehoop dat hy moontlik 'n permanente betrekking aan die inrigting sou aanvaar. Hy was tien jaar aan die „Public School" in Simonstad verbonde. Hy was 'n Engelse gesertifiseerde omderwyser met wye ondervinding en sy getuigskrifte was van 'n baie hoë aard.[3)] In 1879 was mnr. Wilson nog saam met McKenzie aan die St. Andrew-kollege werksaam. In daardie jaar was daar ook nog twee ander leerkragte, mnr. Lloyd en ds. T.A. Meyer, albei oudleerlinge van die skool.[4)] Aan die einde van 1879 het ds. Meyer die inrigting tydelik verlaat om beheer van die „All Saints School" in Du Toitspan oor te neem. Hy was besonder gewild in hierdie nuwe werkkring. Toe die biskop in Desember 1879 'n besoek aan sy nuwe werkkring gebring het, is 'n afvaardiging gestuur om die biskop te versoek om ds. Meyer permanent in du Toitspan aan te stel. Ongelukkig was sy dienste aan St. Andrew-kollege onontbeerlik.[5)] Dit was eers in Junie 1882 dat hy besluit het om die inrigting vaarwel toe te roep. Met sy afskeid het ds. Borton van hom gesê:[6)] „ - a master who has so identified himself with the place that St. Andrew's College will scarcely seem the same without him. His work in the schoolroom and on the playground has been steady

---

1) „The Friend" : 23 Des. 1875.
2) Ibid : 28 Des. 1876.
3) Ibid : 18 Jan. 1877.
4) Reports of Princ, to the Dioc. B. of Ed.
5) „The Friend" : 18 Des. 1879.
6) Ibid : 22 Junie 1882.

and solid". Hy het op sportgebied groot welslae met die seuns behaal en by geleentheid van 'n sportbyeenkoms in 1882 het die skool sewentien uit die 21 pryse verower. 1) Ook in sy latere werkkring op Ficksburg (destyds Vichsburgh) het hy bewys gelewer van sy hardwerkendheid. In April 1885 het die biskop geskryf: „Mr. Meyer is much respected, and has considerable influence, - though keeping up periodical services in distant centres implies no slight addition to necessary parish and school work." 2)

Met die groot toename in die aantal leerlinge in 1880 moes die personeel noodwending ook aangevul word. In hierdie jaar is mnre. Agissar, Milward, Skinner en Bois (musiek) op die personeel aangestel. Mnr. Lloyd, wat voornemens was om te vertrek, het ingewillig om aan te bly en te help met die skielike toename in die aantal leerlinge. 3) In 1881 is die personeel nog verder aangevul. In sy verslag van Junie 1881 het ds. Borton gemeld dat sy assistente die volgende was: Ds. T. Meyer, mnre. Winning, L.A. Kirby, G. Heathcote, H. Skinner, Haworth en I. de Villiers. 4) Volgens die skoolhoof was die koms van mnr. Winning 'n groot aanwins vir die skool, veral op krieketgebied. Die vertrek van mnr. Willson was weer net so'n groot verlies. 5) Aan die einde van die jaar het die meeste assistente vertrek. Hierdie uittog het 'n nadelige uitwerking op die vordering van die seuns gehad. 6) Borton het egter gou ander plaasvervangers gekry en in 1882 was daar 'n groter personeel as ooit tevore. 7) Onder die nuwelinge was daar mnre. Adams en Roberts.

1) „The Friend" : 22 Junie 1882.
2) Q.P.; No.68, April 1885.
3) "The Friend" : 1 Julie 1880.
4) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ.
5) "The Friend" ; 6 Jan. 1881.
6) Ibid : 15 Des. 1881.
7) Sien 3).

Hulle het Mnr. Meyer se plek met eer gevul. Volgens mnr. Borton se verslag was hulle ten volle in staat om die groot belangstelling in liggaamsoefeninge en gimnastiek gaande te hou. Nog 'n oudleerling mnr. Lloyd, het in hierdie jaar by die personeel aangesluit. Die beheer van die kleuters is aan hom toevertrou. Sy geduld en vriendelikheid het groot byval by die kleiner kinders gevind. 1)

Mnr. Roberts en Adams sou egter nie lank aan St. Andrew-skool vertoef nie. In Junie 1883 het mnr. Borton berig: „ - I have not yet been able to make arrangements for this part of our educational course (liggaamlike opvoeding) as Mr. Roberts is leaving us for work at Thaba 'Nchu, and Mr. Adams is going over the way to look after our bodies in a different manner. Perhaps, however, he will have pity on our plight and still give us the pleasure of hearing his stentorian voice on the parade ground." 2) Laasgenoemde het egter nie langer vertoef nie want in Desember 1883 het ds. Lyttleton geskryf dat hierdie kurses deur mnr. Dent oorgeneem is. 3)

In die volgende paar depressiejare word daar maar min van die assistente gehoor. Die aantal leerlinge aan die skool het aansienlik afgeneem en dit kan dus aangeneem word dat die meeste assistente ook maar ander betrekkings aangeneem het. Met die vertrek van ds. Lyttleton in Junie 1885 het mnr. Lloyd se deeglike en getroue werk aan die inrigting ook ten einde geloop. 4) Mnr. Spry het die laer skool oorgeneem en in 1886 was hy en mnr. de Villiers

---

1) „The Friend" : 14 Des. 1882.
2) Ibid : 28 Junie 1883.
3) Ibid : 20 Des. 1883.
4) „The Friend" : 25 Junie 1885.

die enigste twee assistente. Hulle het die skool getrou gedien en die hoof is in hierdie moeilike jare deurgaans gulhartig en getrou deur hierdie manne ondersteun. Van mnr. Spry het mnr. Scratchley gesê: „ I knew that he not only taught his pupils well and carefully but also that he had gained their affection and the confidence of their parents -."[1]

Die hewige skuld waarin die inrigting in hierdie jare gedompel was, het dit vir die owerhede al hoe moeiliker gemaak om die assistente te besoldig. Gevolglik was sommige van hulle verplig om onderwys te gee en ook werk in die gemeente te doen om 'n bestaan te vind. In 1888 was ds. Bell se enigste assistent (behalwe een vir Hollands) 'n sekere ds. M.A. Reading. Hy het ook benewens sy werk as onderwyser werk in die gemeente gedoen. Omdat die aartsdeken nie kans gesien het om hom vir sy klerikale dienste te besoldig nie, en omdat sy dienste vir die laer afdeling van die skool onontbeerlik was, moes die „Board of Finance" die bykomende verantwoordelikheid op hulle skouers neem om hom as assistent aan die St. Andrew-kollege ten volle te besoldig.[2] Ds. Reading het tot aan die einde van 1889 baie goeie werk verrig. Die biskop en die hoof het met hoë lof gepraat van die wyse waarop hy met die junior klasse te werk gegaan het.[3] (Die feit dat twee predikante in beheer van die skoolsake was, het 'n groot morele invloed op die seuns gehad).[4] Sy plek is na sy vertrek deur ds. J.L. Davids gevul).[5]

Namate toestande in die land normaal geword het,

---

1) „The Friend" : 1 Julie 1886.
2) Notuleboek : 30 Junie 1888.
3) Q.P., No. 81, 16 Julie 1888 en „The Friend" : 25 Des. 1889.
4) Q.P., No.85, 15 Julie 1889.
5) „The Friend" : 25 Des. 1889.

het die getal leerlinge aan die inrigting ook toegeneem. Gevolglik is meer leerkragte vereis. 'n Baie bekwame opvoeder, mnr. G.E. Jelf B.A. het in 1891 as onderhoof by die personeel aangesluit. [1] Weens ds. Bell se swak gesondheid het 'n groot deel van die werk op sy skouers gerus. Hy het hom baie deeglik daarvan gekwyt. By verskillende geleenthede is die goeie vordering wat die seuns onder sy leiding gemaak het, deur ds. Bell aangeprys. [2]

Vroeg in 1893 moes mnr. J.E. Jelf weens swak gesondheid bedank. [3] By geleentheid van sy vertrek het die biskop geskryf: „He will be much missed in Bloemfontein. It is through his exertions that the school Chapel has lately been put in good repair and much beautified." [4]

Sy plek as onderhoof is deur mnr. O. Pilling gevul. In 'n brief van die biskop, gedateer 12 Junie 1893, is gemeld dat hy 'n baie kort rukkie aan die inrigting werksaam was. Reeds met sy aankoms in die stad het sy gesondheid veel te wense oorgelaat. Daar is egter gehoop dat hy spoedig sou herstel. Hierdie hoop is verydel en op 29 April 1893 is hy in die St. George-hospitaal oorlede. Mnr. A.H. Grey is tydelik aangestel om die werk voort te sit. [5]

Teen die middel van die jaar is Grey deur mnr. G. Hull, B.A., opgevolg wat ingewillig het om tot Kersfees 1893 as onderhoof op te tree. [6] In 1894 is sy werk deur mnr. W.W. Powell oorgeneem. [7] Na die hoof, ds. Bell se aftrede in Julie 1894, is mnr. Robinson as waarnemende hoof van die inrigting tot

---

1) Notuleboek : 17 Julie 1891.
2) „The Friend" : 19 Junie 1891.
3) Ibid : 2 Mei 1893.
4) Q.P., No.100, 15 April 1893.
5) Q.P., No.101, 15 Julie 1893.
6) Q.P., No.102, 15 Okt. 1893.
7) Q.P., No.104, 25 April 1894.

die aankoms van ds. Orford uit Engeland aangestel, op voorwaarde dat sy dienste daarna as onderhoof behou sou word.[1] Hy sou £100 per jaar en vry inwoning en losies ontvang of £200 indien hy vir sy eie inwoning en losies sou sorg.[2]

Op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding, gehou op 11 Oktober 1894, het die ouers hul tevredenheid oor die werk van mnr. Robinson uitgespreek. Daar is ook deur die biskop bekend gemaak dat mnr. Bernard Wright saam met die pas aangestelde skoolhoof, ds. Orford, uit Engeland sou aankom. Eersgenoemde sou die plek van mnr. Robinson inneem, wat intussen besluit het om die skool aan die end van daardie jaar te verlaat om 'n nuwe skool op Harrismith te open.[3]

Op 5 Januarie 1895 het ds. Orford bekend gemaak dat hy van voorneme was om van die dienste van die volgende drie assistente gebruik te maak: mnre. Powell, Wright en Skeel. Hulle sou die werk onder hulle verdeel en terselfdertyd hul voorberei vir die matrikulasie-eksamen van die Kaapse Universiteit. Mnre. Powell en Wright sou elk kos en inwoning ten bedrae van £60 per jaar van die kollege ontvang. Mnr. Skeel sou egter geen besoldiging van die kollege ontvang nie.[4] Bogenoemde assistente se plekke is in September 1896 gevul deur 'n teologiese student, Leonard Humberstone, en mnr. Wilfred Richardson, 'n ervare onderwyser wat voor sy koms na St. Andrew-kollege aan die St. John-kollege, Manitoba werksaam was. Albei hierdie hulp-onderwysers is egter oorlede tydens die maagkoors-epidemie wat in 1897 aan die skool uitgebreek het.[5]

---

1) Q.P., No.105, 25 Julie 1894.
2) Notuleboek : "St. Peter's Eve" 1894.
3) Notuleboek : 11 Oktober 1894.
4) Ibid : 5 Jan. 1895.
5) Q.P., No.117, 25 Julie 1897.

Die heengaan van die een-en-twintigjarige, Leonard Humberstone op 2 April 1897 is deur die inwoners van die stad geweldig gevoel. Met sy afsterwe het die biskop geskryf: "Coming to us from S. Boniface College, Warminster, only last September, he had already endeared himself to us all. Of a singularly gentle and humble disposition, he had yet great decision of character and was devoting himself with much earnestness of purpose to his preparation for the work of the Ministry." 1)

Mnr. Wilfred Richardson, die ander hulponderwyser, is op 5 Junie 1897 in die ouderdom van 27 jaar oorlede. Ook hy het van groot bekwaamheid en 'n suksesvolle loopbaan bewys gelewer. 2)

Van tyd tot tyd is daar ook onderwysers aangestel om Hollands aan die St. Andrew-kollege te onderrig. Net soos die ander assistente het hierdie manne ook nie lank aan die inrigting vertoef nie. Die oorsaak van hul kort verblyf is moontlik die karige besoldiging wat hulle ontvang het. Hierdie pos is in 1886 aan mnr. Bier op 'n salarisskaal van £30 per jaar aangebied. Dit sou van hom verwag word om, behalwe onderrig in Hollands, drie uur per dag algemene hulp te verleen. 3) Alhoewel daar altyd beweer is dat die Volksraadstoelae van £100 vir die onderrig van Hollands gebruik is, is inderdaad slegs 'n baie klein deel van daardie geld daarvoor aangewend. Mnr. Herbst, wat van 1891 tot 1895 Hollands gedoseer het, het £60 per jaar ontvang, dog sy plaasvervanger, mnr. Reginald Gregorowski, wat in 1895 aangestel is, het slegs £25 per jaar ontvang. 4)

Soos uit die notuleboek van die Raad van Opvoeding

---

1) Q.P. No.117, 25 Julie 1897.
2) Q.P., No.118, 25 Oktober 1897.
3) Notuleboek : 28 Julie 1886.
4) Ibid : 5 Jan 1895.

afgelei kan word asook uit verslae in „The Friend" en „The Express", het die volgende onderwysers tussen die jare 1874 en 1899 onderrig in Hollands gegee:

Mnr. De Smidt (1874 - 1879)

Mnr. Van der Post (1879 - 1880)

Mnr. De Villiers (1880 - 1882)

Mnr. Olland (1882 - 1886)

Mnr. Bier (1886 - 1888)

Mnr. Landgraf (1888 - 1889)

Mnr. Bier (1889 - 1891)

Mnr. Herbst (1891 - 1895)

Mnr. Gregorowski (1895 - 1899)

# HOOFSTUK Vll.

## DIE INHOUD EN METODE VAN DIE ONDERWYS, TUG EN DISSIPLINE.

### A. INHOUD VAN DIE ONDERWYS:

### 1. INLEIDING:

Die doel van die onderwys aan die St. Andrew-kollege was van 'n alsydige godsdienstige en nasionale aard. Om hierdie doel te verwesenlik, moes die leerstof noodwendig daarby aanpas. Reeds in die eerste advertensie in verband met die opening van die skool wat op 13 November 1863 in „The Friend" verskyn het, is bekend gemaak dat „the course of instruction will comprise the usual branches of a sound liberal education."

### 2. LEERSTOF:

Met die eerste eksamen wat aan die einde van Junie 1864 aan die skool afgeneem is, het die kinders in die volgende vakke eksamen afgelê: natuurkunde, sterrekunde, grammatika, geskiedenis, rekenkunde en Bybelgeskiedenis. Ook aan die voordrag van gedigte is besondere aandag gewy.[1)]

In die volgende paar maande het die leerstof min of meer dieselfde gebly. Op 13 Januarie 1865 het die volgende advertensie in „The Friend" verskyn: „The course of instructiom includes the usual branches of a sound and liberal Education, comprising besides elementary subjects, mathematics, physics, Latin, music and drawing!"[2)] Teen die middel van 1869 het Clulee aangekondig dat hy van voorneme was om die lys van boeke noukeurig te ondersoek en indien nodig te wysig om sodoende die doeltreffendheid van die skool

---

1) „The Friend" : 1 Julie 1864.
2) „The Friend" : 13 Jan. 1865.

te verhoog.[1] 'n Paar maande later het hy berig dat die kurses voortaan die beginsels van lees, rekenkunde, Bybelgeskiedenis, Latyn, geskiedenis, gevorderde rekenkunde, Engelse grammatika, Engelse opstel, skei-en natuurkunde, natuurstudie, aardrykskunde en sang sou omvat.[2]

Vanaf 17 Julie 1870 is Hollands ook by die leerplan ingeskakel. Dit is as een van die gewone lesse van die skool beskou.[3]

Die leerstof het in die volgende paar jaar nagenoeg onveranderd gebly, volgens advertensies wat in „The Friend" van 10 Augustus, 24 Augustus, 31 Augustus en 14 September 1871 verskyn het. Daar is veral klem gelê op die grammatika, sinsbou en samestelling van die Engelse, Hollandse en Latynse tale, diktee en lees in die Engelse en Hollandse tale, geskiedenis, aardrykskunde, lees en die teken van landkaarte. Vir godsdiensonderrig is daar spesiale voorsiening gemaak. 'n Keuse in godsdiensonderrig is aan die ouers van die kinders oorgelaat.

In 1872 is die leerstof gesistematiseer. Vir die eerste keer is daar melding gemaak van die verskillende klasse aan die inrigting. Vir elke klas is die leerstof vasgelê.[4] Vir die eerste klas sou die leerstof bestaan uit algemene geskiedenis, Bybelgeskiedenis, aardrykskunde, rekenkunde, Latyn, Hollands en diktee. Die leerstof van die tweede klas is beperk tot die algemene beginsels van die verskillende tale, lees, geskiedenis, aardrykskunde, rekenkunde, skrif. Die leerstof van die derde klas is beperk tot 'n inleiding tot bogenoemde vakke.

---

1) „The Friend" : 24 Junie 1869.
2) Ibid : 30 Des. 1869.
3) Ibid : 23 Junie 1870.
4) „The Friend" : 26 Des. 1872.

'n Verdere verandering het in 1873 plaasgevind toe die eerste en tweede klasse elk in twee afdelings verdeel is. Die leerstof het dieselfde gebly hoewel meer gevorderde werk in die een afdeling gedoen is. Die derde klas is toe ook in 'n junior klas verander. 1)

In 1874 het McKenzie ook met die onderrig van Frans en tekene 'n aanvang gemaak. Die seuns van die senior afdeling of die eerste klas kon nou kies tussen Frans en Hollands en Latyn en Engels. Teken is as vak in die hele skool verpligtend gemaak. McKenzie het in hierdie verband gesê: "..... experience is showing more plainly in England every day the great usefulness of a very early training of eye and hand". 2) Ander veranderings wat in hierdie jaar aangebring is, was die instelling van 'n skoolmuseum met 'n prys vir die beste bydrae. Dr. Exton het hierdie afdeling van die leerplan met wetenskaplike hulp bedien. Hy was ook verantwoordelik vir die liggaamsoefening van die hele skool een maal per week. Laasgenoemde het egter nie lank geduur nie, want die ongeskiktheid van die skoolgronde het McKenzie genoodsaak om hierdie instelling tydelike te laat vaar. 3)

Die skoolmuseum het geleidelik tot groot eer aan die skool ontwikkel. In 1875 het die Vrystaatse regering toestemming gevra om die versameling insekte van die museum na Philidelphia te stuur. In ruil sou 'n mooi kabinet vir toekomstige versamelings aan die skool geskenk word. Die aanbod is aanvaar want volgens McKenzie sou die kabinet 'n geweldige aanmoediging vir die seuns wees, aangesien dit syns

---

1) "The Friend" : 3 Julie 1873.
2) Ibid : 25 Junie 1874.
3) "The Friend" : 25 Junie 1874.

insiens hulle tot groter dinge in staat sou stel.[1]

'n Paar jaar later moes McKenzie egter berig dat die belangstelling wat die seuns aanvanklik in die werk van die museum getoon het, aan die taan was. Die entoesiasme was egter geensins dood nie. Die laaste paar weke voordat McKenzie sy verslag uitgebring het, het die seuns nog 'n honderd soorte insekte versamel.[2]

Die studie van Hollands aan die inrigting is in hierdie paar jaar baie afgeskeep dog met die aanstelling van Douglas McKenzie as skoolhoof, is daar weer gepoog om gereëlde onderrig in Hollands in te stel. In „The Friend" van 3 Julie 1873 lees ons: „This part of the College education had been much interfered with by the change of regime, and only in the last few weeks taken again its ordinary place in the course of instruction. Under such circumstances much could not be expected of the boys. Harvey proved himself the best, but the others did enough to show that the study of the Dutch language was receiving due attention and to give promise of higher attainment hereafter."

Dit is verbasend om te sien hoeveel aandag daar in hierdie jare aan voordrag en tekene gewy is. Die teken van landkaarte het veral aandag geniet. Daar is gereeld lang gedeeltes uit Hollandse, Engelse en Latynse poësie of tweesprake van buite geleer. Van die seuns is verwag om enige tyd enige deel van die werk te kan voordra wat gedurende die jaar van buite geleer is. In „The Friend" van 24 Junie 1875 het daar 'n lys verskyn van voordragte waarop die seuns geëksamineer is:

1) „The Friend" : 24 Junie 1875.
2) Ibid : 17 Des. 1877.

Die Vrystaatse Volkslied; Scene from William Tell; Sarnem; Guards; Mazeppa (Byron); Le Bouffon et le paysan (Fenelon); Scene from Henry VIII (Shakespeare); Cromwell; Virgil; Æneid 1, 195-210."

'n Tweede lys het op 5 Julie 1877 verskyn: „Greek: Homer, Od. ii, 1-35, Longfellow: Building of Ships, Dutch: De mensch en het Uurwerk, Longfellow: Birds of Killingworth, Latin: Cicero:pro lege Manilia, Shakespeare: Macbeth."

Om aan te toon hoeveel aandag aan hierdie sy van die opvoeding geskenk is, haal ons 'n paar voorbeelde aan. In „The Friend" van 25 Junie 1874 lees ons: „The boys simply brought up all the English poetry they had got by heart during the half year, and were liable to be called to recite any part of it ...". In „The Friend" van 24 Junie 1875 het Brebner, inspekteur van onderwys geskryf: „.... I commend the boys for their recitations". In die uitgawe van 23 Desember 1875 het die redakteur geskryf: „..... the recitation elicited loud applause" en op 31 Julie 1876: „..... The recitations showed a very marked advance upon previous occasions. The boys spoke louder and slower as well as with greatly increased intelligence and due emphasis. We trust there would be steady progress in this useful branch of education.[1] .... Mr. Justice Buchanan promised a half yearly prize to the boy who should acquit himself the best in this respect. ..... A new feature and one betokening considerable advance was the Latin oration slightly altered and adopted from Cicero's speech in praise of Pompey, so as to become Meyer's speech in praise of his school." Op 5 Julie 1877 het dieselfde Meyer weer 35 reëls op

---

1) Ek onderstreep.

'n uitstekende wyse uit Homerus voorgedra. 1)

Ná die instelling deur McKenzie in 1874 van Frans aan die inrigting, is die onderrig daarvan baie deur die geweldige tekort aan handboeke gestrem. 2) Dit was egter ook die geval met die onderrig van geskiedenis. Toe Brebner die skool in 1876 gelukgewens het met die wyse waarop geskiedenis gedoseer is, moes hy tot sy verbasing verneem dat die junior seuns, wie se eksamenskrifte van so'n hoë gehalte was, geen onderwys in geskiedenis ontvang het nie! Volgens McKenzie was die geskiedenishandboeke van so'n swak gehalte, dat hy die seuns 'n Engelse geskiedenisboek gegee het om te lees. Hierdie boek was in baie eenvoudige Engels geskryf. Die geskiedenis wat die seuns dus geken het, het hulle dus van die lees onthou. 3)

Met die koms van Borton het die klasstelsel verdwyn. Dit is vervang met 'n verdeling van die skool in drie afdelings nl. 'n hoër, middel-en laer afdeling. 4) Die vakke van die hoër afdeling was Latyn, Grieks, Hollands, Frans, geskiedenis, aardrykskunde, algebra, rekenkunde en boekhou. 5) In 1880 het die afdeling onderrig ontvang in Latyn, Grieks, Engels, rekenkunde, een moderne taal, geskiedenis en aardrykskunde. 6)

Liggaamlike opvoeding het 'n baie vername deel van die leerplan uitgemaak. In 1880 het Borton berig: „One other feature of our system of which we are very proud is the lessons in Gymnastics which are given so kindly and so well by Mr. Meyer. All the boarders go through a course of drill and exercises twice a week as part of their school work and those day boys who like

---

1) „The Friend" : 5 Julie 1877.
2) Ibid: 25 Junie 1874.
3) „The Friend" 28 Des. 1876.
4) Ibid ; 1 Julie 1880.
5) & 6) Reports of Princ. to the Dioc.B. of Educ.

to pay the quarterly subscription of one shilling to the gymnasium may have the like privilege."[1] Die welslae wat die seuns op die sportveld in geheel behaal het en die wisselbeker vir toutrek wat jaar na jaar deur die skool gewen is, het die instelling as vak van liggaamlike opvoeding aan die skool volgens Borton heeltemal geregverdig.[2] Die belangstelling in hierdie vak was baie sterk. Met gereëlde tussenposes is geslaagde byeenkomste afgehandel, wat altyd groot lof uitgelok het.[3]

Dril wat as 'n onderafdeling van liggaamlike opvoeding beskou is, het maar 'n baie wankelbestaan gevoer. Dit is vir die eerste maal in 1874 deur McKenzie ingevoer. Dit is toe vir die hele skool verpligtend gemaak. Weens die ongeskiktheid van die skoolgronde is egter spoedig 'n einde daaraan gemaak.[4]

In boekhou wat reeds in 1875 as vak ingestel is, is net soos in matesis en algemene kennis in later jare nooit goeie resultate behaal nie. Lyttelton het in 1883 hierdie moeilikheid daaraan toegeskryf dat die meeste seuns hulle opvoeding te laat begin het en dus die meeste van die grondbeginsels van die vak verloor het.[5]

Pas na die aanstelling van ds. Bell as skoolhoof het daar 'n prospektus verskyn wat die publiek meer inligting oor die skool moes verskaf. Daarin is gemeld dat die algemene onderrig die volgende vakke ingesluit het: klassieke tale, matesis, Engelse grammatika, geskiedenis, aardrykskunde, die beginsels van skei-en natuurkunde, tekene, sang, en een moderne

---

1) "The Friend" : 1 Julie 1880.
2) "The Friend" : 30 Junie 1881.
3) Ibid : 15 Des. 1881, 22 Junie 1882, 28 Junie 1883.
4) Ibid : 25 Junie 1874.
5) Ibid : 20 Des. 1883.

taal soos vir die matrikulasie-eksamen deur die Universiteit van Kaapstad voorgeskryf is.[1)]

(c) SAMEVATTING:

Die inhoud van die onderwys, d.w.s. die leerstof wat aan die St. Andrew-skool aangebied is, het in die liggaamlike, geestelike en godsdienstige behoeftes van die seuns voorsien. Hoewel die seuns vir hoër eksamens voorberei is, het die grootste deel van die onderrig in werklikheid in primêre onderwys bestaan. Baie min leerlinge het dan ook enige gevorderde eksamen afgelê. Die oorsaak hiervan is drieërlei: (a) Daar was 'n groot gebrek aan geskikte leerkragte. (b) Die seuns het die skool nie baie lank besoek nie. (c) Soos reeds genoem is, het omstandighede verhoed dat die seuns op 'n vroeë ouderdom skool toe kon gaan.

Die leerstof vir die primêre klasse het bestaan uit die gewone vakke soos ons hulle vandag ken. Dié van die hoër klasse het behalwe die gewone vakke ook vakke soos Duits, Grieks, boekhou, matesis, skei-en natuurkunde en Frans ingesluit.

Aan sommige vakke is daar egter meer aandag gewy as aan ander. In die primêre sowel as die hoër afdeling van die skool is baie aandag aan voordragte gegee. Dit is beskou as „a useful branch of education".[2)] Nog 'n vak waaraan baie tyd bestee is, is musiek. Reeds van die begin van die skool se bestaan af was dit verpligtend vir al die leerlinge. Hoewel dit soms moeilik was om 'n geskikte musiekonderwyser te bekom, het die verslae van die skoolhoofde gereeld melding gemaak van die werk wat in

---

1) Skoolprospektus : 1888.
2) „The Friend" : 31 Julie 1876.

hierdie vak gedoen is en veral van die hoë gehalte van die gesamentlike sang. Die reeds genoemde persverslae oor die konserte waar musieknommers gelewer is, is verdere bewys van hoe deeglik hierdie vak onderrig is. 'n Tipiese voorbeeld is die volgende uittreksel: „... the programme of songs was thoroughly well gone through",[1] en in 1879 het die skoolhoof berig: „The singing was cheerful and good and showed careful training, in fact, such as only an experienced teacher like Mr. Wilson could produce."[2]

B. ONDERWYSMETODE:

Die metode van onderrig was geensins konstant nie. Dit het gewissel namate die aantal leerlinge toe - of afgeneem het. Oor die algemeen is klasonderrig gegee, maar daar is ook gepoog om soveel as moontlik aandag aan elke leerling te wy. Mondelinge sowel as skriftelike werk is gedoen. In die eerste paar jaar ná die stigting van die skool, toe dit nog 'n „eenmanskool" was, is meestal slegs klasonderrig gegee. Dit was 'n stelsel waarmee ds. Clulee baie sukses behaal het. Die volgende persverslag kan as bewys dien: „An hour's conversation by a good humoured arithmetician, like the Rev. Mr. Clulee, with a youth of an active mind, on fractions, its principles, and its management, will give the pupil a more perfect idea of that most invaluable branch of science than months of sums done by cram rules theoretically..."[3] Alhoewel Clulee weens die tekort aan hulponderwysers verplig was om van hierdie metode gebruik te maak, het dit egter ook groot byval gevind.

1) „The Friend" : 31 Julie 1876.
2) Ibid : 25 Des. 1879.
3) „The Friend" : 24 Junie 1869.

McKenzie het meer van die skriftelike metode gebruik gemaak. Hy het min waarde aan die oorlaaiing van die brein met leervakke geheg, veral as die brein nie van hierdie materiaal gebruik kon maak nie. Die aankweek van gewoontes van oplettendheid en 'n vermoë om weer te gee wat waargeneem en geleer is, was syns insiens 'n baie beter manier om die kennis van die leerling uit te brei en 'n oordeelsvermoë te kweek. Die uitskakeling van onnoukeurige antwoorde kon slegs op daardie wyse bewerkstellig word.[1]

In 1880 is die leerlinge in drie groepe verdeel, n.l. 'n hoër-, middel-en laer afdeling. Dit is gedoen met die doel om slegs seuns wat van voorneme was om universiteit toe te gaan, tot die hoër afdeling toe te laat. Die middel afdeling sou 'n tweërlei doel dien: (a) Om seuns voor te berei vir die hoër afdeling en (b) om seuns op te lei wat van voorneme was om ná hul skoolloopbaan tot die sakewêreld toe te tree. Die laer afdeling is slegs bedoel om jong seuntjies in die eerste beginsels van die verskillende vakke touwys te maak.[2]

Gegewens in hierdie verband is maar skraal, maar soos afgelei kan word uit die halfjaarlikse verslag van die skoolhoof van Junie 1882, blyk dit duidelik dat daar 'n verdere verdeling van die leerlinge in daardie jaar plaasgevind het. Die hoër afdeling is toe ook in twee klasse verdeel: - die leerlinge van klas 1 is voorberei om die universiteitseksamen af te lê en die van klas 11 sou die gewone skooleksamen skryf.[3]

---

1) "The Friend" : 17 Des. 1874.
2) Ibid : 1 Julie 1880.
3) Reports of Principals 22 Junie 1882.

In die moeilike jare van 1883 tot 1888 toe die getal leerlinge aan die skool aansienlik gedaal het, het die klem weer op indiwiduele onderrig geval. Dit het volgens Lyttelton die gevolg gehad dat die gehalte van die werk op 'n baie hoë peil gebly het. Ook president Brand het gesê: „The hard times through which the school was passing were not an unmixed evil, for the masters had more time to devote to the smaller number of boys as they had fewer people to attend to."[1] In 'n persverslag in „The Friend" van 31 Desember 1885, is verwys na die uitstekende uitslae wat behaal is. Dit sou die gevolg wees van die deeglike individuele onderrig van die leerlinge. Die koerant het hierdie stelsel ten sterkste vir die toekomende jare aanbeveel.

C. TUG EN DISSIPLINE:

Op 30 Julie 1874 het die biskop in die Bloemfontein Gazette as volg geskryf: „Without a high, religious standard and without a firm but loving system of discipline no sound and healthy tone or strength of character can be developed". Gesonde dissipline het dus aan die St. Andrew-kollege 'n baie belangrike rol in die opvoeding van die kind gespeel. Dissipline van die verstand is ten nouste saamgesnoer met die uiterlike dissipline wat getroue onderwerping aan die reëls van die skool veronderstel het. Gereëlde skoolbesoek is byvoorbeeld ten strengste afgedwing. Hierdie dissipline kan slegs verkry word as daar 'n behoorlike samewerking tussen ouer kind en onderwyser bestaan.[2] Van die seuns is dus verwag dat hulle gehoorsaam moes wees aan die gesag wat oor

---

1) „The Friend" : 18 Des. 1884.
2) „The Friend" : 25 Junie 1874.

hulle gestel is, en van die onderwysers dat hulle altyd 'n goeie voorbeeld vir die leerlinge moes stel. [1])

Alles het egter nie altyd so voor die wind verloop nie, want in 1880 het ds. Borton laat blyk dat hy met sommige seuns moeilikheid ondervind het. Die geweldige toestroming van leerlinge van die diamantvelde het meegebring dat hulle baie fyn dopgehou moes word. Buite die skoolgrond was hulle gedrag egter uitstekend en in dieselfde verslag het Borton gesê: „From personal observation as well as what I have heard from townspeople, the bearing of the senior boys had been excellent, and bore the highest marks of manly bearing". [2]) Telkens is melding gemaak van die goeie dissipline van die skool. In 1882 het aartsdeken Croghan met lof gepraat van die genoeë wat die goeie dissipline van die skool hom verskaf het. Syns insiens sou hierdie dissipline hulle help om 'n sukses van hulle latere lewe te maak. [3]) 'n Jaar later het hy die seuns aangemoedig om die gees van dissipline, gehoorsaamheid en eenheid wat die skool die uitdaagbeker vir daardie eienskappe besorg het, te laat voortleef omdat welslae sonder so 'n gees nie behaal kon word nie. [4])

Van nature is die mens maar 'n sondige wese. Daarom moes daar maar gereeld van straf in die opvoeding van die seuns gebruik gemaak word. Volgens ds. Moore in 1886 berig het, het ernstige oortredings maar selde plaasgevind. Hy het drie moontlike oorsake aangehaal. Daar het 'n goeie verhouding tussen die seuns en hulle onderwysers bestaan. Die seuns was deurgaans baie eerlik. Die feit dat die inherente begeerte om goed te doen sterker was as die vrees vir

---

1) „Quarterly Paper", No.85, Julie 1889.
2) „The Friend" : 1 Julie 1880.
3) „The Friend" : 7 Des. 1882.
4) „The Friend" : 28 Junie 1883.

straf het hulle ook tot intensiewe werk aangespoor. [1]
'n Jaar later het ds. Moore geskryf: „Of course the natural exuberance of their spirits has at times required checking but I am thankful to say that nothing approaching to gross misconduct has ever occurred." [2]

Dit is nie duidelik watter vorm van tug toegepas is nie, maar dit kan tog afgelei word dat lyfstraf wel toegepas is. By die hoeksteenlegging op 24 Maart 1899 van die nuwe St. Andrew-gebou in Aliwalstraat het pres. Steyn die dae toe hy self die skool besoek het en die pynlike ondervindinge wat hy self moes deurmaak omdat 'n sekere mnr. Wickens nie geskroom het om die lat te gebruik nie, in herinnering geroep. [3]

---

1) „The Friend" : 23 Des. 1886.
2) Ibid : 6 Julie 1887.
3) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ. P 2.

# HOOFSTUK VIII.

## DIE LEERLINGE.

### 1. INLEIDING:

Die leerlinge van die St. Andrew-skool was hoofsaaklik Engelssprekende seuns. Die meeste van hulle het aan die Anglikaanse Kerk behoort. In 'n brief van Douglas McKenzie in 1876 waarin hy die afname in die aantal dagskoliere bespreek het, het hy onder andere geskryf: „.... I still have about twenty, including two Romanists and a Jew. The Weslyans and Presbyterians have removed their boys..." [1] Die leerlinge was dus nie slegs tot die Anglikaanse Kerk beperk nie. In die meeste gevalle was die seuns uit die Vrystaat afkomstig. Vanaf 1871 het die skool egter baie leerlinge van die diamantvelde gelok. So het „The Express" in 1880 gemeld dat daar geen rede bestaan het waarom die Volksraad die onderwysstelsel van die Vrystaat sou wysig om in die smaak van die St. Andrew-skool te val nie, omdat die skool meestal deur vreemdelinge uit ander provinsies besoek is. [2]

Daar is gepoog om 'n liefde vir die skool by die leerlinge aan te wakker. Hulle is bewus gemaak daarvan dat solank as wat hulle die skool bygewoon het, hulle besig was om 'n deel van sy geskiedenis te maak. [3] Hulle moes leer om trots te wees op hulle skool. Hulle moes altyd daarna strewe om vir hulle 'n plek onder die knapste seuns van die skool te verower. Dit sou dan as aansporing in latere jare dien sodat daar deur hulle toedoen geen klad op die naam van hulle Alma Mater sou kom nie. [4]

---

1) Q.P., No. 34 Okt. 1876.
2) The Express : 12 Aug. 1880.
3) "The Friend" : 6 Jan 1881.
4) Ibid : 30 Junie 1881.

Daar is vir 'n goeie gees en samewerking onder die leerlinge gesorg. In 1880 kon aartsdeken Croghan dan ook as volg rapporteer: „The intercourse of the boys with each other seems to have been genial in tone, and their has been a pleasant air of friendship about the school". [1] Verder het hy in sy verslag melding daarvan gemaak dat dit op sy rondreise deur die land altyd 'n plesier was om 'n oudleerling van die St. Andrew-skool raak te loop. Hulle kon altyd aan hulle hoflikheid en manlike voorkoms uitgeken word. Dit is opmerklik dat die leerlinge by verskillende geleenthede gelukgewens is met hulle goeie en voorbeeldige gedrag wat hulle oral gekenmerk het. Die leerlinge moes ten alle tye netjies gekleed wees. Om dit moontlik te maak, het McKenzie reeds in 1874 eenvormige skooldrag ingestel. Die vernaamste kenmerke van hierdie drag was die blou en wit velthoed, die blou hoedband en die St. Andrew-kruis op die wapen van die blou baadjie. [2]

Die toesig oor die seuns was baie streng. Volgens McKenzie was persoonlike toesig volstrek noodsaaklik. [3] Die seuns se optrede in die openbaar is goed dopgehou, veral deur lede van die Raad van Opvoeding aan wie die skoolhoofde gereeld in hierdie verband verslag moes doen. Die seuns het baie vryheid geniet, dog daar is van hulle verwag om elke dag die oggend- en aand-diens, die dienste in die katedraal elke Sondag en die Avondmaal elke maand by te woon. [4]

Aan die gesondheidstoestand van die kinders is ook baie aandag geskenk. Geboue is altyd op die

---

1) „The Friend" : 30 Junie 1881.
2) „The Friend" : 2 April 1874.
3) Q.P., No.34, Okt. 1876.
4) Q.P., No.106 Oktober 1894.

mees higiëniese plekke opgerig en soos die verslae van die skoolhoofde dikwels aangetoon het, het die seuns altyd die beste behandeling ontvang. Toe 'n epidemie van maagkoors in 1892 aan die skool uitgebreek het, kon geen bepaalde oorsaak daarvoor gevind word nie. Op mediese advies is alles wat moontlik tot die epidemie aanleiding kon gegee het, verwyder. Eers nadat daar volkome sekerheid bestaan het dat alle gevaar uit die weg geruim was, is kinders weer tot die koshuis toegelaat.[1)]

Die deugde manlikheid, hartlikheid en reinheid is by die seuns aangemoedig. Tereg het aartsdeken Croghan in 1881 gesê: „It is a pleasure to have to do with lads who have gained that self-respect which teaches them the duty of respecting others, who understand and observe the courtesies customary between gentlemen, and so know the secret of manliness.[2)]

2. GETAL LEERLINGE:

Daar kan nie met sekerheid gesê word hoeveel leerlinge die skool met die opening op 16 November 1863 besoek het nie. Uit latere verslae blyk dit dat daar moontlik agttien kon gewees het. Die leerlinge was natuurlik almal dagskoliere, omdat daar nog geen sprake van die bou van 'n koshuis was nie. In 1864 het die biskop 'n beroep op die boere van die Vrystaat gedoen om tog die skool te ondersteun daar dit slegs met die nodige steun kon voortbestaan.[3)]

Die getal leerlinge het egter stadig aangegroei totdat daar in 1873 36 leerlinge was van wie 15

---

1) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Ed. 17 Maart 1892.
2) „The Friend" : 30 Junie 1881.
3) „The Friend" : 1 Julie 1864.

kosgangers was.[1] Met ingang 1874 is McKenzie op sy reis van Grahamstad na Bloemfontein onverwags vertraag. Die skool is dientengevolge baie later as gewoonlik geopen. Baie leerlinge het deur dié vertraging vir die skool verlore gegaan. McKenzie het verder gemeld: „I opened school with 23 boys in actual attendance, and 5 more known to be coming back soon. These were all day boys. Two have since been withdrawn from the school, and two have left Bloemfontein. We have now 35 boys in the school, 7 of whom are boarders in my house.[2] Weens die griep epidemie van daardie jaar het die getalle groot skommelings getoon. Op een tydstip was daar slegs 15 seuns op skool. Die jaar is egter met 32 leerlinge, van wie 11 kosgangers was, afgesluit.[3]

Hierdie skommelinge in getalle is byna elke jaar aangetref. In 1875 het die geskiedenis hom maar weer herhaal. Die jaar is met 41 leerlinge begin, van wie 17 kosgangers was. Twee van die dagskoliere en een kosganger het egter net 'n baie kort rukkie gebly, met die gevolg dat die halfjaar met 38 leerlinge, van wie 15 kosgangers was afgesluit is.[4] Aan die einde van die jaar was daar 32 leerlinge, insluitende 13 kosgangers. Daar is egter gehoop dat die getalle sou aangroei.[5]

Terwyl McKenzie hoof was, het die getal leerlinge gaandeweg vermeerder. Dit was altyd sy strewe om veertig seuns onder sy toesig te hê voordat hy die skool verlaat. In Junie 1879 kon hy dan ook berig dat hy sy doel bereik het.[6] Die ontdekking van

---

1) Reports of Princ. to the D. B. of Educ. P.16.
2) „The Friend": 25 Junie 1874.
3) „The Friend": 17 Des. 1874.
4) „The Friend": 24 Junie 1875.
5) „The Friend": 23 Des. 1875.
6) „The Friend": 3 Julie 1879.

diamante in Kimberley het die belofte van 'n verdere toename in getalle ingehou. Hierdie belofte is dan ook vervul en met Kersfees 1879 was daar 57 name op die register. [1] Die jaar 1880 is met 50 leerlinge begin. In die eerste ses maande het 40 seuns en een oudleerling ingeskryf. In dieselfde tydperk is ses dagskoliere egter onttrek sodat die eerste halfjaar met 85 seuns afgesluit is. [2] Weens 'n paar gevalle van ernstige siekte het die getal leerlinge aan die einde van die jaar tot 81 gedaal, waarvan 46 kosgangers was. [3]

In die volgende paar jaar het die getalle baie konstant gebly. 'n Hoogtepunt is in die tweede helfte van 1881 bereik toe 90 kinders die skool bygewoon het. [4] In hierdie jaar is 43 ingeskryf, terwyl 38 onttrek is. Sake sou egter nie altyd so voor die wind verloop nie en in 1882 het St. Andrew-skool net soos die ander skole ook tekens van agteruitgang weens die moeilike jare begin toon. Hoewel daar in Junie van daardie jaar nog 84 seuns op skool was, het Borton verklaar dat as die seuns kon aanbly, die rekordgetal van 97 leerlinge in daardie jaar bereik sou kon word.. Die ouers het dit egter weens die geldskaarste steeds moeiliker gevind om die hoë gelde te betaal. [5]

Aan die einde van die jaar het Borton nog steeds oor die afname in die getalle gekla: „Parents have removed their sons already and others have given notice of doing so from an inability to bear the expense of keeping a boy here. So you must not be surprised if the number of our boarders next half is

---

1) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Ed. 1879.
2) „The Friend" : 1 Julie 1880.
3) „The Friend" : 6 Jan 1881.
4) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ. 1881.
5) „The Friend" : 22 Junie 1882.

even less than our present number which is 45!" [1)]
Alhoewel daar 'n verdere afname in die getal kosgangers was, het die totale aantal leerlinge in die volgende paar maande weens die vermeerdering van die dagskoliere taamlik konstant gebly.[2)]

Die jare van finansiële gebrek het voortgeduur en in 1884 moes Lyttleton berig dat alhoewel St. Andrew-skool geen uitsondering op die reël was nie, ouers verplig was om hulle kinders van die goedkoopste onderwys as wat hulle moontlik kon te voorsien. In baie gevalle moes die opvoeding van die kind trouens geheel-en-al laat vaar word. Dit was dan ook geen wonder dat die jaar slegs met 40 leerlinge afgesluit is nie.[3)] Weens die donker wolk wat nog steeds oor die skool gehang het en omdat daar toe slegs 4 kosgangers was, was die Raad van Opvoeding verplig om die koshuis in April 1885 te sluit.[4)]

Ds. Moore het in Julie 1887 berig dat hoewel die verslae van die vorige twee jaar gedurig van die afname in die getal leerlinge melding gemaak het, hy geen rede gehad het om meer te kla nie, aangesien die getal leerlinge toe min of meer konstant gebly het.[5)]

Die keerpunt in hierdie geleidelike agteruitgang het in 1888 gekom toe ds. Bell hoof van die skool geword het. Sake het teen die helfte van die jaar in so'n mate verbeter dat Bell aan die Raad van Opvoeding kon berig dat hoewel hy die jaar met slegs 13 begin het, daar reeds agt bygekom het. Een van hulle het egter weer vertrek.[6)] „The Friend" van 4 Julie 1888 het dan ook berig dat daar tekens van

---

1) „The Friend" : 14 Des. 1882.
2) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ. 1883.
3) „The Friend" : 18 Des. 1884.
4) Notuleboek : 16 Feb. 1885.
5) „The Friend" : 6 Julie 1887.
6) Notuleboek van die Raad van Opvoeding. 30 Junie 1888.

verdere vooruitgang was. Die getalle het onder die bekwame leiding van ds. Bell van 23 in Julie 1888 tot tussen 30 en 40 in Julie 1889 aangegroei.[1] Die koshuis is dus heropen en in Oktober van daardie jaar het ds. Bell reeds weer 11 kosgangers onder sy sorg gehad.[2]

Namate spoorweë oor die Vrystaat aangelê is, het die platteland se mense ook al hoe meer van die geleentheid gebruik gemaak om hulle seuns na die St. Andrew-kollege te stuur.[3] Die Engelsprekende seksie van die inwoners van Bloemfontein het ook teen 1892 aansienlik aangegroei. Hierdie toename in die bevolking het ook aanleiding gegee tot die toename in getalle aan die skool.[4] In 1892 het 'n sekere mnr. Gilbert Speedy van Zastron, wat die skool besoek het, geskryf dat daar vyftig seuns aan die inrigting was van wie 15 kosgangers was.[5] Kort hierna het 'n epidemie van maagkoors gevolg. Die getal leerlinge het onmiddellik begin daal en aan die einde van die eerste helfte van 1894 was daar maar 5 kosgangers en 23 dagskoliere op skool.[6]

Gedurende ds. Orford se dienstydperk as hoof van die inrigting het die getal leerlinge weer mettertyd aangegroei totdat daar in 1895 46 name op die register was. Die helfte was kosgangers.[7] 'n Tweede epidemie van maagkoors het in 1897 uitgebreek. Die getalle het weer afgeneem, maar toe die skool in 1899 na die nuwe geboue oorgeskuif is, was daar alreeds weer 38 seuns, insluitende 9 kosgangers, op skool.[8]

---

1) Q.P., No. 85, 15 Julie 1889.
2) Q.P., No. 86, 15 Okt. 1889.
3) Q.P., No.95, 15 Jan. 1892.
4) Q.P., No.94, 15 Okt. 1891.
5) Q.P., No.95, 15 Jan. 1892.
6) Notuleboek van die Raad van Opvoeding 11 Okt. 1894.
7) Q.P. No.110, Okt. 1895.
8) Reports of Princ. to the Dioc. B. of Educ. 1899.

LEERLING EN KOSGANGERS 1873 - 1899.

| 1) JAAR | LEERLINGE OP SKOOL | KOSGANGERS |
|---|---|---|
| 1873 | 36 | 15 |
| 1874 | 32 | 11 |
| 1875 | 32 | 13 |
| 1876 | 35 | 15 |
| 1877 | 35 | 14 |
| 1878 | 40 | |
| 1879 | 57 | |
| 1880 | 81 | 46 |
| 1881 | 90 | 46 |
| 1882 | 45 | |
| 1883 | 55 | |
| 1884 | 40 | 4 |
| 1885 | | Koshuis gesluit |
| 1888 | 20 | |
| 1889 | 46 | 11 |
| 1890 | | 18 |
| 1891 | 51 | 15 |
| 1892 | 50 | 15 |
| 1893 | 42 | 9 |
| 1894 | 28 | 5 |
| 1895 | 46 | 23 |
| 1896 | 55 | 29 |
| 1899 | 38 | 9 |

3. KWEKELINGE:

Wanneer die teologiese skool vir kwekelinge in die lewe geroep is, kan nie met sekerheid gesê word nie, maar by geleentheid van die stigting van die eerste beherende liggaam in 1878, is die sorg van die skool saam met die van St. Andrew-skool aan die Raad van Opvoeding opgedra. 2)

1) Getalle geneem volgens Desember-register. Notuleboek.
2) Notuleboek : 14 Jan. 1878.

Die teologiese skool het slegs drie kwartale van drie maande per jaar gehad.[1]

Die biskop was verantwoordelik vir die aanstelling van iemand wat hierdie teologiese kandidate moes voorberei. Die opstel van die kursus is ook in sy hande gelaat. Daar moes jaarliks op die vergadering van die Raad van Opvoeding 'n verslag oor die werk wat gedoen is en die vordering wat gemaak is, ingedien word.[2]

Hierdie kweekskool het nooit juis baie studente gelok nie. Gewoonlik was daar slegs twee of drie kwekelinge, maar in 1899 het ses die kurses gevolg. Van hierdie ses het slegs een die eksamen voltooi. Finansiële moeilikheid het in die meeste van die gevalle ander verhinder om die kursus te voltooi. Wat die aard van die eksamen was, kan nie met sekerheid gesê word nie, maar dieselfde jaar het die biskop as volg gerapporteer: „Mr. Holliykurth, sent as a pupil from Zululand has read steadily and passed a satisfactory examination".[3]


Hierdie kwekelinge het ook in hul studiejare as leerkragte aan die St. Andrew-skool gedien. Sodoende het hulle gehelp om die tekort aan onderwysers aan te vul.[4]

4. SAMEVATTING:

Van die grafiek op bls.224A. kan dit afgelei word dat die getal skoliere geweldig gewissel het. Die getalle was ten nouste afhanklik van die hoeveelheid geld wat in die provinsie en elders in omloop was. Afgesien van die depressiejare toe die skool weens die gebrek aan ondersteuning amper gesluit

---

1) Notuleboek : 17 Jan. 1878.
2) Notuleboek : 5 Jan. 1895.
3) Notuleboek : 11 Jan. 1899.
4) Q.P. No.117, 25 Julie 1897.


GETAL LEERLINGE.
20
40
60
80
100
1872
1873
1874
1875
1876
1877
1878
1879
1880
1881
1882
1883
1884
LLE
1888
1889
1891
1892
1893
1894
1895
1896
1899
1900

moes word, was die bywoning altyd redelik. Die verslae van die verskillende hoofde het ook steeds van bestendige vooruitgang getuig.

---

## HOOFSTUK 1X.

### EKSAMENS.

### 1) DIE SLUITINGSWERKSAAMHEDE.

Hierdie sluitingswerksaamhede van die skool het twee maal per jaar in Junie en Desember plaasgevind. By hierdie geleenthede is 'n mondelinge en/of skriftelike eksamen afgelê onder toesig van mense wat deur die skoolhoof of Raad van Opvoeding daartoe gelas is. Die president, volksraadslede, biskop, ander hooggeplaastes van die Anglikaanse Kerk, ouers en belangstellendes het gewoonlik die plegtighede bygewoon. As die president teenwoordig was, het hy gewoonlik as voorsitter opgetree en die kinders toegespreek.

Hierdie sluitingsfunksie is gewoonlik in die koerante geadverteer sodat so veel as moontlik van die publiek teenwoordig kon wees. Hierdie funksie sou nie slegs die vordering wat die seuns gemaak het, toon nie, maar dit sou terselfdertyd as 'n advertensie vir die skool dien. Verslae van hierdie funksies en die name van seuns wat pryse ontvang het, het gereeld in die pers verskyn.

Die vorm wat hierdie funksies aangeneem het, het in later jare heelwat verander. Aan die begin het die eksamen slegs bestaan uit 'n mondelinge ondervraging maar omdat hierdie metode heelwat kritiek uitgelok het, is 'n skriftelike deel ook ingestel. Volledige verslae is dan deur die verskillende eksaminatore ingedien en later vir publikasie vrygestel. 'n Rapport oor die werksaamhede van die halfjaar is deur die hoof voorgelees. By enkele geleenthede het die beherende liggaam 'n spesiale kommissie benoem om die eksamen by te woon en verslag te doen oor die vordering en werksaamhede van die skool.

Van die geleentheid is egter ook gebruik gemaak om die publiek te toon waartoe die kinders in staat was. 'n Program van musiek, voordrag en toneelopvoering is gewoonlik onmiddellik ná die uitdeling van die pryse afgehandel. Die meeste van die seuns het dan 'n kans gekry om een of ander item tot die program by te dra.

Leerlinge wat die beste vordering in elke vak in die verskillende klasse gemaak het, het gewoonlik 'n boekprys ontvang. Hierdie pryse is deur verskillende vooraanstaande persone aan die skool geskenk, en is volgens eksamenuitslae aan die seuns toegeken. 1)

Die inrigting is op 16 November 1863 ge-open en reeds op 24 Junie 1864 het die volgende berig in „The Friend" verskyn: „An examination of the pupils of Mr. Clegg's school, will take place this afternoon at 2pm., in the presence of Bishop Twells, His Honourable the President and as many of the inhabitants as take an interest in the instruction and mental improvement of our youth. Prizes will be distributed at the close of the examination to those scholars who have proved themselves most deserving of them".

Soos reeds genoem is, was hierdie eksamen geheel-en-al mondeling. Mnr. Clegg en die biskop het as eksaminatore opgetree. Die kinders moes vrae oor die verskillende vakke voor 'n gehoor van ongeveer dertig mense beantwoord. Die eksamen het omtrent drie uur in beslag geneem. Die seuns het hulle egter uitstekend van hulle taak gekwyt. Mnr. Clegg is groot lof toegeswaai vir die bekwaamheid van die seuns. Hierna het president Brand die dertigtal kinders toegespreek. Hy het hulle gewys op die groot belangrikheid van 'n goeie opvoeding en hulle aangemoedig

---

1) Verslae: „The Friend": 1863-1899.

om die regte gebruik van hulle geleenthede te maak. Hy het ook sy verbasing uitgespreek oor die goeie uitslag van die eerste eksamen. Die toespraak is gevolg deur 'n versoek van biskop Twells aan die president om die pryse aan die seuns te oorhandig. Hy het dit gewilliglik gedoen en 'n paar gepaste woorde aan elke seun gerig. Ten slotte het biskop Twells die gehoor toegespreek en die versekering gegee dat die skool sou bly voortbestaan as dit die nodig ondersteuning geniet. Die verrigtinge is afgesluit met drie hoera's vir die president, biskop mnr. Clegg en die vroue wat teenwoordig was. 1) Die eerste lys pryse wat aan die seuns toegeken is, word hier aangehaal. 2)

Goeie vordering en goeie gedrag: Thomas Collins. Wetenskaplike en Godsdienskennis: senior prys - James Collins: junior prys - John Brand. Engelse en Latynse grammatika - C. Marais. Aardrykskunde - Carl Krause. Skrif en Rekenkunde - James Donaldson. Tekene - Cornelius van Soelen. Voordrag - Otto Krause. Ander kleiner pryse is aan Fritz Schirmer toegeken.

Hierdie lys uitgesonderd, kon net een ander lys van prystoekennings tot die jaar 1872 gevind word, in „The Friend" van 30 Desember 1864.

Die eerste eksamen van die St. Andrew Diocesan-College het op 23 Junie 1874 plaasgevind. (Die naamsverandering het op 16 Feb. 1874 plaasgevind). Onder die gaste was president Brand, die Superintendent-generaal van Onderwys, die Volksraad-sekretaris en die biskop. Die seuns het reeds die vorige vier dae die skriftelike deel van die eksamen voltooi en slegs die senior voordrag prys, die junior prys vir Aardrykskunde en die Hollandse prys moes voor die publiek beslis word. Ds. W. Gaul het die

1) „The Friend" : 1 Julie 1864.
2) Ibid : 1 Julie 1864.

mondelinge eksamen waargeneem, maar omdat sy metodes geheel-en-al bo die vuurmaakplek van die seuns was, was dit nie baie geslaagd nie. Dit was dan ook die vernaamste kritiek wat in later jare teen hierdie soort eksamen ingebring is, naamlik dat 'n eksterne eksaminator wat min van skoolwerk geweet het, gewoonlik die kinders getoets het oor werk wat hulle nie behandel het nie. Die eksamen in Hollands is by hierdie geleentheid deur die Superintendent-generaal van Onderwys in die Vrystaat, mnr. Brebner, waargeneem, maar die resultate was ook teleurstellend, omdat die vak weens die gedurige verandering van hoofde baie skade gely het. 1)

Die eksamen wat op 28 Junie 1876 afgelê is, het Brebner weer met die hoë gehalte van die eksamenskrifte verras. Die goeie kennis van die geografie en geskiedenis van die Vrystaat wat deur die hoofseun geopenbaar is, het veral 'n goeie indruk gemaak. Die seun is gevra om 'n landkaart van die Vrystaat te teken. Sy goeie begrip van die fynste besonderhede het almal verbaas. Hy het die lyn van Ramah na David's Grave by die saamloop van die Riet-en Modderriviere presies korrek getrek. Selfs Bultfontein is sy presiese geografiese ligging op die kaart gegee. Dié stelsel is egter hewig deur „The Express" gekritiseer, wat nie kon insien waarom die afsluiting van die jaar so pynlik in plaas van gelukkig vir die seuns gemaak moes word nie. Die verslag van die hoof, die verslae van die eksamen skrifte gevolg deur voordragte en sangstukke voor en gedurende die uitdeling van pryse moes bo 'n droë mondelinge eksamen verkies word. So 'n mondelinge eksamen was volgens die koerant ook geen ware toets van kennis nie.

---

1) „The Friend" : 25 Junie 1874.

Aan die seuns is slegs enkele sekondes gegun om 'n vraag soos: „Wat het in die regime van Karel 11 gebeur?" te beantwoord. Trouens, dit sou geleerde volwassenes enkele weke geneem het om hierdie vraag te beantwoord, aldus die koerant.

„The Express" was verder die mening toegedaan dat die publiek heeltemal 'n verkeerde indruk van die vordering van die skool gekry het. Dit sou trouens 'n baie verkeerde indruk skep as die publiek moes aanhoor hoe 'n sestal vrae agtereenvolgens aan die seuns gestel word sonder dat daar op een geantwoord word. Dit het dikwels gebeur omdat die ongewone omstandighede die seuns in die war gebring het. Die koerant het dus die hoop uitgespreek dat die hoof 'n verandering in die stelsel sou aanbring. 1)

McKenzie, die destydse hoof, het by geleentheid van die sluitingsfunksie aan die einde van dieselfde jaar dan ook bekend gemaak „that no classes would be called up for examination; it having been decided to abolish that time - honoured and unsatisfactory example of dreary usefulness." 2) Die publiek is deur middel van advertensies in die pers en die ouers deur persoonlike kennisgewings in kennis gestel dat die gewone eksamen die vorige Vrydag sou plaasvind en dat almal baie hartlik welkom sou wees. Die hele Vrydag is met eksamen in beslag geneem, maar, soos verwag is, het baie min lede van die publiek die eksamen bygewoon. Vanaf 1876 sou die afsluitingsfunksie dus slegs bestaan uit die uitdeling van die pryse, die lees van die verslag van die skoolhoof en 'n verskeidenheidskonsert wat deur die kinders

---

1) „The Express" : 6 Julie 1876.
2) „The Friend" : 28 Des. 1876.

aangebied sou word. Hierdie nuwe reëling is deur die publiek sowel as die ouers baie verwelkom. 1) Die naam van die bepaalde dag is dan ook verander van „Examination Day" na „Prize Day".

In die inleidingsartikel van „The Friend" van 28 Desember 1876 is McKenzie lof toegeswaai vir die verandering wat hy aangebring het. Die koerant het beweer dat dit vir volgroeide seuns onmoontlik was om 'n mondelinge eksamen op so 'n manier af te lê dat dit vir 'n kamer vol mense interessant sou wees of tot eer van hulself en hul onderwysers sou strek. Tensy 'n dergelike eksamen baie beperk is en dus 'n baie oppervlakkige metode sou word, sou dit baie tyd in beslag neem om die grondbeginsels van enige vak vraag en antwoord met die leerling te behandel. Dan was daar ook nog die moeilikheid dat hoe ouer die seun was, hoe meer gevoelig en teruggetrokke hy was. Bowendien kon die senuweeagtiges glad nie oorgehaal word om te praat nie. So het dit dan ook dikwels gebeur dat 'n vrypostige seun wat hom nie laat afskrik het deur die publiek se teenwoordigheid nie, 'n baie beter kans gehad het om te presteer en groter hoogtes te bereik. „The Friend" het dus die stelsel aangeprys waar die eksamens privaat en met meer tyd afgelê is. Hierdie manier sou volgens die koerant as 'n ware weergawe van wat hulle bereik het beskou kon word. Volgens die koerant was die uitslae en die pryslys voor die sluitingsfunksie reeds bekend en was daar dus geen verdere aansporing vir die seuns oor nie. Teen daardie tyd het die seuns dus persoonlik al alle pogings verslap.

Skaars ses maande later was daar egter alweer

---

1) „The Friend": 28 Des. 1876.

ontevredenheid. Hierdie keer was dit die halfjaarlikse verslag van die hoof wat kritiek uitgelok het. In die verslag is die prestasies van die leerlinge volledig bespreek. Dis gedoen omdat die eksamenskrifte nie meer aan die publiek voorgelê is nie. Die algemene sienswyse was dat hoewel die ouers dit interessant mog vind om te luister na die manier waarop hulle seun iemand anders in sekere vakke geklop het, dit vir die ander lede van die publiek, wat altyd in die meerderheid was, uiters vervelig was.[1] Vir die eerste maal is met die toekenning van pryse by hierdie halfjaarlikse funksie gebruik gemaak van die klaspunte van die leerlinge. Die punte is ook by die vasstelling van die leerlinge se posisie in die klas in aanmerking geneem.

Hierdie stelsel is in die volgende paar jaar gevolg. In die verslag van die hoof is gereeld van buitengewone prestasies melding gemaak. Indiwiduele gevalle van vordering of agteruitgang is genoem en daar is gewoonlik 'n rede aangegee.[2]

Alhoewel die boekpryse gratis aan die skool geskenk is, het dit duidelik uit McKenzie se verslag van Junie 1878 geblyk dat die seuns nie pryse in die verskillende vakke ontvang het nie tensy daar nie 'n sekere standaard bereik is nie. Op die ,,Prize Day" wat op 26 Junie 1878 gehou is, is in baie vakke geen pryse toegeken nie omdat die voorgeskrewe standaard nie bereik is nie. Hierdie optrede is deur "The Friend" as baie verstandig beskou, aangesien die onoordeelkundige uitdeel van pryse afbreek sou doen aan die

---

1) "The Friend" : 5 Julie 1877.
2) Prinsipaalverslae.

werklike waarde van pryse. Volgens hierdie beginsel sou die waarde van die pryse van die St. Andrew-skool van dubbele waarde wees en dubbele plesier aan die seuns verskaf. 1)

Ds. Borton het in 1880 die oorsaak van die swak resultate wat in sekere vakke in die eksamens behaal is, toegeskryf aan die feit dat die seuns nie lank genoeg op skool gebly het nie. Hy was die mening toegedaan dat indien ouers hulle seuns sou toelaat om die skool vir vier of vyf jaar te besoek, die uitslae in alle vakke aan St. Andrew-skool van dieselfde gehalte sou wees as die van enige ander skool in Afrika of selfs Europa. 2)

Die benaming „Prize Day" is in 1881 met „Speech Day" vervang. Op 23 Junie 1881 het Borton berig dat hy tot die ontdekking gekom het dat St. Andrew-skool, Bloemfontein, meer pryse as St. Andrew-skool, Grahamstad of die Bisdomskool in Kaapstad uitgedeel het. Grey-Kollege het bowendien slegs een maal per jaar pryse uitgedeel. Hy was dan ook van plan om in die toekoms na die Junie-eksamen slegs aan die beste seun in elke klas 'n prys te gee. Die seun wat die tweede plek gevul het, sou ook 'n prys ontvang as hy dit verdien het. Ná die Desember-eksamen sou daar dan ook pryse in die verskillende vakke geskenk word. Die vernaamste kenmerk van die Junie-eksamenskrifte was syns insiens nie so seer die algemene vooruitgang in die werk nie, maar wel 'n duidelike begrip daarvan. Die antwoorde het duidelik getoon dat die seuns nie volgestop is met kennis slegs met die oog op 'n eksamen nie. Daar was meer tekens van 'n algemene

---

1) „The Friend" : 4 Julie 1878.
2) Reports of Princ. : 1880.

grondige kennis van die verskillende vakke wat getuig het van die seuns se onwilligheid om verklarings as feite te aanvaar tensy hulle dit verstaan. Die treffendste kenmerk van die antwoordskrifte was dat die seuns of die regte antwoorde verstrek het of die vrae glad nie aangedurf het nie! Daar was geen oor-eising met die doel om indruk te maak nie. Allermins is die woordelike oorskrywing afgedwing van bladsye uit boeke wat vergeet sou word net sodra die eksamen agter die rug was. [1]

Dit is interessant om te let op die program wat op „Speech Day", 23 Junie 1881, afgehandel is. [2]

1. Volkslied.
2. Report.
3. Song of the Woodman.
4. Recitations (Class 1.)
5. The Drovers' Song.
6. Dutch Recital of „Bloemendal", DuToit.
7. " " " Wilson.
8. Hark the Alpine Hunter's Horn.
9. Recitation, The Song of the Shirt, Coleman.
10. Recitation, King Richard 11, Act V., Scene 2, Moses.
11. Oh Boatman, Chant thy Roundelay.
12. Recitation, Nelly Gray, C. Fichardt.
13. Round „Come Away."

    Gymnastics.

    Reading the Roll.

    Distribution of Prizes.

Dit sal opgemerk word dat daar vir die eerste keer gimnastiek op die program verskyn het. Teen hierdie tyd het die skool egter al 'n leidende rol

---

1) Reports of Princ. 1881.
2) „The Friend" : 30 Junie 1881.

gespeel in die opleiding van kinders in liggaamlike opvoeding. Vanaf 1881 is daar dus 'n gereelde vertoning deur die seuns gelewer.

In sy verslag by hierdie geleentheid het Borton die mening uitgespreek dat die seuns een groot fout in die eksamenge-openbaar het, nl. die gebrek aan deursettingsvermoë. Die seuns het syns insiens te gou aangeneem dat hulle glad nie in staat was om 'n vraag te doen nie, indien hulle met die eerste oogopslag nie geweet het hoe om dit aan te pak nie.

In die depressiejare het die standaard van die werk baie gewissel en by meer as een geleentheid moes die hoof sy teleurstelling uitspreek oor die lae punte wat veral in die hoër klasse behaal is. Die pryse vir die verskillende vakke is gevolglik nie uitgereik nie.[1] So is op 13 Des. 1884 in Godsdiensonderrig, klassieke tale, matesis en Engels geen pryse toegeken nie.[2]

In later jare is eksterne eksaminatore vir al die vakke aangestel. Hierdie eksaminatore was grotendeels vooraanstaande mense van die stad.

In Junie 1886 het ds. J. Brebner, ds. de Jongh van Arkel, kanunnik Balfour, regter Gregorowski, mnr. Mader en mnr. De Villiers as eksaminatore opgetree.[3] By hierdie geleentheid het een van bogenoemdes verklaar dat die seuns te veel tyd met die versiering van hulle skrifte en die maak van sierletters met die skryf van hulle name verkwis het. Dit tyd moes syns insiens liewer aan spelling en skrif gewy word.

Aan die einde van 1889 het Ds. Bell die volgende belangrike verklaring gedoen: „It was encouraging to

---

1) Reports of Princ. 1882-1886.
2) „The Friend": 18 Des. 1884.
3) „The Friend": 1 Julie 1886.

learn that the average of marks obtained in the exam was higher than at any time during the regime." 'n Geval van afskrywe is deur die geskiedenis - eksaminator ds. A.H. Vernon in 1891 genoem. Dit is sterk deur die owerhede van die skool afgekeur en voorsorgmaatreëls is getref teen die moontlike herhaling van dergelike oneerlikheid. 1)

Ten slotte kan net gesê word dat „Speech Day" altyd deur sowel kinders as ouers geniet is. Alhoewel die ouers soms 'n sekere mate van angs moes deurstaan totdat die resultate bekend gemaak is en hulle soms deur die res van die verrigtinge verveel is, het „The Friend" van 15 Des. 1881 as volg daaroor geskryf: „The Speech Day at the St. Andrew's College had, to all appearance, quite a different aspect, the boys being pleasurably excited, the parents and visitors seeming to take a real, and hearty interest in all that went on".

## 2. MATRIKULASIE-EKSAMEN.

Hierdie eksamen het vir die eerste keer in 1877 ter sprake gekom. In sy finale verslag vir die jaar het die hoof melding gemaak van die een seun van die skool wat eer aan homself en die skool gebring het deurdat hy die sewende plek verower het onder die dertien wat met lof geslaag het. Meer as 70 leerlinge het die eksamen afgelê. 2)

Seuns is egter nie gereeld vir hierdie eksamen ingeskryf nie. Dit het dan ook daartoe aanleiding gegee dat die skool by tye baie sterk gekritiseer is. In „The Express" van 12 Augustus 1880 is dit weer goed ingevryf dat Grey-Kollege gereeld seuns vir die

1) „The Friend" : 18 Des. 1891.
2) „The Friend" : 27 Des. 1877.

matrikulasie-en onderwyserseksamen opgelei en ingeskryf het en met trots kon wys op die baie seuns wat die eksamen met lof geslaag het. Daarenteen, volgens „The Express", het St. Andrew-skool nog nie een gesertifiseerde seun in die staatsdiens gehad nie. Nog geen enkele seun het die onderwyserseksamen afgelê nie en slegs een het in die matrikulasie-eksamen geslaag. En hierdie seun het trouens die meeste van sy opleiding in die Kaap-kolonie ontvang, aldus die koerante.

Borton het dadelik meer aandag aan die saak geskenk. Vanaf 1881 is daar gereeld melding gemaak van seuns wat vir die eksamen ingeskryf is. In sy verslag van Junie 1881 blyk dit dat die hoogste klas van die skool in twee seksies verdeel is. Die een deel sou dan die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van Kaapstad aflê, terwyl die ander deel die gewone skooleksamen sou aflê.[1] Die universiteit het spesiale verteenwoordigers aangestel om die seuns te toets wat van voorneme was om die matrikulasie-eksamen af te lê. In Junie 1882 het die skoolhoof as volg verslag gedoen: „In the upper school, the first class boys were not examined here, as next week they will be tortured by representatives of the Cape University."[2] Drie seuns het by hierdie geleentheid in die eksamen geslaag van wie twee teruggekom het om 'n verdere kursus na matriek te volg.[3]

In die depressiejare het die skool volgens die hoof se verslae blykbaar meer op die middel- en laer afdeling gekonsentreer. Selde of ooit is daar iets omtrent die vordering van die hoër afdeling genoem. In April 1887 het „The Friend" egter berig dat J. Titley die eksamen in die eerste klas geslaag het.[4]

1) Reports of Princ. 1881.
2) „The Express" : 29 Junie 1882.
3) „The Friend" : 14 Des. 1882.
4) „The Friend" : 27 April 1887.

Borton het ook in sy verslag daarvan melding gemaak en het daarop gewys dat dit 'n goeie geleentheid gebied het om St. Andrew-skool met ander skole te vergelyk. Volgens Borton het meer as 'n duisend kandidate uit byna elke opvoedkundige inrigting van belang in Suid-Afrika vir die eksamen ingeskryf. Van hulle het slegs een tiende die vereiste aantal punte om die eksamen in die eerste klas te slaag, behaal. Borton was dus baie trots daarop dat Titley een van hulle was. 1)

In 1893 is die laaste kandidate voor die sluiting van die skool in 1899 vir hierdie eksamen ingeskryf. Een het met lof, een in die tweede en een in die derde klas geslaag.

## 3. SAMEVATTING.

Behalwe die gewone mondelinge en skriftelike skooleksamen aan die einde van elke halfjaar, het die seuns ook die matrikulasie-eksamen van die Kaapse Universiteit afgelê. Daar is elke jaar ook 'n beurs-eksamen afgelê om te bepaal watter seuns die beurse sou hou wat deur die oudleerlinge, die kerk en ander liggame geskenk is.

Soos blyk uit die prinsipaals- en persverslae is al hierdie eksamens gekenmerk deur sterk mededinging en 'n ywerige gejaag na punte - blykbaar dieselfde gejaag na resultate soos ons dit vandag ken.

---

1) "The Friend" : 6 Julie 1887.

# HOOFSTUK X.

## DIE KOSHUIS.

Ds. en mev. Douglas McKenzie het in 1873 die eerste pogings aangewend om loseerders in te neem. Dit het hulle baie hoofbrekens besorg, want die huisvesting was maar beperk. Geld vir nuwe geboue was ook skaars. In hierdie jaar het McKenzie 'n beroep op sy ou vriende van Oxford gedoen om ruim vir hierdie saak by te dra. 1)

In 'n brief van McKenzie aan die „Quarterly Paper of the O.F.S. Mission" vertel hy dat die kosgangers hom die meeste moeite besorg het. Voordat hy Bloemfontein toe gekom het, was daar nog geen getroude onderwyser aan die St. Andrew-skool werksaam nie. Hy moes gevolglik van voor af aan sonder geldelike steun begin. Met sy aankoms was hy verplig om vier kosgangers in te neem voordat hy self oor 'n huis beskik het. Die aartsdeken was egter met verlof in Engeland. Gevolglik kon hy intussen in sy klein pastorie sy intrek neem. Twee kamers is ook teen £5 per maand bygehuur. Hy het vervolg: „After a short time we moved into a rambling house, large enough in some ways, but very inconvenient. Mrs. McKenzie and I shared the one large sitting room with thirteen boys ... 2)

Teen die einde van 1874 is 'n begin gemaak met die oprigting van 'n nuwe gebou wat plek vir 12 kosgangers sou bied. Geld moes vir die oprigting van hierdie gebou geleen word, maar die voorsiening van beter woongeriewe vir die seuns was volstrek noodsaaklik vir hul opvoeding.

---

1) Q.P., Okt. 1873.
2) Bfn. Gazette : 16 Julie 1874.

Mev. McKenzie was dus die eerste huismoeder aan die St. Andrew-skool. Met hulle koms het die McKenzies 'n matrone uit Engeland saamgebring om mev. McKenzie behulpsaam te wees. 1)

Terwyl die nuwe gebou in aanbou was, is gehoop dat die toestand effens verlig sou word, maar ongelukkig het die getal kosgangers baie vining aangegroei. Gevolglik moes McKenzie in 1874 'n tweede beroep om bydraes vir behoorlike huisvesting vir kosgangers doen. Hy het dit baie duidelik gestel dat enige ongerief wat die kosleerlinge moes verduur, slegs daaraan te wyte was dat die beoogde skema weens die gebrek aan geld nie in die geheel in werking gebring kon word nie. 2)

Die wisseling van getalle het McKenzie ook baie hoofbrekens besorg. Hy het die kwartaal dikwels met geen of slegs 'n paar kosgangers begin. 3) By ander geleenthede was daar dan weer so baie aansoeke dat hy kamers of huise moes byhuur. 4)

In Januarie 1876 is die nuwe geboue in gebruik geneem. Daar was egter slaapplek vir net 14 seuns. 'n Paar van die ander seuns is in die matrone se kamer gehuisves. Alhoewel daar geen matrone meer was nie, is die kinders se klere nog daar gebêre. Gevolglik is mev. McKenzie se werk in 'n groot mate in die wiele gery. Alles het daarop gedui dat die getalle nog sou aangroei. Bowendien moes McKenzie ook twee onderwysers huisves. 5)

Buiten die huisvestingmoeilikheid het McKenzie

---

1) "The Friend" : 14 Aug. 1873.
2) Ibid : 2 April 1874.
3) Ibid : 25 Junie 1874.
4) Ibid : 24 Junie 1875.
5) Q.P., No.34, Okt. 1876.

egter ook nog moeilikheid met die huishouding ondervind weens die gebrek aan bediendes en die ongereelde aflewering van voorrade. Persoonlike toesig oor elke besonderheid was volstrek noodsaaklik. McKenzie het gesê dat hy die bediendes baie meer betroubaar as die ander mense in die land gevind het. Alhoewel hulle leiding nodig gehad het en goed dop gehou moes word, het hulle 'n baie beter geaardheid as die meeste blanke bediendes gehad. [1]

Namate die getalle vermeerder het, het die probleem van huisvesting groter geword. In 1881 het Borton bekend gemaak dat hy met 'n bietjie reorganisasie en aanbou in staat sou wees om die kosgangers van 'n betreklik groot eetsaal te voorsien. Die nood om slaapvertrekke was egter nog hoog. Die enigste uitweg was syns insiens die gebruik van die toenmalige skoolkamer as slaapvertrek. Dan moes geld vir die bou van 'n nuwe skoolkamer ingesamel word. [2] Hiervan het daar egter niks tereg gekom nie. Om effens verligting te bring, is die huis van 'n sekere mnr. Collins op die hoek van St.Georgestraat teen £7 per maand bygehuur. [3]

In die depressiejare is die skool geleidelik in groter skuld gedompel en op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding, gehou op 16 Feb. 1885, is besluit om na die Paasvakansie nie meer kosgangers in te neem nie. Op hierdie stadium was daar nog slegs 4 kosgangers en die betrokke ouers is dadelik gevra om hul kinders te onttrek. [4]

Die koshuis is vir die volgende twee jaar gesluit. In hierdie twee jaar het die skool 'n sukkelende bestaan gevoer. In April 1887 het Moore geskryf dat

---

1) Q.P., No.34 Okt., 1876.
2) Report of Princ. - 1881.
3) Notuleboek : 3 Aug. 1881.
4) Ibid : 16 Feb. 1885.

planne beraam is om na die wintervakansie 'n beperkte aantal kosgangers in te neem. 1) Dit is dan ook gedoen, want in 'n brief van ds. Bell lees ons as volg: „By a few simple alterations the College forms a house for the Archdeacon and ourselves, leaving us fair accommodation for boarders. 2) Ds. Bell is ook omtrent dieselfde tyd aangestel op voorwaarde dat hy kosgangers sou inneem en vir alle uitgawes verantwoordelik sou wees. 3)

Die koshuisonderneming van Bell was baie geslaagd. 'n Jaar later is berig dat daar reeds elf kosgangers by ds. Bell ingewoon het en dat die getal leerlinge in die skool deur hierdie toevoeging aansienlik toegeneem het. Mev. Bell het in hierdie tyd as huismoeder opgetree en die vooruitgang van die kosskool is deels aan haar bekwaamheid toegeskryf. 4) Die getal kosgangers het in 1890 tot 18 aangegroei. 5)

In 'n prospektus van die skool wat in Januarie 1888 uitgegee is, is 'n lys gepubliseer van die benodigdhede vir 'n seun wat voornemens was om 'n kosganger te word. Van elke voornemende kosganger is verwag om die volgende goedere in 'n goeie toestand skool toe te bring. 6)

| | |
|---|---|
| „1 Macintosh or Overcoat | 3 Flannel Shirts |
| 2 Coats or Jackets | 2 Night Shirts |
| 2 Waistcoats | 6 Pair Socks |
| 2 Pair Trousers | Paper Collars |
| 2 Pair Boots | 6 Pocket Handkerchiefs |
| 1 Pair Slippers | 1 Hair Brush |

1) „The Friend" : 27 April 1887.
2) Q.P., No. 81 , 16 Julie 1888.
3) Notuleboek : 30 Junie 1888.
4) Q.P., No.86, 15 Okt. 1889.
5) Q.P., No.89, 15 Julie 1890.
6) Skoolprospektus : Jan. 1888.

| | |
|---|---|
| 2 Pair Sheets | 1 Comb |
| 4 Pillow Slips | 1 Sponge |
| 4 Towels | 1 Tooth Brush |

Everything must be plainly marked.

Starched Shirts and Collars will be charged for extra."

In 1892 is groot verbeterings met die oog op die gerief van die kosgangers aangebring. Die slaapvertrekke is deeglik herstel en nuwe plafonne is oral ingesit. 1)

Met die vertrek van Bell in 1894 is die kosgangers aan die sorg van 'n sekere mev. Collins toevertrou. Die koshuisafdeling van die inrigting is tydelik gesluit en omdat daar slegs 3 of 4 kosgangers was, is hulle by mev. Collins aan huis geplaas tot tyd en wyl die koshuis weer oopgestel kon word. Die groot slaapsale is toe tydelik gesluit. 2) Op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding, gehou op 3 Julie 1894, is aangekondig dat mev. Collins die seuns teen £3 per maand en die onderwysers teen £6 herberg gegee het. Later is die seuns en onderwysers egter na die skoolhoof se huis oorgeplaas. Mev. Collins is as hoof oor al die huishoudelike sake van die skool aangestel. 'n Bediende is in diens geneem om haar te help. 3)

Teen die einde van die jaar het die getal kosgangers tot 5 toegeneem. Met Orford se aanstelling is die volgende aanbod aan hom gemaak: Hy kon kosgangers teen vasgestelde losiesgelde op eie risiko inneem sodat dit tot sy voordeel sou wees om 'n sukses daarvan te maak. Die biskopdom sou egter nog vir al die skuld verantwoordelik gehou word indien die

---

1) Q.P.,No.95, 15 Jan. 1892.
2) Notuleboek : 1894.
3) Notuleboek : 3 Julie 1894.

skoolhoof sy sake nie so kon reël dat die koshuisafdeling teen 'n wins bestuur kon word nie. [1] Dit het dan ook gebeur dat die skoolhoof deur sy kosgangers in die skuld beland het, maar in 1898 is gemeld dat sake baie beter verloop het en dat daar baie min skuld was. [2]

In die oprigting van die nuwe gebou van 1898 tot 1899 is besonder baie aandag aan die gerief van die kosgangers geskenk. Die eetsaal was 'n gerieflik geleë vertrek, 36' x 20'. Langsaan was die slaapsale, elk 30 voet lank. [3] Vir die eerste keer is die werk van huisvader en skoolhoof nie deur dieselfde man gedoen nie. Vanaf die begin van 1899 is mnr. H.T. Elliot as koshuisvader benoem. Hy was voorheen aan die Grey-Kollege verbonde en sou koshuisvader sowel as onderwyser wees. Toe die nuwe gebou in gebruik geneem is, was daar slegs kosgangers van Transvaal, van Rhodesië en van die Vrystaat. [4]

---

1) Notuleboek : 11 Okt. 1894.
2) Ibid : 13 Jan. 1898.
3) Q.P., No.124, 25 April 1899.
4) Notuleboek : 21 April 1899.

# HOOFSTUK XI.

## ALGEMEEN.

### 1. VAKANSIES.

Die prospektus van Januarie 1888 het bepaal: „There are four weeks' holiday in winter, five weeks in summer, and a few days at Easter." Uit die verslae van die skoolhoofde het dit ook duidelik geblyk dat daar slegs op twee lang vakansies staat gemaak is - gewoonlik drie of vier weke in Junie/Julie en vier of vyf weke in Desember/Januarie. In „The Friend" van 24 Maart 1865 het daar egter ook 'n advertensie verskyn om aan te kondig dat die tweede kwartaal op Maandag, 27 Maart, 'n aanvang sou neem. Omdat dit die enigste keer was dat daar van 'n tweede kwartaal melding gemaak is, kan dus aangeneem word dat daar slegs 'n paar dae vakansie teen die einde van Maart was.

As voorbeeld haal ons die openings-en sluitings - datums van die skool vir die jare 1865 en 1866 aan.

Open: 23 Jan. 1865.[1]

Sluit: 23 Junie 1865.[2]

Open: 17 Julie 1865.[3]

Sluit: 21 Des. 1865.[4]

Open: 22 Jan. 1866.[5]

Sluit: 28 Junie 1866.[6]

Open: ?

Sluit: 21 Des. 1866.[7]

---

1) „The Friend" : 13 Jan. 1865.
2) Ibid : 22 Junie 1865.
3) Ibid : 14 Julie 1865.
4) Ibid : 22 Des. 1865.
5) Ibid : 11 Jan. 1866.
6) Ibid : 22 Junie 1866.
7) Ibid : 28 Des. 1866

Voor 1874 het die seuns ook een dag elke week vakansie gehad. Hulle het natuurlik die ander dae die skool soggens en smiddae besoek. In April 1874 het McKenzie hierdie reëling verander. Hy het gesê dat die ondervinding hom geleer het dat twee vakansies per week van 'n half dag elk van baie meer waarde was as een volle dag. Reëlmatigheid sou syns insiens in die werk bewaar word. Die twee vry middae kon baie beter aan sport en ander buitemuurse bedrywighede bestee word. Twee vry middae in plaas van een volle dag sou verhoed dat die kinders of niks doen of kattekwaad aanvang. As hulle twee vry middae ontvang sou die kinders ook beter kon ontspan van die skoolwerk wat hulle vyf volle dae van die week doen. McKenzie was daarvan oortuig dat die stelsel van een volle dag vakansie baie skadelik vir die kosgangers was wat op hierdie dae maar min te doen gehad het. 1)

2. DIE BIBLIOTEEK:

Reeds met die stigting van die Raad van Opvoeding in 1878 is die behoefte aan 'n biblioteek baie sterk gevoel. Met die opstelling van die statute van die raad is bepaal dat die biblioteek onder beheer van die raad sou val en dat alle boeke wat aan die skool behoort het, in die biblioteek geplaas sou word. Geen boek sou in die biblioteek geplaas word nie tensy die goedkeuring van die raad verkry is. Geen boek sou uitgeneem kon word as dit nie ooreenkomstig die regulasies van die raad geskied het nie. 2)

'n Bibliotekaris is deur die raad aangestel. Van hom is verwag om die boeke in 'n goeie toestand

---

1) „The Friend" : 2 April 1874.
2) Notule van die Raad van Opvoeding: 14 Jan. '78.

te hou en nuwe boeke op aanbeveling van die raad aan te koop.

Op die eerste sitting van die Bisdomlike Raad van Opvoeding, gehou op 17 Januarie 1878 aan die woning van die biskop, is besluit om die boeke van die biblioteek voorlopig in die boekkamer van die St. Cyprian-kollege te hou. Die predikante en kinders van die stad kon van die boeke uitneem mits hulle 'n boek geteken het, wat spesiaal vir hierdie doel aangehou is. Al die boeke moes egter voor elke Saterdagaand op die regte plekke teruggeplaas word. 1)

In die volgende paar jaar is baie min van die biblioteek gehoor. In 1888 het die verantwoordelikheid daarvoor egter weer onder bespreking gekom. Die kanselier van die katedraal het in daardie jaar die betrekking van bibliotekaris oorgeneem. Daar is ook bekend gemaak dat 'n sekere ds. J.L. Davids boeke uit die biblioteek na Kimberley geneem het en geen lys van die boeke nagelaat het nie. 2) Gaandeweg is minder boeke uitgeneem en in 1890 is die moontlikheid bespreek van 'n oorplasing van die boeke na 'n meer geskikte plek wat makliker deur die kinders bereik kon word. 3)

Weens die gebrek aan geld is hierdie verskuiwing van die boeke op die lange baan geskuif. In 1893 was daar nog geen voorsiening gemaak nie, tenspyte van die herhaaldelike besprekinge wat in die Raad van Opvoeding plaasgevind het. In hierdie jaar is daar egter finaal besluit om nie alleen so gou as moontlik voorsiening vir die oorplasing van die

---

1) Notule van die Raad van Opvoeding:17 Jan.1878.
2) Ibid : 30 Junie 1878.
3) Ibid : 9 Jan. 1890.

biblioteek te maak nie, maar om ook 'n nuwe katalogus op te stel en ander reëlings te tref om die uitleen van boeke aan predikante en ander lede van die bisdom te vergemaklik. By die beherende liggaam van die katedraal sou navraag gedoen word of dit nie moontlik sou wees om die vergadersaal te verruim om plek te maak vir die biblioteek nie.[1)]

In 1894 is 'n komitee bestaande uit die kanselier (mnr. W.A. Holbeck), die deken en aartsdeken van Bloemfontein, kanunnik Douglas en ds. A.V. Lyttelton saamgestel om reëlings te tref in verband met die sorg en gebruik van die biblioteek. Aan hulle is ook die reg verleen om reëls op te stel wat die vooruitgang van die biblioteek sou bevorder. Hierdie reëls sou dan aan die Raad van Opvoeding vir goedkeuring voorgelê word.[2)]

Die verskuiwing van die boeke na 'n kamer regoor die katedraal het eers in 1895 plaasgevind. Dit is op versoek van die biskop gedoen nadat hy toestemming van die lede van die sinode van daardie jaar verkry het. Alhoewel die boeke baie deurmekaar was, het die aartsdeken van Bloemfontein daarvoor gesorg dat die boeke korrek geklassifiseer is.[3)]

Ten gevolge van 'n skenking van dr. Littledale in 1896 was die raad in staat om heelwat nuwe aankope te doen. In dieselfde jaar het die biblioteek ook nog boeke van die biskop ontvang wat aan hom deur ds. H. Wallis nagelaat is. 'n Gedeelte van die biblioteek van wyle deken Croghan is ook aan die biblioteek geskenk.[4)]

Voor die skool in 1899 na die nuwe geboue oorgeplaas is het die skoolhoof berig dat die biblioteek

1) Notuleboek : 1893.
2) Ibid :,, Eve of Epiphany." 10 April 1894.
3) Ibid : 5 Jan. 1894.
4) Ibid : 27 April 1896.

toe uiteindelik goed versorg was. Ná al die jare van sukkel is die katalogus deur mnr. Lyttelton voltooi. Hy het dit laat druk en aan die ander predikante van die bisdom verkoop om sodoende die drukonkoste te dek. 1)

Met die sluiting van die skool in 1899 is die biblioteek tydelik in 'n kamer van die ou St. Andrewskool gehuisves. Soos uit 'n verslag van die kanselier (ds. Horace Orford) aan die Raad van Opvoeding afgelei kan word, was die biblioteek in so 'n toestand van wanorde dat dit nie gebruik kon word nie. Die hoop is egter uitgespreek dat 'n gedenksaal ter gedagtenis aan die biskop spoedig opgerig sou kon word en dat hierdie gebou as 'n biblioteek en vergadersaal gebruik sou word. 2)

3. SPORT.

McKenzie het in Okt. 1876 as volg geskryf: „A Free State boy, when he first comes to school, has no idea of amusing himself, beyond sitting on a stone!" 3) Die seun is dus van die staanspoor af aangemoedig om nie slegs sy skoolwerk te doen nie maar om ook aan sport en die sosiale bedrywighede deel te neem. 'n Heeltemal nuwe geestelike atmosfeer het dus na sy eerste opleiding aan 'n klein plaas-of dorpskooltjie op die kind gewag. McKenzie kon dan ook getuig dat spele vir die kind omtrent net soveel beteken het as skoolwerk. Om die kind aan te moedig om ook aan die sportaangeleenthede deel te neem het McKenzie soms meer hoofbrekens as die gewone skoolwerk besorg.

Gereelde wedstryde is vir die seuns gereël.

---

1) Report of Princ... 1899.
2) Rapport van die kanselier aan die Raad van Opvoeding. - 1903.
3) Q.P., No.34, Okt. 1876.

Die eerste goed georganiseerde sportbyeenkoms is reeds op 24 Februarie 1875 gehou. Die program is in twee verdeel - vir seuns bo 13 jaar en vir seuns onder 13 jr. Die verskillende nommers het verspring, hoogspring, die driesprong, driebeenresies en die 100 en 200 treë ingesluit. Nog 'n nommer waaraan baie aandag gegee is, was die gooi van 'n krieketbal. Hierdie nommer is deur R. Honey gewen wat die bal 102½ jaarts ver gegooi het. Sy broer, C. Honey, het hierdie nommer in die afdeling vir seuns onder dertien gewen deur die bal 65 jaarts ver te gooi. Alhoewel die seuns nie juis baie voorbereiding vir die byeenkoms gedoen het nie, was dit so geslaagd dat dit vanaf 1875 twee maal per jaar gehou is.[1)]

Die eerste sokkerwedstryd tussen die skool en lede van die koor van die katedraal is op 6 Mei 1875 afgespeel. Dit is in 'n baie goeie gees gespeel en was die voorloper van baie ander dergelike wedstryde. Toe die wedstryd reeds 'n aanvang moes neem, het slegs ses lede van die koor opgedaag, maar die wedstryd is voortgesit in die hoop dat die ander lede later sou opdaag. Die skool het egter gou weens hulle getalle en beter voorbereiding die oorhand gekry. Een van die koorlede was lateraan verplig om die veld te verlaat omdat hy nie by die vinnige pas kon byhou nie. Hy is egter deur twee nuwelinge vervang en die wedstryd is weer voortgesit. Die skool het hierdie wedstryd met drie doele teen een gewen.[2)] Die tweede wedstryd tussen die twee spanne is op 15 Mei 1875 afgespeel en hierdie keer het die skool hulle teenstanders met drie doele teen nul verslaan.[3)]

---

1) "The Friend" : 25 Feb. 1875.
2) Ibid : 13 Mei 1875.
3) Ibid : 20 Mei 1875.

McKenzie, wat self 'n krieketentoesias was, het geweldig baie vir die krieket van die skool gedoen. Vanaf 1875 is daar gereeld wedstryde gespeel en die skool het van die staanspoor af in hierdie sportsoort uitgeblink. Die spel is gebruik om die verskillende skole bymekaar te bring en om 'n goeie gees tussen die leerlinge en oudleerlinge van St. Andrew-skool te bewerkstellig. Op 30 November 1875 het 'n gekombineerde span van die oudleerlinge en die leerlinge van die St. Andrew-skole van Bloemfontein en Grahamstad teen 'n Bloemfontein elftal gespeel. 1) Op 30 November 1876 het „The Friend" berig van 'n wedstryd tussen die elftal van die stad en die seuns en oudleerlinge van die skool. Ná die wedstryd het baie van die oud-skoliere gesellig saam met die seuns verkeer. Hierdie gesellig heid het bygedra tot die bevordering van die goeie gees wat reeds tussen die twee groepe bestaan het. 2) Hierdie wedstryd het 'n jaarlike instelling geword en is gereeld op „St. Andrew's Day" afgespeel.

Die eerste botsing tussen die twee ou krieketvyande, Grey-Kollege en St. Andrew-kollege, het op 7 April 1877 'n aanvang geneem en is op 21 April voortgesit. Die wedstryd het maar swak begin, omdat slegs drie van die Grey-Kollege-span op die eerste dag opgedaag het-slegs 'n uur na die vasgestelde tyd. „The Friend" het sy verontwaardiging hieroor uitgespreek, veral aangesien dit as een van die vernaamste sportgebeurtenisse van die jaar bestempel is.
Die tellings was as volg:
Grey-Kollege (eerste beurt) : 30.

1) „The Friend" : 2 Des. 1875.
2) Ibid : 30 Nov. 1876.

St. Andrew-kollege (eerste beurt) : 74 (McKenzie 40).
Grey-Kollege (tweede beurt) : 20 vir 4. [1]

Hierdie wedstryd het ook 'n jaarlikse instelling geword en omdat daar altyd so'n sterk gees van wedywering tussen die skole geheers het, het almal baie waarde daaraan en veral aan die uitslag geheg. In 1881 het die skoolhoof in sy verslag gemeld. „... I think it should be recorded that we have at last after many unsuccessful attempts managed to beat the Grey College in the cricket field. [2]

Vanaf 1876 is 'n krieketkolf elke jaar deur 'n sekere mnr. A. Fischer aan die seun wat die beste in krieket presteer geskenk. Meyer het die eerste van hierdie kolwe gewen. [3]

Daar is egter ook van ander metodes gebruik gemaak om die skoollewe van die seuns te veraangenaam. In 'n brief van mnr. John Roberts, gedateer 16 Oktober 1882, word daar 'n kykie gegee in die ligtere sy van die skoollewe. Die kosgangers het by „Bishop's Glen" gaan piekniek maak. (Vandag sal ons dit egter 'n skoolvakansiekamp van drie dae noem.) Die grootste pret van die reis is ondervind toe Rhenosterspruit oorgesteek moes word en die voorste wa amper-amper weggespoel het. Baie van die seuns was gou in die water om die osse aan te moedig en die voorstes deur te lei. Visvang was een van die vernaamste tydverdrywe en op die eerste dag het die meeste seuns hul visstokke reeds voor middagete uitgehaal. Teen vyfuur is droë hout vir 'n vuur bymekaar gemaak. Na sononder is die vuur aangesteek en het die aand se pret begin. Liedjies is deur onderwysers en die

1) „The Friend" : 26 April 1877.
2) Report of Princ. : Des 1881.
3) „The Friend" : 28 Des. 1876.

kinders gesing. Daar is nie slegs Engelse liedjies gesing nie. Wysies is in Hollands, Duits en Wallies gehoor. Latyn is veral deur 'n besoeker van 'n naburige plaas en Frans deur 'n besoeker van die kollege gesing. Om 9.30 het die geselskap onder die bosse gaan slaap maar het om 2.30 weer opgestaan om na 'n komeet te kyk. Die volgende oggend het hulle krieket gespeel en later in die middag gaan jag. Die skoolhoof, Borton, het die Vrydag verjaar en hy is die oggend deur die klomp seuns wakker gesing. Die seuns was nie so'n uitgesoekte groep as wat 'n mens van 'n Engelse skool met vyftig kosgangers sou verwag het nie. Hulle ouderdomme het gewissel van die agt jaar van Johnny tot die twintig jaar van Frank. Die leier van die seuns, Jim, was ses voet twee duim lank.

Die geselskap het die Vrydagaand om tienuur in Bloemfontein aangekom. Op Saterdag het die eerste krieketspan 'n gekombineerde span van die bank en die staatsdiens verslaan.

# HOOFSTUK XII

## DIE BETEKENIS VAN DIE ST. ANDREW-SKOOL.

Die geskiedenis van die St. Andrew-skool dui daarop dat die skool oor die algemeen wel daarin geslaag het om sy doel te bereik. Finansiële gebrek en teenkanting van owerheidsweë het egter ernstige struikelblokke in die weg na sukses gewerp.

In Januarie 1892 het 'n sekere mnr. Gilbert O. Speedy van Zastron geskryf: „It is difficult for people in England to realise what a boon the College is to parents in the diocese, seeing how many and great are the difficulties which stand in the way of education in this country". 1)

Die skool se groot waarde het dan ook daarin gelê dat dit onderwys verskaf het aan die seuns van die Engelse gemeenskap van die Vrystaat. Toe die skool geopen is, was dit trouens die enigste skool in Bloemfontein, daar die Grey-Kollege destyds tydelik gesluit was. Die opvoeding wat die skool gebied het, was toegespits op die seun in sy besondere behoeftes. Tereg het die biskop in 1874 gemeld – „Education must have in view the whole man – " en — „Truthfulness, reverence, steadfastness, these are the qualities in which our children here need especially to grow up and assimilate". 2)

Dat die skool nie groter ondersteuning van die Engelssprekendes van die Vrystaat geniet het nie, kom egter vreemd voor. Bloemfontein en sy bevolking was in hierdie jare baie Engelsgesind en dit is moeilik om die oorsaak waarom die skool by tye so swak ondersteun

1) Q.P., No.95, 15 Jan. 1892.
2) Bfn. Gazette : 30 Julie 1874.

is, vas te stel. Ordonnansie no.3 van 1854 het bepaal dat Hollands of Nederduits die amptelike taal van die land sou wees. Dit was egter nie die landstaal wat vordering gemaak het nie, maar Engels. Dit is al hoe meer as handels-en omgangstaal gebesig. Ook op die gebied van die onderwys het dit baie veld gewen. In 1875 het dit al so ver op laasgenoemde gebied gevorder dat „Champion" sy oortuiging in die pers uitgespreek gee dat Engels spoedig die moeilike Hollandse taal sou vervang.[1] „The Friend" van 8 April 1875 het beweer dat die beter klas boer omgang met die Engelssprekende deel van die bevolking verkies het. Ook die banke en besighede is in Engels bestuur. Nogtans is gevind dat die skool tenspyte van die Engelse milieu en die feit dat Hollands soms slegs in naam daar onderrig is, moes veg om kop bo water te hou.

Die skool het egter altyd sterk teenstand van die staatsondersteunde skool, Grey-Kollege, ondervind. Saam met Eunice, 'n inrigting vir meisies, het Grey-Kollege aan die spits van die onderwys in die Vrystaat gestaan.[2] Die Grey-Kollege het oor die middele beskik om die seuns beter geriewe aan te bied. Die klasgelde van St. Andrew-skool moes gedurig besnoei word omdat Grey-Kollege sy seuns soveel goedkoper kon onderrig. Ten spyte van herhaaldelike versoekskrifte om finansiële ondersteuning het die Volksraad eenvoudig geweier om gehoor te gee. Die vorming em opbouing van 'n manlike karakter op 'n streng godsdienstige grondslag is egter onder swaar druk aan die St. Andrew-skool voortgesit. Dat hierdie alsydige opvoeding later goeie vrugte sou

---

1) "The Friend" : 1 April 1875.
2) Venter : Die Geskiedenis van die Dames-Instituut „Eunice" Bls 180.

afwerp en dat dit verantwoordelik sou wees vir goeie karaktervorming, is bewys deur die groot lof waarmee steeds van die oudskoliere gepraat is nadat hulle hul plekke in die samelewing ingeneem het.

Die kollege het die belangrike plek wat dit in die Vrystaatse onderwysgeskiedenis beklee het, volgestaan. Verstandige en goed opgeleide burgers vervul met 'n vertroue op God en 'n bereidwilligheid om met ander saam te werk, het die skool verlaat. Hierdie seuns is geleer om te probeer om nooit aanleiding tot haat of afguns te gee nie - 'n eienskap wat die toenmalige bevolking goed te pas sou gekom het. Die skool moes egter dikwels ten gevolge van sy eie reputasie harde bene kou. Daar was tye toe meer en meer seuns aansoek gedoen het om toelating. Al hoe meer seuns is aangeneem totdat die huisvestingsgeriewe tot die uiterste ooreis is. Daar was geen ander skool van presies dieselfde soort in die Vrystaat nie. Die skool is gekenmerk deur die afwesigheid van enige politieke liefde of haat. Dit het daarna gestreef om die seuns die beste opvoeding en 'n meer beskaafde lewensvorm waarna die bevolking geleidelik begin streef het, te gee.

Ook na die ontdekking van diamante op Kimberley het die skool 'n heenkome gebied vir baie seuns wat andersins geen skoolopleiding sou geniet het nie. 'n Hoër opleiding vir die seuns van Engelssprekende ouers was nou binne die bereik van almal en die veelsydige leerplan sou vanselfsprekend bydra tot die verhoging van die lewenspeil van die platteland, vanwaar baie van die kinders gekom het. Ouers was maar te bly om 'n deeglike opvoeding vir hul seuns te kry weens die swak gehalte onderrig wat die rondgaande skole, die distriks- en wykskole aangebied

het. Hier was die geleentheid om te verbeter op die opinie wat Champion in "The Friend" van 2 Feb. 1871 van die Boerekinders gehad het n.l. ".... their minds untrained from infancy, are dead to everything but horses, sheep and cattle. The organs of inquisitiveness and the appreciation of the refined and beautiful lie dormant within them by reason of their isolated situation and unintellectual occupations".

Die skool is egter nie alleen beskou as een van die beste in die Vrystaat nie maar wel in die hele Suid-Afrika. Mnr. Speedy van Zastron, wat na 'n lang afwesigheid Bloemfontein besoek het,het geskryf: "..... the school has steadily improved and it is due to courage and energy that St. Andrew's College now holds so high a position among the schools of South Africa..... The College stands in one of the healthiest parts of the town, near the Cathedral, and has a fine playground for the boys in front".[1)]

Ook die hoë lof waarmee die president by tye van die skool gepraat het, is bewys van die vername rol wat dit in die opvoeding van die jeug gespeel het. By geleentheid van die halfjaarlikse funksie in Junie 1883 het die president gesê dat die intieme samewerking van die seuns wat uit verskillende dele van die land afkomstig was, baie opmerklik was en dat dit baie duidelik was dat hulle hul plek as toekomstige burgers van die land goed sou volstaan. Die betekenis van hierdie opvoeding het egter veral daarin gelê dat dit gedurig met streng dissipline gepaard gegaan het. Biskop Webb kon nie insien hoe 'n gesonde gees en sterk karakter sonder 'n ferm dog logiese stelsel van dissipline ontwikkel kon word nie.[2)]

1) Q.P.,No.95, 15 Jan. 1892.
2) Bfn. Gazette : 30 Julie 1874.

Ds. Borton het in Junie 1881 in hierdie verband gesê: „Through you no disgrace, however slight, should fall upon your Alma Mater ..... I wish to congratulate you upon your conduct generally in town....."[1] Die seuns moes hulle skool leer lief kry en daar is van hulle verwag om hulle altyd te gedra soos seuns van St. Andrew-skool dit moes doen, 'n skool wat volgens Borton bekend was vir sy „reputation and character".[2]

Een van die belangrikste prestasies van die skool was opleiding wat dit aan seuns verskaf het wat later self die opvoeding van die jeug as lewensroeping aanvaar het. Kort na sy aankoms in 1863 het biskop Twells gesê: „The field is a wide one and is capable of being indefinitely enlarged".[3] „The Friend" van 18 Sept. 1863 het hierdie poiniers dan ook as volg verwelkom: „How, welcome, then, ought to be the presence amongst us of men who make education their study as a science, and who are willing and able to train up pupils and pupil teachers and to render the name of schoolmaster an ornament". Baie van die oudskoliere van die skool is in later jare oor die hele Vrystaat in die Engelse onderwys gevind. Hierdie manne het hulle deel bygedra om die vraagstuk van die tekort aan onderwysers op te los.

Die godsdienstige opleiding van die seuns het 'n baie belangrike rol gespeel in hierdie algemene opleiding van die skool. Godsdiensonderrig het geweldig baie aandag geniet, want dit is gevoel dat die uitstekende dissipline waarvoor die skool so bekend geword het, nie gehandhaaf kon word nie sonder

---

1) „The Friend" : 30 Junie 1881.
2) Ibid : 20 Des. 1883.
3) Ibid : 9 Okt. 1863.

die daarstelling van 'n hoe godsdienstige standaard.[1]

Hierdie opleiding van bekwame en goedopgeleide onderwysers wat die land kon ingaan om die nodige kennis en kultuur te versprei, het reeds in 1880 'n aanvang geneem. In hierdie jaar is die behoefte aan geskikte opvoeders sterker as ooit tevore gevoel en op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding, gehou op 24 Julie 1880, is besluit om reëlings met die ander skole in die biskopdom te tref in verband met die opleiding van leerlingonderwysers volgens die standaarde wat in die Kaap-kolonie en die Vrystaat vereis is.[2]

Die Teologiese skool het ten nouste met die skool saamgewerk en dit as 'n belangrike bron van studente beskou. Studente wat aan die inrigting gestudeer het, het gereeld as assistentonderwysers aan die St. Andrew-skool diens gedoen sodat die twee inrigtings wat albei onder beheer van die Raad van Opvoeding was, altyd in noue verbinding met mekaar was. In 1884 het die twee inrigtings weens die swak ondersteuning van die Teologiese inrigting saamgesmelt.[3] Dit het meegebring dat seuns nou ook aan die skool die geleentheid gegee is om vir onderwyser of predikant te studeer. Seuns wat hul opleiding as predikante en onderwysers aan die skool ontvang het, het oor die hele land versprei. Dus was die skool ook indirek verantwoordelik vir die geestelike verryking van 'n deel van die bevolking.

Die betekenis van die St. Andrew-skool is in die skoolhoof, ds. Horace Orford, se verslag aan die Raad van Opvoeding in 1899 opgesom: ".....The record of

---

1) Bfn. Gazette : 30 Julie 1874.
2) Notuleboek : 24 Julie 1880.
3) Ibid : 28 Julie 1884.

the past is filled with the hopes and the anxieties of those who through many trials and frequent disappointments still struggled to maintain a good first grade school in connection with the Church, and who have had their reward in seeing the good work and teaching in the characters of those who have gone forth from St. Andrew's and still look back with affection and gratitude to their old school." 1)

---

1) Notuleboek : 21 April 1899.

# HOOFSTUK XIII.

## DIE NUWE ST. ANDREW-SKOOL.

### A. STIGTING:

Hoewel die St. Andrew-kollege in 1899 weens die oorlog gesluit moes word, het die skool, soos reeds genoem, bly voortbestaan as 'n koshuis vir seuns van die Anglikaanse kerk wat hulle opleiding aan die Grey-Kollege ontvang het. In die begin van 1904 is mnr. C. Ernest Seamer as hoof van die St. Andrew-koshuis aangestel. Hy sou ook aan die Grey-Kollege onderwys gee. Met sy aanstelling het deken W.H. Holbeck die hoop uitgespreek dat die koshuis 'n goeie tuiste sou bied vir die opleiding van godsdienstige seuns. 1) Op 'n vergadering van die Raad van Opvoeding is die volgende komitee aangestel om die koshuissake te behartig: deken Holbech, kanunnik Bate, mnre. H. White en McKenley, dr. A.B. Ward, mnre. Ashburnham, C.W. Champion, Douglas Davidson, J. Sankey en as sekretaris, mnr. Bateman White. 2)

Op dieselfde vergadering het dit tot die verbasing van almal aan die lig gekom dat die geboue van die St. Andrew-kollege sonder toestemming van die Raad van Opvoeding verkoop is. 3) Op presies watter geboue dit betrekking gehad het, kan nie met sekerheid gesê word nie. Dit was egter die laaste vergadering wat die Raad van Opvoeding gehou het. In 'n prospektus van die skool wat in 1917 verskyn het, is melding gemaak van die feit dat die skool (in werklikheid koshuis) in 1903 gesluit is. Dit kan dus met veiligheid aangeneem word dat die St. Andrew-skool aan die einde van 1903 ten einde geloop het.

---

1) Q.P., 143, 25 Jan. 1904.
2) Notuleboek: 16 Jan. 1904.
3) Ibid.

Slegs ná baie jare is daar weer 'n poging aangewend om die skool te heropen. Geen private skool kon dit toe waag om met die staatsondersteunde skole mee te ding nie. In 1916 het die biskop, mnr. Chandler en Engelssprekendes weer belangstelling in die moontlikheid van die heropening van die skool begin toon.[1] In die volgende jaar het die biskop geskryf dat die staatskole geheel-en-al Hollands geöriënteer was en dat die voorreg hulle reeds baie lank ontneem is om godsdienstige opleiding aan die seuns van die Anglikaanse Kerk wat die skole bygewoon het, te gee. Hy het dit dus as sy plig beskou om 'n skool te stig waar kinders van Engelse afkoms tuis kon voel, en waar deeglike godsdienstige opleiding verskaf kan word.[2] Die doeltreffendheid van die staatskole is geensins in twyfel getrek nie, inteendeel die goeie werk wat deur die Direkteur van Onderwys gedoen is, is baie hoog op prys gestel. Tog is gevoel dat daar nog ruimte was vir 'n private skool waar daar groter vryheid sou wees om die doelstellinge te verwesenlik wat deur die beherende liggaam voor oë gehou is.[3]

In Feb. 1916 is 'n skool met omtrent 70 seuns ge-open. Kanunnik Ford, direkteur van die Mafeteng-sending in Basoetoland is tydelik as hoof van die nuwe St. Andrew-Skool aangestel. Die klasse is in een van die ou St. Andrew-skoolgeboue wat die naam van "Gordon Club" gedra het, waargeneem. Die biskop het egter daarop gewys dat dit 'n tydelike reëling was en dat nuwe geboue opgerig sou word namate die getalle vermeerder het. Die stadsraad het in dieselfde jaar 'n uitstekende stuk grond vir dié doel

---

1) "The Church Chronicle": 22 Maart 1923.
2) Q.P.,192, 25 April 1916.
3) Skoolprospektus: 1917.

geskenk. Dit was aan die westekant van die stad geleë, 22 akker in omvang en het baie ruimte gebied vir nuwe geboue, krieket-en rugbyvelde. Geld was egter nodig om al hierdie veranderinge aan te bring. Daar is egter gehoop om 'n aansienlik som in die Vrystaat in te samel waar die behoefte aan so'n skool baie sterk gevoel is. Die oorlog het hierdie insameling egter baie gestrem. [1]

B. ONTWIKKELING VAN DIE SKOOL:

Die doel van die onderwys aan die inrigting kan saamgevat word in die volgende woorde van die biskop wat hy in 1916 gebesig het: „Our ground principles are religious education and training in principles of loyalty to the Union and the Empire". [2]

(1) BEGIN VAN DIE ONTWIKKELING:

Ná die opening van die eerste skool is dadelik met groot ywer aan die werk gespring. In Oktober 1916 het die biskop reeds van goeie vooruitgang getuig en het geskryf dat die skool se toekoms verseker was. Die enigste struikelblok was die tekort aan voldoende leerkragte. Die komitee het gevoel dat hulle in staat was om die eerste deel van die nuwe gebou aan te pak. 'n Kontrak van £3,400 is aanvaar. Hoewel bouwerk weens die steeds stygende prys van boumateriaal destyds 'n baie wisselvallige onderneming was, kon die komitee geen ander uitweg vind in die vraagstuk van huisvesting vir die getalle wat nog steeds aangegroei het nie. [3]

---

1) Q.P., No. 192, 25 April 1916.
2) Ibid.
3) Q.P.; No. 194, 25 Okt. 1916.

Ná die eerste jaar het die skool nog steeds goeie vordering gemaak en kon die biskop as volg getuig: „The progress has been so rapid that it has necessitated the immediate commencement of the new buildings which already are far advanced. The present contract is for £5000 but nearly another £10,000 will be needed to carry out the complete plans".[1)][2)] Mnr. F.W. Storey, oud-lektor in wetenskap en matesis aan die Normaal-Kollege, is in April 1917 as hoof aangestel. Een-en-dertig nuwe seuns is daardie jaar tot die skool toegelaat. Daar was toe altesaam 130 leerlinge op skool. Weens die gebrek aan ruimte, is die landbousaal van Roderick's vanaf 30 Jan. 1917 bygehuur vir Vorms V (a) en (b). Die leerplan het die volgende vakke ingesluit: Godsdiensonderrig, Engels, Frans, Nederlands, Latyn, Grieks, matesis, wetenskap en tekene. Die medium van opvoeding was uitsluitlik Engels.[3)]

Alhoewel daar gehoop is om die nuwe gebou in Derdelaan in Feb. 1917 in gebruik te neem, is die banke van die landbousaal en van die twee ander geboue wat in gebruik was (Monumentweg 31, en die Kuns-en Ambagsaal) met die Paasvakansie verwyder en na die nuwe gebou oorgeskuif. Die werk is toe op 17 April 1917 met die aanvang van die tweede kwartaal in die nuwe gebou begin. (Op die standplaas van die huidige skool.[1)] Die aantal leerlinge was toe 142, van wie 42 kosgangers was.

Die eerste prysuitdelingsfunksie van die nuwe skool het op 12 Desember 1917 in die Ramblersaal plaasgevind. Die meeste van die vooraanstaande mense, o.m. die administrateur (edelagbare C.H. Wessels),

---

1) Q.P., No. L95, 20 Jan. 1917
2) Gegewens verkry uit die dagboek van mnr. F.W. Storey, behalwe waar andersins vermeld.
3) Skoolprospektus : 1917.

die hoofregter (Sir Andries Maasdorp), die burgemeester (mnr. C.L. Botha), die direkteur van onderwys (Dr. Viljoen) het die funksie bygewoon. [1]

Die tweede helte van die nuwe gebou is in die derde kwartaal 1917 in gebruik geneem. Hierdie gebou het egter nog net as klaskamers gedien. Die oorspronklike twee koshuise, Chandler-huis by Monumentweg 31 en McKenzie-huis by St. Georgestraat 71, is nog steeds behou. [2] Aan die einde van die jaar was daar egter ook reeds sprake van die aanbou van twee nuwe koshuise ter waarde van £12,000. [3]

Namate die leerlinge vermeerder het, is die getal leerkragte ook vermeerder. Leerlinge is nie slegs vir die gewone eksamens voorberei nie, maar vir die Oxford-Junior-en Senior sertifikaat- en Taalbond-eksamens. [4]

(11) <u>VERDERE UITBREIDING</u>:

Ten gevolge van verdere uitbreiding is Monumentweg 29 op 10 April bygehuur om akkommodasie aan sommige kosgangers tê verskaf. Op Dinsdag, 13 Augustus 1918, is die hoeksteen van die nuwe koshuis deur lord Buxton gelê. Die formele opening van die gebou het op 24 Feb. 1920, byna 'n jaar nadat dit in gebruik geneem is, plaasgevind. [5] Aan die einde van die jaar het die hoof in sy verslag melding gemaak daarvan dat die geboue in Monumentweg en St. Georgestraat ontruim is en dat die junior skool na Tempe verskuif is. Dit was omtrent 'n myl en 'n half van die hoofgebou. Meer as £700 moes bestee word om die gebou wat

---

1) "The Friend" : 13 Des. 1917.
2) Ibid.
3) Skoolprospektus: 1917.
4) Ibid 1918.
5) "The Friend" : 25 Feb. 1920.

voorheen deur die „South African Mounted Rifles" gebruik is, as 'n koshuis vir die seuns in te ruim. Skenkings van £1000 elk deur Champions, bpk., en mnr. J.W. Jagger en ander kleiner bydraes het dit moontlik gemaak om drie bykomende klaskamers aan te bou sodat die suidelike deel van die skool voltooi is en huisvesting vir 300 seuns verskaf kon word.[1] Hierdie nuwe klaskamers is op 7 April 1920 in gebruik geneem.

(111) ENIGSTE VAN SY SOORT:

In 'n verslag van die beherende komitee aan die Sinode van die Anglikaanse Kerk in 1922 is gemeld dat die St. Andrew-skool die enigste bisdomlike skool in die Vrystaat was. Die personeel was uitsluitlik Engels. In die skool is dieselfde grondbeginsels gevolg as in 'n Engelse privaatskool. Die gebrek aan fondse was egter 'n groot struikelblok. Daar was in hierdie tyd 'n groot behoefte aan 'n vergadersaal, wetenskaplaboratoriums, kunskamers en houtwerkkamers. Voordat voorsiening vir hierdie geboue gemaak kon word, kon die werk wat beplan was,nie tot uitvoer gebring word nie.[2] Die skool het egter 'n jaarlike toelae van tussen £1200 en £1700 van die regering ontvang. Dit is reeds vanaf 1918 aan hulle toegesê nadat die skool as 'n private staatsondersteunde skool erken is.[3] Inspekteurs het die skool gereeld besoek en volledige verslae by die Onderwysdepartement ingedien. So het inspekteur B. Noaks in 1922 berig dat die noodsaaklikheid van so'n skool in Bloemfontein erken is en dat die getal seuns wat hulle opleiding

1) "The Friend" : 6 Des. 1920.
2) Rapport aan die Sinode : Maart 1922.
3) Ibid.

aan die skool ontvang het, die bestaan daarvan regverdig het. Die eksamenuitslae was bemoedigend, dog die onderrig in sommige vakke het nog nie die nodige standaard bereik nie.[1]

(1V) MOEILIKE JARE:

Die skool het vanaf 1922 'n baie moeilike tydjie deurgemaak. Ten gevolge van die depressiejare het die getalle aansienlik afgeneem en op 26 Jan. 1923 het die hoof geskryf dat hy Chandler-huis tydelik gesluit het en dat al die kosgangers in Mc - Kenzie-huis (Tempe) gehuisves is om sodoende die uitgawe te besnoei. In Maart 1923 was daar sprake dat die skool gesluit sou moes word. Die biskop het egter hoopvol gesê dat die groot welslae wat in die jaarlikse eksamens behaal is en die prestasies op sportgebied hulle steeds aangemoedig het om voort te gaan, ten spyte van finansiële moeilikhede wat meestal die gevolg was van die onvermoë van boere om klasgelde te betaal.[2]

Aan die einde van 1923 het die Verdedigingsmag die skool 'n maand kennis gegee om die vyftien geboue wat op Tempe in gebruik was, te ontruim. So nie moes die geboue gekoop word. Die prys was £1,940.9s.0. Geen geld was beskikbaar nie, dog die Bloemfonteinse staadsraad het aangebied om die geboue van die staat te koop en hulle dan weer aan die skool te verkoop op voorwaarde dat £200 per jaar plus rente afbetaal sou word.[3]

Op 'n vergadering van die stadsraad, gehou in Junie 1925, is die volgende voorstel aangeneem: „That erven Nos. 149-162 as marked on the general

---

1) Inspekteursrapport : 1922.
2) „The Friend" : 27 Maart 1923.
3) „The Friend" : 3 September 1925.

plan of Bloemfontein be allienated by means of a free grant to the trustees of St. Andrew's School for school purposes, namely for erection thereon of a large dining and assembly hall with additional dormitories, quarters and kitchen at a cost of £5000, subject to all legal formalities and on condition that should the buildings not be commenced within a period of two years from the date of transfer of the ground, the ground shall be retransferred to the Council at the expense of the school". [1]

Die oprigting van hierdie geboue is moontlik gemaak deur 'n nalatenskap van £5000 deur mnr. C.W. Champion aan die skool. [2] Die hoeksteen van hierdie gebou, Champion House, is op Donderdag, 22 Oktober 1925 deur mev. C.W. Champion, snr. gelê. [3] Nadat hierdie gebou in gebruik geneem is kon die kleiner seuns en veral standerds een, twee en drie uiteindelik van die groter seuns geskei word. [4] Al die skoolgeboue sou nou bymekaar gegroepeer word. Gevolglik sou die werk beter gedoen kon word en meer gespaar word. [5] Die geboue is amptelik op 15 Maart 1926 deur die biskop (Dr. Walter Carey) geopen. [6]

Die Rhodes-trustees het ook in hierdie jaar 'n lening van £10,000 aan die skool toegestaan. In die eerste drie jaar sou geen rente betaal word nie, maar daarna moes vier persent rente betaal word. Hierdie lening was die gevolg van 'n besoek wat die biskop twee jaar tevore in Engeland afgelê het toe hy baie lede van die trustees oortuig het van die waarde en belang van die skool.

---

1) „The Friend" : 1 Julie 1925.
2) Ibid : 3 September 1925.
3) Offisiële program. Ook „The Friend" : 23 Okt.1925.
4) „The Friend" : 24 November 1925.
5) Ibid : 28 Nov. 1925.
6) Report of Princ. : 1926.

Hierdie geld het weer as nuwe aansporing gedien. Met die prysuitdelingsfunksie aan die einde van 1927 het die biskop daarop gewys dat toestande baie verbeter het sedert elf jaar tevore toe die St. Andrew-skool geopen is. In 1916 het hulle oor 'n kaal stuk veld en £5000 beskik. In 1927 het die skool beskik oor geboue wat alleen £35,000 werd was. Bowendien is planne reeds in die mou gevoer vir die oprigting van 'n kerk, 'n vergadersaal en sanatorium.[1] In dieselfde jaar is £1000 deur die Bailey-trustees aan die skool geskenk op voorwaarde dat die skoolkomitee nog £2000 moes insamel.[2]

(V) DIE SKOOL PRESTEER:

Intussen het die skool baie goeie werk gelewer. Die skool was nog steeds besig om elke jaar goeie burgers die land in te stuur. Op sportgebied en in die jaarlikse universiteitseksamens is uitstekend gepresteer. Die gesindheid wat in die skool geheers het, was onverbeterlik. Die grootste eis wat in die opvoeding van die jeug van hierdie skool gestel is, was die ontwikkeling op geestelike gebied. Hierin het die skool verbasend geslaag.[3] In 'n verslag aan die Sinode in 1928 verskyn die volgende paragraaf: „I was entirely pleased with what I saw and heard, and formed a very favourable opinion not only of the work of the teachers individually, but also of the general organisation of the school. The whole tone and atmosphere is such as to deserve the hearty support of parents who desire their boys to have the benefit of good, wholesome surroundings and efficient instruction.[4]

1) „The Friend" : 23 Nov. 1927.
2) Ibid : 14 Junie 1928.
2) In „The Friend" : van 20/11/28 bedrag as £2500 opgegee.
3) Ibid : 28 Mei 1925.
4) Rapport aan Sinode: 1928.

Aan die einde van 1928 is reeds begin met die werk aan die Bailey-saal, wat as vergadersaal met ruimte vir 500 sou dien. Mnr. H.G. de la Cornillere het die planne opgetrek. [1] Hierdie gebou wat na sir Abe Bailey genoem is, is op Donderdag, 25 April 1929 deur sir Patrick Duncan geopen, wat toe lid van die trustees van die Bailey-fonds was. [2] Omdat aansoeke om toelating van kosgangers jaarliks van die hand gewys moes word, is besluit om Chandler-huis die volgende jaar te vergroot deur twee groot slaapsale en 'n siekekamer aan te bou. Huisvesting sou dan aan 150 kosgangers verskaf kon word. [3] Die skool het in hierdie jare gefloreer. Finansieel was die skool beter daaraan toe as ooit tevore en uiteindelik was daar genoeg geld beskikbaar om verbeteringe aan te bring. Die wetenskaplaboratorium en die sanatorium is vergroot. Hierdie uitbreidings was veral te danke aan die pogings van die oudskoliere. [4] Die skool het in 1930 nog 'n verdere skenking van £15,000 in die vorm van 'n bemaking in die testament van mnr. J.W. Jagger ontvang. Dit sou 'n taamlike rukkie duur voordat die bedrag aan die skool oorbetaal sou word omdat die verskillende moeilikhede in verband met die boedel eers opgelos moes word. [5]

(VI) <u>'n TWEEDE DEPRESSIE:</u>

Die ontwikkeling in 1930 was meestal beperk tot die skoolterrein. Verbeteringe is op die sportvelde aangebring om goeie speelterreine vir die seuns daar te stel. [6] Behoefte aan die aanbou van 'n biblioteek en leeskamer is gevoel

---

1) "The Friend" : 20 Nov. 1928.
2) Offisiële program.
3) Report of Princ. : Des. 1928.
4) "The Friend" : 19 Des. 1929.
5) Report of Princ.: Des. 1930.
6) Ibid.:Des. 1930.

en daar is besluit om so spoedig moontlik hiermee 'n begin te maak. Van hierdie planne sou daar in die volgende paar jaar maar min tereg kom. Vanaf 1931 is die skool weer getref deur 'n ernstige depressie waaronder die hele land gebuk gegaan het. Aan die einde van 1932 het mnr. Storey, die hoof aangekondig dat die afname in die getal leerlinge 'n aanduiding van die erns van die knellende finansiële omstandighede was. Die skool het in daardie jaar £3000 geskuld. Ten gevolge van die vermindering in getalle was dit moeilik om die onkoste te dek. Indien skoolgelde verminder moes word, sou dit bykans onmoontlik wees. Daar is besluit om op alle gebiede te bespaar. Die versekering is egter gegee dat die seuns geensins gebrek sou ly nie. Salarisse is verminder en slegs die noodsaaklikste verbeterings is aangebring.[1)]

In daardie jaar is 'n kursus na matrikulasie ingestel. Die seuns is toegelaat om enige spesiale kursus te volg en was verplig om twee of meer van die volgende vakke te neem: Engels, Afrikaans, Latyn, geskiedenis, matesis en wetenskap. Laasgenoemde sou bestaan uit skeikunde, fisika en biologie.[2)]

Die getalle was teen die einde van 1934 nog steeds aan die afneem. Die jaar is met 174 seuns afgesluit van wie slegs 63 kosgangers was. In 'n poging om die ouers tegemoet te kom is die klasgelde vanaf die begin van 1935 met tussen $12\frac{1}{2}$ en $33\frac{1}{3}$ persent volgens die klas verminder.

(Vll) <u>VOORSPOEDIGER JARE:</u>

Toestande het daarna langsamerhand verbeter. Deur middel van toneelopvoerings

---

1) Report of Princ. Nov. 1932.
2) Ibid.

en basaars is £400 vir die oprigting van 'n biblioteek ingesamel.[1] Aan die einde van 1936 is met die bou van die biblioteek 'n begin gemaak. Die skool het dit egter nog steeds moeilik gevind om die lopende uitgawes te dek. Die inspekteursverslag van 1937 het met hoë lof van die skool gepraat: „The school is conducted in well-kept and excellently equipped buildings standing in extensive grounds". Verder het die inspekteur, mnr. D.P. Britz gesê dat daar jaarliks omtrent £1000 aan verbetering aan die skoolterrein bestee is. Die biblioteek is voltooi en die skool kon trots voel op die feit dat dit oor 1,200 van die beste boeke beskik het. Die gesonde gees en atmosfeer wat op alle afdelings van die skoollewe geheers het, en die goeie gedrag van die leerlinge het 'n gunstige indruk op hom gemaak.

In 1938 kon die inrigting daarop roem dat meer seuns as ooit tevore die klasse bygewoon het en dat die getal name op die register die hoogste sedert 1930 was.[2]

In die volgende paar jaar was daar maar min veranderinge aan die St. Andrew-skool. Die goeie werk is voortgesit; personeellede het gekom en gegaan; die getal leerlinge het nog steeds toegeneem en in 1946 het 307 seuns die skool besoek. Van hulle was 133 kosgangers en 116 het sekondêre opleiding geniet.[3]

In Augustus 1946 is mnr. E.L. Harison aangestel as opvolger van mnr. Storey wat na dertig jaar getroue diens aan die begin van 1947 sou aftree. Mnr. Harison

---

1) Report of Princ.: 1936.
2) Die Volksblad: 11 Oktober 1938.
3) Rapport van inspekteur Steytler.

het dadelik aan die werk gespring en heelwat veranderings is aangebring. Die beherende liggaam het pas na sy aankoms toestemming verleen tot 'n uitgebreide ontwikkelingsplan. Dit het beslaan die oprigting van 'n koshuis vir 150 kosgangers, huise vir die getroude lede van die personeel, nuwe klaskamers, nuwe laboratoriums, 'n aantrekkamer vir dagskoliere en 'n kerk wat as middelpunt van die skool sou dien. 1) Ten spyte van die een terugslag op die ander het die redakteur van die skoolblad in Junie 1948 as volg geskryf: „All around us we see ample evidence of growth and progress - a fitting tribute to the enthusiasm and ability of our Headmaster, and to the firm foundations laid by his predecessor". Die eerste werklike bouwerk wat na die oprigting van die biblioteek in 1937, gedoen is, was die aanbou van twee nuwe klaskamers in daardie jaar. Die dagskoliere het nou uiteindelik oor hulle eie aantrekkamer beskik. Die junior sertifikaatklaskamer is omgeskep in 'n laboratorum vir fisika en skeikunde. Nog £100,000 is benodig vir verdere uitbreiding, maar hoewel geld in daardie tyd 'n bietjie skaars was, is gehoop dat daar mildelik bygedra sou word toe 'n beroep om geld gedoen is. 2)

Van tyd tot tyd is geld aan die skool geskenk. 'n Aansienlike som geld is in 1948 deur die United-Bougenootskap aan die skoolhoof geskenk om die ouers van senior seuns die onkoste van boeke, klasgelde, klere ens., te help dek. Hierdie gebaar is baie hoog op prys gestel, aangesien daar baie ouers was wat groot opofferings moes maak om hulle seuns na die St. Andrews-skool te stuur.

---

1) Report of Princ. : 12 Feb. 1947

2) Report of Princ. : Junie 1948.

'n Verdere skenking van £1000 is deur die Adviserende Raad van Liggaamlike Opvoeding gemaak. Dit moes bestee word om liggaamlike opvoeding en sport aan die inrigting te bevorder. Hierdie geld sou dan ook gebruik word vir die verbetering van die sportvelde. 1)

Op 26 Oktober 1949 is die hoeksteen van nog 'n koshuis, Clegg-huis, deur die biskop gelê. Dit is genoem na die eerste hoof van die skool en sou huisvesting aan ongeveer 36 seuns bied. Die hoeksteenlegging van nog 'n nuwe gebou is deur die redakteur van die skoolblad van 1949 as nog 'n mylpaal in die geskiedenis van die skool beskou. Hy het verklaar „The spirit of progress is evident wherever one goes at St. Andrew's School".

Die skeiding van die laer skool van die hoër skool het in 1952 met die hoeksteenlegging van die Jagger-gebou 'n aanvang geneem. Hierdie gebou sou op die eerste verdieping huisvesting aan die junior kosgangers verleen terwyl die vier vertrekke op die grondvloer as klaskamers vir die eerste vier vorms sou dien. Die speelveld van die junior seuns is geheel-en-al van dié van die ouer seuns geskei. 2)

Op 16 November 1953 het die skool sy negentigste verjaardag herdenk. In daardie neëntig jaar moes die skool dikwels swaar beproewinge deurmaak, maar daar is steeds vasgetrap en voortgebou. Van 'n klein begin in 1863 het die skool ontwikkel tot 'n inrigting wat vandag oor die hele land bekend is. In dié tyd is duisende seuns geleer om hulle plek in die lewe met welslae vol te staan. Hulle is aangemoedig om alle egoisme af te leer en om met hulle

---

1) Report of Princ. : Junie 1948.
2) Ibid : Jan. 1953.

medemens saam te werk. Nogtans is hulle geleer om selfstandig te dink en te handel en om hul man te staan op kerklike, sosiale en professionele gebied en bo alles om goeie burgers van Suid-Afrika te wees.

Die ontwikkeling duur nog steeds voort -. Waar en wanneer dit gaan eindig, is moeilik om te sê -.

C. DIE BEHEER VAN DIE ST. ANDREW-SKOOL.

Toe die skool in 1899 en die koshuis in 1904 tydelik gesluit is, is die aangeleenthede van hierdie liggame in die hande van die „Diocesan College of Education" gelaat. Die prospektus wat met die heropening van die skool in 1916 uitgegee is, het daarop gedui dat die St. Andrew-skool onder die beheer van die „Diocesan Board of Finance" geval het. Die biskop sou ex-officio as voorsitter van die raad optree en die beherende liggaam sou benewens die skoolhoof uit vyf lede bestaan, van wie drie deur die Raad van Finansies en twee deur die ouers aangestel sou word. Die eerste beherende liggaam is as volg saamgestel:

„Visitor: The lord Bishop of Bloemfontein.

Board of Management: The Right Rev. The Lord Bishop of Bloemfontein."

mnre. C.J. Tate en I.W. Deane (benoem deur die „Board of Finance") mnre. W.A.T. Machin en John Reid (verteenwoordigers van die ouers) die skoolhoof, ds. E.B. Ford, M.A., kanunnik van Bloemfontein.[1]

Toe mnr. Storey in 1917 as hoof aangestel is, het die raad onveranderd gebly. Mnr. Machin is slegs deur die Raad van Finansies in die plek van mnr. C. Tate benoem en mnr. G.H.E. Dickinson deur die ouers in die plek van mnr. Machin benoem.[2]

---

1) Skoolprospektus: 1916.
2) Ibid : 1917.

Die volgende jaar is die stelsel effens verander. Die „Board of Management" is toe deur die „Advisory Committee" vervang. Die eerste „Advisory Committee" het uit die volgende lede bestaan:

„Nominees of the Board of Finance:

The Right Rev. The Lord Bishop of Bfn. (Chairman)

The Ven Archdeacon Weekes.

Reb. E. Rose.

W. Machin, Esq.

L.W. Deane, Esq.

Parents Representatives:

A. Pearson, Esq.

G. McEwen Esq. [1)]

Blykbaar het hierdie stelsel ook nie bevredigend gewerk nie, want in 1919 is hierdie komitees weer gewysig. Vanaf daardie jaar is 'n adviserende raad sowel as 'n beherende komitee benoem. Laasgenoemde het bestaan uit 9 lede van wie sewe insluitende die biskop, deur die Sinode benoem is, en twee deur die ouers. Die ouers het hul verteenwoordigers elke jaar op 'n vergadering gekies wat gewoonlik onmiddellik na die sluitingsfunksie in November gehou is. Die adviserende raad het toe uit die volgende 7 lede bestaan: „J.A. Ashburham, Esq. R.M., Col. W. Beer, Deputy Commissioner of Police, H.F. Blaine, Esq., K.C., M.L.A.; Lieut.-Col. G. Brand, D.S.O., Defence Force, C.W. Champion, Esq., The Very Rev. the Dean of Bloemfontein, Sir Andries Maasdorp, Chief Justice O.F.S.". Die beherende raad wat die skool saam met die adviserende raad beheer het was as volg saamgestel:

---

1) Skoolprospektus : 1918.

| | |
|---|---|
| Die Biskop van Bloemfontein<br>Die aartsdeken van Bloemfontein<br>ds. W.H. Dodd<br>ds. H.E. Thompson<br>mnr. R.C. Streeten<br>mnr. W.H. Mosley<br>mnr. H. Wiley | Deur Sinode benoem |
| mnr. A. de B. Wilson<br>mnr. Pearson | Deur ouers benoem.[1] |

Hierdie vorm van bestuur is baie lank behou. Ons hoor meer hiervan in 'n pamflet wat deur die Sinode in 1925 uitgegee is. In paragraaf 402 van hierdie pamflet word duidelik bepaal dat die skool beheer en bestuur sou word deur 'n komitee bestaande uit 9 lede, van wie 5 'n kworum sou vorm.

Die biskop en die skoolhoof sou ex-officio lede wees. Twee lede van die komitee sou jaarliks op 'n ouervergadering aangewys word en ses sou deur die bisdomlike sinode aangewys word, van wie minstens drie priesters moes wees. Verder is bepaal dat die lede wat deur die sinode aangewys is, nagmaalgangers van die Anglikaanse Kerk moes wees en tot die volgende sinodesitting lede moes bly. Indien daar 'n vakature sou ontstaan in die geval van lede wat deur die sinode aangestel is, sou nuwe lede deur 'n spesiale sinodekomitee aangestel word. In die geval van 'n verteenwoordiger van die ouers moes 'n spesiale vergadering belê word om iemand te benoem.

Vergaderings van die beherende komitee is in Januarie, Maart, Mei, Julie, September, en November van elke jaar gehou. Spesiale vergaderings kon enige

1) Skoolprospektus : 1919.

tyd deur die voorsitter, die biskop, of deur enige drie lede van die komitee belê word om dringende sake te bespreek. Vier-en-twintig uur moes vir dergelike vergaderings kennis gegee word en geen ander sake kon bespreek word nie. As 'n lid van meer as drie agtereenvolgende vergaderings afwesig was, sou hy geskors word, - tensy 'n goeie verduideliking vir sy afwesigheid aan die voorsitter voorgelê kon word.

As bisdomlike trustees is benoem die biskop, die aartsdeken van Bloemfontein en die tesourier van die bisdom. Alle eiendomme wat aan die skool behoort het of nog sou behoort asook alle geldeise in verband met bogenoemde, is in die hande van die Trustees geplaas. Hulle het die mag gehad om eiendomme te verkoop of te koop wanneer hulle daartoe toestemming gegee word. Twee lede het die reg gehad om enige dokumente namens die trustees te teken.

Die skulde van die skool sou deur die komitee uit die inkomste en bate van die skool vereffen word, en nog die bisdomlike trustees nog die sinode sou hiervoor verantwoordelik gehou word.

Die hoof sou deur die komitee met die goedkeuring van die biskop aangestel word, terwyl assistente op aanbeveling van die hoof, of met sy goedkeuring ook deur die komitee benoem sou word. Die komitee was ten slotte verantwoordelik vir die indiening van 'n algemene en finansiële verslag by elke sitting van die sinode.[1)]

Die eerste verandering in die beheer van die skool het in 1936 gevolg toe mnr. Storey op „Speech Day", 16 Okt. 1936, bekend gemaak het dat die beherende liggaam

---

1) Akte van die Sinode, 1925.

voortaan bekend sou staan as „The Board of Governors".

Toe mnr. Storey die teuels in 1947 neergelê het, het die raad uit die volgende lede bestaan. „The Right Rev. the Lord Bishop of Bloemfontein (Chairman) the Very Rev. C.C. Tugman, the Ven. Archdeacon J.D. Vincent, the Rev. Canon R.M. Foss, E.G. Cooper, Esq., R.E. Haxton, Esq., C.E. Kidger, Esq., F.W. Masey, Esq., E.W. Warner, Esq., F.S. Webber, Esq."[1)]

In 1954 bestaan die „Board of Governors" uit:

„The Right Rev. the Lord Bishop of Bfn. - C.W. Alderson.
The Very Rev. Findley
The Ven. Archdeacon D.A. Bailey
The Rev. Canon A.L. Perkins
Mr. van Selm
Mr. E. Warner
Mr. G. Surtees
Mr. H. Wiley
Mr. S. Webber
Mr. G. Nicholson
Mr. Creed-Newton
The Headmaster E.L Harison".

Die huidige beherende liggaam bestaan dus uit 12 lede, van wie drie ( die biskop, deken en aartsdeken) ex-officio lede is. Daar is een priester; vier ongeordende lede van die kerk; een verteenwoordiger van die oudskoliere wat deur die oud-skoliere self benoem word; een verteenwoordiger van ouers deur die „Board of Governors" aangestel en een verteenwoordiger van die Basoetolandse bisdom. Hierdie liggaam word jaarliks deur die sinode benoem en vergader minstens een maal elke twee maande.[2)]

---

1) Skoolblad ... 1947.
2) Inligting van hoof, mnr. Harison.

D. DOEL VAN DIE ONDERWYS:

Die doel van die onderwys aan die St. Andrew-skool is 'n veelsydige opvoeding. Dit sluit in godsdiensonderrig in ooreenstemming met die Anglikaanse Kerk (behalwe in die geval waar die ouers of die voog skriftelik anders versoek) en die grondbeginsels van getrouheid aan die Unie en die Britse Ryk. 1)

Op die prysuitdelingsfunksie, gehou op 23 November 1925, het biskop Carey o.m. die volgende gesê: „We aim at being a school for South African boys, on the close model of an English public school, and the nearer we keep to our ideal, the better the contribution we shall make". 2) Deur hierdie metode is daar gestrewe om vier verskillende doelstellinge te verwesenlik:

(1) Daar word gestrewe om die seuns in die eksamens te laat slaag aangesien dit beskou word as 'n noodsaaklike toets vir vermoë en ywer.

(11) Daar word gestrewe om die seuns goeie maniere te leer in die oortuiging dat goeie maniere die man maak. Oppervlakkigheid, onbeholpenheid en luidrugtigheid word ten sterkste teengewerk. Daar word geglo in die ou betekenis van die woord „gentleman": 'n man of seun met goeie en hoflike maniere.

(111) Daar word gestrewe na 'n hoë sedelike standaard in die geloof dat 'n skrander seun onvolmaak is tensy hy eerlik, betroubaar, vertroubaar, opreg en sindelik is.

(1V) Ten slotte word daar gestrewe na die vorming van opregte godsdienstige karakters in die oortuiging dat

---

1) Akte van die Sinode : 1925
2) "The Friend" : 24 Nov. 1925.

'n mens nog nie jou doelwit in die lewe bereik het nie tensy dit reg is tussen jou en jou God. Die seun moet leer om sy God waarlik lief te hê en te dien en sy naaste te respekteer. 1)

E. DIE LEERSTOF:

Toe die skool in 1916 heropen is, het die leerplan uit die volgende vakke bestaan: Godsdiensonderrig, Engels, Frans, Hollands, Latyn, Grieks, matesis en tekene. 2) In 1917 is liggaamsopvoeding en sang vir die laer vorms ingesluit. 3)

Mnr. Schmidt, wat die skool in 1922 besoek het, het berig dat die leerplan wat gevolg is, effens van die departementele skole s'n in die sin verskil het dat Latyn, algebra en meetkunde reeds vanaf standerd vier onderrig is. In hierdie verband het hy geskryf dat die insluiting van sekondére vakke in die primêre leerplan noodwendig meegebring het dat die leerplan oorlaai is. Gevolglik is seuns soms tot die sekondêre afdeling bevorder sonder 'n grondige kennis van sekere vakke waaraan meer tyd in die primêre afdeling bestee moes word. Die seuns wat die skool vanaf standerd sewe besoek het, is vertraag omdat hulle geen onderrig in die bepaalde sekondêre vakke geniet het nie. Dit sou natuurlik meebring dat die leerlinge in die begin van die sekondêre jaar nie gelyk kon trek nie. Die inspekteur het verder gesê dat Afrikaans glad nie afgeskeep is nie; inteendeel, die meeste leerlinge het goeie vordering in die vak gemaak. 4)

In 1924 is Latyn op aanbeveling van die Vrystaatse departement van Onderwys uit die leerplan van

1) The Peoples Weekly : 26 Nov. 1925.
2) Skoolprospektus : 1916.
3) Ibid : 1917.
4) Inspekteursrapport : 1922.

die junior klasse verwyder. Die leerplan vir standerds een tot vyf het in hierdie jaar uit die volgende vakke bestaan: Engels, Afrikaans, rekenkunde (insluitende algebra en meetkunde), aardrykskunde, geskiedenis, skrif, tekene en sang).[1] Vir standerds ses to agt was die vakke: Engels, Afrikaans, matesis, wetenskap, geskiedenis, Latyn en rekenkunde. Met uitsondering van rekenkunde is dieselfde vakke in standerds nege en tien onderrig.[2]

Vanaf 1933 is die leerplan wat deur die Vrystaatse Department van Onderwys vir die Junior sertifikaateksamen voorgeskryf is, gevolg. Dit het nie veel verskil van die leerplan wat deur die Universiteit van Suid Afrika voorgeskryf is nie en wat tot op daardie tyd aan die inrigting gevolg is. Die vernaamste veranderings was die volgende:

(a) Kandidate moes in Engels en Afrikaans en vier ander vakke slaag om 'n sertifikaat te behaal (in plaas van Engels, Rekenkunde en drie ander vakke, soos volgens die ou leerplan.)

(b) Daar sou 'n mondelinge eksamen in tale afgelê word.

(c) Die skoolrekord (punte gedurende die jaar behaal) sou in aanmerking geneem word by die vasstelling van die puntetal in die eksamen.

(d) Alle kandidate is verplig om drie van die volgende vakke te neem: Bybelgeskiedenis, fisiologie, gesondheidsleer, sang en dril. 'n Inspekteur sou jaarliks vordering in hierdie vakke nagaan.

Mnr. Storey het hierdie nuwe junior sertifikaateksamen 'n groot verbetering op die universiteitseksamen gevind.[3]

---

1) Rapport van inspekteur B. Noaks: 1924.
2) Dagboek van mnr. Storey : 1924.
3) Report of Princ.: Des. 1932.

Die gevolg was dat die volgende vakke vanaf 1933 aan die inrigting gedoseer is: Engels A, Afrikaans B, wetenskap, rekenkunde, geskiedenis en aardrykskunde, matesis, boekhou en Latyn. [1] Dieselfde vakke is in Standerds 1X en X onderrig, behalwe dat geskiedenis en aardrykskunde as halwe vakke met slegs geskiedenis vervang is.

Dit was eers in 1950 dat bogenoemde leerplan in 'n sekere mate gewysig is. Boekhou is toe vir standerds ses en sewe as 'n alternatief teenoor Latyn gestel. Latyn het egter vir alle seuns in standerd Vl verpligtend gebly. In standerds nege en tien is die volgende keuses gestel: aardrykskunde of boekhou, Latyn of geskiedenis. [2]

Vanaf 1953 is skei-en natuurkunde vir die Vrystaatse skooleindsertifikaateksamen in twee vakke verdeel, n.l. natuurkunde en skeikunde. Die keuse van vakke is dus nog verder vergroot. Seuns kan nou kies tussen boekhou en Latyn, natuurkunde en aardrykskunde, en skeikunde en geskiedenis. Frans kan ook in plaas van Latyn geneem word. Godsdiensonderrig is ook vanaf 1948 vir alle leerlinge verpligtend en was 'n eksamenvak vir die junior sertifikaat sowel as die skooleindsertifikaateksamens. [3]


Die leerstof wat die St. Andrew-skool aanbied, maak dus voorsiening vir die liggaamlike, godsdienstige en geestelike behoeftes van die leerlinge.


F. GETAL LEERLINGE: [4]

Die bygaande grafiek gee 'n duidelike beeld van die af-en toename in getalle.

---

1) Report of Princ. : Des. 1950.
2) Ibid : Des. 1950.
3) Ibid : Nov. 1948.
4) Dagboek van mnr. F. Storey.


AANTAL LEERLINGE
225
275
325


AANTAL KOSGANGERS
50
100
150
200
250
JAARTALLE (1916-1954)
1917
'18
'19
'20
'21
'22
'23
'24
'25
'26
'27
'28
'29
'30
'31
'32
'33
'34
'35
'36
'37
'38
'39
'40
'41
'42
'43
'44
'45
'46
'47
'48
'49
'50
'51
'52
'53
'54.

Hoewel die skool in 1916 met slegs 70 lede begin het, het die getalle so vinnig toegeneem dat daar aan die begin van 1917 reeds 130 seuns op skool was. Hierdie styging het geleidelik tot in 1921 voortgeduur toe die land deur 'n ernstige finansiële terugslag getref is. Getalle het onmiddellik begin daal en teenoor die 298 seuns wat hulle opvoeding in 1921 aan die skool ontvang het, was daar in 1928 slegs 217. In hierdie jaar was daar 'n tydelike toename en in 1931 was toestande weer byna normaal. Vanaf 1931 egter het die hele land weer onder 'n depressie gebuk gegaan. In 1930 was daar 275 name op die register, in 1934 slegs 173. In hierdie jare was daar dikwels sprake van sluiting, maar tye het weer normaal geword en die getalle het vinnig toegeneem. Vanaf 1934 het die getalle van 173 tot 305 in 1945 gegroei. Daarna het dit taamlik konstant gebly, en in 1954 was daar 339 seuns aan die inrigting van wie 212 kosgangers was.

G. VERENIGING VAN OUDLEERLINGE:

Die eerste byeenkoms van oudleerlinge van St. Andrew-skool het op 1 Des. 1922 onder voorsitterskap van die biskop, dr. Carey plaasgevind. Meer as veertig oudskoliere het hierdie eerste funksie in Bloemfontein bygewoon. Baie van hulle het ver gekom om teenwoordig te wees. Daar is by hierdie geleentheid deur die biskop daarop gewys dat dit die plig van die oudskoliere was om die ideale en leuse van die skool verder uit te leef en om altyd die belange van die skool op hul hart te dra. 1)

Hierdie byeenkoms het daarna 'n jaarlikse instelling geword. By geleentheid van die tweede re-unie

1) "The Friend" : 4 Des. 1922.

in 1923 kon die sekretaris, mnr. Sweet, verklaar dat die vereniging reeds 'n ledetal van meer as sewentig gehad het. Daar is beplan om 'n beurs in te stel wat 'n seun van 'n oudskolier in staat sou stel om sy opleiding aan die inrigting te ontvang. [1]

Vanaf 1924 is by geleentheid van hierdie jaarlikse re-unie krieket-en tenniswedstryde teen die skoliere gespeel. Hierdie wedstryde het die belang van die oudleerlinge in die skool noodwendig versterk en leerlinge en oudleerlinge het mekaar sodoende beter leer ken en verstaan. [2]

Hierdie re-unie van ou vriende is altyd 'n geleentheid van groot vreugde. Jong manne van heinde en ver, wat mekaar in maande nie gesien het nie, word saamgetrek en die aangename herinnerings van die skoollewe word oor en oor bespreek en al die ondervindinge herleef. [3] Hierdie „Old Andreans" het met die jare 'n uitstekende reputasie opgebou en in 1927 het biskop Carey die volgende van hulle gesê: „They had a great reputation throughout the country, and wherever he went he heard good reports of them. They were a clean healthy type of boy whom any country might appreciate". [4] Hulle hulp was syns insiens nodig om St. Andrew-skool tot een van die beste skole in Suid-Afrika op te bou.

Die vereniging het mettertyd geweldig gegroei totdat Transvaal 'n eie tak in 1934 gestig het. Tot daardie jaar het oudskoliere van Transvaal, Rhodesië en Kaapland nog altyd Bloemfontein toe gekom vir die

---

1) „The Friend" : 4 Des. 1923.
2) Ibid : 6 Des. 1924.
3) Ibid : 30 Nov. 1925.
4) Ibid : 28 Nov. 1927.

jaarlikse byeenkoms. In daardie jaar was daar egter al so veel oudskoliere in Johannesburg werksaam dat hulle hulle eie vereniging onder voorsitterskap van mnr. R. Graham gevorm het. In dieselfde jaar het oudskoliere in die Oostelike Provinsie hulle eie tak gestig. Die hoofkwartier was in Oos-London. As voorsitter het mnr. S. Woods opgetree. 1)

Na die uitbreek van die oorlog in 1939 het die meeste van hierdie takke van die Vereniging vir Oudleerlinge 'n kwynende bestaan gevoer omdat so baie van die lede by die leër aangesluit het. Die herorganisasie van die vereniging het eers in 1946 begin, maar omdat die meeste van die rekords verlore gegaan het, kon al die oudleerlinge nie opgespoor word nie. 'n Jaar later was daar reeds takke in Kaapstad, Johannesburg, Oos Londen, Durban, Kimberley, Suid-Rhodesië en Port-Elizabeth. 2)

Vandag is hierdie organisasie baie sterk met takke oor die hele Suid-Afrika en Rhodesië. Dit brei ook nog steeds uit. Die vernaamste diens wat hierdie vereniging bewys, is die aansporing tot ware getrouheid aan die skool en 'n opregte belangstelling in die vooruitgang en welvaart van die skool. 3)

H. DIE PERSONEEL:

Van die begin af het die moeilikheid om geskikte onderwysers in die hande te kry, die skoolhoof en die beherende komitee baie hoofbrekens besorg. Benewens die gewone personeel is daar aan die begin gebruik gemaak van leerkragte wat aan die Normaal Kollege werksaam was. Die skool is in 1916 onder die prinsipaalskap van ds. Edward Baunton Ford,

---

1) "The Friend" : 19 Okt. 1934.
2) Skoolblad : Junie 1947.
3) Ibid : Jan. 1953.

M.A., heropen. Hy het sy opleiding aan Jesus College, Cambridge, ontvang. Mnr. C.G. Langford was as onderhoof aangestel.

In teenstelling met die ou skool waar hoofde en assistente gekom en gegaan het, was toestande nou heelwat anders. Alhoewel ds. Ford in 1917 deur mnr. Storey opgevolg is, het dertig jaar verloop voordat daar weer 'n verandering sou plaasvind. Vanaf 1863 tot 1899 het die skool tien hoofde gehad, dog van 1916 tot 1954 slegs drie. Met die assistente was dit egter anders gesteld en die gedurige verandering van leerkragte moes noodwendig die gehalte van die werk in sommige jare beïnvloed het.

Op 26 Januarie 1917 het ses onderwysers die eerste personeelvergadering bygewoon, nl. kanunnik Ford, mnre. Robinson, Storey en MacDonald en mejj. Hulley en Warren. Behalwe die bogenoemde permanente personeellede het mnr. Buchner Hollands en mej. Hancock musiek onderrig, maar omdat hulle ook aan ander skole werksaam was, het die Onderwysdepartement hulle kort daarna belet om klasse aan die St. Andrew-skool te gee. [1) ] Namate die getalle vermeerder het, het die personeellede ook vermeerder en met ingang 1918 was daar reeds elf op die permanente personeel. In 1924 was daar vyftien en in 1947 agtien..

Soos reeds was daar 'n gedurige wisseling van assistente. Sommige het slegs 'n paar maande gebly, ander 'n paar jaar. Daar was egter twee uitsonderings op hierdie reël. Mnr. van der Walt en mnr. Dunn wat onderskeidelik vir Afrikaans en Wetenskap verantwoordelik was, het in 1921 diens aan die skool aanvaar en albei het jare lank getroue diens aan die

---

1) Dagboek van mnr. Storey : 29 Jan. - 1 Maart 1917.

skool gelewer. Eersgenoemde het eers in 1947 vertrek [1] terwyl mnr. Dunn die skool in 1950 verlaat het.

Inspekteurs-en prinsipaalsrapporte het altyd met baie hoë lof gepraat van die dienste wat die onderwysers deur die jare aan die skool gelewer het. As voorbeeld kan ons die woorde van mnr. E.L. Harison in sy verslag van Desember 1948 noem: „I cannot speak too highly of the way that they have thrown themselves so wholeheartedly into the life of the school. They together with my older colleagues, constitute a staff about which any school could be proud. The well-being and success of a School such as this depends so very largely on the willingness of the staff to devote much time and energy to extra-mural activities and in addition in the case of Housemasters, to devote endless attention to the needs of each individual boy. There is such a staff at St. Andrew's."

(I) <u>MNR. F.W. STOREY (1917-1947)</u>

Mnr. F.W. Storey is in 1884 in Londen gebore. Sy skoolopleiding het hy aan die Aske-skool ontvang. Daarna het hy die graad B. Sc. aan die Universiteitskollege van Londen behaal. In 1905 het hy na Suid-Afrika gekom en was 'n paar jaar in diens van mnr. Hugh Gunn, direkteur van onderwys in die Vrystaat. Daarna het hy gedien op die personeel van die Hoërskool Bethlehem, vanwaar hy na Grey-Kollege in Bloemfontein verplaas is.

Met die reorganisasie van die Normaal-Kollege in Bloemfontein deur dr. W.J. Viljoen, direkteur van onderwys, is mnr. Storey as lektor in wetenskap en

---

1) Report of Princ. : Junie 1947.

matesis aangestel. Hierdie pos het hy behou totdat hy in 1917 skoolhoof van St. Andrew-skool geword het.

Mnr. Storey was in hart en siel 'n opvoeder en sy belangstelling in die opvoeding van die jeug is bewys deur die werk wat hy vir verskillende jeugverenigings gedoen het en die goeie leiding wat hy die skool oor 'n tydperk van dertig jaar gegee het. Reeds van kort ná sy aankoms af was hy 'n aktiewe lid van die Onderwysers-vereniging waarvan hy dan ook in 1916 voorsitter was. Hy het baie jare op die uitvoerende komitee van die vereniging en die redaksie van die verenigingsblad gedien. In 1933 is hy as voorsitter van die Bloemfonteinse „Boy Scouts" benoem. Hy was ook 'n aktiewe lid van die „Sons of England"-vereniging. Van hierdie vereniging was hy in 1927 president.[1]

Mnr. Storey wat hoof geword het slegs enkele maande nadat die skool in 1916 heropen is, het die skool opgebou van 'n nietige begin tot 'n skool wat by sy aftrede in 1947 oor die hele land bekend was. By geleentheid van sy aftrede in 1947 het Dr. Barnard, die destydse Administrateur gesê: „Let us appreciate what he has done for us - we can never repay him, but never let it be said of us that we were ungrateful". Ds. Tugman het gesê: „The tradition that he had created would remain long after he had gone, the true memorial to his work". Met sy laaste besoek aan die St. Andrew-skool voor mnr. Storey se aftrede het mnr. F.A. Steytler, inspekteur van skole, berig dat dit 'n jammerte was dat 'n onderwyser van mnr. Storey se kaliber en ondervinding moes aftree en die roeping waaraan hy sy lewe gewy het, vaarwel moes toeroep. Die skool wat hy opgebou het, was 'n prestasie waarop

---

1) „The Friend" : 12 Aug. 1936 en 15 Sept. 1933.

enigiemand trots kon voel. Ten slotte het mnr. Steytler gesê: „His personality is such that he got on well with everybody - pupils, members of staff, parents etc. He set a fine example to the boys, an example of hard work and unselfish service.[1] Met sy aanstelling in 1947 as opvolger van mnr. Storey het mnr. E. Harison ook van sy voorganger se wonderlike bekwaamheid getuig: „His Headmastership was an epic of selfless devotion to the high ideals of a Diocesan School, a devotion which leaves behind him a rich spirit of service to inspire those of us who are to carry on".[2]

Mnr. Storey is na 'n lang siekbed in 1953 in Bloemfontein oorlede.

(11) MNR. E.L. HARISON. (1947- )

Mnr. E.L. Harison wat mnr. F.W. Storey in 1947 as hoof van die St. Andrew-skool opgevolg het, het sy skoolopleiding aan die St. Andrew-Kollege, Grahamstad, ontvang. Daarna het hy die graad B.Sc. aan die Universiteitskollege - Rhodes behaal. Die graad M.A. het hy aan Pembroke College, Cambridge, behaal.

Vanaf 1930 tot 1940 was hy aan die personeel van St. John-kollege, Johannesburg verbonde. In 1936 het hy 'n uitgebreide reis deur Engeland onderneem om skole te besoek. Hierdie reis het hom van die oudste tot die mees moderne opvoedkundige inrigtingsgeneem. Voor hy by die leër in 1941 aangesluit het, was hy offisier in bevel van die skoolkadette van St.John-kollege.

In 1941 het hy by die Suid-Afrikaanse tenkdivisie aangesluit en het as stafkaptein in die Eerste Suid-

1) Inspekteursrapport : 26 Aug 1946.
2) Report of Princ. : 1947.

Afrikaanse Divisie in Oos-Afrika geveg. Hy was onder die eerste troepe wat Egipte bereik het en is daar aangestel as stafoffisier van die Derde Suid-Afrikaanse verkenningsbataljon. By Gazala was hy in beheer van een van die afdelings.

Met sy terugkeer na die Unie ná die slag van El Alamein, het hy by die Kommando van Binnelandse Distrikte aangesluit en in Aug. 1943 is hy as tweede-in-beheer van die Opleidingsentrum vir die Pantserafdeling aangestel. Kort na die stiging van die Demobilisasieraad is mnr. Harison op die personeel van die organisasie aangestel. Hy sou in beheer wees van die plan vir opleiding van oudgediendes aan die universiteite en ander opleidingsinrigtings.[1)]

In die agt jaar wat mnr. Harison aan die skool verbonde is, is daar alreeds geweldige vooruitgang gemaak. In 1947 het G.M.D. in die skoolblad geskryf: „Those of us who have been privileged to work under our new Headmaster, have learnt to know major Harison as a very capable administrator, a leader in every sense of the word, a very fine scholar, a keen sportsman, and one whose love for the good old school and enthusiasm for its future are unbounded".

---

1) „The Friend" : 9 Sept. 1946.

# LITERATUUR EN BRONNE.


## A. ARGIVALE BRONNE

### 1. STAATSARGIEF

1. Notule van die Volksraad, O.V.S.: 1854-1899.
2. Volksraadbylae, O.V.S. : No. 203-435.(1862-1899.)
3. Notule van die Uitvoerende Raad, O.V.S.
   Okt. 1855 - April 1859 , U.R.1.
   April 1859 - Feb. 1864 , U.R.2.
4. Besluite van die Uitvoerende Raad, O.V.S. U.R.49-54.
5. Brieweboek van die Staatspresident: P2,5.

### 11. KERKARGIEF (ANGLIKAANSE KERK)

1. The Bloemfontein Mission Quarterly.
   Missing Nos.187,237,286,289-90 (1863- 1926.)
2. Diocesan Register of Clergy. (1863-1901)
3. Report to Synod 1893.
4. Reports to Diocesan Board of Education, (1879-1882)
5. Archdeacon Croghan's Press Cuttings Book, (1877-8)
6. Minutes of the Diocesan Board of Education, (1878-1904)
7. Diocesan Synod Minute Book 1. 1872-1880.
   " 11. 1880-1890.
   " 111. 1890-1914.
8. Canon Beckett's Journal 1867-1879.
9. Sermons and Articles. Crisp 1892-1898.
10. Memore Rev. G. Perry 1879.
11. Building estimate 1899.
12. Letter John Widdicombe - Hlotse Heights. 15 Feb. 1881."
13. Bishop Knight-Bruce, Memorandum 1890.

14. Bloemfontein Diocesan Magazine. Vol.1; missing 7. Vol. 11; missing 22-24 (1880-1882)

15. Bloemfontein Diocesan Magazine, Vol.1; missing 9, 11, 12 (1882-1883)

16. Bloemfontein Diocesan Magazine, Feb.-Oct. 1922; missing August 1922.

17. Bloemfontein Diocesan Magazine, Nos. 22-30; missing 26. (1926-1928).

18. Acts and Resolutions of Diocesan Synod:
111 Synod of the Diocese 1877.
1V " " " " 1880.
V1 " " " " 1887.
V111 " " " " 1893.

19. Charge of Bishop Knight-Bruce 1890.

20. " " " Hicks 1893.

21. The Bishop's Journal contained in Occasional Paper No.1. of the O.F.S. and Basuto Mission 1864.

22. Colenso, J.W. A Letter to the Laity of the Diocese of Natal. London 1864.

111. <u>ST. ANDREW-SKOOLKANTOOR.</u>

1. Dagboek van mnr. J. Storey, 1917-1947.
2. Koerant-Uitknipsels, 1917-1953.

1V. <u>ARGIEF VAN DIE LANDMETER-GENERAAL, BLOEMFONTEIN:</u> TRANS-<u>PORTAKTES.</u>

B. <u>NUUSBLAAIE EN PERIODIEKE PUBLIKASIES:</u>

1. „The Friend of the Orange River Sovereignty," later die „The Friend of the Free State," (1850-1947).
2. The Express : 1875-1878.
3. De Express : 1879-1899.
4. De Tyd : 1862-1875.
5. The Peoples Weekly : ( verskeie nommers.)

C. ONUITGEGEWE LETTERKUNDIGE BRONNE.


1. Calitz C.P.: Die Geskiedenis van die onderwys van die meisie in die Oranje-Vrystaat omstreeks 1838-1948.

2. Grobbelaar: Die Ontstaan en Ontwikkeling van die O.V.S. tot aan die einde van Pres. J.N. Boshoff se regering in 1859.

3. Lubbe J.J.: Die Ontstaan en Ontwikkeling van Onderwyswetgewing in die Oranje-Vrystaat, (1854-1899).

4. Malan P.S.: Onderwys in die Oranje-Vrystaat, 1854-1874.

5. Theron C.S.: Moeilikhede en Stremmende Invloede wat die Vooruitgang en Groei van die Oranje-Vrystaatse Republiek gedurende die jare 1864 tot 1871 vertraag het.

6. Theron J.D.: Die Ekonomiese en Finansiële Toestand van die Oranje-Vrystaat-Republiek, 1854-1880.

7. Van Aswegen G.J.: Die Ontwikkelings-geskiedenis van die Normaalkollege, Bloemfonteim.

8. Van Schoor M.C.E.: Dr. Johannes Brill as Onderwysfiguur in die Oranje-Vrystaat, 1873-1907.

9. Venter I.S.J.: Die Geskiedenis van die Dames-Instituut „Eunice" Bloemfontein.


D. UITGEGEWE LETTERKUNDIGE BRONNE.


1. Baynes A.H. : South Africa Handbooks of English Church Expansion. Mowbray 1904.

2. Brebner A. : Memoir of the Life and Work of Rev. John Brebner. Lorimer and Chalmers , Edinburgh, 1903.

3. Coetzee Prof. dr. J. Chris. : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde. Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1944.

4. Coetzee J.C. : Onderwys in Transvaal. J.L. van Schaik, Bpk., 1941.

5. Collins Jas A. : The Struggles of an Infant State. Juta & Co., Ltd., Kaapstad en Johannesburg, 1925.

6. Du Toit P.S. : Onderwys in Kaapland, 1652-1939. J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1940.

7. Leyds W.J. : De Eerste Annexatie van de Transvaal. Allert de Lange, Amsterdam. 1906.

8. Lugtenburg A.H. : Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek. (1836- 1900). J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1925.

9. Malan J.H. : Die Opkoms van 'n Republiek. Nas. Pers, Bloemfontein. 1929.

10. Malherbe E.G. : Education in South Africa (1652-1922) Juta & Co. Ltd., Kaapstad en Johannesburg. 1925.

11. McKerron M.E. : A History of Education in South Africa (1652-1932.) J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria. 1934.

12. Pells E.G. : Education in South Africa, 1652-1938. Juta en Kie, Bpk., Kaapstad en Johannesburg. 1938.

13. Pienaar Prof. dr. E.C. : Die Triomf van Afrikaans. Nas. Pers Bpk., Kaapstad, Bloemfontein en Port-Elizabeth.

14. Scholtz J. du P. : Die Afrikaner en sy Taal , 1806-1875. Nas. Pers Bpk., Kaapstad. 1937.

15. Some Account of the Diocese of Bloemfontein. Archdeacon W. Crisp. 1894.

16. Steenkamp L.S. : Onderwys vir Blankes in Natal. J.L. van Schaik, Bpk., Pretoria. 1941.

17. van der Merwe P.J. : Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie. Nas. Pers, Bpk., Kaapstad 1938.

E. <u>ALGEMEEN.</u>

I. Prospektus van die St Andrew-skool. ( verskeie nommers ).

2. Skoolblad van die St. Andrew-skool. ( verskeie nommers.)

U.O.V.S.-U.O.F.S. BLOEMFONTEIN Biblioteek-Library